

HOOFSTUK XI

NUWE VOORUITSIGTE

Ontnugtering ten opsigte van die nuwe tuiste

Die Trekkers se aanvanklike ingenomenheid met hul nuwe tuiste het spoedig plek gemaak vir 'n gevoel van teleurstelling.

Die Boere-kolonie te Humpata het bo verwagting vinnig vorm aangeneem. Slegs 'n jaar na die aankoms van die Boere was die dorp behoorlik beplan en uitgelê en het die swerwers na byna sewe jaar sonder 'n vaste bron van inkomste reeds belowende oeste ingesamel. Hulle het egter algaande besef dat die nuwe tuiste nie aan al hul verwagtinge voldoen het nie. Die mark te Mossamedes was heeltemal te beperk en te moeilik bereikbaar om as lonende afsetgebied vir hul landbouprodukte te dien. Die Humpata-plato was te klein om in hul weidingsbehoefte te voorsien en boonop het die talle veesiektes en gevolglike veeverliese wat hul aankoms hier gekenmerk het, die Boere moedeloos gemaak. Tot hiertoe het die hoofgroep of -groepe van die Dorslandtrekkers altyd in 'n redelik saamgesnoerde gemeenskap beweeg. Die Trekkers het nou vir die eerste keer voor die keuse te staan gekom om ter wille van hul weidingsbehoefte uiteen te trek. Hulle was bevrees dat dit tot gevolg kon hê dat hulle van mekaar sou vervreem en dat sommige sou verwilder. Hulle het hulle nou in 'n Roomse land bevind en die bedreiging van hul Protestantse geloof het 'n wesentlike gevaar geword. Die Boere was ook aan 'n republikeinse regeringsvorm gewoond en nieteenstaande alle versekerings van onafhanklikheid het dit spoedig geblyk dat hulle tog aan die Portugese owerheid onderworpe was. Al hierdie probleme het daartoe gelei dat baie Boere besluit het om weer te trek.

Ds. M. Pelser, na sy besoek in 1884, verklaar: „Maar men zal natuurlijk vragen, waarom de trekboeren dan weder willen terugkeeren, daar zij toch

waarlijk een vruchtbaar land bewonen? Ik moet antwoorden als volgt: Ten eerste omdat zij wegens gebrek aan kopers hun graan niet van die hand kunnen zetten: ten tweede omdat de menschen zich gedurende zes of acht maanden in het jaar, stil moeten gedragen op het hoogveld, of laat ik liever zeggen op die bergen waar zij wonen, wegens de zware koorts die daar heerscht. Ten derde omdat zij eigenlijk bijwoners zijn van de Portugeezen, in werkelijkheid, zooals geloofbare personen mij medegedeeld hebben, geen duim grond bezitten. Ten vierde omdat het hoogveld, omtrent acht- of tienduizend morgen in omvang; zeer ongezond is voor beesten. In het lage boschveld zou men wel goed met beesten kunnen aangaan, maar wat zal men gaan zoeken, vooral in den zomertijd, waar de koorts zoo straf is? Van schapen en paarden kan er in het geheel geen sprake zijn, daar zulke dieren in die streken in het geheel nie beantwoorden".¹

Dit is nodig dat ons kortliks elkeen van hierdie redes in oënskou neem.

Aanvanklik het die Boere nie slegs geen afsetgebied vir hul produkte gehad nie, maar daar het ook geen pad na die naaste moontlike afsetgebied in Mossamedes bestaan nie. Die Portugese regering het ingesien dat 'n behoorlike pad vanaf Humpata na die kus 'n groot behoefte was. Kort na die aankoms van die Boere, is met hulle hulp 'n wapad na Mossamedes gebou.² Voor die koms van die Boere het Angola ook oor geen behoorlike vervoermiddels beskik nie. Handelaars en reisigers moes van naturelledraers, draers met hangmatte en ry-osse gebruik maak om oor die weg te kom. Die enigste voertuig op wiewe wat aan die Portugese in Angola bekend was, was primitiewe karre met houtwiele wat by die Boere as „skreeukarre" bekend gestaan het.³ Die Portugese was ook nie vertrouwd met die hantering van trekvee nie en het die jukke op die osse se horings geplaas.⁴ In 1883 het die Nederlandse reisiger, Daniël Veth,

reeds316/-

1) Postma, ds. D.: De Trekboeren te St. Januario, Humpata, p.167

2) De Maandbode 1.5.1882

3) Van der Merwe, P.J.: Ons Halfee in Angola, p.3

4) Ibid.

reeds agt Boere-transportwaens in Mossamedes aangetref wat produkte vanaf die hawe na die binneland vervoer het. Transportry het spoedig vir die Boere 'n belangrike bron van bestaan geword, „en voor het geheele geweste een hefboom van de welvaart.“⁵

Daniël Veth het tydens sy besoek aan Humpata sowat dertig Boere-landbouhoewes van aansienlike grootte wat oor 'n afstand van 'n paar uur te perd verspreid gelê het, aangetref. Hierop is met goeie gevolg alle bekende groente en grane verbou. Baie landbougrond het egter onbewerk bly lê omdat hulle - so is dit aan hom meegedeel - „dit graan goedkooper van de Mandombes (Mulondos), koopen dan zelve telen kunnen“. ⁶ Die gemis aan 'n goeie afsetgebied en ekonomiese vervoermiddels het tot gevolg gehad dat die Boere net vir hulle eie behoeftes kon produseer. ⁷ 'n Nederlandse besoeker, Van Danckelmans, het teenoor Veth opgemerk „dat een centenaar aardappelen, die te Humpata zeven mark opbrengt aan transport naar Mossamedes niet minder dan twintig mark kost.“⁸

In Oktober 1883 het 'n Trekkerkommissie aan ds. J.L. Cachet geskryf dat hulle gesondheid as gevolg van die ongunstige klimaat van die land algaande verswak het. In die voorafgaande maand alleen is drie volwassenes oorlede. Dit was M. Roetz, M. van Staden en Hester van Vuuren (geb. Du Flessis en weduwee van Wyle Johannes Kruger). Van Staden het 'n weduwee en vier kinders agtergelaat, wat nie eers 'n wa of 'n os besit het nie. Hester van Vuuren het twee wees-kindertjies onder die sorg van 'n grootmoeder, wat beswaarlik vir haarself kon sorg, agtergelaat. Daar was etlike soortgelyke gevalle wat hulle kon noem. ⁹ Op jagtogte en transporttogte na die binneland en in die laeveld het die meeste mans malaria, wat hul gesondeheid heeltemal ondermyn het, opgedoen. Sommige Boere het dit met hul gesinne in malariastreke gewaag, en ook hul vrouens en kinders het aan malaria gely. Baie mense is nie aan malaria nie, maar as gevolg van 'n gebrek aan mediese dienste dood. Tragiese begrafnisse was 'n deel

van 317/-

5) Veth, dr. P.J. & Snelleman J.F.: Daniël Veth's Reizen in Angola, p.201

6) Ibid., p.229

7) Trümpelmann, dr. G.P.J.: Die Boer in Suidwes-Afrika, p.36

8) Veth, dr. P.J. & Snelleman J.F.: op.cit., p.304

9) De Maandbode 1.3.1884; Preller Versameling., Bd. 53, A.787, Kommissie - ds. Cachet, dd. Humpata, Oktober 1883.

van die alledaagse lewe.¹⁰

Die derde rede vir die oorweging om terug te trek wat ds. Pelser noem, is die feit dat die Boere feitlik bywoners van die Portugese was omdat hulle geen eiendomsreg op hul grond kon verkry nie. Die voorwaardes waaronder hulle die grond gekry het, was gunstig. Die eerste vyf jaar het hulle geen belasting betaal nie en daarna slegs 25s. per jaar.¹¹ Die Duitse reisiger Von Dewitz het verklaar dat die toekoms vir die Boere onseker gebly het omdat hulle nie eiendomsreg kon verkry nie.¹²

Ds. Pelser noem ook die feit dat die hoëvled baie ongesond vir vee was. Die Trekkerkommissie het teenoor ds. Cachet opgemerk dat almal geleidelik besig was om agteruit te boer en dat dit hoe langer hoe moeiliker sou wees om terug te keer.¹³ Ds. Cachet het dan ook reeds tydens sy besoek in 1882 opgemerk dat veeboerdery deur die Portugese slegs op beperkte skaal beoefen word. Uit- heemse skape wou nie goed aard en aanteel nie. Merinoskape het gekwyn as gevolg van die suurheid van die veld en die oorvloedige reëns vanaf Oktober tot April. Die meeste Boere het feitlik hulle hele skaapkuddes kort na hul aankoms verloor en tydens ds. Cachet se besoek het nog net één Boer 'n klein troppie oorgehad. Die Boere het destyds gehoop dat dit met die skaapboerdery beter sou gaan as die woeste veld eers mak getrap was, as hulle skure kon bou om hul diere teen die nattigheid te beskerm en as hulle periodiek na die lae- veld kon trek. Inteling met die geharde inheemse rasse sou miskien ook 'n oplossing bied. Bokke van alle soorte het goed geaard, maar perde kon hulle glad nie aanpas nie.¹⁴ Ongesoute perde moes permanent op stal gehou word, want perdesiekte het dikwels voorgekom. Droës en 'n soort siekte, bekend as

Humpatasiekte 318/-

10) Alberts, A.: Herinneringe van Andries Alberts, p.2

11) De Maandbode 1.5.1882

12) Trümpelmann, dr. G.P.J.: Die Boer in Suidwes-Afrika, p.36

13) De Maandbode 1.3.1884

14) De Maandbode 1.11.1890; Chapman, W.J.B.: Memoirs, p.36

Humpatasiekte, het die diere ook onbruikbaar gemaak.¹⁵ Kort na die Boere se aankoms het byna al hul perde gevrek van gifplante wat hulle gevreet het.¹⁶

Hul beeste is geteister deur longsiekte, brandsiekte, galsiekte en 'n soort siekte bekend as „de banisiekte" wat tydens togte na Mossamedes opgedoen is.¹⁷ Die Nederlandse reisiger, Daniël Veth, het geskryf dat 'n geselskap transportryers in 1883 veertien osse op een enkele tog aan laasgenoemde siekte verloor het.¹⁸

Die skrywer, Kalahari Mac, het opgemerk dat dit so ongesond was dat selfs hoenders nie wou aard nie en dat honde dol geword het. Vet beeste wat die Boere uit die laeveld hierheen gebring het, het te midde van die volop gras gou maer geword.¹⁹ Selfs die paar melkkoeie wat die Boere op hulle hoewes aangehou het, het slegs 'n paar jaar gelewe en moes dan weer deur ander vervang word.²⁰ Die gebied was van insekteplae vervuil; 'n bees en 'n perd was binne enkele dae blou van die bosluise.²¹ Behalwe varke het donkies nog die beste op Humpata geaard. Dit was dan ook die soort diere wat die Portugese graag aangehou het.²² Veth het geskryf dat „zeventig percent van alle dieren sterven eer zij een maand oud zijn."²³ P.M. Botha het geskryf dat die siektes wat hier voorgekom het aan die Boere totaal onbekend was. „Zoo waren de grootste gedeelte van hen seer ontevreden om daar te blijven wonen".²⁴ Met hierdie siening het W.J.B. Chapman,

'n 319/-

-
- 15) De Maandbode 1.11.1890; Veth, dr. P.J. & Snelleman J.F.: Daniël Veth's Reizen in Angola, p.201
 - 16) De Maandbode 1.5.1882
 - 17) De Maandbode 1.11.1890; 1.5.1884; Veth, dr. P.J. & Snelleman: op.cit., p.201; Van der Merwe, P.J.: Ons Halfeeu in Angola, p.5
 - 18) Veth, dr. P.J. & Snelleman: op.cit., p.201
 - 19) Kalahari Mac: Op vlug deur Donker Afrika, p. 139
 - 20) Alberts, A.: Herinneringe van Andries Alberts, p.2
 - 21) Kalahari Mac: op.cit., p.139
 - 22) De Maandbode 1.11.1890
 - 23) Veth, dr. P.J. & Snelleman: op.cit., p.231
 - 24) Botha, P.M.: Manuskrip, Preller Versameling, bd.53, A787, p.284

'n Engelsman wat by die Angola-Boere aangesluit het, hom vereenselwig as hy skryf: "The Boers become disheartened when they discovered that such horrible and incurable diseases prevailed among horses and cattle at Humpata. Most of the Boers had sustained severe losses at Humpata losing their beautiful Africander cows and oxen besides many horses".²⁵

Die Portugese regering het weinig of niks gedoen om hierdie siektes te bestry nie. Longsiekte het reeds in die sestigerjare van die negentiende eeu uit die suide Angola binnegekom, maar is nooit bestry nie.²⁶

In die verbygaan het ds. Pelser in sy vierde rede ook daarna verwys dat die Humpata-plato slegs agt- tot tienduizend morg groot is. Hierdie beperkte oppervlakte het tot gevolg gehad dat die Boere slegs klein troppies vee op Humpata kon aanhou. Die laer gebiede onder die Serra da Chellabergreeks en na die binneland toe het uitstekende weiding vir beeste gebied, maar in die lang somer was dit hier te ongesond vir die witman. Om beter in hul weidingsbehoefte te voorsien het die Boere van die Portugese owerheid verlof gekry om 'n klein saaiplaas op die hoëveld en 'n groot veeplaas in die bosveld te beset.²⁷ Afgesien daarvan dat die weiding van Humpata yl, suur en van minderwaardige gehalte was, skrywe Veth dat dit ook skadelike eienskappe bevat het, wat veeverliese tot gevolg gehad het.²⁸ Die skrywer, Kalahari Mac stem hiermee saam. Die suurheid van die veld skryf hy aan die hoë reënval toe, waardeur alle plantevoeding jaarliks uit die grond gewas is. Na sy mening was die plato net geskik vir groot sanatoriums of hospitale, aangesien die klimaat vir die mens baie gesond was.²⁹

Ds. Cachet het bevind dat die Boere deur hierdie weidingsprobleme so verarm het dat baie van hulle slegs enkele stuks vee oorgehou het. Gedurende 1881 is die

land 320/-

25) Chapman, W.J.B.: Memoirs, p.36

26) Ibid., p.20

27) De Maandbode 1.5.1882; Acta van die Sinode van 1882, Bylaag B, p.92

28) Veth, dr. P.J. & Snelleman, J.F.: Daniël Veth's Reizen in Angola, p.231.

29) Kalahari Mac: Op vlug deur Donker Afrika, p.39

land ook nog deur 'n swaar droogte geteister. Weens hul onbekendheid met die binneland en hul vrees vir sy vyandiggesinde inboorlinge „durfde men eerst niet trekken.“³⁰ Deur die nood daartoe gedryf moes die Boere dit in die onbekende boswêreld waag. Hierna het dit spoedig beter gegaan en was daar dadelik meer weiding vir hul vee en ook wild om te jag.³¹ Hulle het hierna al die vee waarvoor daar nie weiding op Humpata was nie na buiteposte verskuif waar dit onder die sorg van betroubare inboorlinge gelaat is en op Humpata slegs melkkoeie aangehou.³²

Ds. J.L. Cachet het, na sy besoek in 1882 aan die Boere, verwag dat hulle spoedig met die Swartes in botsing sou kom. Die weidingsreëlings wat die Portugese aanvanklik onderskeidelik vir die Boere en inboorlinge getref het, was uiters onbevredigend. Blank en nie-blank moes dieselfde weivelde gebruik en dit het spoedig tot diefstal, dood en verwonding van die Boere se vee aanleiding gegee. Op die lange duur kon hierdie toedrag van sake slegs tot ernstige misverstand lei. Portugese boere wat meestal van 'n baie lae stand (degradados) was, sou hierdie toedrag van sake vir lief kon neem, maar om dieselfde gelatenheid en aanvaarding van die hoër beskaafde Boere te verwag, was onrealisties.³³ Hierdeur het daar ook geleidelik vervreemding tussen die Boere en Portugese ontstaan. Hulle lewenswyse was sodanig dat die Boere hulle met minagting bejeën het.³⁴

Die Boere het ook teenoor Veth gekla „over de fijne geslepenheid waarmede de beleefde Portugeezen in den handel hun geld aftrogelden.“³⁵ W.J.B. Chapman het geskryf dat toe die Boere in Angola aangekom het, werklike Portugese besetting tot die kus beperk was. Dit was 'n aspoester -(Cinderella) kolonie wat

8008 321/-

30) De Maandbode 1.5.1882; Acta van die Sinode van 1882, Bylaag B, p.92

31) Ibid.

32) Van der Merwe, P.J.: Ons Halfeeue in Angola, p.4

33) De Maandbode 1.5.1882

34) Trümpelmann, dr. G.P.J.: Die Boer in Suidwes-Afrika, p.36

35) Veth, dr. P.J. & Snelleman, J.F.: Daniël Veth's Reizen in Angola, p.298

soos gemeen is, net vir misdadigers gaskik was. Die Portugese se kennis van die geografie van die land was beroerd. Toe daar by geleentheid 'n inboorlingrebellie naby Humpata ontstaan het, is 'n kanonboot van Lissabon af daarheen gestuur om die opstand te onderdruk. Die bemanning was verbaas om te hoor dat Humpata nie 'n hawe is nie.³⁶

Die ou fort, Huila, is deur die owerheid vir die beskerming van die Boere weer opgebou. Werklike beskerming is egter nie aan hulle verleen nie. Hulle is veral lastig geval deur die rowerbendes van die Bahuilas wat suidcos van Humpata gewoon en gedurig hul vee gesteel het.³⁷ Die Boere het uiteindelik self teen hulle opgetrek en hulle verslaan. Die voortdurende dreigende gevaar van die goedgewapende naturelle het egter nie verminder nie.³⁸

Die Portugese owerheid het oor geen doeltreffende weermag of polisiemag beskik om die normale beskerming aan sy onderdane te verleen nie. Dientengevolge was hul spoedig genoodsaak om die Boere se hulp in elke denkbare geskil met die inboorlinge in te roep. So het 'n Portugese kaptein drie Boere, nl. Jan Kruger, Sarel du Plessis en Jan Robbertse, versoek om hom te vergesël op 'n sending om 'n opstandige inboorlinghoofman in hegtenis te neem. Op die Portugese kaptein se opdrag het hulle hul gewere buite die inboorlingkraal gelaat. Toe hulle die kraal binnegaan het die inboorlinge op hulle begin skiet. Jan Kruger is gedood en Sarel du Plessis is gewond.³⁹ Die afdeling swart soldate het op die vlug geslaan en Jan Robbertse, een blanke soldaat en die Portugese

offisier 322/-

36) Green, Lawrence: Lords of the Last Frontier, p.175

37) Immelman, Doc: Boerseun is hier 'n legende, Die Suidwester 17.9.1966

38) Trümpelmann, dr. G.P.J.: Die Boer in Suidwes-Afrika, p.36

39) De Maandbode 1.5.1882

offisier moes onder groot gevaar die lyk en die gewonde van die onlustoneel verwyder.⁴⁰

Hulle aanraking met die Portugese het vir die Boere ook 'n geloofsprobleem geskep. Die Trekkerkommissie het aan ds. Cachet geskryf dat hulle begerig is om na „onze lands- en geloofsgenoten“ terug te keer.⁴¹ Die Kerkraad van Humpata het hulle hiermee vereenselwig en gesê dat hulle weer onder hulle „geloofsgenoten en niet meer onder de Roomsche“ wou woon nie.⁴² Die Roomse gevaar was dan ook vir die Boere uit die staanspoor 'n werklikheid. Eerw. Du Parquet, voorheen hoof van die Roomse sending in Suidwes-Afrika, het tydens die Boere se verblyf te Rustplaats met hulle in aanraking gekom en het ná hul vertrek na Angola sy werksaamhede na hierdie Roomse land verskuif. Gelyktydig met ds. Cachet se aankoms in Desember 1881 het hy ook voet aan wal gesit in Mossamedes en is deur Carrecadores (inboorlingdraers) na die Huila-hoogland vervoer.⁴³ Van die verarmde Boere-gesinne het hulle hier by die Roomse sendingstasie op Kakonda gaan vestig. E. E. Jordaan het op 26 Januarie 1884 in 'n brief aan ds. Cachet sy diepe kommer oor hierdie verwikkeling uitgespreek. Hy was veral bevrees dat hul kinders, wat by die Roomse skoolgegaan het, deur die priesters beïnvloed kon word. Die gifte en gawe wat hulle van die Katolieke ontvang het, kon maklik daartoe lei dat die jongmense verlei word. Hierdie gesinne het egter volstrek geweier om na Humpata te trek. Ook veldkornet G.J. van der Merwe het in 'n brief aan ds. Cachet sy kommer oor hierdie gesinne uitgespreek. Hy was egter van mening dat as hulle eers 'n predikant het, die mense hulle by hul volksgenote op Humpata sou aansluit.⁴⁵

Daniël323/-

40) De Maandbode 1.5.1882

41) Preller Versameling, Bd.53, A787, Kommissie - Ds. Cachet, dd. Humpata, Oktober 1883

42) Ibid., De Maandbode 1.3.1884

43) De Maandbode 1.5.1882

44) De Maandbode 1.5.1884, Jordaan - Ds. Cachet, dd. 26.1.1884

45) Ibid., Van der Merwe - ds. Cachet, dd. 22.1.1884

Daniël Veth het in 1883 by sy aankoms in Mossamedes gevind dat twee van die agt Boeretransportwaens wat daar opgedaag het, bedoel was om drie Roomse priesters, twee lekebroeders en hul bagasie, sowat 2 727 kg. goedere, na Huila te vervoer.⁴⁶ Die Duitse geleerde, dr. H. Schinz, het ook bevind dat hul sterk afkeer van die Roomse-Katolisisme bygedra het tot die begeerte om weer te trek.⁴⁷

Die Trekker-gemeenskap het tot nou toe soos 'n groot familie geleef. Hulle het egter geweet dat as hulle nie hulp ontvang om in massa na hul volksgenote terug te keer nie, „dan bestaan er groote vrees van uit elkander gaan, daar die geest van verhuizing groot zijn en het zal bezwaarlijk gaan om die geene die nog eenigzins kunnen hier langer te houden!“⁴⁸ Indien die mense uitmekaar spat, sou hulle hul beoogde doel nie kon bereik nie, terwyl almal nou ten gunste van terugkeer was. Die hoofrede waarom hulle tot die besluit gekom het om terug te keer, skryf die Trekkerkommissie aan ds. Cachet, was „de vrees dat er verwoesting onder ons zou komen.“⁴⁹ Hierdie vrees van die Trekkers het verband gehou met die onuitgesproke vrees dat die Gereformeerde Kerk die Trekkers uiteindelik in die steek sou laat. Ouderling C.M. Labuschagne het in 1926 aan ds. D.G.Venter vertel dat ds. M. Palser in 1884 tydens sy besoek aan Angola verklaar het dat die Sinode nie kon volhou om elke jaar of twee 'n predikant na Angola te stuur nie. Hy het geglo dat hy die laaste sou wees om die mense te besoek. Dit het verdeeldheid onder die Trekkers gebring en omtrent die helfte - ses-en-dertig huisgesinne - het besluit om terug te trek. Op een na het dit die hele Kerkraad ingesluit. Ds. J.L. Cachet was die enigste Gereformeerde leraar wat die Trekkers bemoedig het.⁵⁰

Daniël324/-

46) Veth, dr. P.J. & Snelleman, J.F.: Daniël Veth's Reizen in Angola, p.201

47) Schinz, dr. H.: Deutsch Südwestafrika, p.345

48) De Maandbode 1.3.1884; Preller Versameling, Bd.53, A787, Kommissie - ds. Cachet, dd. Humpata, Oktober 1883

49) Ibid., Ibid.

50) Venter, ds. D.G.: Dagboek van ds. D.G. Venter, p.V

Daniël Veth was van mening dat die algemene verarming van die Boere aan die wortel gelê het van die begeerte om die land weer te verlaat en na Transvaal terug te keer: „Slechts vijf of zes genieten nog een tamelijken welstand, maar er zijn velen die nog slechts een half dozijn trekossen hebben en geen koeien of eenig ander vee meer bezitten. Voor het transportrijden, anders één hunner voornaamste bestaan-middelen, zijn zij dus verplicht zich te combineren en het loon onder elkander te verdeelen, - het loon dat op zichzelf ruim genoeg zijn, maar aanzienlik verminderd wordt daardien meestal een deel van het vee onder de zware trek bezwijkt.”⁵¹ Hy kom dan ook tot die gevolgtrekking: „Met de middelen van bestaan dezen boeren is het helaas! over het algemeen zeer treurig gesteld.”⁵²

Ds. Cachet het tydens sy besoek gevind dat hulle nie meer 'n gebrek aan voedsel gehad het nie. As gevolg van hul veetekort het hulle 'n skaarste aan vleis gehad en brood was ook nie volop nie, maar aan tuingroente het hulle 'n oordaad gehad. Hulle grootste gebrek was aan klere en geld, aangesien hulle so lank sonder 'n inkomste was.⁵³ Die jaggeleenthede in die Humpata omgewing was beperk. Daar was geen volstruise of olifante, sodat hulle die vere en ivoor kon kry om te verhandel nie. Die naaste olifante was agt dagreise ver aan die Kunene.⁵⁴ Afgesien van die akkerbou en veeteelt, was hul vernaamste byverdienstes dié van transportry, jag, mieliehandel onder die inboorlinge en die saag van houtblokke vir die saagmeulens. P.J. van der Merwe het geskryf dat hierdie houtblokke soms agt kubieke meter beslaan het. Dit is vierkantig gekap en met behulp van osse op die waens gesleep. In die saagmeulens is hierdie blokke in balke en planke gesaag en tot waens, karre en meubels verwerk. Vir al hierdie bedrywighede moes die Boere egter lisensies uitneem, en hoe min ook al, het ook dit geld gekos.⁵⁵

Dr. 325/-

51) Veth, dr. P.J. & Snelleman, J.F.: Daniël Veth's Reizen in Angola, p.232

52) Ibid., p.298

53) De Maandbode 1.5.1882; Acta van die Sinode van 1882, Bylaag B, p.92

54) Ibid., Ibid.

55) Van der Merwe, P.J.: Ons Halfee in Angola, p.4

Dr. H. Schinz het tot die gevolgtrekking gekom dat ook die Boere se onafhanklikheidstrewa daartoe bygedra het, dat hulle weer getrek het. Die Boere het 'n republikeinse regeringsvorm verkies. Hulle het na 'n eie administrasie gestrewe en wou geen vreemde mag oor hulle erken nie. Ten spyte hiervan moes hulle hulle uiteindelik tog onderwerp, omdat in alle dele van die distrik reeds Portugese nedersettings was. Weliswaar het die Portugese geen voorskrifte aan hul gemaak nie en daardeur het hul vryheidsdrang wakker gebly en kon hulle hul eie sake tot 'n mate self reël. Maar bloot die besef dat hulle in 'n vreemde land onder 'n vreemde regering gestaan het, het hulle bedruk laat voel.⁵⁶

Voorbereidings vir die terugkeer

Met die opdrag om toestande in Suid-Afrika te gaan ondersoek en om onderhandelings vir 'n deurtog deur Damaraland aan te knoop, het J.P. Botha reeds in 1882 oorland na Kaapstad gereis.⁵⁷ In September 1883 keer hy per skip na Mossamedes terug. Hy het berig gebring dat daar uit die Transvaal en die Vrystaat geld te wagte was vir die wat wou terugkeer.

Dit was om helderheid oor al hul probleme te verkry dat daar op 28 September 1883 'n openbare vergadering van Trekkers belê is.⁵⁸ 'n Kommissie van vier is deur hierdie vergadering aangestel om die moontlikheid van terugkeer na Suidwes-Afrika of Suid-Afrika te ondersoek. Die kommissie het bestaan uit R.F. Holtshuizen as voorsitter, P.J. van der Merwe, H.P.J. van Wyk en E.E. Jordaan.⁵⁹ Uit sy

samestelling 326/-

-
- 56) Schinz, dr. H.: Deutsch Südwestafrika, pp.345-7; Von Dewitz: Reizen in dem Portugiesischen Westafrika, Deutsche Kolonialzeitung, Bd.IV, 1887, p.149; Acta van die Sinode van 1882, Bylaag B, p.92
- 57) Postma, ds. D.: De Trekboeren te St. Januario Humpata, p.172
- 58) Preller Versameling, Bd. 53, A787, Kommissie - ds. Cachet, dd. Humpata, Oktober 1883.
- 59) Ibid.

samestelling blyk dit dat die kommissie kerklik saamgestel is, want al sy lede was kerkraadslede. Die opdrag van die kommissie was om met ds. Jan Lion Cachet, voorsitter van die Gereformeerde Hulpkommissie vir die Trekkers, in verbinding te tree, hul probleme aan hom te stel en te verneem of hulle verdere hulp uit die vaderland te wagte kon wees.

In Oktober 1883 het die kommissie aan ds. Cachet geskryf en verskeie redes vir hul terugkeer genoem. Volgens hul skrywe het almal besluit om terug te trek.⁶⁰ Hierdie besluit is geneem op grond van berigte wat hulle bereik het, dat hul vriende in Suid-Afrika gewillig sou wees om hulle te help om terug te keer, slegs dan as almal terugkeer. Die meerderheid was egter nie meer in staat om op eie kragte terug te keer nie. Daarom sou 'n totale terugkeer net moontlik wees indien die hulp wat verleen word, groot genoeg sou wees. In hierdie verband het hulle vertrou dat die Kerk sy invloed sou gebruik. Hulle het ruiterslik erken dat hulle hier 'n besluit geneem het wat hulle nie kon uitvoer tensy hulle van buite hulp ontvang nie. Hierdie onvermoë waarin hulle hulle bevind het, is egter deur die sameloop van omstandighede veroorsaak. Die kommissie was van mening dat die geld wat vir die noodleniging van die Dorslandtrekkers deur die Vrystaatse hulpkomitee ingesamel is, nou vir hulle terugkeer aangewend kon word.⁶¹

Die plan van die meeste Trekkers was om nie weer deur die Dorsland te trek nie. Hulle sou toestemming probeer verkry om deur Damaraland of Namakwaland tereis. Hulle sou probeer om in Suidwes-Afrika gevestig te raak. Hulle het reeds 'n streek vir hierdie doel in die oog gehad, en soos weldra sou blyk, was hierdie streek die Rehoboth-gebied. Die eiendomsreg op hierdie grond was tydens die oorlog tussen die Damara en die Nama 'n omstrede saak.⁶² Hierdie streek was naby die kus en 'n hawe, en nie te ver van hul vaderland nie. Bowendien was

daar 327/-

60) Preller Versameling, Bd.53, A787, Kommissie - ds. Cachet, dd. Humpata, Oktober 1883

61) Ibid., De Maandbode, 1.3.1884

62) Ibid., Ibid., 1.1.1885

daar geen onoorkomelike dorsland tussen hulle en die gebied nie. Indien hulle nie die vergunning kon kry om in Suidwes-Afrika te bly nie, sou hulle suidwaarts tot teen die Oranjerivier trek en dan langs die Oranje tot aan die Vaalrivier.

Om met die inboorlinge te onderhandel, het hulle die dienste van J.P. Botha verkry. Hy sou reëlings tref vir hul deurtog deur Damaraland en vir 'n tydelike rusplek in Namakwaland. Botha sou tot in Kaapstad reis en daarvan dan met ds. Cachet korrespondeer of met hulle in aanraking kom, maar vanweë hul geldelike probleme het hulle verwag dat hy aan laasgenoemde doelstelling nie uitvoering sou kon gee nie. Hulle het ds. Cachet versoek om 'n afskrif van sy antwoord aan hulle aan 'n adres in Kaapstad te stuur waar Botha dit vir sy eie inligting kon afhaal. Indien hulle die nodige hulp ontvang, was hulle van plan om gedurende die eersvolgende winter met hul terugreis te begin.⁶³

Op 28 September 1883 skryf die Kerkraad ook aan ds. Cachet om te sê dat die mense wil terug trek. Die verwagting was dat die terugtog oor tien maande sou begin. Hulle sou egter baie graag voor daardie tyd weer herderlike besoek wou ontvang.⁶⁴

Vroeg in 1884 het die handelaar, W.W. Jordan, sy opwagting in Humpata gemaak. Hy het op 28 Januarie van daardie jaar die Rehoboth-gebied van die Swartboois gekoop.⁶⁵ Hierdie grond kon in ongeveer vyfhonderd plase verdeel word en hy was bereid om hierdie gebied aan hulle oor te maak,⁶⁶ indien hulle dit sou oorweeg om hulle in Suidwes-Afrika te vestig. Die Boere het toe egter geen besluit

hieroor 328/-

63) Preller Versameling, Bd.53, A787, Kommissie - ds. Cachet, dd. Humpata, Oktober 1883; De Maandbode 1.3.1884

64) Postma, ds. D.: Ons Halfeeu in Angola, p.155

65) Preller Versameling, Bd.53, A787, Jordaan - ds. Cachet, dd. Humpata, 22.8.1884

66) Ibid.

hieroor geneem nie.

Die Boere-kommissie het ook met die regering van die Zuid-Afrikaansche Republiek gekorrespondeer en in Pretoria het 'n hoofkomitee tot stand gekom om met hulle saam te werk.⁶⁷

'n Hoofkomitee vir die reëling van die terugtog, is op 4 Februarie 1884 te Pretoria gevorm en sy sekretaris, ds. P. Pelser, het aan die Gereformeerde Geestelike Kommissie 'n brief gerig, waarin vermeld is dat die Trekkers na Suid-Afrika wou terugkeer en geldelike hulp verlang. Die Gereformeerde Geestelike Kommissie wat op 3 April 1884 sy vyfde sitting te Middelburg, Kaap gehou het, het as gevolg van hierdie inligting besluit om sy pogings om 'n leraar vir Humpata te beroep, agterweë te hou totdat groter duidelikheid oor die saak verkry is.⁶⁸

Op die sesde sitting van dié Kommissie wat op 15 Januarie 1885 te Burgersdorp plaasgevind het, is berig dat die hoofkomitee van Pretoria daarin geslaag het om 'n deputasie saam te stel wat na die Trekkers sou gaan om oor hul terugkeer te onderhandel. Een van die lede van die deputasie was ds. M. Pelser, 'n Gereformeerde leraar, en daar is aan hom bykomstig opdrag gegee „om met een de geestelike belangen der gemeente te Humpata te behartigen”.⁶⁹ Hy moes ook alles in sy vermoë doen „om de menschen in massa te doen terugkeeren, en dat de kerkelijke opdracht hem gegeven worden zonder daarover een oordeel uit te spreken.”⁷⁰

Ds. Pelser het laat weet dat hy met graagte aan hierdie versoek voldoen.

..... 329/-

67) Botha, P.M.: Manuskrip, p.286

68) Notulen Boek der Commissie tot behartiging van de Geestelijke belangen der Transvaalsche Trekboeren 1881 opnuut georganiseerd daar als De Gereformeerde Gemeente St. Januario Humpata, G.A., G.23 A, Boek I art. 4

69) Ibid., art. II

70) Acta van die Sinode van 1885, Bylaag B, p.61

Ander moontlikhede word ondersoek

Ds. M. Pelser en die deputasie van die Pretoriase hoofkomitee het op 26 Julie 1884 aan die Boere besoek gebring. By sy aankoms het hy gevind dat baie Trek- kers nog onseker was of hulle moet terugkeer. Na beraadslaging is besluit om 'n kommissie na die binneland te stuur om beter grond te soek. Hierdie kom- missie het bestaan uit P.J. van der Merwe, G. van der Merwe (veldkornet), J.H. Robbertse, I. Grobler, Andries de Klerk, Hermanus Grobler sr., Jakobus Steene- kamp, Barend Prinsloo, Johannes van der Merwe (P.sn.), Joh. Alberts, W. Grobler, P.L. van der Walt, Hendrik van der Walt (tolk), Sacharias de Klerk, Herman Grob- ler (H.sn.), D. Grobler en Stephanus Grobler.⁷¹ Hierdie kommissie het opdrag ontvang om ooswaarts na Kakonda, deur die land van Kapok, 'n inboorlinghoofman, tot naby die suidergrens van die distrik Viye te reis.⁷² Nog 'n kommissie is ook in 'n noordelike rigting uitgestuur.⁷³

Gedurende ds. Pelser se besoek is ook 'n kommissie saamgestel om die geldelike bystand aan persone wat wou terugkeer te behartig. Hierdie kommissie het be- staan uit R. Holsthuizen, D. de Beer, H. van Wijk, J. Jordaan, J. du Plessis en P. Labuschagne.⁷⁴ Ds. Pelser het ook verlang dat die mense wat wou trek hul name op 'n lys moes teken: Die wat later kop uittrek, sou as mainediges beskou word.⁷⁵ Soos reeds gesien is, het ses-en-dertig gesinne geteken om terug te keer.

Die geesdrif vir die terugkeer het byna 'n jaar lank hoog geloop, want op 22 Augustus 1884, na ds. Pelser se besoek, skryf E.E. Jordaan aan ds. Cachet „dat de groote meerderheid gestemt heeft om terug te gaan.”⁷⁶ Hulle was op hierdie

stadium330/-

71) Postma, ds. D.: De Trekboeren te St. Januario Humpata, p.172

72) Ibid.

73) Ibid.

74) Ibid.

75) Venter, ds. D.G.: Dagboek van ds. D.G. Venter, p.V, dd. 11.7.1926 tot 24.9.1926

76) Preller Versameling, Bd. 53, A787, Jordaan - ds. Cachet, dd. Humpata 22.8.1884

stadium van plan om op 30 Oktober van daardie jaar die terugreis te onderneem.

Die Geestelike Kommissie het by die Sinode van 1885 aanbeveel dat 'n leraar drie jaar lank op die rekening van die hele kerkverband na Humpata gestuur word. Geld om sy slaris te betaal, sou deur vrywillige bydraes ingesamel word en later kon na bevind van sake gehandel word. Volgens hierdie plan sou 'n gemeente slegs sy leraar vir hierdie tydperk aan Humpata leen. Indien die Trekkers sou besluit om terug te keer, kon die leraar hulle op hul terugtog vergesê. Vir die beoogde doel het die Kommissie dan ook geld op belofte van verskeie gemeentes ontvang. Die eerste predikant wat onder hierdie skema beroep is, was ds. H.B. Venter van Barkly-Oos, maar hy het vir die beroep bedank.⁷⁷ Hierna is 'n beroep op ds. M. Pelser uitgebring. Voordat ds. Pelser kon sê of hy hom die beroep laat welgeval, is 'n amptelike skrywe van die Angola-kommissie ontvang, „kennisgevend dat de groote meerderheid besloten had om terug te trekken.”⁷⁸ Hulle het daarbenewens die hoop uitgespreek dat die Geestelike Kommissie hul belange sou behartig tot by hul terugkoms.

Ten gevolge van hierdie verwikkelinge was die Geestelike Kommissie van mening dat „de gemeente van St. Januario zoo goed als ontbonden is” en aangesien dit in sulke omstandighede onmoontlik was om die fondse te vind om 'n leraar na hulle te stuur, beveel die Kommissie by die Sinode aan dat hierdie kommissie ontbind word.⁷⁹ Die Sinode het aan hierdie versoek voldoen, maar die kommissie weer dadelik hersaamgestel met die opdrag om by die volgende sinodesitting verslag oor die verloop van die gebeure te lewer.⁸⁰

In die verslag van die kommissie wat tydens ds. Pelser se besoek noordooswaarts

uitgestuur 331/-

77) Acta van die Sinode van 1885, Bylaag B, p.59

78) Ibid., p.61

79) Ibid.

80) Ibid.

uitgestuur is om die land te verken, gee P.J. van der Merwe 'n opsomming van die gebeure wat tot die uitsending van die kommissie gelei het. Hieruit blyk dat daar sedert 1883 groot woelinge, oor 'n moontlike terugkeer na Transvaal, onder die Trekkers was. P.J. van der Merwe, J.H. Robbertse en J.J. Grobler het egter te kenne gegee dat hulle nie kans sien om die land te verlaat alvorens hulle die land gedeeltelik ooswaarts verken het om te sien of daar 'n geskikter deel vir blanke bewoning was nie. Hierdie persone het aan die bestuurskomitee 'n versoek gerig om 'n openbare vergadering byeen te roep, sodat die saak broederlik bespreek kon word. Vyftien persone het tydens genoemde vergadering vrywilliglik 'n kommissie gevorm om die nodige ondersoek in te stel.⁸¹ Die kommissie wat egter op 3 Junie 1884 na die binneland gereis het, het uit sewentien blankes bestaan en het ook die Swartman, Frans Kaffer, en die rooi Boesman, Jan Rooi, ingesluit.⁸²

Die kommissie het vanaf 30 Junie 1884 'n dagjoernaal oor sy vordering bygehou. Die joernaal is 'n insiggewende verhaal van die deeglikheid en deursettingsvermoë waarmee hierdie Trekkerkommissies hul taak uitgevoer het. Die sending het met nie minder as vyf verskillende inboorlingstamme in aanraking gekom nie en is deurgaans vriendelik ontvang en van draers en gidse voorsien. Die streek wat deurreis is, het dele gehad wat geskik was vir beesboerdery en in 'n mindere mate ook vir skaapboerdery. Die kort grasvelde van sommige hooglande wat besoek is, het tot hierdie mening aanleiding gegee. Onder andere is die stroomgebied van die Kwandorivier en die bolope van die Okavango en Kunene deurreis. Nadat hulle later hul waens by 'n goedgesinde inboorlingkaptein moes agterlaat

het 332/-

-
- 81) Postma, ds. D. : Da Trekboeren te St. Januario Humpata, p.172; D.T.D. A779, S.A. Deel I, Kommissie Verslag, dd. Humpata 3 - 18 Augustus 1884, pp.1-48
- 82) D.T.D. A779, S.A. Deel I, Kommissie Verslag, dd. Humpata, 3 - 18 Augustus 1884, pp.1-48

het 'n deel van die geselskap van 18 tot 31 Julie te voet verder gereis. Hierdie groep het bestaan uit veldkornet G.J. van der Merwe, J. Robbertse, P.J. van der Merwe, H. van der Walt, P. van der Walt, B. Prinsloo, J. Steenekamp, J. van der Merwe, A. de Klerk en Frans Kaffer en Jan Rooi. Die groep het twaalf inboorlingdraers gehuur om hul voorrade te dra. Hierdie draers het egter een nag almal weggeloop. Hulle huur nog twee kere na mekaar ander draers met dieselfde gevolg en besluit op 31 Julie om maar om te draai. Die vernaamste tekortkominge van die streek wat hulle deurreis het, was dat dit te afgeleë was en te ver van hawens en markte en dat dit uiters moeilik sou gaan om 'n pad daarheen te maak.⁸³

Die kommissie het 'n gebied wat hulle Amboëllaland noem 'n geskikte streek vir nedersetting bevind. Die streek wat in die bolope van die Kubango- en Kunene-rivier geleë is, word deur talle sytakke van hierdie riviere deurkruis. Die kommissie het geskat dat die gebied tussen 1 538 m. en 2 768 m. bo seespieël geleë was. Die plantegroei was van 'n beter gehalte as die van Humpata. Ook het hulle geen twyfel oor die geskiktheid van die gebied uit 'n gesondheidsoogpunt gehad nie, aangesien al die vee wat die inboorlinge besit het, gesond was en hulle eie osse en perde gesond teruggekeer het. Die land was wildryk en in die riviere was daar baie seekoeie. Na die ooste toe was ook olifante te kry.⁸⁴

„De Volkstem” het berig dat die Boere so in hul skik met die landstreek was dat hulle voornemens was om 'n afvaardiging na Transvaal te stuur om mense te oorreed om die gebied te koloniseer aangesien daar genoeg plase vir duisende

boere333/-

83) D.T.D. A779, S.A., Deel I, Kommissie Verslag, dd. Humpata, 3 - 18 Augustus 1884, pp.1 - 48.

84) Ibid.

was. Volgens hulle was die land slegs deur skadelose of ten minste weerlose inboorlinge bewoon.⁸⁵

Die reisiger, Veth, sê dat baie mense hulle van terugkeer na Transvaal weerhou het, aangesien hulle hul hoop op 'n geskikte nedersetting in die noordooste van Angola gevestig het.⁸⁶ So groot was die verwagtinge oor die uitslag van die ekspedisie dat mense uit Transvaal in briewe aan veldkornet Gerrit van der Merwe te kenne gegee het dat indien 'n trek in hierdie rigting sou plaasvind, baie Transvalers hulle daarby sou aansluit en dat daar reeds 'n kommissie saamgestel is om die saak te hanteer. Van der Merwe is onder andere gevra of hy van mening was dat hulle sonder groot verliese oorland die onderhawige streek kan bereik en of hy hulle aanraai om hul voorrade per skip na Mossamedes te stuur.⁸⁷ Die Portugese het Boere-migrasie in hierdie rigting sterk aangemoedig, aangesien hulle graag hul gesag hier wou uitbrei.⁸⁸

'n Boere-afvaardiging, bestaande uit G. Alberts en G. van der Merwe, het vroeg in 1886 na Suid-Afrika vertrek om belangstellendes in Transvaal oor 'n voorgenome trek na die verkende gebied te spreek. Hulle moes sommer terselfdertyd vasstel in hoeverre die bewering van ds. M. Pelser waar was dat hy die laaste predikant sou wees om hulle te besoek. Hulle het van 8 tot 15 Februarie op Burgersdorp besoek afgelê en van ds. J.L. Cachet die versekering ontvang dat die Gereformeerde Kerk sou voortgaan om in hul kerklike behoeftes te voorsien en dat hulle moes moedhou.⁸⁹

Inligting wat die Boere-kommissie verstrekte het, het die Portugese regering so beïndruk dat hulle dadelik besluit het om 'n regeringsekspedisie uit te stuur om die potensiaal van die gebied deeglik te ondersoek. Met die doel is dan

ook334/-

85) De Volkstem 16.7.1885

86) Veth, dr. P.J. & Snelleman J.F.: Daniël Veth's Reizen in Angola, p.311

87) Ibid., p.313

88) Ibid., p.315

89) Venter, ds. D.G.: Dagboek, De Maandbode 1.3.1886

ook 'n ekspedisie onder leiding van luitenant Artur de Paiva, Chefe van Humpata, uitgerus. Verskeie Boere en tweehonderd tot driehonderd swart soldate het die ekspedisie meegemaak. Die Boere het R24 vir die huur van hul waens en R4.50 per dag aan soldy ontvang.⁹⁰

Die uitslag van die regeringsondersoek was teleurstellend. Al die deelgenote was oortuig dat daar geen geskikte grond vir kolonisasie te vinde was nie. Hulle kon ook nie Amboëllaland inneem nie, aangesien hulle mag te swak was. Hulle kon slegs 'n vyandige opperhoof wat 'n Fransman vermoor het, straf.⁹¹

Die Trek terug

Die verskillende verkenningskommissies en die valse verwagtinge wat daardeur by baie Boere geskep is, het tot gevolg gehad dat baie minder gesinne die terugtrek meegemaak het as wat aanvanklik verwag is. Afgesien van berigte van twintig of meer gesinne wat aan die uittoeg sou deelgeneem het,⁹² het ds. D. Postma aan die hand van die getuienis van Ignatius Labuschagne, J.A. du Plessis (diaken), L.M. du Plessis (ouderling), Cornelius Labuschagne (diaken), en Jan Labuschagne, wat self aan die Trek deelgeneem het, geskryf dat ses-en-dertig gesinne dit meegemaak het. Dit beteken dat ongsveer die helfte van die sowat sewentig gesinne wat in 1880 Angola binnegetrek het, die land weer in 1884 verlaat het. Dit was die gesinne van R. Holsthuizen, D. Prinsloo, Jan Labuschagne, J. Holsthuizen, H. van Vuuren, P. du Preez, P. Prinsloo, W. Prinsloo, M. Prinsloo, Joh. van den Berg, W. van den Berg, Andries Piek, J. du Plessis, Cornelius Labuschagne, P. Labuschagne, I. Labuschagne, Stephanus Venter, L.M. du Plessis, W. du Plessis, K. du Plessis, die weduwee De Klerk, H. van Wyk, Joh. du Toit, R. du Toit, Cornelius Bothma, Stephanus Kruger, Casper du Plessis, die weduwee Roets, J. Jordaan, D. de Beer, Th. de Beer, Andries de Beer, Ph. Schutte, die weduwee Opperman, Ph. du Plessis en P.M. Botha.⁹³ Alhoewel Botha ongetroud was, is sy

trek 335/-

90) Veth, dr. P.J. & Snalleman, J.F.: Daniël Veth's Reizen in Angola, p.311

91) Ibid., p.315

92) Schinz, dr. H.: Deutsch Südwestafrika, p.348; Rohrbach, Lic. dr. Paul: Aus Südwestafrikas schweren Tagen. Blätter von Arbeit und Abschied, p.29

93) Postma, ds. D.: De Trekboeren te St. Januario Humpata, p.172

trek waarskynlik deur die segsmanne as die ses-en-dertigste gesin gereken.⁹⁴ Na die vertrek van hierdie gesinne het daar nog veertig Boere-gesinne in Angola agtergebly,⁹⁵ sodat die meerderheid Boere dus besluit het om in die land te bly.

Op 15 Oktober het die handelaar Jordan van Ondongwa in Ovamboland aan pres. Kruger geskryf. In sy brief het hy Sy Edele versoek dat dit algemeen bekend gemaak moes word dat die Boere onder die vlag van die Zuid-Afrikaanse Republiek terugtrek. Hy het verwag dat sowat vyf-en-veertig families reeds op 10 November die terugreis sou onderneem en dat nog agtien families op Humpata sou bly tot in Mei die volgende jaar. Die vergunning om onder beskerming van die Zuid-Afrikaanse Republiek die terugtog te aanvaar, het hy nodig geag aangesien die Boere deur 'n punt van Damaraland sou moes trek. Die Damaras was hulle vyandiggesind en dit was dus as 'n veiligheidsmaatreël bedoel.⁹⁶

Jordan se brief het op 5 Februarie 1885 die Staatsekretaris bereik.⁹⁷ In sy aanbeveling van 24 Februarie wys dr. W.J. Leyds daarop dat die Dorslandtrekkers volgens Jordan Transvaal reeds ses jaar gelede verlaat het. Die republikeinse regering kan teenoor hulle geen ander standpunt inneem as teenoor diegene wat na Stellaland, Gosen en Zoeloeland uitgewyk het nie en ten opsigte van hierdie persone is aanvaar dat hulle „geen burgers meer zijn en dat wij (als staat) niets mee te maken hebben”.⁹⁸

Sommige Boere het hul erwe op Humpata verkoop, andere het dit net so laat lê. Die terugtrekkers het van 20 Oktober tot 1 November 1884 Humpata in groepe verlaat met die doel om aan die oorkant van die Kunene, bokant Humbé, bymekaar te kom.⁹⁹ Teen die einde van November was almal hier byeen en is die Trek

georganiseer336/-

94) De Maandbode 1.3.1886

95) Postma, ds. D.: De Trekboeren te St. Januario Humpata, 1, pp.176-7

96) S.S. 1034, 1885: R688/85: Jordan - pres. Kruger, dd. Ondongwa 15.10.1884

97) Ibid., Kantskrif.

98) Ibid.

99) Postma, ds. D.: op.cit., p.172; Schinz, dr. H.: Deutsch Südwestafrika, p.384.

georganiseer. L.M. du Plessis is as voorman aangewys en op 8 Desember 1884 het die trek na die suide begin.¹⁰⁰

Die plan was om deur Damaraland terug te trek, sodat hulle reeds in die volgende jaar in die Transvaal kon wees.¹⁰¹

Die tyd waarop die Trek onderneem is, was ongunstig. Swaar reëns het uitgesak en die vordering bemoeilik. Talle houtbrûe moes oor lope wat tot oorlopenstoe vol was, gebou word. Die Trek het eers in 'n suidoostelike rigting na die stad van Nambati, kaptein van die magtige Kuanyamastam, koers gekry. By hierdie stat het hulle twee dae lank oorgestaan en het van die kaptein besoek ontvang. Hy was die Trekkers baie goedgesind en het hulle selfs twee slagosse geskenk. Hy het van Jan Labuschagne 'n naaimasjien vir 'n jong os geruil en die Boervrouens moes eers vir hom 'n paar broeke maak om te demonstreer hoe die masjien werk.¹⁰² Die handelaar, W.W. Jordan, het hier by hulle aangesluit.

Op 'n Maandagmôre teen die einde van 1884 het die Trek Nambati se stat verlaat en, nog op Kuanyamagebied, in 'n suidoostelike rigting die reis voortgesit tot by 'n stat waar 'n Ovambovrou kaptein was.¹⁰³ Hier het Andries Piek, 'n dwergie van skaars een meter hoog, 'n ryperd vir vyftig beeste verruil. Na nog ag dae bereik hulle Ondongwa, die stat van die Ovambohoofman, Kambonde. Hier was ook 'n Finse sendingstasie en die Boere het 'n nag hier oorgestaan.¹⁰⁴

Die volgende dag het L.M. du Plessis al die Trekkers byeengeroep om 'n aanbod wat W.W. Jordan aan hulle gemaak het, te oorweeg. Jordan het hulle meegedeel dat hy die Rehobothgebied wat tussen Damara- en Namaland geleë was, van die

Hottentotte 337/-

100) Postma, ds. D.: De Trekboeren te St. Januario Humpata, p.172; Schinz, dr. H.: Deutsch Südwestafrika, p.384

101) Ibid., p.173

102) Ibid., p.173

103) Ibid.

104) Ibid.

Hottentotte gekoop het en hy het aangebied dat hulle op hierdie eiendom van hom 'n jaar lank kon oorstaan om te rus. Hulle kon daarna besluit of hulle verder wou trek en of hulle hul permanent daar wou vestig.

Hierdie aanbod van Jordan was nie heeltemal so onselfsugtig as wat dit mag voorkom nie. Aan die begin van 1884 het Jordan naamlik die Swartbooi-stam by Otjitambi in die Kaokoveld opgesoek.

Kaptein, Kornelius Swartbooi, en sy bestuur het aan hom verklaar dat hulle die grondgebied van Rehoboth nie prysgegee het nie. Dit was maar net aan die Basters „geleen”.¹⁰⁵ Gevolglik het Jordan hierdie stam as die wettige eienaar van Rehoboth beskou en 'n ooreenkoms met die kaptein en sy bestuur aangegaan waarvolgens die grondgebied van Rehoboth op die 28ste Januarie 1884, 'n paar maande voordat die eerste landstreke in Suidwes-Afrika onder Duitse beskerming geplaas is, aan hom verkoop is teen 'n bedrag van R3 000. Hierdie bedrag sou een jaar na inbesitneming van die grond betaalbaar wees.¹⁰⁶ Jordan was voornemens om op die grond 'n nedersetting van 23 Boere met hul gesinne te stig. Volgens sy mening sou hierdie Boere maklik die Basters kon verdring.¹⁰⁷

Du Plessis het die aanbod aan die vergadering voorgelê en gevra dat 'n besluit geneem moes word of hulle Jordan se aanbod aanvaar of dat hulle voortgaan om gedurende 1885 na Rietfontein toe deur te trek.¹⁰⁸ Hy het egter voorlopig net die aanbod aan hulle voorgelê sodat hulle daaroor kon nadink en later 'n besluit neem.

Toe hulle die volgende oggend van Ondongwa vertrek, het die Ovambo 'n bok kom verruil. Die bokruilers was astant en het aan P. Prinsloo en Cornelius

Labuschagne338/-

105) Z.B. 1882, U IV p, Bd.I, p.12. Verklaring van Kornelius Swartbooi en sy Bestuur.

106) Ibid., p.18

107) Ibid., p.16

108) Postma, ds. D.: De Trekboeren te St. Januario Humpata, p.174

Labuschagne beduie dat as hulle nie die bok ruil nie, sou daar oorlog wees. Om die vrede te bewaar is die bok toe maar vir 'n pond kruit geruil. Die Trek het nouliks in beweging gekom of die Ondongwas het weer die bok losgemaak, die blik kruit byna in die gesig van P. du Freez se vrou gesmyt en 'n paar waens voorgekeer. Hulle het ook persone gestuur om hul gewere te gaan haal.¹⁰⁹

Die eerste wa wat voorgekeer is, was die van P. Prinsloo. Die astrante inboorlinge het die tou uit die touleier se hande geruk en die osse tot stilstand gedwing. Die driftige Prinsloo het dadelik van sy wa afgeklim, die tou uit die indringers se hande geruk en dit aan sy touleier teruggegee. Die brutale rusverstoorders het egter 'n tweede maal die tou by die touleier oorgeneem. Prinsloo het hierop sy rewolwer en sy geweer gaan haal. Hy het die geweer teen die inboorling se bors vasgedruk en voorgegee dat hy sou skiet. Die oorblufte Ovambo het begin pleit dat Prinsloo nie moes skiet nie, aangesien hulle nie oorlog wou hê nie. Die hele groep Ondongwas het hierna die hasepad gekies en die Trek kon ongehinderd voortgaan.¹¹⁰

Hierna reis die Trekkers twee dae in 'n suidoostelike rigting tot by Narango. Dieselfde middag versit hulle egter hiervandaan nog twee trekke in 'n suidelike rigting tot by 'n pan reënwater. Hiervandaan is Stephanus Venter en J. Labuschagne met pakosse vooruitgestuur om na water te soek. Hulle kon egter nie water in genoegsame hoeveelhede vind nie. Hul trek 'n dag verder tot by 'n kalkpan waar hulle agt dae lank oorbly. Terwyl hulle hier oorstaan, vertrek J. Labuschagne, Andries Piek, J. Jordaan, L.M. du Plessis en nog 'n paar Trekkers na 'n soutpan wat in 'n suidwestelike rigting geleë was om sout bymekaar

te339/-

109) Postma, ds. D.: De Trekboeren te St. Januario Humpata, p.174

110) Ibid., p.175

te maak.¹¹¹ Terwyl hulle by die soutpan besig was, het R. Holsthuizen verdwaal en byna van dors omgekom. Hierdie vlak soutpan was ander-halfuur te perd lank en 'n halfuur te perd breed en het groot hoeveelhede sout bevat. In die omgewing was daar nog ses sulke panne, maar twee daarvan het bitter sout opgelewer.¹¹²

Van Kalkpan af gaan die Trekkers toe in groepe verby die soutpanne, twee trekke in 'n suidelike rigting tot by Okahakana, voort. Die groepe Trekkers het 'n nag by die soutpanne oorgestaan en die vroue en kinders het hier baie pret gehad.¹¹³

Jordan se aanbod word oorweeg

By Okahakana het hulle van Februarie tot April 1885 oorgebly, sodat Jordan sy eiendomstransaksie kon gaan afhandel.^{113a}

Terwyl Jordan op Otjitambi met die Swartboois onderhandel het, het die Duitse geoloog, dr. Belck, wat die land moes ondersoek, daar opgedaag en hom meegedeel dat die Basters nou Duitse beskerming geniet. Jordan het dadelik afskrifte van sy koopakte aan die Duitse konsul-generaal vir Wes- en Suidwes-Afrika, dr. Nachtigall, en die leier van die Duitse onderneming in Suidwes-Afrika, die koopman, F.A.E. Lüderitz, gestuur in 'n poging om sy eienaarskap oor Rehoboth erken te kry. In sy brief aan dr. Nachtigall het Jordan sy hele nedersettingsplan breedvoerig beskryf.¹¹⁴ Hy het daarop gewys dat daar tot omstreeks 1884 weinig belangstelling in Suidwes-Afrika uit Europa getoon is. Dit was sy doel

om 34C/-

111) Postma, ds. D.: De Trekboeren te St. Januario Humpata, p.175

112) Ibid.

113) Ibid., pp.175-6

113a) Sien kaart teenoor p.339

114) Z.B. 1882., U IV p, Bd.I, p.7., Jordan - dr. Nachtigall, dd. 24.3.1885

om die vrede in die land te herstel en die handel te bevorder. Hierdie doelstelling wou hy bereik deur 'n Boerebufferstaatjie tussen die Damara en Nama wat mekaar geopponeer het, tot stand te bring. Daar sou die Boere deur hul vlyt welvarend word en orde en vrede in die land handhaaf. Hy was ook nie van voorneme om die Basters te verdring nie, maar sou aan hulle onder dieselfde voorwaardes as wat vir die Boere gegeld het, grond toeken.¹¹⁵

By Jordan se terugkoms is 'n vergadering by Haakdoornkop belê sodat hulle sy voorstelle finaal kon oorweeg.¹¹⁶ By hierdie geleentheid het Jordan die koopbriewe van die grond wat hy by Rehoboth van die Swartbooi-Hottentotte gekoop het, aan hulle voorgelê. 'n Deel van die Trekkers was bereid om Jordan se voorstelle te aanvaar. Andere wat waarskynlik die snuf in die neus gekry het, het te kenne gegee dat hulle tot op Rehoboth sou saamtrek en daarna besluit wat hulle te doen staan. Tydens 'n tweede byeenkoms wat te Okahakana gehou is, het 'n groep Trekkers 'n dokument onderteken waarin hulle Jordan se voorstelle vir vestiging op Rehoboth aanvaar en onderneem om nog in 1885 na hierdie bestemming te versit. Die ander lede van die geselskap het onderneem om tot daar saam te trek en dan daarvandaan deur Namakwaland na die Transvaal terug te keer. Jordan self sou intussen na Humpata terugkeer om in Mossamedes 'n boot na Angra Pequena te haal en daarvandaan na Rehoboth te reis.¹¹⁷

Die Trekkers het hulle sterk deur W.W. Jordan laat beïnvloed. Hy was ongetwyfeld meer as 'n gewone avonturier. Hy het Suidwes-Afrika beter as enige ander blanke geken veral die waarde van sommige streke en het besef welke bate uit die besit daarvan gehaal kon word.¹¹⁸ Jordan was dus vasberade om die

geleentheid341/-

115) Z.B. 1882., U IVp, Bd. I, p.7., Jordan - dr. Nachtigall, dd. 24.3.1885

116) Postma, ds. D.: De Trekboeren te St. Januario Humpata, p.175

117) Ibid., p.176

118) Trümpelmann, dr. G.P.J.: Die Boer in Suidwes-Afrika, p.38; Schinz, dr. H.: Deutsch Südwestafrika, p.347

geleentheid te baat te neem om die Trekkers in die landstreek wat hy as die beste beskou het, te laat vestig en die voordeel daaruit te trek wat so 'n nedersetting vir hom as handelaar en fortuinsoeker kon meebring. Hy het dan ook uiteindelik daarin geslaag om die Trekkers oor te haal om te besluit dat hulle hul in 'n gebied wat hy vir hulle sou verkry, die gebied rondom Rehoboth, te vestig.¹¹⁹

Voordat Jordan Okahakana kon verlaat, het Pieter Maritz Botha by die Trek opgedaag met 'n brief van die Damara-kaptein, Manasse. Hierin het Manasse te kenne gegee dat hy vrede met die Trekkers verlang en dat dit hul vry staan om deur sy land te trek. Hierdie gebaar van vriendskap het hy egter onderhewig gestel aan die voorwaarde dat hulle die vlieg in die self, bedoelende W.W. Jordan, onder hulle moes uitroei, anders sou hy hulle as vyande reken.¹²⁰

Daar is toe besluit om 'n kommissie na Manasse en Rehoboth af te vaardig. Of van die sending na Rehoboth enigiets tereg gekom het, is onseker. Du Flessis het egter wel aan Manasse persoonlik besoek gebring en toestemming ontvang om by 'n plek naby Otyczondyupa 'n paar maande lank oor te staan om die reëntyd af te wag en hul waens te herstel om na Transvaal terug te keer.¹²¹

Dit het spoedig geblyk dat Jordan deur Petrus Swartbooi, Trouwgoed Richter en Paul Paulse, die Swartbooi-raadslede, in verband met die Rehoboth-transaksie om die bos gelei is. Hierdie grond het oorspronklik aan die Rooinasie

of 342/-

119) Trümpelmann, dr. G.P.J.: Die Boer in Suidwes-Afrika, p.38; Schinz, dr. H.: Deutsch Südwestafrika, p.347

120) Postma, ds. D.: De Trekboeren te St. Januario Humpata, p.176-7

121) Z.B.1011 F XIII ., b 6, Bd.I., pp.40-41, Manasse - dr. Göring, dd. 23.12.1885

of Hoachanas behoort en in 1845 het hulle kaptein Oasib aan die Swartboois verlof gegee om daar te woon.¹²² Die Swartboois is in 1864 deur Jan Jonker verdryf, omdat hulle die Herero teen hom gesteun het.¹²³ Die Swartboois het later self hieroor verklaar dat hulle, „de Swartbooisstam, niet gewillig waren tegen de Herero onwettig te oorlogen of te vechten gelijk de andere Namas”.¹²⁴ Die Swartboois het nie na Rehoboth teruggekeer nie, maar het tydens die vredeskonferensie in 1870 te Okahandja aan Hermanus van Wyk, die Basterkaptein, verlof gegee om daar te woon tot tyd en wyl hul stam die grond weer nodig sou hê.¹²⁵ Die stam het hom metterwoon op Otjitambi en Fransfontein in die Kaokoveld gevestig.¹²⁶

Die Basters het beweer dat hulle verdere onderhandelings met die Swartboois gevoer het en op 23 Desember 1875 'n opsie verkry het om Rehoboth te koop. Om hierdie aanspraak te staaf, het Hermanus van Wyk in 1875 aan Palgrave 'n verkoopsakte getoon waarvolgens die Basters 100 perde teen R100 stuk en vyf waens teen R200 stuk aan Swartbooi betaal het as koopprys.¹²⁷ Hierteenoor het die Swartboois ontken dat hulle ooit Rehoboth aan die Basters verkoop het;¹²⁸ tewens hulle het volgehou dat hulle die gebied op 28 Januarie 1884 aan die handelaar William Worthington Jordan vir R3 000 verkoop het.¹²⁹

Toe 343/-

-
- 122) Z.B. 2031, WII d.26 Bd.I, p.16; Swartboois se verklaring, dd. 4.3.1885; U.G. 41-'26, p.32; Quellen 20, Dagboek 3.5.1884, p.21
- 123) Quellen 20, pp.134-6; Vedder, dr. H.: Voorgeskiedenis van Suidwes-Afrika, pp.424-7; Z.B. 1882; U.IVp; Bd.I, p.11, Verklaring van Swartbooi Hottentotte.
- 124) Z.B. 1882, U.IVp; Bd.I, p.11, Verklaring van Swartbooi Hottentotte
- 125) Z.B. 2031, WII d.26; Bd.I, Swartbooi Hottentotte se verklaring, 4.3.1885 p.17; Quellen 21, Berig van Heidmann, dd. 16.11.1870, p.72
- 126) Vedder, dr. H.: Maharero und seine Zeit, Joernaal van die Suidwes-Afrikaanse Wetenskaplike Vereniging, Bd. IV, p.11
- 127) G. 50-'77, Palgrave Report of, pp. 78-80; Quellen 21, Berig van Heidmann, dd. 26.1.1876, p.106
- 128) Z.B. 2031, WII d. 26; Bd.I; Ibid., 28.1.1884
- 129) Ibid., Koopakte, dd. 2.1.1884, p.2

Toe die Basters van die transaksie tussen Jordan en die Swartboois verneem, het hulle dadelik hul kaptein en die sendeling Heidmann afgevaardig om die naderende Boere-bedreiging onder Maharero se aandag te gaan bring. Voordat Maharero egter iets aan die saak kon doen, is die Basters se probleem deur die tussenkoms van die Duitse Ryk opgelos. Die Duitsers was begerig om hul gesag in Suidwes-Afrika te vestig en het verdrae met verskillende inboorling-kapteins gesluit en het die Basters onder Duitse beskerming gestel.¹³⁰

Vogelsang, die Duitse onderhandelaar, het op 4 Januarie 1885 Rehoboth besoek. Die ingewikkelde eienaarskap van Rehoboth het hom gekwel en hy wou nie self hieroor beslis nie. Hy het van die Basters 'n staat in ontvangs geneem waar-in hul aansprake uiteengesit is en sou dit aan sy uitvoerende amptenare stuur vir 'n beslissing.¹³¹

Vir die Duitsers was die besitreg van die Basters nooit 'n uitgemaakte saak nie en in die uiteindelijke verdrag wat op 15 September 1885 met die Basters aangegaan is, is slegs gemeld dat die Duitse keiser die regte en vryheid wat die Basters op Rehoboth verwerf het, erken.¹³² Verder word verklaar dat vorige verdrae erken en geëerbiedig word en dat die Duitse regering bestaande wette sou eerbiedig.¹³³

Hieruit blyk dat daar by die Duitse owerheid twyfel bestaan het of die Basters die wettige eienaars van Rehoboth is.¹³⁴ Dit was ook nou die tweede maal dat Boere-name in verband met die besetting van Rehoboth ter sprake gekom het, want soos reeds tevore vermeld is, het dr. Hahn in 1873 ook probeer om die jagter

Hendrik344/-

130) Trümpelmann, dr. G.P.J.: Die Boer in Suidwes-Afrika, p.39

131) Z.B. 1060, LII a 4 Bd.I, Vogelsang - Nachtigall, dd. 4.3.1885, p.121

132) Z.B. 1060, LII a 4 Bd.I, Proklamasie, dd. 15.9.1885; p.319

133) Ibid.

134) Z.B. 1060, LII a 4 Bd.I, Vogelsang - Nachtigall, dd. 4.3.1885, p.121

Hendrik van Zyl te oorreed om met 'n aantal Boeregesinne na Rehoboth te trek.

By die besef dat die Duitse Ryk nie die stigting van 'n onafhanklike Boere-staatjie op Rehoboth sou gedoog nie, het Jordan selfs vertoë aan die Eerste Minister van die Kaapkolonie en die Britse kommissaris, Shippard, in Walvisbaai gerig.¹³⁵

Sy moeite was tevergeefs, want op 28 Junie 1885 het die nuwe Duitse konsulgeneraal, Bieber, hom meegedeel dat die Kaapse Regering onderneem het om hom nie verder met sake in Groot Namakwaland en Damaraland in te meng nie en dat die Duitse Ryk intussen die Basters as wettige eienaars van Rehoboth erken en hulle onder Duitse beskerming geplaas het.¹³⁶

Op hierdie wyse is dus vir 'n tweede keer deur buitelandse inmenging verseker dat die Afrikaner nie 'n vastrapplek in Suidwes-Afrika kry nie. Die eerste keer het die Britsbeheerde Kaapse regering in die vroeë sewentigerjare van die negentiende eeu Boere-vestiging verydel deur die skepping van 'n gees van anti-patie teen die Boere. Nou het Duitsland wat tot dusver weinig belang in die gebied gestel het na vore getree as belanghebbende. Aan Jordan en sy Boerevriende was die reëls en grille van hierdie internasionale skaakspel onbekend. Die naaste wat hulle waarskynlik aan 'n verklaring hiervoor sou kom, was om te aanvaar dat "mag" inderdaad "reg" is.

..... 345/-

135) Z.B. 1882, U.IVp, Bd.I, p.8, Jordan - F.A. Lüderitz, dd. 28.3.1885

136) Ibid., p.23; Bieber - Jordan, dd. 28.6.1885

HOOFSTUK XII

DIE REPUBLIEK UPINGTONIA

Die filantropies gesinde, inherent eerlike William Worthington Jordan, kon nie berus in die feit dat sy "droom" oor 'n vooruitstrewende Boere-republiek in Suidwes-Afrika, as 'n hersenskim en niks meer laat vaar moet word nie. Sy onverskrokke karakter en vasberadenheid om in sy doel te slaag, het hom laat besluit om nie sy plan te laat vaar nie. Dit wil voorkom asof hy man alleen selfs internasionale magte in die bereiking van hierdie doelstelling wou trotseer.

Uiteindelik egter is al sy planne juis deur 'n geheimsinnige samewerking tussen hierdie magte verydel. Die ergste van alles was dat hy in hierdie proses selfs sy lewe op die altaar sou moes lê.

Jordan onderhandel met die Ovambo oor grond

Onder hierdie omstandighede moes Jordan poog om ander grondbesit te verwerf. Hy het toe aan die gebiede Waterberg, Otavi en Grootfontein gedink. Die Waterberg was egter die onbetwiste eiendom van Kamaherero. Daarenteen was dit onseker aan wie Grootfontein en Otavi behoort het.¹ Kamaherero het ook op die gebied aanspraak gemaak ooreenkomstig sy beginsel „Waar Herero vee gewei het, daar is Hererogebied.”² Die Ovambo-kaptein op Ondongwa het eweneens die landstreek as sy gebied beskou. Die Herero's is immers deur die Ovambo uit hierdie gebied teruggedrywe. Die Ovambo het sover as wat 'n mens kon terugdink, daar koper vir die vervaardiging van ornamente verkry.³ Die Boesmans wat suid van die Etoshapan gewoon het, het die Ovambo-kaptein van Ondongwa as hul opperhoof beskou en bestempel.⁴ Daarbenewens het die Ovambo's van Ondongwa gereeld in die landstreek om Otavi en Grootfontein

gaan 346/-

1) Deutsche Kolonialzeitung 15.10.1892

2) Vedder, dr. H.: Die Voorgeskiedenis van Suidwes-Afrika, p.530

3) Chapman, W.J.B.: Memoirs, p.28

4) Deutsche Kolonialzeitung 15.10.1892

gaan jag.

Die grond wat Jordan van die Ovambo gekoop het, het die volgende plekke (meestal fonteine) ingesluit: Noolongo, Okahakana, Okaukuejo, Ombika, Ondjombo omuhomba, Nudaus, Okasima K Oambale, Oshihekaberg, Omeja ongendji en Omutse u ondjamba.⁵ Die noordgrens van die gebied was die Etoshapan en sy uitloop Onzila. In die weste en suide het die grens net suid en wes van bogenoemde plekke geloop, terwyl die streek na die ooste onbegrens was. Jordan het aan die Duitse kommissaris verklaar dat sy gebied tussen 18° tot 20° S.B. en 15° tot 20° O.L. geleë was en sowat 957 vk. myl beslaan.⁷

Die ooreenkoms van 21 April 1885 is in twee tale, Ovambo en Engels, opgestel en deur Kambonde, Kampingana, sowel as die sendelinge Weikolin, Hakala en Rocha van die Finse sendinggenootskap onderteken. Die Ovambo-kapteins het bogenoemde landstreek aan W.W. Jordan verkoop vir R600 wat hy dadelik in die vorm van ware, bestaande uit vyf-en-twintig gewere, een gesoute perd en 'n vaatjie brandewyn, betaal het.⁸ Die verkopers het ook belowe om die koper met wapengeweld te hulp te kom teen enige buitestaander wat sy eiendomsreg van die grond wou betwis.

Die Boere was van al Jordan se probleme totaal onbawus, maar het nog rustig op Okahakana gestaan en op jagtogte die omgewing leer ken.⁹

Jordan het na afhandeling van sy eiendomstransaksie weer by die Boere op Okahakana aangesluit en hul die grond ter bewoning aangebied. Hy het vyf-en-twintig Boere-gesinne oorgehaal om van hierdie aanbod van hom gebruik te

maak347/-

-
- 5) Z.B. 1882, U IVp, Bd.I, p.20; Ooreenkoms tussen Jordan en Ovambo, dd. 21.4.1885; Postma, ds. D.: De Trekboeren te St.Januario Humpata, p.177 (Sien kaart teenoor p.339)
- 6) Z.B. 1882, U IVp, Bd.I, p.23; Jordan - Duitse kommissaris, dd. 26.4.1885
- 7) Z.B. 1882, U IVp, Bd.I, p.20; Ooreenkoms tussen Jordan en Ovambo, dd. 21.4.1885; C. 5180, pp. 60-1; Schinz, dr. H.: Deutsch Südwestafrika, p.348
- 8) Schinz, dr. H.: op.cit., p.348; Trümpelmann, dr. G.P.J.: Die Boer in Suidwes-Afrika, p.40-1.
- 9) Ibid., pp.40-1

maak. Kortliks het dit daarop neergekom dat Jordan alle minerale- en handelsregte in die gebied voorbehou het. Die burgers van die nuwe staat sou plase nie groter nie as 3 000 morg elk ontvang. Hul sou niks daarvoor betaal nie en die grond sou die eiendom bly van alle blankes wat die ooreenkoms geteken het. Tweedens is bepaal dat die Boere 'n bestuur van dertien lede sou kies wat die plaaslike beheer oor die gebied moes uitoefen. Ten slotte is verklaar dat geen persoon op enige grond of beskerming kon aanspraak maak tensy hy die ooreenkoms geteken het nie.¹⁰

Hierdie ooreenkoms is deur ses-en-veertig persone, insluitende verskeie handelaars wat in Suidwes-Afrika sake gedoen het, onderteken. Hulle was dus die eerste burgers van hierdie nuwe staatjie.¹¹

Pogings om hul eiendomsreg op Upingtonia erken te kry

Jordan wat oorhoops was met Kamaherero, wou verseker dat hy nie weer hierdie eiendom verloor nie en het derhalwe probeer om die Britse koloniale regering se belangstelling vir sy onderneming gaande te maak en hul beskerming te verkry. Op 30 April 1885 het hy die Britse kommissaris op Walvisbaai reeds van sy transaksie verwittig. Hy het die gebeure as onvermydelik voorgehou en voorgegee dat die Boere van hom afhanklik was en van honger sou omkom as hy nie vir hulle 'n stuk grond verwerf het, waarop hulle kon boer nie.¹² Hy het versoek dat die Britse regering sy aankoop van Rehoboth en van die streek in die noorde moes erken en die nedersetting wat hy wou stig, onder Britse beskerming plaas.¹³ Hy het daarop gereken dat Upington, die Eerste Minister van die Kaapkolonie, sy persoonlike belange sou bevorder en dat die regering

daardeur 348/-

10) Z.B. 1882, U IVp, Bd.I, pp. 80-81, Verklaring van Boere.

11) Schinz, dr. H.: Deutsch Südwestafrika, p.348; Rohrbach, dr. P.: Aus Südwestafrikas schweren Tagen, p.29

12) Z.B. 1882, U IVp, Bd. I, p. 21; Jordan - Shippard, dd. 20.4.1885

13) Ibid.

daardeur oorgehaal sou word om sy nedersetting te beskerm. Om dié rede het hy die nuwe staatjie Upingtonia genoem.¹⁴

Alhoewel die Britse regering in Londen in kennis gestel is dat die Kaapse regering niks met Jordan se grondtransaksies te doen gehad het nie, was Upington blykbaar goed ingelig en het hy die stigting van 'n Boere-republiek in Suidwes-Afrika in openbare toesprake voorspel, geruime tyd voordat dit werklik plaasgevind het.¹⁵ In die openbaar het Jordan verklaar dat die nedersetting ter ere van Upington so genoem was, omdat hy 'n voorstaander was van die idee „Afrika vir die Afrikaners”.¹⁶ Die Kaapse owerheid wat hom reeds offisieël uit die gebied onttrek het, kon egter nie aan sy versoek voldoen nie.¹⁷

Jordan het geen terugslag aanvaar nie, maar voortgegaan om elke moontlike geleentheid aan te gryp om sy aansprake erken te kry. Selfs by die Damarakaptein Manasse van Omaruru het hy toenadering gesoek deur aan hom te verklaar dat hy nog nooit 'n vyand van die Damaras was nie.¹⁸ Hy het Manasse probeer oortuig dat die Damaras se aanspraak op die betrokke landstreek ongegrond was en dat hulle daarvan moes afsien. Daarby het hy die versekering gevoeg dat die Boere en Ovambo ten gevolge van so 'n afstanddoening, stellig gretig sou wees om met hom 'n bondgenootskap teen sy vyande te sluit.¹⁹

Jordan het tydens 'n besoek aan Walvisbaai, voordat die Herero hom deurgang deur hulle gebied belet het, die Duitse rykskommissaris probeer oorhaal om

sy 349/-

14) Schinz, dr. H.: Deutsch Südwestafrika, p.348

15) Deutsche Kolonialzeitung 1887, Bd.IV, p.29

16) Gerstenhauer, M.R.: Beitrage zur kolonialpolitik und Kolonialwirtschaft, 1903-04, p.208

17) C. 5180, C.O. - Warren, dd. 9.9.1885, p.62, nr. 76

18) Z.B. 1882, U IVp, Bd.I, p.24; Jordan - Manasse, dd. 20.9.1885

19) Ibid.

sy aansprake op die Upingtonia-grondgebied te erken, deur hom te verseker dat hy maar al te gretig sal wees om plase in die gebied aan Duitse Koloniste toe te ken.²⁰ Jordan het selfs vir Lewis ontmoet en hom versoek om die hele saak deur arbitrasie te laat besleg.²¹ Maar al die pogings van Jordan het gefaai.

Lewis het botweg geweier om aan sy versoek te voldoen. Manasse het 'n beslissende vyandige houding teenoor Jordan ingeneem en hom selfs verbied om, solank die geskil sou voortduur, handelstogte en reise deur sy gebied te onderneem.

Die Trekkers het intussen almal die verkreeë grondgebied tot by Namutoni, vier dagreise oos van Okahakana, binnegetrek.²² Op 28 Mei 1885 verdeel die Trek in twee groepe. R. Holsthuizen, L.M. du Plessis, B. Bouwer, G.D. Prinsloo en andere besluit om na Grootfontein te versit. Jan Labuschagne, leier van die groep wat nie Jordan se aanbod wou aanvaar nie, J. Jordaan, H. van Wyk en nog sewe gesinne het op Namutoni agtergebly.²³ P.M. Botha sê dat hulle tien tot twaalf families was wat na Transvaal toe wou terugkeer.²⁴

In die begin van Junie 1885 daag die vrouekaptein van Ondongwa en 'n groot gevolg op Namutoni op en gee voor dat haar broer, Kamonde, haar uit haar land verdryf het. Sy het by die Boere kom hulp soek om haar in haar posisie te herstel. Die Trekkers het egter aan haar verduidelik dat hulle na Transvaal toe op trek was en hulle nie met die saak wou inlaat nie. Toe die handelaar

W.W.Jordan350/-

20) Z.B. 1882, U IVp, Bd.I, p.26; Jordan - kommissaris, dd. 17.10.1885

21) Trümpelmann, dr. G.P.J.: Die Boer in Suidwes-Afrika, p.49

22) Postma, ds. D.: De Trekboeren te st. Januarió Humpata, p.177

23) Ibid., pp.177-8

24) Botha, P.M.: Manuskrip, Prellerversameling Bd. 53, A.787, pp.291-3

W.W. Jordan ook hier opdaag, het dit geblyk dat die vrouekaptein teenoor Jordan wat 'n vriend van Kambonde was, baie vyandiggesind was. Die voorval het byna op onaangenaamhede vir die Trekkers uitgeloop. Jordan het hom verplig gevoel om na Grootfontein terug te keer.²⁵ Ook die Labuschagne-trek verskuif hierna na Zanddaai wat tussen Namutoni en Grootfontein geleë was.²⁶

In Augustus of September het P.M. Botha aan Kambonde se stat besoek gebring om mielies en koring te koop. Kambonde wou Botha se enigste gesoute perd by hom koop. Toe Botha weier, het hy op die perd beslag gelê. Botha moes tevrede wees met 'n skrale vergoeding van ivoor ter waarde van ongeveer R60 vir 'n perd waarvoor hy R150 betaal het.²⁷ Hy het met die Boere onderhandel om 'n aanval op „enige buiten posten” van Kambonde te maak.²⁸ Botha is egter in hierdie besluit van hom voorgespring.

Die Hottentot-kaptein, Petrus Swartbooi, daag kort hierna met 'n kommando op om die vrouekaptein teen Kambonde te help en die handelaar, Frederick Gertsen, sluit hom ook by die bondgenote aan. In 'n geveg wat ontstaan het, delf Petrus Swartbooi en sy kommando die onderspit. Hulle slaag egter daarin om 'n groot aantal beeste buit te maak en keer na Namatoka terug. Gertsen het intussen perde vir beeste aan die vrouekaptein verruil en het ook in die buit gedeel. Hierna keer hy ook na sy plaas naby Grootfontein terug.²⁹

Kambonde het by Jordan oor sy verliese gekla en hom versoek om aan hom die gebuite vee terug te besorg. Sommige Boere was bereid om Jordan in die

uitvoering 351/-

25) Postma, ds. D.: De Trekboeren te St. Januario Humpata, p.178

26) Ibid.

27) Botha, P.M.: Manuskrip, pp.291-3

28) Ibid., p.293

29) Postma, ds. D.: op.cit., p.178

uitvoering van hierdie taak by te staan. 'n Berede geselskap het dan ook hierna na Gertsen se plaas vertrek. Op pad daarheen het Jordan en P.M. Botha rusie gekry, omdat Botha die mense afgeraai het om teen Kambonde se vyande op te tree en albei het na Grootfontein teruggekeer.³⁰ Die res van die geselskap onder L.M. du Plessis het egter hul reis na Gertsen se plaas voortgesit. Hulle vind dat die plaas deur Boesmans, Hottentotte en Bergdamaras bewaak word, maar Gertsen was nie tuis nie. Du Plessis het aan die bewakers van die plaas streng opdrag gegee dat Gertsen geen vee mag verkoop alvorens die saak met Kambonde nie geskik was nie.³¹ P.M. Botha het geskryf dat Jordan aan Kambonde laat weet het dat Botha die oorsaak was vir die mislukking om Kambonde se vee terug te kry.³² Kambonde het ook kort daarna laat weet dat Jordan nie meer die vee hoef terug te neem nie: Hy was mans genoeg om dit self te doen.³³

Regeringsvorm

Die voorval waar die blanke handelaar, Gertsen, 'n inwoner van die gebied wat nou deur hulle beset is, in inboorlingrusies betrokke geraak het, het waarskynlik baie daartoe bygedra dat die gemeenskap op Grootfontein tot die instelling van 'n regering besluit het. Die Trekboere wat hulle in die gebied wou vestig, het intussen 'n naamlys van die burgers van „het district Upingtonia" saamgestel en 'n bestuur gekies. Op 17 Oktober 1885 is nog eens besluit om „het aanpresentatie van Mnr. W.W. Jordan aan te neem en eendrachtelijk deze district in bezit te nemen voor eeuwig al zullen wij wapens

tegen 352/-

30) Botha, P.M.: Manuskrip, pp.291-3

31) Ibid.

32) Ibid., p.293

33) Postma, ds. D.: De Trekboeren te St. Jamarío Humpata, p.178

tegen naturelle naties moeten opnemen om dezelve te behouden."³⁴ Vervolgens is 'n konstitusie in die vorm van 'n reeks besluite wat van tyd tot tyd gewysig en aangevul is, opgestel.

Hierdie „Wetgevende Regulaties" het op 20 Oktober 1885 van krag geword en het die volgende bepalinge omvat:³⁵ Die bestuur (volksraad) van die nuwe staat is saamgestel uit dertien verkose volksverteenwoordigers. Uit hierdie verteenwoordigers is 'n voorsittende beampte verkies wat „President van het Bestuur"³⁶ sou heet. Alle bestuurslede is vir 'n tydperk van twee jaar verkies. Na die verstryking van hierdie ampstermyn moes die bestuur „een generale electie"³⁷ laat plaasvind. Alleen persone wat as burgers deur die owerheid geregistreer is, was as kandidate verkiesbaar of het die stemreg³⁸ besit. Bestuurslede was herkiesbaar. Persone wat gebruik maak van omkoperij of ander onwettige maniere om stemme te werf kon hul burgerreg verloor en boonop met R20 beboet word.³⁹

Die president was die hoogste uitvoerende beampte in die staat en aan hom was alle ander owerheidsinstellings ondergeskik. Die landdros moes toesien dat die president op die hoogte bly met alle hofsake.⁴⁰ Die veldkornet wat kriminele en siviele sake moes ondersoek en sterfgevalle moes aanmeld, het sy opdragte van die president ontvang.⁴¹ As voorsitter van die bestuur was hy

mede 353/-

34) Z.B. 1882, U IVp, Bd.I, p.88; Verklaring van Boere; Preller, dr. G.S.: Voortrekkers van Suidwes, p.168

35) Ibid., Regulasies, dd. 20.10.1885, pp.84-9; Trümpelmann, dr. G.P.J.: Die Boer in Suidwes-Afrika, Bylaag.

36) Ibid., Ibid., art. V

37) Ibid., Ibid., art. I

38) Ibid., Ibid., art. II

39) Ibid., Ibid., art. III

40) Z.B. 1882, U IVp, Bd.I, Regulasies, dd. 20.10.1885, pp.84-9; Trümpelmann, dr. G.P.J.: op.cit., Bylaag art. IV

41) Ibid., Ibid., art. V

mede verantwoordelik om burgers vir oorlog op te roep en 'n kommandant aan te stel.⁴² Alle amptelike samesprekings en kommunikasie met buitelandse volke of inboorlingstamme was aan die goedkeuring van die Bestuur onder sy voorsitterskap onderhewig.⁴³ Alle aansoeke om grond moes voor die Bestuur onder sy voorsitterskap dien.⁴⁴ In geval van ernstige kriminele misdaad moes die Bestuur onder sy voorsitterskap 'n hooggeregshof instel.⁴⁵ Sy Bestuur het ook die reg van wetgewing besit en kon die bestaande grondwet uitbrei indien dit nodig sou blyk.⁴⁶

Klein soos dit was, het hierdie republiekie ook 'n diplomatieke verteenwoordiger in die persoon van W.W. Jordan gehad. Hy kon ook met inboorlingstamme en buitelandse magte onderhandel en hierdie onderhandelinge was aan die goedkeuring van die Bestuur onderhewig.⁴⁷ Hierdie diplomaat aan wie se goedgunstigheid hulle die skenking van die grond te danke gehad het, het besondere voorregte in die staat geniet. Die kopermyn by Otavi met 6 000 morg omliggende grond, sou sy besit bly in ooreenstemming met 'n spesiale traktaat wat hy met Kambonde, Kampingana en die kapteinmoeder, Namupala, gesluit het.⁴⁸ Indien 'n dorp aangels word, sou Jordan 'n blok erwe ontvang. Hy sou geregtig wees om vyf plase in die republiek uit te soek en is onthef van die verpligting van artikel XXIV, om 25sent tot die skatkis as registrasiefooi by te dra.⁴⁹

Om uitgawes vir die nuwe staat te beperk, is bepaal dat „Alle amptenare zullen hun diensten vrij geven voor de bedragen van twee jaren.”⁵⁰

Die354/-

-
- 42) Z.B. 1882, U IVp, Bd.I, Regulasies, dd. 20.10.1885, pp.84-9; Trümpelmann, dr. G.P.J.: Die Boer in Suidwes-Afrika, Bylaag, art. XIX
- 43) Ibid., Ibid., art. XX
- 44) Ibid., Ibid., art. XXIV
- 45) Ibid., Ibid., art. XXV
- 46) Ibid., Ibid., art. XXIX
- 47) Ibid., Ibid., art. XX
- 48) Ibid., Ibid., art. XXVII
- 49) Ibid., Ibid., art. XXVIII
- 50) Ibid., Ibid., art. XVII

Die landdros het aan die hoof van regspleging in die republiek gestaan. Hy sou saam met twee jurieslede verkies word om alle kriminele en siviele sake aan te hoor. Teen beslissings van die landdros en jurie kon na die volle Bestuur vir 'n beslissing geappelleer word.⁵¹ Die gedagte van 'n hoërhof van die Parlement, wat reeds by die tweede stel Trekgereguleerings van die Dorslandtrekkers ontstaan het, kom hier weer na vore. Die landdros moes ook beheer uitoefen oor alle openbare verkopings en toesien dat 5% van die opbrengs in die staatskas gestort word. So het hy dus ook hier die funksie van ontvanger van inkomste vervul.⁵²

Vir die bereddering van onbenoemde boedels sou die Bestuur twee persone aanwys om uitvoering te gee aan die bepalinge van enige wil of testament wat nagelaat is.⁵³

Die enigste amptenaar wat, afgesien van die bepalinge van artikel XVII, wel geregtig was op vergoeding vir sy dienste, was die veldkornet. Hy moes in opdrag van die president alle siviele en kriminele sake ondersoek.⁵⁴ In sterfgevalle moes hy die president binne vyftien dae in kennis stel en ook vasstel of daar 'n testament bestaan.⁵⁵ Vir sy dienste sou hy 10sent per uur ontvang.⁵⁶

Verskeie artikels in die grondwet slaan op die reëling van die openbare orde. Alle moordenaars sou opgehang word. Persone wat aan manslag skuldig bevind word, sou na die aard van die oortreding gestraf word.⁵⁷ Geen persoon was

sonder 355/-

51) Z.B. 1882. U IVp, Bd.I, Regulasies, dd. 20.10.1885, pp.84-9; Trümpelmann, dr. G.P.J.: Die Boer in Suidwes-Afrika, Bylaag, art. VII.

52) Ibid., Ibid., art. VI

53) Ibid., Ibid., art. IX

54) Ibid., Ibid., art. V

55) Ibid., Ibid., art. IX

56) Ibid., Ibid., art. V

57) Ibid., Ibid., art. XI

sonder goedkeuring van die Bestuur geregtig om met inboorlinge saam te sweer nie en sou by skuldigbevinding aan 'n boete van R100 onderhewig wees.⁵⁸ (Hier het die Boere-wetgewers sekerlik die geval Gertsen in gedagte gehad). Om ammunisie en wapens aan inboorlinge te verskaf is deur die Boere in 'n baie ernstige lig beskou en was strafbaar met 'n boete van R200 bo en behalwe dat die goedere gekonfiskeer sou word.⁵⁹

Die Trekkers het spoedig na hul aankoms by Grootfontein byna in 'n botsing met die inboorlinge beland. Die wetgewers het dit dus van die uiterste belang beskou om die verdediging van hul grondgebied op vaste voet te stel: alle burgers onder die leeftyd van sestig jaar was aan militêre diensplig onderworpe. In geval van oorlog sou die Bestuur 'n kommandant aanstel en aan hom opdragte uitreik.⁶⁰

Hoewel die Boere baie wilidgejag het om in hul eie voedselbehoefte te voorsien, het hulle hulle nooit met die doellose uitroeiing van wild vereenselwig nie en ook die grondwet van die Republiek Upingtonia het 'n artikel bevat wat die onnodige uitroeiing van wild met 'n boete van R10 strafbaar gemaak het.⁶¹

Diefstal sou na die aard van die oortreding gestraf word.⁶² Geen huurling kon diens verlaat sonder behoorlike kennisgewing aan sy werkgewer nie.⁶³

Geen staatsorganisasie kon bestaan sonder dat dit op gesonde finansiële grondslag berus nie. Uitgawes is tot 'n minimum beperk maar daar was tog sekere administratiewe verpligtinge waarvoor geld nodig sou wees. Alle plaaseienaars

was 356/-

58) Z.B. 1882, U IVp, Bd.I, pp.84-9, Regulasies, dd. 20.10.1885; Trümpelmann, dr. G.P.J.: Die Boer in Suidwes-Afrika, Bylaag, art. XIV

59) Ibid., Ibid., art. XVIII

60) Ibid., Ibid., art. XIX

61) Ibid., Ibid., art. XII

62) Ibid., Ibid., art. X

63) Ibid., Ibid., art. XIII

was derhalwe aan 'n jaarlikse belasting van 45sent onderworpe⁶⁴ en moes eiendomsregistrasiegeld van 25sent tot die staatskas bydra.⁶⁵

Afgesien van die Trekker-gemeenskap het ook verskeie ander blankes hulle binne die grondgebied van Upingtonia bevind en het hulle met die totstandkoming van die Republiek vereenselwig. Die wetgewers het dit egter nodig geag om al die onderdane van die staat hefter saam te voeg. Plase is aan almal gratis beskikbaar gestel op voorwaarde dat 'n persoon wat op so 'n gratis plaas aanspraak maak, voor 25 November 1885 by die Bestuur as burger registreer.⁶⁶

Om te voorkom dat plase onbewerk bly lê, is bepaal dat geen persoon wat liggaamlik ongeskik is om 'n plaas te bewerk, eienaar daarvan mag word nie.⁶⁷ Daar moes ook binne twaalf maande nadat 'n plaas verkry is, met die bewerking daarvan begin word, anders sou alle aanspraak daarop verval.⁶⁸ Van hierdie twee bepalings is alle Trekboere van 1875-6 vrygestel,⁶⁹ waardeur dit dus duidelik is dat dit die bedoeling was om vreemdelinge te weerhou om van die republiek se goedgunstigheids misbruik te maak.

Die verwagting was dat meer mense algaande die nuwe staat sou binnetrek; daarom is dit bepaal dat alle persone wat hulle later in die republiek mag vestig, verplig sou wees om hulle aan hierdie wetgewing te onderwerp.⁷⁰

Om357/-

64) Z.B. 1882, U IVp, Bd.I, pp.84-9, Regulasies, dd. 20.10.1885; Trümpelmann, dr. G.P.J.: Die Boer in Suidwes-Afrika, Bylaag, art.XVI

65) Ibid., Ibid., art. XXVIII

66) Ibid., Ibid., art. XXVI

67) Ibid., Ibid., art. XXII

68) Ibid., Ibid., art. XXIII

69) Ibid., Ibid., arts. XXII tot XXIII

70) Ibid., Ibid., art. XXIX

Om te verseker dat die amptenary en die burgers die staat nie in die steek laat nie, is in 'n bylaag tot artikel XXX - die laaste arikel in die grondwet - ook hierteen voorbrand gemaak: Geen amptenaar het die reg gehad om sy betrekking sonder wettige redes neer te lê nie en kon aldusdoende vir wangedrag met die volgende boetes gestraf word: die landdros en kommandant R1 tot R30 die veldkornet 50sent tot R4 en die bestuurslede en burgers 10sent tot R4 na gelang van die oortreding. Ook ongehoorsaamheid aan die amptenary was met hierdie boetes strafbaar.⁷¹

Beweringe van mmr. J.J. von Moltke dat Upingtonia nie 'n republiek was nie,⁷² is ongegrond: Die gekose Bestuur van dertien lede met 'n president as hoof-uitvoerende beampste het oor al die gesag beskik wat normaalweg by die hoof van enige staat tui shoort. Die Bestuur is deur die grondwet van die nuwe staat gemagtig om binne- en buitelandse verdrae te sluit, die verdedeging van die staat te behartig, geregshowe in te stel en oor die lewe en die dood van die onderdane van die staat te beslis. Dit is kwalik verantwoordelikhede wat by 'n mindere instansie as 'n volwaardige staatsowerheid tuisgebring kan word. In die grondwet van die Republiek Upingtonia word daar wel na die grondgebied van die staat as „district”⁷³ verwys, maar hiermee is inderdaad staat bedoel, want daar word ook deurgaans van „gouvernement”⁷⁴ (regering) en „schatkist”⁷⁵ (staatskas) melding gemaak. Die Duitse geleerde, dr. H. Schinz, wat eerste-handse kennis in verband met die totstandkoming van Upingtonia gedra het, het verklaar dat die Boere die gebied beset het, „und damit den Grundstock zu einer dritten südafrikanischen Bauernrepublik zubilden”.⁷⁶ Hiermee het ook dr. Paul

Rohrbach 358/-

-
- 71) Z.B. 1882, U IVp, Bd.I, pp.84-9, Regulasies 20.10.1885; Trümpelmann, dr. G.P.J.: Die Boer in Suidwes-Afrika, Bylaag, art. XXX
- 72) Von Moltke, J.J.: Vrolikheid op ons voorposte, in Die Huisgenoot 23.11.1945
- 73) Z.B. 1882, U IV p, Bd.I, pp.84-9, Regulasies, 20.10.1885; Trümpelmann, dr. G.P.J.: op.cit., Bylaag 11, art. I
- 74) Ibid., Ibid., arts. IV tot XXIII
- 75) Ibid., Ibid., arts. IV tot XXIV
- 76) Schinz, dr. H.: Deutsch Südwestafrika, p.348

Rohrbach saamgestem.⁷⁷ Von Moltke se segsman, daarenteen was Jan Labuschagne wat, soos reeds geblyk het, hom nie met die stigting van Upingtonia vereenselwig het nie.

Dr. G.P.J. Trümpelmann is van mening dat hierdie grondwet om meer as een rede belangrik is: Dit lewer afdoende bewys dat die Trekboer geensins besiel was met 'n drang om wet en owerheid te ontduik om sodoende 'n tugtelose en losbandige lewe te ly nie, soos telkens beweer is.⁷⁸

Die ampsdraers van die nuwe Boerestaat was G.D. Prinsloo (president), C.L. Leen (sekretaris), L.M. du Plessis (landdros), D.P. Black (veldkornet en ook landdros-klerk). Op 20 Oktober 1885 het Jordan die „district van Upingtonia“ aan die Bestuur afgestaan wat dit ooreenkomstig die bestaande regulasies en die verdrag tussen hom en die burgers sou bestuur. Daarby is uitdruklik bepaal dat die ooreenkoms sou verval en die gebied aan Jordan sou terugval as die Bestuur in sy taak faal.⁷⁹

Die volgende stap van die nuwe Bestuur was om plase aan die burgers toe te ken en te registreer. Vanaf 28 Desember 1885 tot 30 Maart 1887 is drie-en-veertig plase toegeken.⁸⁰ Opmerkingswaardig is in hierdie lys van plase die name van die eienaars. Hieruit blyk dat persone wat as handelaars en jagters bekend was, nou burgers van Upingtonia geword het. Hulle was onder

andere359/-

77) Rohrbach, dr. P.: Aus Südwestafrika's schweren Tagen, p.29

78) Trümpelmann, dr. G.P.J.: Die Boer in Suidwes-Afrika, p.46

79) Z.B. 1882, U IVp, Bd.I, p.84; Verklaring van Jordan; Verklaring van Bestuur, p.89

80) Ibid., pp.82-3; Register van plase en plaaseienaars

andere: B.D. Bouwer, W.W. Jordan, Jos Sichel, Merens, D.P. Black, W.J.B. Chapman, C.L. Leen, I. Todd, C.H. Lyon, G.A. Eriksson, A.W. Eriksson, C.R. Carlsson, S. Thomas, H. Behan, C.J. Louwrens, J.P. Louwrens en M.W. Louwrens.⁸¹ Voorts moet gemeld word dat die lys van plaaseienaars geensins die name van al die Trekboere ingesluit het nie. Dit moet toegeskryf word aan die feit dat daar sommige Boere was wat niks met Jordan te doen wou hê nie en na Transvaal wou terugkeer. Hieronder kon die Labuschagne-groep wat juis toe na Grootfontein versit het, gereken word.⁸²

Uppingtonia word 'n kruitvat

Vir die Boere het geensins 'n tydperk van rus en vrede aangebreek nie. Hoofsaaklik as gevolg van Jordan se verhouding tot die Herero was toestande nog onseker en onveilig sodat hulle voorlopig daarvan afgesien het om hul plase te bewoon en te bewerk. Hulle het bymekaar gewoon in die buurt van die fontein Otjivondatyongue naby Okamambuti. Hartbeeshuisies is gebou en klein landerye aangelê waarop hulle koring en mielies gesaai het. Die grond was uiters vrugbaar en die oeste het bewys dat Jordan die geskikste landstreek gekies het.⁸³

W.J.B. Chapman skryf dat die inboorlinge in 1875 aan hom gesê het dat die gebied vir beeste geskik was maar nie vir skape nie.⁸⁴

Die dorpie Grootfontein is destyds deur vyftien gesinne bewoon. Daar was 'n skooltjie wat deur dertig leerlinge van alle ouderdomsgroepe bygewoon is.

Die 360/-

81) Z.B. 1882, U IVp, Bd.I, pp. 82-3; Register van plase en plaaseienaars.

82) Postma, ds. D.: De Trekboeren te St. Januario Humpata, p.179-80

83) Trümpelmann, dr. G.P.J.: Die Boer in Suidwes-Afrika, p.47; Schinz, dr. H.: Deutsch Südwestafrika, p.348-9

84) Chapman, W.J.B.: Memoirs, pp.26-7

Die skoolgeboutjie het bestaan uit 'n raamwerk van dik tambotiepale met fluitjiesrietmure wat met klei afgepleister is en 'n fluitjiesrietdak. Die onderwyser was ene Van der Merwe wat eintlik op pad was om vir die mense in Angola as predikant te gaan dien. Hy het voorgegee dat hy 'n predikant van die N.G.Kerk was, maar kon geen dokumentêre bewyse hiervoor toonnie. Die mense was almal Gereformeerde en wou hom nie as predikant beroep nie, alhoewel hulle hom darem 'n keer op die proef gestel het. Hulle het hom toe gevra om liever vir hulle as onderwyser teen 50 sent per kind per maand te dien.

Die lewe in die dorpie was baie aangenaam. 'n Duitse handelaar, Sichel, wat ook 'n burger van Upingtonia was, het die Boere twee maal per jaar met negosieware wat hy in Walvisbaai gaan haal het, voorsien. Sichel het gesorg dat hy jaarliks tydens die Kersgety 'n besoek aan die Boere-dorpie bring en dan het hy ook genoeg alkoholiese drank saamgeneem om die feesgeleentheid te vier.⁸⁵

In 1885 het Jordan na Humpata teruggekeer om handelware wat hy na Mossamedes laat versend het, te gaan haal. Terwyl hy in Okuanyamaland was, het hoofman Nambati sin in Jordan se klein skoothondjie gekry. Jordan wat baie geheg aan sy troeteldiertjie was, wou vir geen prys ter wêreld daarvan afstand doen nie. Kort daarna is die hondjie, blykbaar in opdrag van Nambati, deur die inboorlinge gesteel. W.J.B. Chapman skryf hieroor: "It was rumoured afterwards that after the dog was stolen Jordan sent back a bottle of brandy to the Chief requesting him to recover the dog, and to send it after him, he, Jordan going on to Humbé."⁸⁶ Daar is gesê dat die hoofman dood is kort nadat hy die brandewyn

gedrink 361/-

85) Von Moltke, J.J.: Vrolikheid op ons voorposte, Verhaal van J. Labuschagne in Die Huisgenoot 23.11.1945

86) Chapman, W.J.B.: Memoirs, p.27

gedrink het. Dit was voorkom of Jordan die hoofman opstiet vergiftig.
 het omdat hy sy hand aanstreek het. Op hierdie stadium was Eduard Se-
 batta en 'n sekere De Witt besig om in Okanyamaland handel te dryf. Toe
 die stam ontdek dat hul hoofman dood is, was daar algemeen opstand en Se-
 batta en De Witt moes vir hul lewens vlug. Sebatta het al veggende Humbe
 bereik. De Witt is deur 'n inboorlingvrou versteek, maar is ontdek en
 deur die opstandelinge neergeval, kaal gestroop en vir dood agtergelaat.
 Nambati se opvolger Nejulu het die opstand dadelik onderdruk. De Witt wat
 net bewusteloos was, het herstel en is na die nuwe hoofman geneem. Die hoof-
 man het hom vriendelik ontvang, van nuwe kleren en 'n ryperd voorsien en deur
 sy volgelinge 'n veilige geleide gegee tot op Humbe, waar hy by Sebatta kon
 aansluit.⁸⁷

Jordan se grondtransaksies het skaars in Hereroland rugbaar geword of die
 opperhoof, Kamaherero, het daarteen beswaar gemaak. Hy het beweer dat
 Kamonde geen reg gehad het om die landstreek te verkoop nie, omdat dit sy
 eiendom was. Kamaherero het veral op die gebied wat om Otavi geleë was,
 aanspraak gemaak. Die gronde waarop hy hierdie aanspraak probeer regverdig
 het, is van minder belang omdat hulle geensins as die hoofmotiewe van sy pro-
 tes beskou mag word nie. Sy hoofbeswegredes was inderwaarheid sy sterke af-
 keur van alles wat met die gevreesde Boere in verband gestaan het en die haat
 wat hy persoonlik teen Jordan gekoester het.⁸⁸ Hierdie haat was nie ongereg-
 verdig nie en het gespruit uit die rol wat Jordan tydens sy verblyf op Rehob-
 both as handelaar in die oorlog tussen die Herero en Hottentotte gespeel het.
 Jordan het later self erken dat hy in hierdie stryd altyd aan die kant van
 die Hottentotte was.⁸⁹ Weens hierdie vyandige houding van Jordan teenoor die

Herero362/-

87) Chapman, W.J.B.: Memoirs, p.27

88) Schinz, dr. H.: Deutsch Südwestafrika, p.349

89) Z.B. 1882, U IV, 1, Jordan - Nachtigall; Botha, P.M.: Manuskrip, p.286

gedrink het. Dit wou voorkom of Jordan die hoof van die vergadering was. Het ontdekkingsreisigers het hulle hoof van die vergadering was Eduard Seabatta en die gekende 'n Witte dier op die oewerand van die dier. Toe die stam ontdek dat hul hoofman dood is, was daar algemene opstand en Seabatta en De Witt moes vir hul lewens vlug. Seabatta het al voggende hant bereik. De Witt is deur 'n inboorlingvrou versteek, maar is ontdek en deur die opstandelinge neergeval, kaal gatroop en vir dood agtergelaat. Nambati se opvolger Nejulu het die opstand dadelik onderdruk. De Witt was net bewusteloos was, het herstel en is na die nuwe hoofman geseem. Die hoofman het hom vriendelik ontvang, van nuwe kleru en 'n rypard voorsien en daar sy volgelinge 'n veilige geleide gegee tot op Humba, waar hy by Seabatta kon aansluit.⁸⁷

Jordan se grondtransaksies het skaars in Hereroland rugbaar geword of die opperhoof, Kamaherero, het daarteen bewaar gemaak. Hy het beweer dat Kamondo geen reg gehad het om die landstreek te verkoop nie, omdat dit sy eiendom was. Kamaherero het veral op die gebied wat om Otavi geleë was, aanspraak gemaak. Die gronde waarop hy hierdie aansprake probeer regverdig het, is van minder belang omdat hulle geensins as die hoofmotiewe van sy protes beskou mag word nie. Sy hoofbeweegredes was inderwaarheid sy sterke afkeer van alles wat met die gevreesde Boere in verband gestaan het en die haat wat hy persoonlik teen Jordan gekoester het.⁸⁸ Hierdie haat was nie ongeredverdig nie en het gespruit uit die rol wat Jordan tydens sy verblyf op Rehoboth as handelaar in die oorlog tussen die Herero en Hottentotte gespeel het. Jordan het later self erken dat hy in hierdie stryd altyd aan die kant van die Hottentotte was.⁸⁹ Weens hierdie vyandige houding van Jordan teenoor die

Herero362/-

87) Chapman, W.J.B.: Memoirs, p.27

88) Schinz, dr. H.: Deutsch Südwestafrika, p.349

89) Z.B. 1882, U IVp, i, Jordan - Nachtigall; Botha, P.M.: Manuskrip, p.286

Herero het hulle in Desember 1885 op 'n paar van sy besendings handelware beslag gelê. Barend Bouwer het naamlik met twee waens op pad na Walvisbaai op Omaruru by kaptein Manasse aangedoen. Manasse het dadelik 'n raadsvergadering byeengeroep en Bouwer onder kruisverhoor geneem. Toe dit blyk dat die waens aan Jordan behoort en die Boere „nur einige wenige Kleinigkeiten dabei haben“ is op die waens beslag gelê. Daar is egter ooreengekom dat die kleinighede van die Boere per geleentheid vanaf Walvisbaai na hulle gestuur sou word.⁹⁰

In weerwraak op hierdie beslagleggings het Jordan nou 'n reeks artikels in 'n Engelse koerant in die Kaap gepubliseer. Daarin het hy 'n beskrywing gegee van sekere koelbloedige moorde wat die Herero gepleeg het.⁹¹ Hy het ook by Nels, sekretaris van die Duitse rykskommissaris, hieroor beswaar gemaak, maar sonder enige onmiddellike gevolg. Nels het teenoor hom verklaar dat Manasse se optrede geregverdig was. Jordan het andermaal 'n brief in een van die Kaapse koerante laat verskyn, waarin hy sy standpunt gestel en gesuggereer het dat sy ondervinding stellig geleer het hoe nie-Duitse handelaars uiteindelik in die Duitse protektoraat behandel sou word.⁹² Maar ook dit het nie die gewenste uitwerking gehad nie. Nels het wel probeer om Jordan se eien-dom terug te kry,⁹³ maar het vir die Herero kant gekies deur te verklaar dat die gebied om Otavi eerder aan die Herero as aan enigiemand anders behoort.⁹⁴

Die sendelinge het hul Herero-kapteins van die enigsins oordrewe moordberigte van Jordan in die Kaapse koerante in kennis gestel, met die gevolg dat die Herero 'n venynige haat teenoor Jordan gekoester het. Kamaherero het uit sy

pad 363/-

-
- 90) Z.B. 1011, F XIII b6, Bd.I, pp.40-41; Manasse - dr. Göring, dd. 23.12.1885
 91) The Cape Times 24.4.1886 en 28.7.1886; Z.B. 1882, U IVp, Bd.I, p.1.
 Jordan - Manasse, dd.20.9.1885
 92) The Cape Times 28.7.1886; Z.B. I, Nels - Göring, dd. 13.2.1886; p.119(a)
 93) Z.B. 1882, U IVp, Bd.I, p.46; Nels - Jordan, dd. 23.6.1886
 94) Ibid., p.28; Nels - Manasse, dd. 26.1.1886.

pad gegaan om Jordan, waar hy ook al kon, te dwarsboom. Daarvoor het hy 'n gewillige handlanger in die Engelse handelaar, Robert Lewis, gevind.⁹⁵ Op Otjikango, waar Lewis en Kamaherero elkeen 'n winkel gehad het, was die twee geruime tyd bure. Lewis was die Herero-taal magtig en het aan Kamaherero menige diens bewys, wanneer die opperhoof o.a. sekere sake wou reël wat hy nie met die sendelinge wou bespreek nie. Hy het nou ook weer onderneem om die moeilikheid wat met Jordan en die Boere ontstaan het vir Kamaherero op te los. Om Lewis met die nodige gesag hiertoe te beklee, het Kamaherero hom tot regsadviseur vir Damaraland benoem. Indien sy dienste suksesvol was, sou Lewis die gebied om Otavi as beloning ontvang.

Jordan se vrees vir moeilikheid met Kamaherero was dus nie ongegrond nie. Lewis het in 1883 reeds 'n konsessie van dertig jaar oor die Otavimyn van die Herero ontvang⁹⁶ en het nou daarop aangedring dat Kamaherero by die Britse Hoë Kommissaris beswaar maak.⁹⁷ Terselfdertyd het Kamaherero Lewis na Upingtonia gestuur om die Boere te verdryf. Kort hierna het Lewis in Grootfontein opgedaag. P.M. Botha het, blykbaar as 'n onvriendelike daad teen Jordan wat afwesig was, die Boere aangeraai om Lewis vriendelik te ontvang, vanweë sy groot invloed by Kamaherero en omdat die Boere militêr te swak was om met enige inboorlingstam in onguns te leef.⁹⁸ By Grootfontein het Lewis die gerug versprei dat die Herero in aantog was om die Boere te vermoor en dat hulle tot hulle eie beswil die gebied so gou moontlik moes verlaat.⁹⁹ Hy het aangebied dat diegene wat bereid is om weg te trek hulle in die Waterberg-gebied kon gaan vestig.¹⁰⁰ Tien gesinne wat teen Jordan gekant was het onder

leiding 364/-

95) Vedder, dr. H.: Die Voorgeskiedenis van Suidwes-Afrika, p.531

96) Z.B. 1011, I, XIII b6, Bd.1, p.20, Konsessie, dd. 5.11.1883

97) C. 5180, Lewis - Rob, cc. 109.1885, p.30, 1 tot 39

98) Botha, P.M.: Manuskrip, p.293

99) Z.B. 1011, I, XIII b6, Bd.1, Diehl - Nels, 27.11.1885, pp.34-5

100) Deutsche Kolonialzeitung, 15.10.1892; Postma, ds. D.: De Trekboeren te St. Januario Humpata, pp.179-80; Preller, dr.G.S.: Voortrekkers van Suidwes, p.168

leiding van Jan Lahuschagne van hierdie aanbod gebruik gemaak.¹⁰¹ Nog in Desember het hulle daarheen getrek.

Hulle het hulle gevestig op die pragtige plaas Otyozondyupa wat vroeër deur Rynse sendelinge en Herero's bewoon is, maar intussen ontruim is. Daar word vertel dat die Rynse sendelinge die plaas ontruim het omdat hulle nie teen die malaria wat daar voorgekom het, bestand was nie en die Herero het dit ontruim omdat hulle nie van die soet water vir hul vee gehou het nie.¹⁰²

Vyftien burgers wat die grondwet van die Republiek van Upingtonia onderteken het, het onderneem om die gebied nie te ontruim nie en dit selfs met die wapen te verdedig as dit nodig word.¹⁰³ Lewis het daarop in naam van die Herero teen hulle oorlog verklaar. Die Boere het alles in hul vermoë gedoen om die saak vreedsaam te skik, maar Lewis was nie vatbaar vir hul vertoë nie.

Die kruiperige P.M. Botha het saam met Lewis na Ovambo gereis waar hy Kam-bonde wou oorreed om die verkoping van die landstreek te kanselleer. Hy moes voorgee dat hy nie geregtig was om die gebied te verkoop nie en nie die Ovambo in 'n oorlog met die Herero wou dompel nie. By hul aankoms by Kam-bonde se stat, weier die hoofman om Botha te groet. Laasgenoemde verneem later van Lewis dat Kambonde nog nie vergeet het nie dat Botha die man was wat Jordan verhinder het om sy geroofde vee te herwin.¹⁰⁴ Volgens inligting

van 365/-

101) Postma, ds. D.: De Trekboeren te St. Januario Humpata, pp. 179-80

102) Trümpelmann, dr. G.P.J.: Die Boer in Suidwes-Afrika, p.48

103) Z.B. 1882, U IVp, Bd.I, p.90, Verklaring van Boere; Postma, ds. D.: De Trekboeren te St. Januario Humpata, p.179-80

104) Botha, P.M.: Manuskrip, p.302

van Lewis en een van die sendelinge was Kambonde voornemens om Botha op die grens van Ondongwa en Okuanyamaland te laat vermoor. Om sy vel te red het Botha dadelik na Grootfontein teruggekeer.¹⁰⁵ In November het hy in die geselskap van die gesinne van J. Jordaen, H. van Wyk, Johannes du Toit, D. de Beer en nog andere oor Rietfontein na Transvaal teruggekeer.¹⁰⁶ Die gesinne van Stephanus Kruger en die weduwee Roets het deur Namakwaland en Griekwaland-Wes na die Transvaal teruggekeer.¹⁰⁷

Lewis het na sy besoek aan Kambonde dit sy taak gemaak om die Damaras teen die Trekkers op te ruil.¹⁰⁸

Toe die Labuschagne-trek in Waterberg aanland, moes hulle verneem dat Lewis aan Kamaherero vertel het dat die Boere Waterberg met geweld wou afneem. Hierop het Ignatius Labuschagne, Philip du Flessis en W. Prinsloo na Kamaherero vertrek om hom oor sy houding te spreek. Intussen kom daar op 1 Januarie 1886 'n brief te Waterberg aan waarin Kamaherero hulle self om samensprekings tot die skikking van hulle geskil uitnood. Rudolf du Toit het hierop namens die Trekkers geantwoord dat hul leier reeds onderweg was om Kamaherero te woord te staan.

Die Labuschagne-afvaardiging tref Kamaherero te Kanjolli op die grens van Damaraland aan. Die opperhoof was met 150 ruiters na Grootfontein onderweg om die Trekkers, onder wie ook Jordan was, te gaan uitroei. Deur die tussenkoms van Labuschagne en W. Prinsloo word Kamaherero oorreed om sy aanslag op die Boere te laat vaar.¹⁰⁹ So beïndruk was Kamaherero met hierdie Boere-afvaardiging dat hy hulle selfs Windhoek ter bewoning aangebied het. Deur die

uitbreek 366/-

105) Botha, P.M.: Manuskrip, pp.303-4

106) Postma, ds. D.: De Trekboeren te St. Januario Humpata, p.180

107) Postma, ds. D.: op.cit., i, p.179; Z.B. 1882, U IVp, Bd.I, p.90; Verklaring van Boere.

108) Ibid., p.179; Ibid.

109) Ibid., p.180

uitbreek van longsiekte onder hul vee is die Boere egter verhinder om van hierdie aanbod gebruik te maak.¹¹⁰

Daar is dadelik van alle kante af beswaar gemaak teen Lewis se verregaande optrede en opstokery van die inboorlinge. In Desember 1885 het G.D. Prinsloo in sy hoedanigheid as president van die Bestuur van Upingtonia, persoonlik 'n brief aan Kamaherero geskryf. Hy het dit betreur dat hierdie handlangers van die Herero die volmag wat hy van die opperhoof gekry het, heel eerste gebruik het om oorlog te verklaar teen blankes wat onder die indruk was dat hulle hul op Ovambogrand bevind het. Die Boere was nie voornemens om teen die Herero oorlog te voer nie, omdat twispunte van hierdie aard nie deur oorlog nie maar deur arbitrasie besleg word. Indien Kamaherero 'n kommando sou stuur om die Boere in enige opsig te hinder of om te bring, sou dit deur die beskaafde wêreld ten sterkste afgekeur en as koelbloedige moord beskou word. Hiervoor sou Kamaherero persoonlik verantwoordelik gehou word. Om seker te maak dat ook die koloniale regering van Kamaherero se aggressie sal kennisneem, het Prinsloo beloof om 'n afskrif van die brief aan die Britse magistraat in Walvisbaai te stuur. In belang van die Herero-volk, met wie die Boere in vrede wou lewe, het hy op Kamaherero 'n beroep gedoen om die saak nugter te oordink en nie tot daad oor te gaan wat hom later sou berou nie.¹¹¹

Die brief aan die Britse magistraat is deur ene Chas T. Hamman geskryf. Hy wys in sy brief daarop dat die Boere grond bewoon wat hulle van die Ovambo gekoop het. In die aangehegte afskrif van Kamaherero se brief sou hy opmerk dat Lewis namens die Herero teen hulle oorlog verklaar het en ook die Ovambo die stryd sou aansê as hulle nie hul aanspraak op die gebied laat vaar nie.

Aangesien367/-

110) Postma, ds. D.: De Trekboeren te St. Januario Humpata, p.180; Z.B. 1882, U IVp, Bd.I, p.90; Verklaring van Boere.

111) Z.B. 1064, L II, c3, Bd.I, p.1; Prinsloo - Kamaherero; dd. Ovamboland Distrik van Upingtonia 4.12.1883

Aangesien Kamaherero die regering van sy land aan die Britse regering oorgedra het, verlang die Boere dat die Britse owerheid van hierdie optrede van Kamaherero sal kennis neem.¹¹²

Op 5 Desember 1885, waarskynlik nog voordat hy Prinsloo se brief ontvang het, het Kamaherero uit eie beweging aan die Boere geskryf. Hy het erken dat hy Lewis na hulle toe gestuur het omdat hy van mening was „dat u lieden zamen met Jonas en Jordan die myne grond stan kopen van menschen die niet de eighaars van die grond zijn”.¹¹³ Hy beskuldig Jordan as die oproermaker van die Namakwas. Hy versoek hulle om hulle nie met Jordan te vereenselwig nie. Die Boere was 'n volk en hulle moes hulle nie deur Jordan wat 'n enkellopende persoon was, laat lei nie. Hy het die Boere nie geken nie, dog as hulle wou verbytrek, gee hy hulle verlof daartoe. Indien hulle ander planne het, stel hy voor dat hulle twee of drie persone na hom toe afvaardig. Hy het verklaar dat die Ovambo se grondgebied tot anderkant die groot vlakte (bedoelende die Etoshapan) strek. Duskant die vlakte was sy gebied.¹¹⁴

Ook die Duitse sendelinge, wat intussen van gesindheid teenoor die Boere verander het, het Lewis voor stok gekry. Op 31 Desember 1885 skryf biskop Brincker aan Lewis en nooi hom na 'n vergadering waar klagtes oor sy gedrag bespreek sou word. Hy sou na wat berig is die inboorlinge op politieke gebied opgesweep het en onsmaklike aanmerkings teenoor die sendelinge kwytgeraak het. Teenoor eerw. Kamer sou hy opgemerk het "that the purchasers of land had better provide themselves with a collar of iron to put round their necks to save them being

cut 368/-

112) Z.B. 1064, L II, c3, Bd.I. p.3; Chas J. Hämmann - Britse Kommissaris, dd. 10.12.1885

113) Z.B. 1008 F XIII b3, Bd.I. p. I, Kamaherero - Boere, dd. 5.12.1885

114) Ibid.

cut by knives".¹¹⁵ In sy brief het Brincker vir Lewis gewaarsku, "this country being now a German Protectorate as you know very well. The said governor will then have sufficient power to settle all such affairs you allude to and I advise you to forward all your charges against German presidents in this country to the said Governors court of justice."¹¹⁶

In sy antwoord het Lewis die uitlating oor "a collar of iron" ontken. Hy het die sendelinge van politieke bedrywighede beskuldig en beweer dat hy as handelaar die reg het om die politiek te bedryf. Hy het in die aanklag teen hom 'n begeerte by die sendelinge bespeur om die Damaras te oorreed om hom die land uit te jaag. Hy het Brincker hooghartig kennis gegee: "I now inform you that since September I have the full & sole Power of Attorney from the Damara to act and do for them in all matters affecting their country, so that were I the evil minded son I am represented to be I need scarcely point out to you that I could have had the German presidents in Damaraland removed long since indeed."¹¹⁷ Hy het hiëraan toegevoeg dat hy die behandeling wat hy van die sendelinge ontvang het onder Kamaherero se aandag sal bring en om te voorkom dat hy in die toekoms 'n herhaling hiervan kry, sou hy op Kamaherero se aanbevelings reageer.

Duitse beskerming word aangebied

In hierdie stadium het Nels, die assistent en sekretaris van die Duitse hoë-kommissaris die Upingtonia-situasie met Kamaherero gaan bespreek. Die Herero het teen hierdie tyd reeds sommige van hul beestroppe na Otavi ver¹¹⁸skuif en die Boesmans in daardie omgewing het Kamaherero se kapteinskap erken.

Nels 369/-

115) Z.B. 1011, F XIII b6, Bd.I, p.47

116) Ibid., p.46

117) Ibid., pp.46-7

118) Vedder, dr. H.: Voorgeskiedenis van Suidwes-Afrika, pp.530-1

Nels het besluit om Kamaherero se sanksies teen die Boere te steun en het die Trekkers dienoooreenkomstig ingelig.¹¹⁹ Die bestuur het nie hierby berus nie, maar het Louw du Plessis en Barend Bouwer na die agerende Duitse kommissaris afgevaardig.¹²⁰ Hulle het op 29 Maart 1886 met Nels op Omaruru onderhandel en hom laat verstaan dat hulle nie van plan was om die gedagte van 'n republiek voort te sit nie: Hulle wou slegs vaste verblyf in die Transgariep bekom.¹²¹

Na die onderhandelings is die volgende verklaring deur hulle uitgereik: Indien die landstreek om Grootfontein tot Herero-gebied verklaar word, was hulle bereid om die Duitse protektoraat te erken. Indien nie, wou hulle nogtans in vrede met die Herero lewe.¹²² Nels het 'n afskrif hiervan aan die Rykskanselier gestuur en in 'n begeleidende brief 'n heel gunstige opinie oor die Boere uitgespreek.¹²³

Inligting oor Nels se steun aan die verbod van Boere-transport deur Hereroland is intussen in Berlyn ontvang en hy is skerp hieroor gekritiseer.¹²⁴ Die Duitse owerheid het vriendskap met die Boere van harte verwelkom. Prins Bismarck, die Duitse kanselier, het aan die Duitse konsul-generaal in Kaapstad opdrag gegee dat beter samewerking met die Boere bewerkstellig moes word. Die Duitse beamptes moes die Boere in Ovamboland daarvan oortuig dat die Duitse owerheid glad nie van plan was om hul kolonisasiewerk of hul nasionale gewoontes te beperk of te belemmer nie. Prins Bismarck het dit beklemtoon dat alles wat

moontlik 370/-

119) Z.B.I Nels - Göring, dd. 13.2.1886, p.119(a)

120) Ibid., Nels - Bismarck, dd. 5.4.1886, p.128

121) Ibid.

122) Z.B. 1064, L II, c3, Bd.I, Verklaring, dd. 29.3.1886, p.4

123) Z.B.I Nels - Bismarck, dd. 5.4.1886, p.128(a)

124) Ibid., Göring - Nels, dd. 20.3.1886, p.123

moontlik is gedoen moes word om die simpatie en vertrous te wen van der-gelyke nedersetters, wat baie daartoe kon bydra om Suidwes-Afrika te ontwikkel.¹²⁵

Vir die uitvoering van hierdie opdragte moes Nels na Grootfontein reis. Voor hy hiertoe kon kom, het Rudolf du Toit en 'n sekere Du Flessis van die Waterberg by hom opgedaag. Hulle wou van hom weet of hulle in die komende winter tuine in die streek kon aanlê. Nels het met die Herero-kaptein, Kamaherero, en Manasse onderhandel en hulle ooreed om die Boere nie te hinder nie.¹²⁶ Vervolgens het hy in Junie 1886 'n reis na die noorde van die land onderneem om hom van die ware toedrag van sake te gaan vergewis.¹²⁷

Op 22 Junie het hy op Otjivondatyongue of Grootfontein, soos die plek intussen deur die Boere genoem is, opgedaag. Grootfontein is die letterlike vertaling van die Boesmannaam Gei = //ous en dié naam is deur die Boere aan die plek gegee.¹²⁸ Tydens sy besoek het Nels vasgestel dat daar nog ongeveer tien Boere-families was wat nog onder die invloed van Jordan gestaan het en wat die oplossing van hulle grondprobleme aan hom oorgelaat het. Van hulle het Nels vernem dat hulle verwag het dat nog meer Boere uit Angola en Transvaal by hulle sou aansluit. Nels het met hulle die wenslikheid van Duitse beskerming - of altans 'n bondgenootskap tussen hulle en die Duitse owerheid - bespreek. Sommige van die toonaangewende Boere was blykbaar nie al te gretig om Nels se voorstelle te oorweeg nie, omdat dit op oorgawe van hul onafhanklikheid neergekom het.¹²⁹

Dit 371/-

125) Z.B. 1064, L II, c3, Bd.I, p.68, Bismarck - Bieber, dd. 18.2.1886

126) Ibid., p.5, Nels - Kamaherero en Manasse; Vedder, dr. H.: Voorgeskiedenis van Suidwes-Afrika, pp.530-1

127) Ibid., pp.12-15, Rapport van Nels, dd. 28.8.1886

128) Vedder, dr. H.: op.cit., p.531

129) Z.B. 1064, L II, c3, Bd.I, pp.12-15, Rapport van Nels, dd. 28.8.1886

Dit was egter buitendien nie moontlik om tot 'n beslissing daaroor te kom nie, omdat die meeste Bestuurslede, sowel as Jordan, afwesig was. Enkele lede van die nedersetting het egter die hoop uitgespreek dat hulle onder Duitse beskerming geplaas sou word. Die ander Trekboere was oor die hele noordelike gebied versprei. Sommige was op jag in Ovamboland en by die Etoshapan en andere het Nels by Waterberg aangetref. Diegene wat Nels ontmoet het, het hom verseker dat hulle graag onder Duitse beskerming wou staan en dat hulle veilige plase deur bemiddeling van die Duitse regering wou verkry. Hy het hulle aangeraai om die verdere verloop van sake af te wag en aan hulle belowe dat hy hulle in kennis sou stel sodra die rykskommissaris aan die Boere geskikte plase kon verskaf. Selfs na sy vertrek van Grootfontein het Nels nog briewe van Boere ontvang waarin hulle hom verseker het dat hulle bereid was om hulle „onder de Duitse bescherming in te geven”.¹³⁰ Dit het ook gebeur na 'n voorval wat die Trekboere ten volle laat beseef het hoe onveilig hulle posisie in werklikheid was. Dit was die moord op W.W. Jordan op 30 Junie 1886.

Die moord op Jordan

Jordan het weer teen die middel van 1886 na Ondongwa gereis met die doel om handelware wat in Mossamedes ontskeep is, te gaan haal.¹³¹ Daarby het gekom dat die Ovambo-kaptein op Ondongwa aan hom te kenne gegee het dat hy graag enige vyandighede wou vermy en dus die grondverkooptransaksie met hom op een of ander manier wou kanselleer.¹³²

Toe Jordan hierdie Jobstyding ontvang, het hy besluit om Kamonde persoonlik op te soek en dit te verhoed. Alhoewel hy op pad na Kamonde se kraal twee Boere ontmoet het wat pas uit die gevangenskap van die Ovambo ontsnap het en gewaarsku het dat hy by die Ovambo in lewensgevaar sou verkeer,¹³³ het hy sy

reis 372/-

130) Z.B.1064, L II, c3, Bd.I, pp.6-8; Briewe van L. Leen en P. Labuschagne.

131) Schinz, dr. H.: Deutsch Südwestafrika, p.351

132) Gauché, J.G. & Prinsloo, J.G.: In die Woeste Weste: Die lydensgeskiedenis van die Dorslandtrekkers, p.149

133) Gauché, J.G. & Prinsloo, J.G.: op.cit., p.149; Schinz, dr. H: op.cit., p.351

reis voorgesit en op 29 Junie op Omandango, die oostelikste van die drie Finse sendingstasies van destyds, aangekom. Hier is hy deur Kambonde se jonger broer, Negale, aangesê om voorlopig daar te bly.¹³⁴

Die reisigers het in die onmiddellike nabyheid van die sendingstasie gekampeer. Hulle was verras om vroeg die volgende oggend te sien dat hulle deur 'n groot aantal Ovambo wat in die oggendskemerte nadergesluip het, omsingel was. Jordan is deur die gekletter van wapens op sy hoede gestel en het van die wa afgeklim om ondersoek in te stel na die oorsaak van die omsingeling. Skielik is twee skote kort na mekaar afgevuur en sy dooie liggaam het van die wa afgeval. Die toneel wat hom hierna afgespeel het, is nie te beskryf nie. Jordan se swart wadrywer wat sy werkgewer se goed wou beskerm, is ook doodgeskiet. Jordan se liggaam is ontklee en die wa is geplunder en al die waardevolste artikels, soos olifantstande en klere, is as buit vir die hoofman op 'n hoop gegooi. Minder waardevolle besittings het die aanvallers self as buit geneem. Die moordbende het hierna vertrek terwyl dit aan Boesmans oorgelaat is om Jordan se liggaam te begrawe.¹³⁵

Kambonde wat eers 'n paar uur later van die moord gehoor het, het nagelaat om die blankes in sy gebied van sy beskerming te verseker.¹³⁶ In 'n brief van 24 Julie 1886 aan die Duitse owerheid het Kambonde aanspreeklikheid vir die moord op Jordan aanvaar en sy spyt daarvoor in die volgende woorde te kenne gegee: „Wir haben unseren Namen schlecht gemacht“.¹³⁷ Hy het ook onderneem om die wa terug te gee.

Dit 373/-

134) Gauché, J.G. & Prinsloo, J.G.: In die Woeste Weste: Die lydensgeskiedenis van die Dorslandtrekkers, p.149

135) Schinz, dr. H.: Deutsch Südwestafrika, p.351; Postma, ds. D.: Verslag vir De Brandwacht; Freller versameling Bd. 53, A787; Deutsche Kolonialzeitung 1886, p.786; C 5180, Nels - C.O., dd. 22.10.1886; pp.71-3, Nr.80, Beitrage zur Kolonial Politik und Kolonial Wirtschaft, 1903, Nr. 7, p.209; Chapman, W.J.B.: Memoirs, pp.28-29.

136) Schinz, dr. H.: op.cit., p.352

137) Z.B. 1008, F XIII b3, Bd.I, p.1

Dit het ook na Jordan se dood geblyk dat die groot teenstand teen sy eienaarskap van die Otavi-gebied geheel-en-al ongegrond was. Jordan was verstandig genoeg om die koopbrief van die grond wat hy by Kambonde gekoop het vir veilige bewaring Kaap toe te stuur. W.J.B. Chapman skryf: "When his death became known it was sold by public auction."¹³⁸ Die grond is deur sewe persone wat 'n sindikaat gevorm het, gekoop. Een van hierdie persone was die Damaraanse handelaar, Henry Carrington Wilmer, wat 'n vriend van Chapman was. Die Duitse owerheid het hierdie transaksie erken en die "South West Africa Company" is in Londen gestig vir die ontwikkeling van die gebied.¹³⁹

Die Boere was hewig ontsteld toe hulle van die moord op Jordan gehoor het, omdat hulle besef het dat die inboorlinge hulle deur hierdie slag wou tref. Die meeste van hulle wou onmiddellik wegtrek omdat hulle bevrees was dat die Ovambo, tesame met die Herero, teen hulle te velde sou trek en dat hulle dan geensins teen die goedgewapende, oorweldigende oormag opgewasse sou wees nie.¹⁴⁰ Sommige Boere het aanbeveel dat hulle dadelik teen die Ovambo moes optrek om Jordan se dood te wreek en so die gevaar af te weer. Die meer besadigde Trekkers het egter daarin geslaag om almal te oorreed om die verdere verloop van sake af te wag.¹⁴¹

Die toestand waarin die Boere verkeer het, het hoe langer hoe benarder geword. Die houding van die inboorlinge het al dreigender geword. Op 19 Julie het P.E. Labuschagne wat hom by Waterberg gevestig het en op die Duitse protektoraat staatgemaak het, Nels meegedeel dat hy op 'n jagtog na Ovamboland deur die Ovambo voorgekeer is en dat hy van hom wou weet waar hy en "die menschen wat op Waterberg geblyft hebben, onz moeten nederlaten".¹⁴²

Vroeg 374/-

138) Chapman, W.J.B.: Memoirs, p.29

139) Ibid., p.30

140) Schinz, dr. H.: Deutsch Südwestafrika, p.352

141) Ibid.

142) Z.B. 1064, I II, c3, Bd.I, p.6; Labuschagne - Nels, dd. 19.7.1886

Vroeg in Augustus skryf B.D. Bouwer vanaf Grootfontein aan T.N. Nels dat hy 'n vennoot van W.W. Jordan was. Hy was dus aanspreeklik vir die wa en osse wat gebuit is.¹⁴³ Hieruit blyk dat, niesteenstaande Kambonde se brief van 24 Julie waarin hy bereid was om die wa terug te gee,¹⁴⁴ hy tog nie dadelik hieraan uitvoering gegee het nie.

Kort daarna het president Prinsloo vanuit Upingtonia vir Nels laat weet: „De Boesman heeft een kommando opgemaakt en heeft den heer James Todd afgeschoten met alles dat hij op zijn plaats heeft. De Boesman zwerft nog onder ons. Heer wij weten niet wat hy ons aandoen zal.”¹⁴⁵ Later het dit geblyk dat Todd wel nie vermoor was nie, maar dat hy van al sy besittings beroof is. In die gebied wat die Boere bewoon het, het goedgewapende moorden en roofbendes Hottentotte en Boesmans rondgedwaal. Die klein Boere-gemeenskap kon nie altyd hierdie sterk bendes in bedwang hou nie.

Duitse beskerming word gevra

Hierdie onsekere omstandighede het die Boere van Grootfontein genoop om hul drang na onafhanklikheid te demp. In die begin van Augustus 1886 het die Bestuur vergader en besluit om 'n brief te skryf, waarin hulle by Nels om Duitse beskerming aansoek gedoen het.¹⁴⁶

Die Boere het nou feitlik daaglik met vyandige inboorlingbendes te doen gekry. Terwyl B.D. Bouwer, kommandant van Upingtonia, en Rudolf Holsthuizen op 'n dag na G.D. Prinsloo, president van die Republiek, op pad was, is hulle deur 'n Boesman-bende wat met agterlaaiers gewapen was, in 'n hinderlaag gelok.

Bouwer 375/-

143) Z.B. 1064, L II, c3, Bd.I, p.7; Bouwer - Nels, dd. Grootfontein, 2.8.1886

144) Z.B. 1008, F XIII, b3, Bd.I, p.4

145) Z.B. 1064, L II, c3, Bd.I, p.9; Prinsloo - Nels, dd. Grootfontein, 2.8.1886

146) Ibid., p.16; Bestuur - Nels, dd. 2.8.1886

Bouwer het in die skermutseling wat gevolg het, 'n vleiswond opgedoen. Sy ontkoming het hy slegs daaraan te danke gehad dat die Boesmans nie geweet het hoeveel kruit nodig was om die koeël 'n bepaalde dryfkrag te besorg nie. Bouwer was 'n baasskut en het sewe of agt aanvallers baie gou in die stof laat byt. Die latere brigadier-generaal Izak Bouwer, seun van Barend, het hieroor getuig: "It was only a sample of what had to be taken as part of the day's work."¹⁴⁷

Barend Bouwer was 'n veteraan-krygsman wat onder kommandant Louw Wepener geveg het op diedag toe hierdie Boere-held gesneuwel het. Hy self het gedurende hierdie geveg drie koeëlwonde en nege asgaaisteke opgedoen. Sedert die laat sestiger jare van die negentiende eeu was hy as jagter in die Ngami-gebied bedrywig en het hom later by die Dorslandtrekkers aangesluit.¹⁴⁸ Hy het die Republiek Upingtonia as kommandant en later as landdros gedien.¹⁴⁹

Op 2 Desember het Nels op die Boere se aansoek om Duitse beskerming, laat weet dat dit toegestaan word.¹⁵⁰ Op 17 Januarie 1887 het dr. Goëring, die Duitse kommissaris, deur middel van Nels die Boere in kennis gestel dat hy self na Damaraland kom om met hulle te onderhandel en dat hy sy invloed sou gebruik om 'n beter verhouding tussen Boere en inboorlinge te bewerkstellig. Dit was die Duitse owerheid se wens dat "de Boers op geen wys in hunne volksplanting gestoorde of belastigd worde".¹⁵¹ Nels het in sy begeleidende brief die Boere beloof om hulle van enige verwikkelings te verwittig en daarby het dit gebly.

Die Duitse owerheid was destyds deur slegs drie persone in Suidwes-Afrika verteenwoordig. Hulle was die rykskommissaris, sy assistent en sekretaris en een enkele polisiebeampte. Dit spreek vanself dat hulle nie in staat was om die

Boere 376/-

147) Le Riche, P.J.: Memoirs of Brigadier I. Bouwer, The Star 11.5.1934

148) Ibid.

149) Ibid.

150) Z.B. 1064, L II, c3, Bd.I, p.22; Nels - Bestuur, dd. 2.12.1886

151) Ibid., pp.31-32; Kommissaris - Boere 16.1.1887

Boere te beskerm nie. Toe die Duitse rykskanselier onmiddellik daarna van die Boere se versoek verwittig is, het hy net verklaar dat dit die Duitse keiser behaag het om aan hul versoek te voldoen.¹⁵²

Geen stappe is dus gedoen om die nuwe onderdane van die Duitse Ryk te beskerm nie. Ooreenkomstig Bismarck se opdrag het rykskommissaris, dr. Goëring in Mei 1887 vir G.D. Prinsloo skriftelik kennis gegee dat die Boere nou onder Duitse beskerming gestel is en dat hul aanspraak op die gebied wat hulle bewoon, erken word insoverre „hetzelve aich niet op ontwifelhaftige Hereroland uitstrekt”.¹⁵³

Goëring het bygevoeg dat, indien hulle met die inboorlinge in botsing kom, die Duitse regering hulle nie met militêre mag te hulp sou kom nie. Hulle het plaaslike selfbestuur ontvang, maar sou nie die reg hê om voortaan enige Europeane voor hul regbank te laat verskyn nie. Die Boere sou nou ook onderhewig wees aan die wette wat die kommissaris in belang van die hele protektooraat uitgevaardig het.¹⁵⁴

Die naam Upingtonia, wat op 'n Engels-kaapse minister, sir Thomas Upington, betrekking gehad het, het die Duitse regering nie aangestaan nie. Die Boere het uit eie beweging besluit dat hul nedersetting voortaan "Lydensrust" sou heet en hulle is deur Goëring met die nuwe benaming geluk gewens.¹⁵⁵

Vir die Duitse Ryk was hierdie ooreenkoms met die Boere 'n besonder voordelige transaksie. Sonder inspanning het hy daardeur in besit gekom van 'n groot landstreek, wat die beste deel van die gebied onder sy nominale beheer was.

Daarbenewens 377/-

152) Z.B.1064, L II, c3, Bd.I, p.31; Bismarck - Goëring, dd.16.1.1887

153) Ibid., p.55; Goëring - Prinsloo, dd. Mei 1877

154) Ibid.

155) Ibid., Goëring - Bestuur, dd. Mei 1877

Daarbenewens het, so verklaar die Duitse landskenner, dr. Schinz, die Duitse Ryk 'n aantal koloniste gewen wat beter as enige ander in staat was om die blanke beskawing in die binneland te vestig.¹⁵⁶ In Duitsland was belangstellendes dan ook besonder ingenome met die Burenkolonie omdat hulle geseen het dat nog meer Boere uit die Transvaal daarheen sou trek om sodoende die prestige van die bykans magtelose rykskommissaris te verhoog. Allerweë is die hoop uitgespreek dat die Boere-nedersetting die kern sou vorm van 'n toekomstige groot, beskaafde, blanke kolonie in die noordelike deel van die Duitse protektoraat.¹⁵⁷

Dit is nie omwaarskynlik dat gesaghebbende persone in die Kaapkolonie deur hierdie verloop van omstandighede teleurgesteld was nie. Blykens 'n berig in The Cape Argus het die Eerste Minister nog kort vantevore op Grahamstad te kenne gegee dat Upingtonia die plek was waar die Britse vlag onverwags sou wapper.¹⁵⁸

Aan die benarde toestand waarin die Boere hulle bevind het, het die Duitse beskerming geen verandering gebring. Hulle sou herhaaldelik tevergeefse vertoë om beskerming tot die Duitse owerheid rig. In Desember 1886 het P.E. Labuschagne persoonlik na Omaruru gereis om met Nels hieroor te onderhandel. In Nels se afwesigheid het hy hom skriftelik om hulp genader.¹⁵⁹

In April 1887 het Rudolf du Toit aan dr. Goëring geskryf om namens die Boere in die Waterberggebied te verneem of hulle plase in Damaraland kon koop.¹⁶⁰

Die378/-

156) Schinz, dr. H.: Deutsch Südwestafrika, p.353

157) Deutsche Kolonialzeitung, 1886, p.405

158) The Cape Argus 4.8.1886

159) Z.B.1064, L II c3, Bd.I, p.23; Labuschagne - Nels, dd. 14.12.1886

160) Ibid., Du Toit - Goëring, dd. 8.4.1887

Die Duitse rykskommissaris het daarop geantwoord dat die Kaokoveld aan die Duitse Koloniale Maatskappy vir Suidwes-Afrika verkoop is, dat hierdie maatskappy nie teen 'n Boere-nedersetting gekant was nie, en hy het hulle aangeraai om persoonlik met die agent van die maatskappy in verbinding te tree.¹⁶¹ Voordat hierdie berig hom kon bereik, is Rudolf du Toit in Mei 1887 deur die Hottentotte, vermoor.¹⁶²

Die Boere het nou weer gereeld togte na Walvisbaai onderneem om by die Britse handelaars gebruiksgoedere aan te koop. By een so 'n geleentheid was Rudolf du Toit en 'n sekere Opperman vanaf Walvisbaai na Grootfontein onderweg nadat hulle aankope vir Opperman se huwelik gaan doen het. Binne 'n dagreis van Grootfontein af is hulle deur 'n Hottentot-rowerbende oorval en is Du Toit om die lewe gebring. Kommandant Bouwer het binne vier-en-twintig uur 'n strafkommando georganiseer en die aanvallers agternagesit. In 'n geveg wat drie dae geduur het, is al die buit herwin en die Hottentotte wat die slag oorleef het, verdryf.¹⁶³

Die Boere het teen hierdie tyd byna geen perde meer besit nie en hul pogings om vyandelike elemente in bedwang te hou, is hierdeur belemmer.¹⁶⁴ Die Damara het die Boere nie lastig geval nie, maar wel die Hottentotte en Boesmans. Die voorneme van die Boere om Jordan se dood te wreek, het as gevolg van hierdie toedrag van sake, lank agterweë gebly.

Pogings om die moord op Jordan te wreek

Bouwer het op laas met H.W. Carrington Wilmer in Walvisbaai in verbinding getree oor die samestelling van 'n strafekspedisie teen die moordenaars van

Jordan 379/-

161) Z.B. 1064, L II, c3, Bd.I, p.56; Goëring - Prinsloo, dd. Mei 1887

162) Ibid., Prinsloo, J.G. & Gauché J.G.: In die Woeste Weste, p.157

163) Le Riche, P.J.: Memoirs of Brigadier I. Bouwer, The Star 11.5.1934

164) Prinsloo, J.G. & Gauché J.G.: op.cit., p.162

Jordan.¹⁶⁵ Wilmer het sy samewerking beloof.¹⁶⁶ Die handelaar, A.W. Eriks-
son, het ook gehelp om die strafekspedisie op die been te kry en het aan Wil-
mer geskryf om hulle van ammunisie te voorsien.¹⁶⁷

Op 21 April 1887 skryf Wilmer aan Goëring en deel hom mee: "You will see
that the expedition to punish the murderers of W.W. Jordan is fully intended.
When all is prepared I shall proceed to Upingtonia with a small party of
volunteers from here."¹⁶⁸

Die Boere het intussen ook aan Goëring geskryf om hulle van ammunisie te
voorsien en om aan hulle 'n skeepskanon te stuur, waarmee hulle die paalom-
heining van Negale se stat kon platskiet.¹⁶⁹ In sy brief van Mei 1887 het
Goëring belowe dat hy hulle versoek aan die rykskanselier sou voorle.¹⁷⁰
Bismarck het egter hulle versoek geweier omdat dit te veel onkoste vir die
staat sou meebring.¹⁷¹

Die Boere het uit hul pad gegaan om die Duitse owerheid tevrede te stel.
Die verandering van die naam Upingtonia na Lydensrust is reeds genoem.¹⁷²
Hulle wou verder vir die Duitsers polisieman speel om die land vir blanke

bewoning380/-

165) Z.B. 1064, L II, c3, Bd.I, p.27

166) Ibid., p.36-8

167) Ibid., pp.43-4

168) Z.B.1064, L II, c3, Bd.2, p.46

169) Ibid., p.56

170) Z.B. 1064, L II, c3, Bd.2, p.46

171) Ibid., Bismarck - Goëring, dd. 15.9.1887

172) Ibid.

bewoning te beveilig. Van die Duitsers het hulle egter geen werklike hulp ontvang nie, selfs nie eens om hulself te beskerm nie. Hulle het algaande besef dat hulle besig was om aan die korste ent te trek. Na Jordane se dood het hulle inderdaad geen persoon gehad wat oor genoeg kennis beskik het om hul sake op internasionale vlak te hanteer nie. Om vas te stel wat die werklike meriete van Duitse beskerming vir hul ingehou het, het hulle op 17 Mei 1887 vir Ino Lees as hul agent aangestel.¹⁷³ Op 26 Mei het Lees aan dr. Bieber, Duitse rykskonsul-generaal in Kaapstad, oor die saak geskryf. Bieber was egter slim genoeg om die verantwoordelikheid op die skouers van die ondergeskikte Nels te lê. In sy antwoord aan Lees het hy gesê: "that the Boers at Grootfontein in January last on their application were placed under German protection. The Bestuur and Burghers of 'Leedensrust' as they are calling their settlement, should therefore in all matters concerning their settlement address themselves to the German Commissioner at Otjimbingwe".¹⁷⁴

Lydensrust word ontruim

Nog voordat hierdie antwoord hulle bereik het, het die Boere besef dat al hul verdedigingsmaatreëls tevergeefs was. Daarbenewens het die meeste van hulle in hierdie jaar meer aan malaria gely as ooit vantevore.¹⁷⁵ Al hierdie omstandighede het hul moed gebreek en hul genoop om weer te trek. Op 2 Junie 1887 het G.D. Prinsloo as hul president die laaste brief aan Goëring geskryf. Hy het verklaar: „Door onvermogenheid zijn wij verplicht om hiervan te vertrekken. Het is door onze zwakheid en het opstand van naties en

voor 381/-

173) Z.B. 1064, L II, c3, Bd.I, p.61

174) Ibid.

175) Gestenhauer, M.R.: Zur Geschichte der Besiedlung von Deutsch-Südwestafrika, Beiträge zur Kolonialpolitik und Kolonialwirtschaft, Deel VI, p. 209

voor vijligheid voor onzen families dat wij het verlaten maar hoop dat zou deze land van eene ander mogenheid in bezit genomen worden, wij van onze recht niet verstoken worden."¹⁷⁶

Na die mislukking van Upingtonia het G.D. Prinsloo en sy seuns Willem, Machiel, Jannie en Pietie en nog ander teruggetrek Transvaal toe. Hy is oordele op die plaas Wildebeesfontein in die distrik Middelburg.¹⁷⁷

Op 20 Junie het ook J.A. du Plessis van Waterberg vir Nels laat weet dat hulle deur die Boesmans aangeval is, twee van hulle vermoor is en dat hulle feitlik van al hul vee beroof is. Sommige Trekkers het na Transvaal toe teruggetrek en ander was na Okahandja op pad om Kamaherero te vra om aan hulle 'n plaas te gee.¹⁷⁸ Sommige van die Trekkers wat by Waterberg woonagtig was, het dan ook op aanwysing van Kamaherero na Otjikonda naby Gobabis versit.¹⁷⁹

L.M. du Plessis wat ook nog saam met 'n groepie Trekkers in die land was, het in Desember 1887 aan die Duitse kommissaris in Damaraland kennis gegee dat hulle deur Boesmans aangeval is en van hulle gedood is. Al hul vee is ook geroof. Aangesien hulle Duitse beskerming geniet het, het hy optrede van Duitse kant verlang. Du Plessis het ook versoek dat sekere eiendom van hom waarop Petrus Swartbooi beslag gelê het, aan hom terugbesorg moet word. Hulle het ook op grond gestaan wat hulle van Kamaherero ontvang het.¹⁸⁰

.....382/-

176) Z.B. 1064, L II, c3, Bd.I, p.57; Prinsloo - Goëring, dd. 15.9.1887

177) Van der Smit, G.: Herinneringe van mev. G. van der Smit

178) Z.B. 1064, L II c3, Bd.I. p.57; Du Plessis - Nels, dd. 20.6.1887
Prinsloo en Gauché : In die Woeste Weste, p.169

179) Prinsloo en Gauche: op.cit., p.157

180) Z.B. 1064, L II, c3, Bd.II, pp.30-1, Du Plessis - Kommissaris, dd. 20.12.1887

Terug na Humpata

Die groep Trekkers waartoe L.M. du Plessis en Ignatius Labuschagne behoort het, het van Februarie tot 8 Mei 1888 te Okojova naby Omaruru gewoon. „Hier besloot men algemeen om weer naar Humpata terug te keeren, ten gevolge van vele onlusten tusschen Damara's en Hottentotten, en ook omdat men vernomen had dat de gemeente te Humpata, eindelijk hoop had een eigen leeraar te bekommen”.¹⁸¹ Hulle vertrek van Okojova en reis oor Otiro, Giftkoppen, Ombinebomba na Omaruru. Hier bied Manasse hulle drie plase aan om op te woon, maar hulle wou sy aanbod nie aanvaar nie. Hulle ontvang 'n vrybrief van Manasse om ongehinderd deur sy gebied te trek en ook Nels voorsien hulle van 'n brief dat hulle Duitse beskerming geniet.

Hulle verlaat Omaruru en reis oor Opague, Otihoeva, Olongombong tot op Palmfontein waar hulle vyftien dae oorstaan.¹⁸² Hier het hulle besoek ontvang van Kornelis Swartbooi, Jan Oegoemab en die handelaar Fred Gertsen. Kornelis Swartbooi het voorgegee dat die Boere verantwoordelik was vir Petrus Swartbooi se aanhouding in Walvisbaai. Hy het gedreig dat hy hulle nie verder sou laat trek alvorens hulle Swartbooi se vrylating bewerkstellig het nie. Hieraan het die Trekkers hulle egter nie gesteur nie en voort getrek.¹⁸³ Die Boere het hulle waens agter mekaar opgestel met 'n gedeelte van die losvee vooraan en die res agter die waens. Die vroue moes die waens dryf terwyl die weerbare manne te perd weerskante van die wa-trek stelling ingeneem het.¹⁸⁴

Na 383/-

181) Postma, ds. D.: De Trekboeren te St. Januario Humpata, p.190

182) Sien kaart teenoor p.339

183) Postma, ds. D.: op.cit., p.190.

184) Ibid., p.191

Na 'n halfuur se trek is hulle deur Gertsen en 'n paar Hottentotte van agter af ingehaal. Die Hottentotte wou hê dat Ignatius Labuschagne en Louw du Plessis moes omdraai om te onderhandel. Die twee Boere het volstrek geweier om hieraan gehoor te gee en voortgetrek. Laat in die agtermiddag het hulle die handelaar Gert Strauss teengekom, wat van Ovamboland na Damaraland op pad was. Hulle was nog besig om Strauss van die dag se gebeure te vertel toe die hele Hottentot-kommando weer opdaag. Die meerderheid het hulle egter skuilgehou en slegs 'n drietal het na Strauss se wa gery. Hiervandaan het hulle 'n boodskapper na die Boerewaens gestuur om sommige persone tot onderhandeling te oorreed. L.M. du Plessis, Ignatius Labuschagne, Cornelius du Toit en Stephanus Venter het hierna te perd na Strauss se wa gery.¹⁸⁵ Na 'n eindelose gebedel, was hulle verplig om terwille van Strauss se veiligheid aan die Hottentotte 'n slagbees te gee. Dit blyk toe uit die onderhandelings dat die Swartboois eintlik op 'n vergoeding van drie perde gereken het, voordat hulle die Boere sou deurlaat. Die vasberadenheid van die Boere het egter die plan laat misluk. Na insae in die vrybrief wat die Boere van Nels ontvang het, het die Hottentotte hul vyandelikhede gestaak, maar was sogenaamd gesteurd omdat die Boere nie die brief eerder aan hulle getoon het nie. Hulle het ook beweerd dat hulle nog die reg het om R6 tot R10 belasting op elke wa wat deur hul gebied trek, te hef. Hieraan wou die Boere nie voldoen nie en die Hottentotte moes met die slagbees tevrede wees.

Die Boere was verlig dat die voorval so goed verloop het, aangesien daar slegs tien weerbare manne by die Trek was.¹⁸⁶

Hiervandaan384/-

185) Postma, ds. D.: De Trekboeren te St. Januario Humpata, p.191 -2;
Preller, dr. G.S.: Voortrekkers van Suidwes, pp.180-1

186) Ibid., Ibid.

Hiervandaan gaan die Trek ongehinderd voort oor Otjivalanda, Ombika, Okaukuejo, Okahakana en Narongo tot op Obedia. Intussen het hulle ook weer gaan sout haal. Op Obedia het hulle 'n brief van Kamhonde ontvang dat die Trek by sy stat langs moet kom, aangesien hy perde wou ruil en waens gehad het om te laat herstel. Die Trekkers het hierin geen sin gehad nie en het voortgetrek tot op Tamagazi. Vanaf Obedia tot op Tamagazi is hulle vergesél deur 'n seun van die Ovambo-kaptein, Okanjera. Hierdie kaptein wou baie graag 'n Boere-dogter tot vrou hê. Die Boere het egter aan hom verduidelik dat dit nie hul gebruik was om 'n witvrou aan 'n swartman te gee nie.¹⁸⁷ Met hierdie verduideliking was hy nie tevrede nie en het hul dae lank agtervolg. Hulle het hom eers afgeskud deur hom 'n jong merrie as geskenk te gee.

Hierna beland hulle onder die vyandiggesinde Barandoes en moes haastig in 'n westelike rigting vlug. Teen die aand bereik hulle die gebied van die Ogorangogies. Watersoekers wat vooruit gestuur is, het dié nag naby 'n inboorlingstat geslaap. Kort na sononder het hulle krygsmusiek gehoor. Weldra het hulle 'n menigte krygers in aantog gesien wat op beeninstrumente geblaas het.¹⁸⁸ Die Trekkers was dus hierdeur genoodsaak om in die nag verder te vlug.

Op hulle verdere tog word hulle ook nog deur die Caroedies lastig geval. Gedurende die hele tydperk van vlug moes hulle dors ly en was dankbaar toe hulle Ongarongasies bereik waar gelukkig volop water was.

In Augustus het hulle die Kunene-mond bereik. Die rivier was so vol dat hulle nie kon deurgaen nie. Gelukkig het 'n Ovambo aan hulle 'n drif gewys,

waar 385/-

187) Postma, ds. D.: De Trekboeren te St. Januario Humpata, p.194; Preller, dr. G.S.: Voortrekkers van Suidwes, p.181-2.

188) Ibid., p.195

waar die rivier 250 tree breed en betreklik vlak was. Hier kon hulle die waens een na die ander veilig deurtrek. Die kleinvee is met behulp van magara's (bote van uitgeholde boomstamme) oor die rivier gebring.¹⁸⁹ Hulle reis drie dae ooswaarts langs die oewer van die rivier op, maar verdwaal, en was verplig om twee Ovambo's te dwing om hulle die pad na Humbé te wys. Toe hulle hier aankom het hulle hul onwillige gidse betaal en vrygestel. Op 20 September 1888 het die Trek Huila bereik, waar hulle deur ander Boere ingewag is.¹⁹⁰

..... 386/-

189) Postma, ds. D.: De Trekboeren te St. Januario Humpata, p.196;
Preller, dr. G.S.: Voortrekkers van Suidwes, p.182

190) Ibid; Ibid.

HOOFSTUK XIII

LATERE TREKKE NA ANGOLA

Die vertrek van die vernaamste Boere-leiers uit die Grootfonteindistrik (Upingtonia) het tot gevolg gehad dat die meeste Boere-gesinne ook hiervandaan versit het en hulle elders gevestig het. Tog het sommige burgers van die verdwene staatjie hier bly woon.

Voor Jordan se dood het hy tevergeefs probeer om Duitse of Britse erkenning vir sy aansprake te verkry. Na sy dood het die Duitse regering ewe skielik van standpunt verander en die eindomsreg van die sindikaat deur wie die grond gekoop is, erken. Kort daarna het die South West African Company in Londen tot stand gekom en is begin met die ontginning van die Tsumeb kopermyne.¹

Hierdie mynbedrywighede het onmiddellik 'n nuwe bron van inkomste geskep vir baie van die swerwende Boere in hierdie omgewing. Grootfontein en omgewing sou hierna vir 'n tiental jare as 'n soort halfwegstasie dien vir verskeie Boeretrekkartye wat na Angola toe uitgewyk het.

Op 1 Februarie 1889 verskyn 'n berig deur ds. D. Postma in De Maandbode waarin hy meld dat by baie Transvalers op nuut die begeerte ontbrand het om na Angola te trek. Trouens daar is in die Zwartruggensomgewing 'n kommissie benoem om die inligting in verband met die saak te koördineer.² Deur die Kommissie is bereken dat so 'n trek 'n jaar lank op pad sou wees. Om die verloop te vergemaklik sou die trekkers ses maande lank op 'n geskikte plek oorstaan en dus net ses maande lank werklik trek. Die trekgenote was van voornemens om met die voorgenome uittoeg te wag tot tyd en wyl 'n leraar te Humpata gevestig is en die Boere-kolonie aldaar gekonsolideer is.³

Die387/-

-
- 1) Chapman, W.J.B.: Memoirs, p.30; Rohrbach, dr. P.: Aus Südwestafrikas Schweren Tagen, p.30.
 - 2) De Maandbode 1.2.1889
 - 3) Ibid.

Die voorhoede van hierdie Trekkers was mense wat voorheen na Transvaal teruggekeer het.

Die Vierde Dorslandtrek

Hierdie trek het onder leiding van Willem Jacobus Prinsloo, seun van die eertydse Trekkerkommissaris, George Diedrik Prinsloo, gestaan. Laasgenoemde het, soos reeds vermeld, na die mislukking van Upingtonia in geselskap van sy seuns Willem, Michiel, Jannie en Pietie na Transvaal teruggekeer. Hier is hy op die plaas Wildebeesfontein in Middelburgdistrik oorlede.⁴

Hierdie tweede Prinslootrek na Angola het slegs veertien Gereformeerde lidmate ingesluit. Dit het egter in totaal uit sewentien gesinne bestaan.⁵ Die ander susterkerke moes dus ook verteenwoordig gewees het. Ook hierdie Trekkers het eers gewag totdat die Humpata-gemeente 'n predikant gekry het alvorens hulle op trek gegaan het. Hulle was selfs vooraf met ds. L.P. Vorster in korrespondensie, sodat hy hulle koms verwaag het.⁶

Die trek moes in die begin van 1892 Transvaal verlaat het, want dit het in Desember 1892 reeds Humpata bereik.⁷ Dat die trek so voorspoedig verloop het, moet toegeskryf word aan die feit dat Willem Prinsloo die Trekroete deeglik geken het. Die Trekkers het dan ook nooit dorsgely nie, want afgesien van Prinsloo se kennis van die waterplekke het hulle hul drinkwater spaarsaam gebruik.

Hierdie trek het die broers Willem en Koos Opperman wat uitstekende musikante was, ingesluit. Hulle het die hele reis veraangenaam deur saans op hul konsertina, akordeon en viool te speel.⁸

Eersgenoemde388/-

4) Van der Smit, mev. M.: Herinneringe (Opgeteken vir W.A. de Klerk)

5) Von Moltka, J.J.: Jagter-Pioniers se Avonture; Die Huisgenoot 26.5.1946

6) De Maandbode 1.1.1894

7) Van der Smit, mev. M.: op.cit.

8) Ibid.

Eersgenoemde, Willem Marthinus Opperman is gebore op 7 Julie 1866 op die plaas Mooidam, distrik Cradock. Hy is deur ds. Biegeman gedoop toe sy ouers reeds op trek was na Transvaal. Hy was dus nog baie klein toe sy vader hom op die plaas Dominsburg in Zeerustdistrik in Transvaal gevestig het. Toe hy omtrent agt jaar oud was, is sy vader oorlede. Hy het die voorreg gehad om in 1884 vir ses maande lank skool te gaan. Toe was hy geleerd genoeg om lidmaat te word van die Nederduitse Hervormde Kerk. Omtrent twee jaar later het die leergierige Willem Opperman egter self onderwyser geword. Hierdie skooltjie het op die plaas Bokfontein van Petrus Buitendach bestaan. Sy kennis van die Bybelgeskiedenis en kerkmusieknote het hom hierdie betrekking besorg. Rekenkunde was toentertyd van minder belang as kennis van Bybelgeskiedenis en Kerkmusiek wat as skoolvak geag is. Tog het die skrande Willem oor 'n basiese kennis van rekenkunde beskik en kon selfs vermenigvuldigingsomme doen. Eers later in Angola het hy geleer om te deel.

Hy het tot in 1892 in Transvaal skool gehou. Toe het hy besluit om hom by die Vierde Dorslandtrek aan te sluit. Op Humpata het hy Andries Alberts as onderwyser opgevolg en vir homself heel gou die bynaam van Willie Meester verworf. As hy nie skool gehou het nie het hy gejag en ook op hierdie gebied het hy vir hom naam gemaak.⁹


Die Vyfde Dorslandtrek

Hierdie trek wat uit vier-en-negentig waens bestaan het, het aanvanklik in twee groepe die Transvaal verlaat. Die grootste gedeelte bestaande uit ses-en-sestig waens, het onder leiding van trekkerkommandant T.M. Lombard gestaan. Die tweede groep van agt-en-twintig waens is meegemaak deur die broers P.J. en I.H. Steyn. In hoeverre hierdie twee persone die leiding geneem het, is

nie 389/-

9) Von Moltke, J.J: Jagter - Pioniers se Avonture, Die Huisgenoot, 26.5.1946

Map 2.



Second Commission Trip of Arnold W. Hodson.

Trekking The Great Thirst. p. 147.

Kopie oorgencem uit Hodson.

nie bekend nie. Hulle het egter uiteindelik as segsmanne ten opsigte van die trek in sy geheel opgetree.¹⁰ Die trek het in totaal sowat honderd gesinne ingesluit.¹¹ Hierdie omvangryke uittog is deur die Duitse skrywer M.R. Gerstenhauer selfs as: „Der zweite Kalahari-Trek nach Angola,“¹² bestempel.

Gerstenhauer sê dat die trek in Maart 1892 uit Transvaal begin het.¹³ Hierteenoor beweer die Steyn-broers dat hulle 'n jaar en tien maande lank op die trekpad was. As in aanmerking geneem word dat hulle op 10 November 1893 Humpata bereik het, moes hulle dus reeds in Januarie 1892 vertrek het.¹⁴ Aangesien hulle self aan die trek deelgeneem het, moet hulle getuienis as korrek aanvaar word.

Die gedeelte van die Trek wat onder kommandant Lombard se bevel gestaan het, het die bekende roete noord van die Ngamimeer en dan suidwaarts na Ghanzi gevolg.¹⁵ Hierdie roete was nou al aan die Boere bekend en die reis het blykbaar sonder enige ernstige voorval verloop. Die tweede gedeelte van die trek, waarby die Steyn-broers was, het 'n onbekende roete gevolg en om die voor die hand liggende redes het dit daarmee minder voorspoedig gegaan. Hierdie groep was een van twee groepe Dorslandtrekkers wat die roete suid van Secheli se stat deur die Kalahari gevolg het.^{15a}

Dit was 'n baie moeilike roete wat vanaf Zwarttruggens oor Ramathlakama, Kanye, Moshaneng, Loeche (Luthle), Kang (Sekuma), Lehututu, Ochis en Okwa na Ghanzi

geloop390/-

10) Het Kerkblad 1.6.1894

11) Gerstenhauer, M.R.: Zur Geschichte der Besiedlung von Deutsch-Südwestafrika. (Beiträge zur Kolonialpolitik 1899-1900 Heft XXI, 1901-02 Heft XXVII, 1902-09 Heft IX)

12) Ibid.

13) Ibid.

14) Het Kerkblad 1.6.1894

15) Gerstenhauer, M.R.: op.cit.

15a) Sien kaart teenoor p.389

ROETEKAART van die STEYNTREK.


en die SESDE DORSLANDTREK

Verklaring:

----- Droë rivierlope en vleie

———— Riviere

->->-> Trekroete



geloop het. Dit was in hoofsaak dieselfe roete wat die reisiger A.W. Hodson tydens sy reis gedurende hierdie tydperk gevolg het.¹⁶

Die eerste swaar dorsstreek het hulle van Loeche na Kang teengekom. Op hierdie afstand moes hulle ses dae en vyf nagte lank sonder 'n druppel water vir hul diere deur dik sand voortsukkel. Om die afstand wel in hierdie tydperk te kon aflê, kon hulle die osse snags net vir 'n uur lank in die juk laat rus en in die dag vir twee rusposes van een uur elk uitspan.¹⁷

Vanaf Kang na Lehututu het daar weer vyf dae en vier nagte van dorsly vir hul diere voorgelê.¹⁸ Terwyl die waens nog 'n dag-en-nag-trek van die water op Lehututu was, is die osse weens onkundigheid op die vierde dag water toe gestuur. Die gevolg was dat die mense „van den doorn soort konkoeni, die in de Vrijstaat ook is, moeten eten voor den dorst”.¹⁹

Van Lehututu na Ochis was daar 'n dorsstreek voor wat weer vier dae en drie nagte se trek vereis het. Nadat hulle hier aangekom het, het hulle nie die roete vorentoe verken nie en moes sewe maande lank hier oorbly voordat hulle na Okwa kon versit. Die trek na Okwa het vyf dae en vier nagte se dorsly geverg.²⁰

Op Noechas (Noega) het die Steyntrek en die Lombardtrek weer bymekaar aangesluit en het daarvandaan onder bevel van Kommandant Lombard verder getrek.²¹

Die Trek swerf nou 'n geruime tyd in die omgewing van die Ngamineer en Tebraveld rond, aangesien die Hererohoofman Tjetoo, van die Tebraveld en Kambazembi van Waterberg hulle 'n deurtog deur hulle gebied geweier het, „und

versuchten391/-

16) Hodson, A.W.: Trekking the Great Thirst; p.147. Sien kaart teenoor p.389

17) Het Kerkblad, 1.6.1894. Sien werklike roetekaart teenoor p.390.

18) Ibid.

19) Ibid.

20) Ibid.

21) Ibid.

versuchten sogar den ganzen Treck in das grosse Durstfeld ostlich Otavi hineinzulocken, und darin untergehen zu lassen".²²

So byna het die hele onderneming op 'n treurspel uitgeloop, maar op die laaste oomblik het die inboorlinge toegegee en kon die trek deurgaan na Grootfontein. „Wij moesten toen om de veeposten trekken.“²³ Hulle moes egter weer 'n dorsstreek van vyf dae en vier nagte deurworstel. Terwyl hulle hier in Damaraland tussen die vyandiggesinde inboorlinge rondgeswerf het, was hulle kos later op en moes hulle net van vleis alleen leef. Die slaggoed was egter baie goedkoop: „van 10 tot 20 patronen voor een slachtkoe; 20 tot 40 voor een slachto, van 4 tot 10 patronen voor een slachthamel“.²⁴

Nadat Grootfontein bereik is, het die grootste deel van die trek voortgegaan na Humpata. Kommandant T.M. Lombard, leier van die hele trek, en veertig gesinne het egter besluit om hulle in die Otavigebed te vestig.²⁵

Nadat die trek Grootfontein verlaat het, trek dit deur Ovamboland. Hier het hulle baie las van diefstal gehad, deurdat hulle in klein groepies moes trek om met die water uit te kom. Vier van die trekkers beland ook in 'n geveg met die Ovambo's. 'n Trekker, Cornelius Grobler, het agtergebly om 'n geweer aan 'n Ovambo-kaptein te verhandel, toe die moeilikheid ontstaan het. In hierdie geveg was betrokke Cornelius Grobler, Gert Groesbeeck, Daniël Roberts en ene Mac Donald. Drie van die vier is deur die Ovambo verwond. Die wonde was egter van minder ernstige aard. Hulle ammunisie het opgeraak en die blankes moes haastig die veld invlug. Twee waardevolle perde is ook deur die vyand doodgeskiet en Grobler se wa met al sy besittings daarop het die booswigte ten prooi geval. Sy vrou en kinders moes twee dae en twee

nagte 392/-

22) Gerstenhauer, M.R.: Zur Geschichte der Besiedlung von Deutsch-Südwestafrika.

23) Het Kerkblad, 1.6.1894

24) Ibid; Gerstenhauer, M.R.: op.cit.

25) Ibid.

nagte in die veld deurbring alvorens hulle by ander Trekkers uitgekom het.²⁶

Sonder verdere wedervaringe bereik hulle die Kunene. Hier ruil hulle kafferkoring, boontjies en pampoene van die inboorlinge. Die gebied was ook wildryk en hulle kon verder in hulle voedselbehoeftes voorsien deur seekoeie, kameelperde, elande, koedoes, gemsbokke en rooibokke te skiet.

Dit was reeds in die winter van 1893. Hulle verneem dat die weiding gedurende hierdie seisoen baie swak op Humpata is en besluit om daar te oorwinter en verder te jag.²⁷

Die trek verdeel hierna in drie groepe van twintig, twee-en-twintig en ses waens. Na die winter trek hulle verder, sodat die eerste groep van twintig waens op 10 November 1893 die plaas van Barend Prinsloo op die Humpata-hoogland bereik. Hier het hulle 'n ruk lank oorgestaan sodat die Boere vir hulle plase kon soek. Die ander twee groepe was toe nog ver agter en het eers heelwat later hul opwagting gemaak.²⁸

Alhoewel die Steyn-broers nie van enige sterfgevalle op die trekkpad melding maak nie, het 'n beriggewer van Het Kerkblad op 1 November 1894 berig dat vyftien persone tydens die trek oorlede is.²⁹

Hierdie trek, net soos die Vierde Trek, en ook latere trekke het heelwat van die voriges verskil in die opsig dat hul deelgenote nie almal lidmate van die Gereformeerde Kerk was nie, maar ook die ander twee susterkerke verteenwoordig

het393/-

26) Het Kerkblad 1.6.1894

27) Ibid.

28) Het Kerkblad 1.10.1894

29) Ibid.

het. Hierdie feit is belangrik in die lig van kerklike kwessies wat later sou ontstaan.

Die Grootfontein-nedersetters

Die lotgevalle van die sowat veertig gesinne onder kommandant T.M. Lombard, wat hulle te Grootfontein en Otavi gevestig het, is breedvoerig deur dr. G.P.J. Trümpelmann in sy boek Die Boer in Suidwes-Afrika, behandel. Ter wille van kontinuïteit is dit egter nodig dat daar kortliks op hul vestiging gelet moet word.

Volgens M.R. Gerstenhauer het hierdie groep onder meer die families Lombard, Fourie, Faure, Joubert, Grobbelaar, Jordaan, Du Plessis, Venter, Diederichs, Meyer en Smit ingesluit.³⁰

Dr. G. Hartman, die Algemene Bestuurder van die South West Africa Company, te Otavi, het baie gedoen om hierdie verarmde Boere in hulle dwingendste nood te help. Op vrygewige wyse het hy hulle van lewensmiddele en werk voorsien, sodat hulle gou weer tot 'n kragtige gemeenskap ontwikkel het. Hulle het die begeerte uitgespreek om hulle in Grootfontein te vestig en is toegelaat om klein wonings op te rig, tuine aan te lê en het as transportryers vir die maatskappy en later vir die 'Schutztruppe' (beskermingstroepe) begin werk. Gerstenhauer sê dat diegene van die Vyfde Trek wat hier agtergebly het, die meer gegoede en bestendigste element van die gemeenskap was. Hulle het meestal in diens van die South West Africa Company getree en hierdie verbintenis het hulle minder nomadies gemaak.

Daar het by die Duitse owerheid nou die gedagte ontstaan om voorlopig in die konsessiegebied van hierdie maatskappy, blanke nedersetters te vestig en om so die weg voor te berei vir Duitse setlaars. Die Duitse goewerneur het 'n

reis394/-

30) Gerstenhauer, M.R.: Zur Geschichte der Besiedlung von Deutsch-Südwestafrika.

reis deur die noorde van Suidwes-Afrika onderneem en het by Grootfontein geleentheid gehad om die Boere van aangesig tot aangesig te ontmoet. Hy kon hulle dus van naderby leer ken en hulle het deurgaans 'n goeie indruk op hom gemaak. Alhoewel hulle slegs tydelik gevestig was, het hulle reeds pragtige tuine en boerderye aangelsê gehad en het goeie oeste gemaak. Hulle het hulle sondermeer aan die Duitse wette onderwerp en het hulle selfs bereid verklaar om in geval van oorlog, aan Duitse kant die wapen op te neem.

Gerstenhauer betreur dit dat die Duitse owerheid so lank gesloer het met die finale vestiging van hierdie Boere. Dit het daartoe gelei dat toe Landeshauptman (goewerneur) Leutwein uiteindelik op die vestiging van 50 gesinne besluit het, daar nog net dertig gesinne in Grootfontein woonagtig was. Eers in Augustus en September 1895 besoek Leutwein Grootfontein om tot 'n finale verdrag met die Boere te kom. Baie Boere het nie slegs weens hul onsekere grondbesit nie, maar ook weens die heersende koors Grootfontein verlaat: „auch weil sie nicht genugenden Verdient hatten - nach Humpata weitergezogen oder südwärts nach Transvaal zurückgekehrt“.³¹

Die verdrag tussen die Boere-setlaars en die Duitse Owerheid het as eerste oogmerk gehad om bestendigheid in die verblyf van die trekkers te bewerkstellig. Hulle kon nou plase van 3 000 Kaapse morg by die Duitse owerheid koop: „sie verpflichtete sich, getreue deutsche Untertanen zu sein, innerhalb der Kolonie Militardienste zu leisten und ihre Kinder deutsch erziehen zu lassen.“³²

Die onderneming om Duitse militêre diens te verrig, het baie gou 'n werklikheid geword, want in 1896 breek 'n omvangryke Herero-opstand teen die Duitse heerskappy uit. Die Boere-setlaars was dadelik in staat om die Duitse besettingsmag met 80 man, onder aanvoering van Kommandant T.M. Lombard en dr.

Hartman 395/-

31) Gerstenhauer, M.R.: Zur Geschichte der Besiedlung von Deutsch-Südwestafrika, Z.B. 1064, L II c3, Bd.2, pp. 21-22

32) Ibid., Ibid., pp.66-67 en 71

Hartman te versterk. Gerstenhauer sê: „Die Furcht vor den Buren hielt die nordlichen Herero unter Kambazembi ab, sich den Aufständischen anzuschliessen“.³³ So het die Boere dan op indirekte wyse 'n baie belangrike bydrae tot die stryd gelewer. Die Dorslandtrekkers, wat vir jare lank hulle bestaan uit jag moes maak, was uiters bekwame skuts. Die Herero het intussen geleentheid gehad om die Boere van naderby te leer ken en daarom hierdie vrees om teen hulle oorlog te maak. Miskien het Kambazembi ook onthou dat dit dieselfde Boere was wat hy in 1893 deurgang deur sy gebied geweier het en selfs met oorlog bedreig het - hulle kon nou die geleentheid aangryp om wraak te neem.

Slegs te Outjo en Palafontein het daar klein skemutselinge tussen die Boere en Herero plaasgevind. Die Herero is egter keer op keer só verpletterend verslaan dat die opstand hier, en in die oostelike deel van Suidwes-Afrika, spoedig iets van die verlede was.

Die Boere-trekkers kon egter nog steeds nie tot stilstand kom nie. In 1897 het weer 'n groep na Humpata vertrek, terwyl ander weer daarvandaan teruggekeer het. Sommige weer het suidwaarts getrek om hulle in die Omarurudistrik te vestig, óf om met die grootpad tussen Windhoek en Swakopmund as transportryers vir die Duitse besettingsmag en handelaars op te tree óf het self met die Herero handel gedryf. Die rede vir hierdie rondtrekkery was dat malaria toentertyd in Grootfontein en omgewing baie straf was en baie slagoffers geëis het. Derhalwe het baie Boere dikwels hulle wonings verlaat en suidwaarts of noordwaarts padgegee.

Hierdie onophoudelike rondtrekkery van die Boere was vir Gerstenhauer aanvanklik onbegryplik en hy skryf: „Dieselben haben sich immer mehr als eigentliche

Trekburen 396/-

33) Gerstenhauer, M.R.: Zur Geschichte der Besiedlung von Deutsch-Südwestafrika, Z.B. 1064, L II c3, Bd.2. pp.21-22

Trekuren, die zum grossten Teil gar nicht den Willen haben, sich mit ihrem Vieh auf einem bestimmten Platze niederzulassen, entpuppt. Am liebsten fahren sie, Weib und Kind mit sich nehmen, Fracht".³⁴

Om 'n einde aan hierdie nomadiese inslag van die Boere soos hulle gemeen het, te maak, is daar van regeringsweë besluit om teen hulle drasties op te tree. Gevolglik is bepaal dat alle Boere binne die verloop van één jaar grond of gekoop of gepag moes hê.³⁵ Hierdie bepaling het egter presies die teenoorge-stelde uitwerking gehad as wat daardeur beoog is. In 1898 het 'n groot aan-tal Boere die Grootfonteingebed verlaat en hulle is langamerhand deur nog meer gevolg. Selfs T.M. Lombard het op 3 Maart aan Sikler van Omaruru 'n brief geskryf en sy bedanking as kommandant ingedien.³⁶ Die Duitse statis-tieke, soos deur M.R. Gerstenhauer aangehaal, toon hierdie ontwikkeling dui-delik aan: „Wahrend am 1.1.1895 in Grootfontein und den 4 benachbarten Farmen 89, am 1.1.96 noch 95 Buren gezahlt wurden, ist am 1.1.1899 nur noch Grootfontein besetzt, und zwar mit 12 Personen, 10 sind in Ovamboland, 2 in Outjo, in ganzen bezirk 27 Buren. Dagegen ist ihre Zahl in Bezirk Omaruru -- Otjimbingwe von 47 im Jahre 1896 jetzt auf 112 gestiegen; davon 63 in Okombahe und Omaruru, die ubrigen meist am Beiwege".³⁷

Intussen is die Duitse besetting in die noordelike gebied uitgebrei. In Ok-tober 1896 word drie nuwe distrikte Outjo, Grootfontein en Fransfontein ge-skep en met sterk veldkommando's beset.³⁸ Op aldrie plekke is daar gedurende 1897 en 1898 groot droogleggingsprojekte aangevoer, waardeur die gesondheids-toestand baie verbeter is. Nadat berigte aangaande hierdie verbeterings

bekend397/-

-
- 34) Gerstenhauer, M.R.: Zur Geschichte der Besiedlung von Deutsch-Südwest-afrika.
- 35) Ibid., Z.B., 1062, L II, cl, Bd.I, p.164; Rohrbach, dr. P.: Aus Südwest-afrikas schweren Tagen, p.29
- 36) Z.B. 1063, L II, c2, Bd.III, p.2
- 37) Gerstenhauer, M.R.: op.cit.
- 38) Rohrbach, dr. P.: op.cit., p.30; Gerstenhauer, M.R.: op.cit.

bekend geraak het, het baie Boere wat tevore weggetrek het, weer teruggekeer, om hulle hierdie keer op regeringsgrond te vestig en nie weer op grond van die South West Africa Company nie.

In 1900 was daar op Grootfontein nog net agt Boeregesinne woonagtig. Hierna het hul getalle jaarliks vinnig toegeneem, terwyl dit in suidelike distrikte afgeneem het. In 1901 het die getal Boeregesinne in noordelike distrikte tot vyf-en-negentig aangegroei. Terwyl dit in Omaruru van tagtig die vorige jaar na agt-en-vyftig in hierdie jaar, gedaal het.

In 1901 het verskeie Boere ook die Outjodistrik beset en baie bekende Boere-plaasname dateer uit hierdie tydperk. In die hieropvolgende jare het die aantal Boere in die noordelike distrikte vinnig aangegroei as gevolg van 'n nuwe emigrasiegolf uit die Transvaal en die Suide van Suidwes-Afrika. In 1902 was daar reeds honderd-vyf-en-veertig gesinne, waarvan negentien in Outjo en honderd-ses-en-twintig in Grootfontein woonagtig was. In 1903 het die getal in Grootfontein toegeneem tot honderd drie-en-vyftig terwyl dit in Outjo na vyftien gedaal het.³⁹

Gerstenhauer sê tereg dat die eerste vestigingsjare van die Boerekolonie in Grootfontein, baie moeilike jare was. Die land was wild en ongetem en die gevaarlike koorssiekte het die besetting daarvan uiters bemoeilik. Hy sien dan ook uiteindelik in dat dit toe vir die Boere beter was om liewer rond te trek en transport te ry en hulle gesondeheid te behou. 'n Ander probleem was hulle afgesonderdheid van alle beskawing - die gebrek aan skool en kerk. Nadat vir 'n kerk en skool voorsiening gemaak is, en die Otavispoorlyn gebou is, het die ware vestiging eers begin.

Nog 398/-

39) Gerstenhauer, M.R.: Zur Geschichte der Besiedlung von Deutsch-Südwestafrika.

Nog 'n Duitse waarnemer wat aanvanklik baie onsimpatiek teenoor die Boere gestaan het, was dr. Paul Rohrbach. Hy het die Boere bestempel as ongelooflik vuil, lui en agterlik. Hulle kon volgens hom beslis nie as leermeesters vir die Duitse nedersetters optree nie. Die paar vaardighede soos die leer van osse, die maak van rieme en spoorsny kon die inboorlinge ook doen en die Boere en hul vadere het dit volgens hom buitendien van die inboorlinge geleer. Alhoewel die Boere die beste grond besit het, was daar geen vooruitstrewende boer onder hulle nie. Die meeste was arm, het baie skuld gehad en in vuil wonings, sonder vloere en glasvensters gewoon en van mieliepap, pampoen en wildsvleis gelewe.⁴⁰ Sedert hulle die land binnegekom het, het hulle eerder agteruit as vooruit geboer. Hierteenoor noem hy 'n Duitser, ene Schulz, wat op Olifantsfontein (waarskynlik voorheen 'n Boereplaas) geboer het, wat sogenaamd 'n reuse sukses van sy boerdery gemaak het. Die Boere se landerye het vir hom veel meer soos die werk, van inboorlinge as na die van blankes gelyk.⁴¹ Hierdie bevooroordeeltheid teenoor die Boere, is egter deur Rohrbach se eie aanraking met hulle uit die weg geruim.

In November 1903 het hy weer Grootfontein besoek en was toe vol lof oor die landerye en waterwerke wat hy op Boereplase waargeneem het. Hy bewonder selfs hul werkkrag en wonder of sulke harde werk in 'n klimaat soos die van Grootfontein nie nadelig vir die gestel is nie?⁴²

Die gebrek aan water in die gebied het uiteindelik 'n struikelblok vir groot-skaalse landbou geblyk. Die voortvarende Rohrbach kom dan tot die slotsom: „Wasser! Sonst bleibt auch dieser gute Norden am letzten Ende doch nur ein land für Trekburen und Minenkaffern”.⁴³ 'n Knellende droogte wat in hierdie

jaar399/-

40) Rohrbach, dr. P.: Aus Südwestafrikas Schweren Tagen, p.30

41) Ibid., p.48

42) Ibid., p.58

43) Ibid., p.63

jaar die land geteister het, het tot gevolg gehad dat baie Boere uit die distrik weggetrek het. In 1904 was nog net veertig gesinne hier woonagtig.⁴⁴

In hierdie jaar het nuwe Herero-opstande weer opgevlam en teen Februarie het reeds meer as honderd blankes in die gebied omgekom. Die Herero-hoofman, David, seun en opvolger van Kambazembi het dadelik deur bemiddeling van Johannes Kruger van die plaas Gaub, twee briewe aan die Boere Lombard en Poolman laat skryf. Hierin vra hy verskoning vir 'n aanval van Omanasse op hulle, aangesien dit 'n vergissing was. Hy het hulle versoek om die waens wat hulle agtergelaat het, te kom haal. Die Herero het nie oorlog teen die Boere gemaak nie. Poolman wat op maatskappygrond geboer het, is meegedeel dat die Herero ook nie teen die maatskappy oorlog maak nie, maar slegs teen die Duitse Owerheid.⁴⁵

Die Boeregemeenskap het inderwaarheid gedurende hierdie opstande weinig skade gely. Rohrbach wat dadelik weer teen die Boere standpunt ingeneem het, het beweer dat dit was omdat hulle almal naby die militêre pos gewoon het en maklik daarheen kon vlug.⁴⁶

Die Boere het nieteenstaande hierdie ongegronde insinuasie nie neutraal tydens die opstand gebly nie. Hulle het aan Duitse kant die wapen opgeneem en onder meer in die geveg van Uitkomst verskeie van David se volgelingen gedood. In hierdie veldslag is ene Du Plessis verwond.⁴⁷ Tewens dit staan sterk te betwyfel of die Duitse beskermingsmag daarin sou geslaag het om die Herero en die daaropvolgende Witbooi-opstande sonder Boere-hulp te onderdruk.

Dit 400/-

44) Rohrbach, dr. P.: Aus Südwestafrikas Schweren Tagen, p.105

45) Ibid., p.112

46) Ibid., p.105-08

47) Ibid., p.108-110

Dit was hulle kennis van die inboorling, hulle veldkennis en wapenhulp wat die deurslag in die guns van die Duitse magte gegee het.

Die Sesde Dorslandtrek

Ds. L.P.Vorster het teen die einde van 1893 nog 'n trek van vyftig waens wat in Maart van daardie jaar uit Transvaal vertrek het, op Humpata verwag. Die laaste tyding wat hy van hulle ontvang het, was toe hulle by Ghanzi aangekom het.⁴⁸

Weinig besonderhede oor die samestelling van hierdie trek het bewaar gebly. Dit blyk egter dat hulle ook die roete van die Steyndeel van die Vyfde Trek deur die suidelike Kalahari gevolg het.^{48a} Hulle het ook byna verdors, maar het gelukkig volop tsammas gevind, waarmee hulle hul dors kon les.⁴⁹

Die trek het in Desember 1893 nog tussen Kameelpan en Ghanzi gestaan. Die mense het toe al soveel ontberings deurgemaak dat hulle nie eens Geloftedag gevier het nie. Hierdie trek is vergesel deur 'n Duitser, Ferdinand Siemens, wat as sekretaris, dokter, vroedvrou en in ander hoedanighede opgetree het. Hy het 'n dagboek gehou, waarin hy sekere interessante gegewens opgeteken het. Op 25 Desember 1893 skryf hy o.a.: „Christmest het still voorbij gegaan niet een het iets gemaakt”.⁵⁰

Oujaarsdag 1893 het op 'n Sondag geval wat volgens Siemens aan godsdiensoefeninge en kinderskool gewys is. „Nieuwe Jaar het regend dag en nagt de dansplek was klijn maar ons maak so”.⁵¹

Die 401/-

48) De Maandbode 1.9.1893

48a) Sien kaart teenoor p. 390

49) Green, Lawrence: Lords of the Last Frontier, p.172

50) Von Moltke, J.J.: Vrolikheid op ons Voorposte, Die Huisgenoot 23.11.1945

51) Ibid.

Die trek het lank op Rietfontein oorgestaan en toe kortpad deur Ovambo-land na Angola gevat. Hier was hulle in 'n skermutseling met die vyandig-gesinde Ovambo betrokke. Oom Kalwernaus (Frederick) van Rensburg, 'n grys-aard van vier-en-tagtig jaar, het voortdurend teen naderende onheil gewaar-sku en gedreig, om alleen te perd na Transvaal terug te keer.⁵² Gerstenhauer was van mening dat 'n deel in werklikheid ook na Transvaal teruggekeer het. Dit blyk egter dat die trek in twee verdeel het en dat een deel na Ghanzi teruggekeer het.⁵³

Voordat die ander deel van die trek Angola bereik het, het oom Kalwernaus van Rensburg selfmoord gepleeg deur hom by Kahama aan 'n boom op te hang.⁵⁴

Die deel van die trek wat na Ghanzi teruggekeer het, is vir baie lank baie voorregte ontsê. In September 1919 is hulle deur ds. M.P. Laubser besoek met die doel om daar 'n skool tot stand te bring. So moeilik het dit met hierdie groepie gegaan dat ds. Laubser berig: „Ek hoor dat twee jonge boere-mense in Ghansies Land verlede jaar deur 'n Kaffer sendeling getroud is, omdat hulle geen predikant kon kry nie.“⁵⁵ Sommige van hierdie mense het tot 1924 hier bly woon.

Trekke na 1902

Hierdie trekke sou bestaan uit persone wat ontevrede was met die ondergang van die Boere-republieke en wat van die Engelse oorheersing wou wegvlug. Teen hierdie tyd egter was die beste roete deur die Kalahari al goed bekend en ons hoor nie meer van besondere ontbering wat hulle moes verduur nie. In die begin van 1900 was daar dan ook sprake van 'n geweldige uittoeg van Transvalers na Suidwes-Afrika. In April 1900 berig die Alldeutscher Verbond:

„dass 402/-

52) Green, Lawrence: Lords of the Last Frontier, p.172

53) Gerstenhauer, M.R.: Zur Geschichte der Besiedlung von Deutsch Südwestafrika; Preller - Versameling, Bd. 53, A787 (Reisbeskrywing van ds. M.P. Laubser in koerantuitknipsel)

54) Chapman, W.J.B.: Memoirs, p.67; Green, Lawrence: op.cit., p.172

55) Preller - Versameling, Bd. 53, A787.

"dass ein grosscher Treck van etwa 15 000 Buren nach Deutsch - Südwestafrika geplant ist."⁵⁶

Die Duitse Owerheid het sedert 1900 die infiltrasie van 'n beperkte aantal Boere verwelkom veral om die volgende rede: "Die Ankunft der Trekburen bringt daher für unsere Ansiedler ein kostbares Gut, welches wir bis jetzt in Süd-afrika kaum besitzen, weisse Frauen". "Damit wäre eine grosse Gefahr für Südwestafrika beseitigt, das Emporkommen einer nicht intelligenten und ehrgeizigen Bastard bevölkerung".⁵⁷

Die Kaapse koerante het sedert 1900 vurglik gespekuleer oor wat die gevolge van die Britse oorname van die Republieke sou wees. So berig The Cape Times op 7 September 1900: "The occupation of Lydenburg is regarded by the burghers here as one of the last stages of the war. The annexation proclamation has been distributed. I find from various sources, chiefly Boer, that there appears to be still a determination on the part of many to make a combined trek into German territory".⁵⁸

Na die vertrek van President Kruger berig dieselfde koerant: "Dr. Leyds in an interview, contends that the flight of ex-President Kruger by way of Delagoa Bay to Holland will in no way affect the war. He asserts that a trek to Damaraland will be the last resort of the Boer, and that this will be the probable end of the struggle".⁵⁹

Die Duitse Owerheid het selfs maatreëls getref om die uitgewekenes finansieël te help: "Auf grund den uns vom Auswärtigen Amte, Kolonial-Abteilung, zugegangen Entschliessung von 13 März 1902, welche uns für die Unterstützung der

nach 403/-

56) Z.B. 1064, L II c3, Bd. II

57) Ibid.

58) The Cape Times 7.9.1900

59) Ibid., 14.9.1900

nach Deutsch Süd-West-Afrika zu dauern der dartigen Ansiedlung geflüchteten Buren-Familien ihre zustimmung gegeben hat, haben wir der Legationskasse des Auswärtigen Amtes sogleich M. 10 000 ----- für diesen Zweck zur Verfügung gestellt".⁶⁰

Uiteindelik het in hierdie jare ongeveer 85 gesinne ge-emigreer.⁶¹ Daar is reeds daarop gewys hoe baie van hierdie gesinne weer in 1903 Grootfontein distrik verlaat het. Dit kan met stelligheid aanvaar word dat baie van hulle na Portugese gebied uitgewyk het.

Gedurende 1905 het 'n trek van agt tot tien waens met elf gesinne uit die Transvaal vertrek. Dit het onder andere bestaan uit die gesinne van Karel Ludeke (sr). Hans Ludeke, Karel Ludeke (jr), Frederik Ludeke, Jan van Zyl en Johannes Jacobus van der Linde. Die hoofrede vir hierdie trek was ook maar dat hulle nie onder die Engelse bewind wou staan nie. Die hele groep was Hervormde lidmate. In Angola het hulle egter by die Gereformeerde kerk ingeskakel.⁶²

Selfs in 1906 is nog trekke uit Transvaal in Suidwes-Afrika verwag. So skryf H. van Buren aan die Duitse-Konsul in Kaapstad op 21 Julie 1906: "When will the next trek take place and from where will they start?"⁶³

Mev. A. Meyer, eggenote van die later bekende Ernst Meyer, verklaar dat in 1912 'n groepie bestaande uit Flip Botha en sy kinders, sy skoonseun Piet

du Flooy404/-

60) Z.B. 1064, L II, c3, Bd. II, p.210

61) Ibid., p.119

62) Le Roux, mev. Johanna Jacoba: (Gebore v.d. Linde) Herinneringe (Opgeteken te Mariental op 5.10.1965)

63) Z.B. 1063, L. II, c2, Bd. III, p.198

du Plooy en sekere Van Staden broers uit Transvaal na Angola vertrek het.⁶⁴
Ongeveer dieselfde tyd het drie Scholtz broers en 'n Lamberts uit Suidwes-Afrika Angola toe getrek.⁶⁵

Nog 'n trek van redelike omvang het in 1912 vanaf Kalkfontein-Suid, in die suide van Suidwes-Afrika, na Ngamiland vertrek. Die trek het aanvanklik bestaan uit ses gesinne, insluitende een kleurlinggesin. Die kleurling, Gideon Brits, was as smid in diens van Johannes Jurie van den Berg, wat as leier van die trek aanvaar is. Die gesin van Andries Ferreira het op Stamprietfontein agtergebly. Die geselskap het hierna bestaan uit die gesinne van Johannes Jurie van den Berg, sewe siele in getal, Alexander Behr ('n skoonseun van Van den Berg) met vier siele, Willem Mostert (nog 'n skoonseun) met vyf siele, Floors du Plooy (ook 'n skoonseun) met drie siele en die gesin van Gideon Brits.⁶⁶

Die trek het oor Gobabis na Rietfontein en Ghanzi beweeg. By hulle aankoms hier was die Ghanzifontein reeds opgedroog. Hier tref hulle die Lewis-broers Christiaan, Piet, Louw en John aan. Tant Sannie Lewis, die moeder van die Lewis-broers, was uit die Transvaal afkomstig. Hier was ook die weduwee, tant Mienie du Flessis met haar gesin, Jan Marnewik, twee Engelse Bobby Smith en ene Evans, Michiel en Jacob Taljaard en oubaas Koos van Staden woonagtig. Die Van Staden-broers Willem en Koos, seuns van oom Koos, is hier aan malaria oorlede. Oubaas Koos van Staden was die skoonvader van die Taljaard-broers en die twee Engelse.

Terwyl hulle hier woonagtig was, het hulle dikwels troppe slagbeeste deur die Kalahari na die naaste spoorwegstasie in Betsjoeanaland (Botswana) aangejaag. Die roete wat hulle gevolg het was die suidelike roete wat ook deur die Steyn-trek in 1892 gevolg is.⁶⁷

Vanaf405/-

64) Meyer, mev. A.: Herinneringe (Opgeteken te Pretoria op 21.2.1969)

65) Ibid.

66) Van den Berg, J.A.: Herinneringe (Opgeteken te Mariental op 19.10.1965)

67) Ibid.

Vanaf Ghanzi het die trek na die Ngamimeer versit en daarvandaan na die stat van Matebe (Maun). Die magistraat op Maun was toe ene, Streicher. Hier-vandaan volg hulle die ou Dorslandtrekroete tot aan die Okavango. In die bos-streke waardeur die Van den Berg-trek gegaan het, was die diep waspore van die Dorslandtrekkers nog steeds sigbaar. Afgekapte boomstamme waarom bosgasies uitgegroeï het, het aangedui dat die pad daarlangs oopgekap was. In hul trek noordwaarts het hulle op die spore van die Greyling-trek tot aan die Okavango beweeg. By Endara moes hulle 'n maand lank oorbly vanweë 'n Spaanse griep-epidemie wat hulle oorval het. Die trek het nou bestaan uit die gesinne van Johannes Jurie van den Berg, Floors du Plooy, Alexander Behr, Jacob Taljaard, Stephanus Smit, Naas du Plessis, tant Miemie du Plessis, Johannes van den Berg en Johannes Jacobus Louw. In totaal vyf-en-dertig siele.⁶⁸

Hulle reis gaan hiervandaan oor die Quito- en Kwanzariviere na Silva Porto en die Boere-nedersetting te Sekonjamba. Later vertrek almal hiervandaan en versprei oor die hele Angola.⁶⁹

Hierdie trek het Angola eers in 1924 bereik en was dus twaalf jaar lank aan die rondswerf. Mev. Cornelia Smit het van die trekkers se wedervaringe van-dan hulle Ghanzi verlaat het 'n dagboek gehou.⁷⁰

Reeds kort na hul aankoms het die trekgees weer die Boere beetgepak. Die Van den Berg-trek was dus van die laaste Boere wat Angola toe getrek het.

..... 406/-

68) Van den Berg, J.A.: Herinneringe (Opgeteken te Mariental op 19.10.1965)

69) Ibid.

70) Ibid.

HOOFSTUK XIV

ONDERWERPING VAN DIE SWARTMAN IN ANGOLA

Vir meer as vier eeue nadat die eerste Portugese vlag op die Wes-Afrikaanse bodem geplant is, het die land wat ons vandag as Angola ken slegs één duidelike onmiskenbare grens gehad - die Atlantiese Oseaan. Die noordelike grens is nouliks 'n eeu gelede deur België en Portugal vasgestel. Toe die Dorslandtrekkers die land binnegetrek het, was daar in werklikheid van 'n oos- en 'n suidgrens nog geen sprake nie, hoewel denkbeeldige grense op die landkaart aangetoon is.

Die Portugese het destyds op die hele sentrale deel van Afrika van die Atlantiese- tot die Indiese Oseaan aanspraak gemaak. Aan die Weskus het hulle suidwaarts tot by Kaap Frio as Portugese gebied beskou. Om hulle gesag op hierdie gebiede wat hulle nog nie beset of verower het nie af te dwing het hulle van allerlei twyfelagtige metodes gebruik gemaak. 'n Tipiese voorbeeld hiervan het in September 1883 plaasgevind: W.J.B. Chapman was destyds in geselskap van die Finse sendeling, eerw. Reijonen, en die handelaar Dirk Black in die stat van hoofman Nambati van die Ukuanjama-stam. Op 'n dag het hulle gemerk dat 'n Portugese vlag aan 'n paal op die dak van 'n huis wat deur 'n Portugese handelaar vir die hoofman gebou is, wapper. Na 'n ruk is dit weer verwyder. Dit het toe geblyk dat die hoofman deur die Portugese handelaar oorreëde is om hom van 'n vlag te voorsien. Hierdeur sou die hoofman sogenaamd sy aanspraak oor die gebied kon bevestig. Toe eerw. Reijonen vir Nambati daarop wys dat dit inderwaarheid 'n Portugese vlag was, het hy dit dadelik laat stryk.¹

In Suidoos-Angola was daar etlike Ovambo-hoofmanne: wat tot aan die begin van hierdie eeu hulle onafhanklikheid gehandhaaf het, nieteenstaande die feit dat volgens die landkaart hul stamgebiede binne Portugese gebied geval het.

Dit 407/-

1) Chapman, W.J.B.: Memoirs, p.25

Dit was eers na die verskyning van Boerekrygers op die toneel dat die Portugese met eersgenoemde se vrywillige hulp daarin geslaag het om die inboorlinge te onderwerp en hul gesag te vestig, sodat daar duidelike grense vasgestel kon word.

Tot in 1915 het die Boere een veldtog na die ander vir die Portugese geveg, "but tribesmen who had easily defeated the Portuguese learnt at last that the Boers never lost a battle".² Die Nederlandse reisiger Veth se mening was: "De groote waarde van de Boerenkolonie voor het Portugeesch Gouvernement is vooral gelegen in hare weerbaarheid".³ Verdediging in Angola is uiters gebrekkig gehanteer. Dit was ten nouste met die plaaslike bestuur verbind, want dit was altyd 'n offisier van die koloniale leër wat as chefe oor 'n gebied aangestel is. Hy moes dus tegelykertyd as burgerlike en militêre amptenaar optree. Buitendien was hierdie amptenare deurgaans in die eerste plek handelaars en het as sodanig altyd hulle eie belange voorop gestel. Die Portugese owerheid was egter vanweë die swak vergoeding wat hierdie amptenare ontvang het, genoodsaak om hierdie wanpraktyk in al sy kolonies toe te laat.⁴ Die soldatekorps was van 'n nog swakker gehalte as die offisiere en het bestaans uit 'n samevoeging van verbanne blanke misdadigers en inboorlinge wat tot diens in die leër gevonniss is. Die weerbaarheid van die leër was dus ongelooflik swak. "Vandaar dat de last der landsverdediging thans bijna geheel op de Boeren rust,"⁵ het Veth geskryf.

Die Portugese gevegseenhede het sommer gevlug of gedros en kon soos stompsinnige diere uitgedelg word. Die offisiere was totaal onbekend met Afrika

en 408/-

2) Green, Lawrence C.: Lords of the last Frontier, p.172

3) Veth, dr. P.J. en Snelleman: Daniel Veth's Reizen in Angola, p.306

4) Ibid., pp.306-7

5) Ibid.

en met plaaslike metodes van oorlogsvoering. Hulle het dikwels verdwaal, hulle was van inboorlinge afhanklik vir vervoer, kos, herberg en inligting. Hulle kon maklik deur die goedgewapende, geharde en ingeligte inboorling-impis oorrompel word. Die Boere-segsmen, Andries Alberts kon dan ook tereg verklaar: „So 'n klein, onhandige, onnosele troepie (bedoelende die Portugese) kon die wilde, woeste, ruie, ruwe land nooit beset het nie.”⁶

Die Boere-trekkers is gerugsteun deur eeue se ondervinding in Afrika en elke omstandigheid was aan hulle bekend. Hulle het beskik oor 'n vervoermiddel, die ossewa, en hulle was as ervare jagters die beste perde-ruiters en skerpskutters in die hele wêreld. Hulle veldkennis, hulle krygstaktiek, hulle skerpsinnigheid, wat in twee Engelse oorloë wêreldbekend geword het, het soos 'n ryp appel in die Portugese skoot geval.⁷ Artur de Paiva wat dadelik met 'n Boeremeisie getroud is, het geweet hoe om dankbaar daarvan gebruik te maak. Van daardie oomblik af het die Boerekommandos en verkennerkorpses as sneltroepe gedien. Ossewaens wat in Portuges „Boere-waens” heet, het die vervoer van krygsmateriaal, sowel as handelware verseker. Doeltreffende metodes, kunste en instinkte wat die Boerevolk twee eeue geneem het om vir Afrika te ontwikkel, het hul nut bewys toe De Paiva die een reuse sukses na die ander behaal het.

Hy het feitlik die hele Angola wat die Portugese in die vier eeue sedert die ontdekking daarvan in 1645, nie kon onderwerp nie, in tien jaar beset. Engeland, Duitsland en ander lande was nou, deur die Boere se onverwagte tussenkoms, verplig om Portugal se gesag te erken. De Paiva is met roem en eer oorlaai.⁸

..... 409/-

6) Alberts, A.: Herinneringe, p.12

7) Ibid.

8) Alberts, A.: op.cit., p.12; V.d. Merwe, P.J.: Ons Halfeeue in Angola, p.21

Eerste botsings

Die Boere het spoedig na hulle aankoms in Angola in een na die ander veldtog teen die inboorlinge betrokke geraak. W.J.B. Chapman sê dat nadat die Portugese owerheid nou so 'n groot aantal Boere tot hulle beskikking gehad het, "they considered it an easy matter to arrest and subjugate the natives whom hitherto they had not dared to interfere with".⁹

Pedro Augusto Chaves, offisier van die Tweede Linie, (segunda linka) is in 1881 gestuur om die hoofman van Gambos, Ongambe, te arresteer. Hy het ter uitvoering van hierdië taak die dienste van Jan Harm Robbertse, Johannes Kruger en Willem de Klerk verkry. Die Boere is egter eers oor die werklike doel van die sending ingelig toe hulle op Gambos aankom. Tot hulle ontugtering het hulle dadelik besef dat hulle patrollie te klein was om so 'n gevaarlike sending ten uitvoer te bring. Om nie as lafaarde beskou te word nie, het hulle egter ingewillig om deel te neem aan 'n plan van luit. Chaves. Hiervolgens, moes Jan Robbertse 'n geskenk aan die hoofman oorhandig en hom dan vasgryp en in hegtenis neem. Om nie agterdog te wek nie, het die patrollie ongewapen Ongambe se stat binnegegaan. Ongambe se volgelingen het deur die plan gesien en op die patrollie begin skiet. Johannes Kruger is gedood en Willem de Klerk verwond. Jan Robbertse het net betyds sy geweer bereik om die ontvluggende Ongambe, voordat hy veiligheid kon bereik, dood te skiet. Dit was die eerste voorval met inboorlinge waarin die Boere in samewerking met die Portugese betrokke was. Dit het aan laasgenoemde getoon van watter staal die Trekkers gemaak was.¹⁰

In dieselfde jaar het die Ovabarandu wat sonder 'n hoofman was, in Ovambo-land die handelaar Harry Bowe van 90 beeste en al sy besittings beroof en een van sy bediendes vermoor. A.W. Eriksson en verskeie van sy vriende wat te Humpata op besoek was, het in 'n kommando'tjie van sowat 30 perderuiters

oor 410/-

9) Chapman, W.J.B.: Memoirs, p.12

10) Ibid.

oor die Kunene vertrek om die booswigte te straf. Die strafekspedisie het geen Boere ingesluit nie, maar Chapman en 'n aantal half-beskaafde swart bediendes het dit meegemaak.¹¹

Op Gambos het Sebastian Feireira da Silva wat deur die Portugese owerheid gestuur is om die plek waar die moord gepleeg is, te beset en die inboorlinge te straf, hom by hulle aangesluit. Hulle het vanaf Omwuthia in Ovamboland teen die boosdoeners opgetrek. Die hoofman van Ongandjida het hulle van gidse vir die doel voorsien. Dit het egter spoedig geblyk dat hierdie gids-impli wat met gewere bewapen was, inderwaarheid bondgenote van die vyand was. Die vyandige inboorlinge het in hul welige kaffer-koringlande weggekruip en die strafekspedisie kon slegs 'n paar van die booswigte doodskiet. Die verraderlike hoofman is egter kort daarna deur sy eie broer om die lewe gebring.¹²

Volgens die ooreenkoms wat in 1880 tussen die emigrante-Boere en die Portugese owerheid gesluit is, is bepaal dat die Boere die reg sou hê om hulle teen inboorlingaanvallers te verdedig; maar nie die reg sou hê om 'n aanvallende oorlog teen die inboorlinge te voer nie. In gevalle van veediefstal of moord moes die regeringsamptenaar se hulp ingeroep word.¹³

Gedurende 1885 het De Paiva die eerste strafkommando teen inboorlinge, wat die Boere so vee gesteel het, in die Humpata-omgewing toegelaat. Die sewentigjarige Hermanus Grobler, skoonvader van kommandant J.F. Botha, is in hierdie veldtog beseer toe 'n skoot loskruit in sy gesig ontplof het.¹⁴

In 411/-

11) Chapman, W.J.B.: Memoirs, p.12

12) Ibid.

13) V.d. Merwe, P.J.: Ons Halfeeue in Angola, p.46

14) Chapman, W.J.B.: op.cit., p.18

In November 1885 het die Humbe-inboorlinge teen die Portugese owerheid ge-rebelleer. Die handelaars wat hier woonagtig was het almal in die huise van twee van hulle kollegas gevlug en hulle hier verskans. Hulle is deur die opstandiges omsingel, dog Francisco d'Almeida, een van die omsingeldes het daarin geslaag om met behulp van 'n betroubare diensbode 'n brief aan sy broer Antonio op Humpata te stuur. Hulle het hierin dringend om hulp ge-smeek.

Aanleiding tot hierdie omvangryke verset het gespruit uit die feit dat 'n Portugese handelaar, Andrade, bygestaan deur 'n aantal goedgesinde inboor-linge, kort te vore probeer het om die Okuamati-hoofman, Chahungo, in hegtenis te neem. Andrade se geselskap is in die Muponibos deur die Ombandja-stam in 'n hinderlaag gelok en uitgewis. Die Ombandja het Andrade se kop as 'n trofee aan Chahungo gestuur. Een van Andrade se volgelinge wat 'n goeie hardloper was, het ontsnap en die tyding in verband met die bloedbad na Humbe gebring.¹⁵

Die owerheid het besluit dat 'n strafekspedisie uitgestuur moes word. Die meeste Boere het hulle hierby aangesluit. In hierdie oorlog "heeft hunne kleine schaar de door vier of vijf stammen van inboorlingen belegerden blanken herhaaldelijk ontzet of van levensmiddelen voorzien."¹⁶ Die Humbe-inboorlinge het tydens hierdie opstand versterking ontvang van die Ombandja of Okuamati-stamme oorkant die Kunene.¹⁷

Die Ekspedisie teen Maranga 1885

In Februarie 1885 is twee Franse reisigers deur die Efandistam wat tussen die Kunene en die Okavango woonagtig was, vermoor. Die Portugese owerheid het Boere-vrywilligers gepra om die inboorlinghoofman, Maranga, en sy volk te gaan straf.¹⁸

Agtien 412/-

15) Chapman, W.J.B.: Memoirs, p.23

16) Veth, dr. P.J. en Snelleman: Daniel Veth's Reizen in Angola, p.307

17) Chapman, W.J.B.: op.cit., p.23

18) Ibid., p.30; Van der Merwe, P.J.: Ons Halfee in Angola, p.42

Agtien Boere en drie van hulle ou makvolk het hulle aangemeld en op Caconda het tien Damaralandse Basters en een oorlamse swart jong by die kommando'tjie aangesluit. Die ekspedisie is gelei deur luit. Costa en tweede-luitenant De Paiva.¹⁹ Van Portugese kant is dit verder vergesél deur die chefe van Caconda, Everisto de Almeida, sersant Batista, een blanke Portugees José de Silva en honderd swart soldate.

Die strafgeselskap het regoor Maranga se stat die Kunene oorgesteek en die waens aan die westekant van die rivier gelaat. Die oortog is gedurende die nag onderneem, sodat hulle teen dagbreek Maranga se stat en die omliggende statjies gelyktydig kon aanval. Die inwoners van die kleiner statjies het 'n paar skote in die lug afgeskiet en op die vlug geslaan. By Maranga se stat het dit gou duidelik geword dat geweervuur niks sou kon uitrig teen die paalmuur om die stat nie. Die inwoners het met 'n hewige geweervuur op die aanvallers losgebrang en was so goed agter klippe verskuil dat hulle nie deur die teenvuur getref kon word nie.

Die aanvalsmag was egter met 'n kanon toegerus en het hierdie wapen aan die noordoostekant van die stat opgestel en heel gou verskeie openinge in die paalomheining geskiet. Hierdie kragtige aanslag het die inboorlinge op die vlug laat slaan en Maranga self is al vlugtende deur 'n koeël gedood. Aan die aanvallers se kant is Jan van der Merwe gewond en die Baster, Bêrend Beukes, het 'n koeëlwond in die bors ontvang waaraan hy agt dae later beswyk het.²⁰ Die Efandistam is egter onderwerp.

Chapman het die strafgeselskap op hulle terugtog by die Kunenedrif teengekom. Hiervandaan het hy in geselskap van Barend Prinsloo en nog 'n aantal Boere langs die Kunene af na Damaraland gereis om seekoeie te jag en handel

te 413/-

19) Chapman, W.J.B.: Memoirs, p.29; Van der Merwe, P.J.: Ons Halfee in Angola, p.43

20) Ibid., Ibid.

te dryf met die inboorlinge. Die hoofman van Mulondo het in navolging van sy optrede teen Portugese handelaars, Chapman se handelware teen sy eie pryse opgeëis. Chapman het nou geweier om met hom handel te dryf en besluit om oor Otjitere te reis. Die bebaarde ou hoofman Dungula het probeer om die handelsgeselskap voor te keer, maar moes later sy pogings laat vaar.²¹

Kort daarna het die Portugese chefe van Gambos aan Dungula 'n Portugese vlag geskenk. Om aan die Portugese te toon wat hy van hulle gesag dink, het die hoofman die vlag in stukkies geskeur en in sy gebied versprei.²²

Die ondernemende handelaar Manuel Ferreira Pinto wat aan die westelike oewer van die Kunene, net suid van Mulondo gevestig was, het hierop die Portugese owerheid versoek om hom van gewere, patrone, kruit en lood te voorsien sodat hy Dungula kon arresteer. Vergesél van sy eie gevolg en 'n aantal vrywilligers het hierdie brawe Portugees inderdaad daarin geslaag om vir Dungula en sy aangewese opvolger en neef, Minni-Tjihassa, sonder weerstand gevange te neem en aan die goewerneur van Mossamedes, senhor Montinegro, uit te lewer.²³ Van Manuel Ferreira Pinto sê Chapman: „He was the bravest Portuguese I had ever known”.²⁴

Na sy terugkoms van sy handelstog langs die Kunene af, het kapt. Pedro Augusto Chaves, Chapman teengekom en hom versoek om 'n aantal Boere-vrywilligers te werf om hom op 'n strafekspedisie na Cahallo in die Noorde, onderkant die Serra de Chellabergreeks, te vergesél. Chapman het na Humpata gereis en die gevraagde vrywilligers op die voorwaardes wat aan hom gestel is, gewerf. Hulle het na Huila vertrek waar hulle Chaves ontmoet het. Hier het 'n paar Boere daarop aangedring om die voorwaardes waaronder hulle sou

optree 414/-

21) Chapman, W.J.B.: Memoirs, p.29

22) Ibid., p.30

23) Ibid.

24) Ibid., p.30

optree uit Chaves se eie mond te verneem. Hierdie versoek is blykbaar gerig na aanleiding van die Boere se vorige optrede saam met Chaves en die dood van Johannes Kruger. Chaves was hieroor so ontsteld dat hy te kenne gegee het dat die Boerekorps liewers huis toe moes gaan om hul vrouens en kinders op te pas. Die Boere het dit terstond ook gedoen. Hulle sou hulle nie 'n tweede maal deur Chaves laat mislei nie.

Chaves het sy strafekspedisie dus sonder Boere-ondersteuning aangepak. Nog voordat hy Cahallo bereik het, is hy deur opstandelinge aangeval. Hulle het sy perd en ammunisiekar met die hele vrag gebuit en Chaves moes te voet na Huila terugkeer. Die opstandelinge het na onderhandeling die perd en 'n deel van die ammunisie egter weer aan die Portugese op Huila uitgelower.²⁵

In 1886 het die Portugese owerheid uit Lissabon opdrag gegee dat daar as gevolg van die voortdurende opstandigheid van die inboorlinge in die omgewing in die binneland van Mossamedes, twee forte opgerig moes word. Vir hierdie doel is die Boere weer opgeroep en Chapman het die geselskap vergesél. Luit. Artur de Paiva was in bevel van die ekspedisie. 'n Fort is te Donga en nog een te Lucque opgerig en Maj. Margus en 'n tweede-luitenant van die Portugese leer is met afdelings soldate agtergelaat om die stellings te beset.²⁶ Die ongesonde omgewing het tot gevolg gehad dat Frans Smit aan malaria beswyk het. Die ekspedisie het eers in Augustus weer hul tuiste bereik.²⁷

In 1889 het die inboorlinge aan die Okavango weer gerebelleer en 'n Portugese fort afgebrand. Boerevrywilligers is gewerf om die opstandiges te gaan straf. 'n Dertigtal Boere het op die oproep gereageer en die opstand is maklik onderdruk.²⁸ Die Boere het toe opdrag gekry om die vlugtende vyand tot by die

Cututa- 415/-

25) Chapman, W.J.B.: Memoirs, pp.30-31

26) Ibid., p.30; Van der Merwe, P.J.: Ons Halfee in Angola, p.43

27) De Maandbode 1.12.1889

28) Chapman, W.J.B.: op.cit., p.31

Cututa- en Cuchiriviere te agtervolg. 'n Aantal van die rebelle, insluitende die hoofman, Chiwako is in hegtenis geneem en aan luit. De Paiva oorhandig om na Humpata geneem te word.

Chapman en Andrew Jackson Pearson het by De Paiva beswaar gemaak oor die wrede wyse waarop die gevangenes behandel is. Dit het die gewenste gevolg gehad want De Paiva het die mishandeling daarna verbied. Na hierdie voorval sê Chapman: "We, the Boers, Pearson and I decided to take no more prisoners but to allow them to escape".²⁹

Die Ekspedisie teen Dunduma in die Noorde 1890-1

In 1890 het die Portugese overheid besluit op die verowering van die Bihé- of Vijegebied.^{29(a)} Hierdie gebied is bewoon deur een van die grootste stamme in Angola.

Die beroemde Portugese baanbreker-handelaar, Silva Porto, wat hier gevestig was, het die overheid versoek om 'n strafkommando teen die opstandige inboorlinge te stuur. Dit is beloof en Silva Porto het Dunduma, die opstandige opperhoof hiervan in kennis gestel. Die getalm met die beloofde militêre hulp het Porto desperaat gemaak en eerder as om in die hande van die dreigende inboorlinge te val, het hy hom in 'n Portugese vlag toegedraai en met 'n vaatjie buskruit opgeblaas.³⁰

Toe die nuus van Silva Porto se dood Lissabon bereik, is dadelik besluit om die gebied te beset. Vir hierdie doel is onmiddellik Boerevrywilligers gevra. Chapman sê: "Whenever an important expedition was to be organized and the Boers were called up to take part in it, they were treated with much respect and the usual fine promises made that the Titles to their lands would be given to them".³¹

Kort 416/-

29) Chapman, W.J.B.: Memoirs, p.32

29(a) Bihé is 'n Portugese omvorming van Vije.

30) Ibid., p.54

31) Ibid.

Kort voor die Vije-veldtog in 1890 het die goewerneur Humpata besoek en gure aanmerkings t.o.v. die Boere kwytingeraak. Die Boere het daarvan te hore gekom en geweier om aan die veldtog deel te neem. Die gevolg was "that His Excellency had to submit to the humiliating circumstance of begging to be excused for what he had said as it was not intended as an offence".³² Eers na verskoning aangebied is, was die Boere gewillig om aan die veldtog deel te neem. Hierdie voorval dui weer daarop dat die Boere op hul eer gesteld was en geen beledigings van hierdie aard wou duld nie.

Die Portugese het geglo dat Dunduma oor 'n sterk leër beskik het en het 'n groot krygsmag, vergesél van die meerderheid Humpata-Boere teen hom uitgestuur.³³ Die Boere het ook hulle gesinne saam op Kommando geneem aangesien hulle hul nie vir 'n onbepaalde tyd onbeskermd kon agterlaat nie. Onder aanvoering van majoor Artur de Paiva het die Boere-kommando in Augustus 1890 eers na Huila en daarvandaan na Vije vertrek.³⁴ Die Portugese invalsmag is ook met kanonne en masjiengewere toegerus. Die grootste deel van die manskappe het te perd of op muile gery.

Voordat Dunduma se stat bereik is, het 'n impi verskyn en die invalsmag verwittig dat dit nie toegelaat sou word om verder te trek nie. Maj. De Paiva het die Boere-kommando vooruitgestuur om te verken en sy opmars voortgesit. Toe die inboorlinge die Boere gewaar, het hulle dadelik begin skiet. Die Boere-ruiters het onverskrokke stormgeloop en die paalomheining van die kraal beset. Vanuit hierdie verskanste posisie het hulle die inwoners baie gou tot oorgawe gedwing. Teen die tyd dat die Portugese hoofmag die kraal bereik het, was die slag reeds gelewer. Uit blote bravado het die Portugese op die verlate kraal met kanonne losgebrand. Later is al die eer

vir 417/-

32) Chapman, W.J.B.: Memoirs, p.33; Van der Merwe, P.J.: Ons Halfee in Angola, p.43

33) Van der Merwe, P.J.: op.cit., p.43

34) Chapman, W.J.B.: op.cit., p.33

vir die welslae van die slag aan die twee Portugese Duintino Rogoda en Paulo Amado gegee.³⁵ Chapman verkwalik De Paiva dat hy altyd in gebreke gebly het "by never recommending the names of Boers for honour such as the 'Tarri e Espado'"³⁶ (Toring en swaard) of vir eervolle vermelding.

Dunduma het gedurende die geveg ontsnap en Boere-verkenners is in alle windrigtings uitgestuur om na hom te soek. Die soektog was tevergeefs. Maj. De Paiva het hierop die hulp van twee sendelinge, eerw. William H. Sandes van die Congregationalist American Mission en eerw. Swan van die Plymouth Brethern, ingeroep. Deur hulle het hy aan Dunduma laat weet dat die vrede nie herstel kon word indien die koning homself nie oorgee nie. Na 'n paar dae het die koning hom dan ook wel in geselskap van die twee sendelinge aan die Portugese oorgegee. Chapman het dit weer eens betreur "that Paiva did not receive those gentlemen in a cordial manner, as he should have done. for the inestimable service they had done him".³⁷ Hierdie onbillike optrede van die anders rasioneel-denkende De Paiva skryf hy daaraan toe dat De Paiva gevrees het dat die Rooms-Katolieke sy erkenning van die goeie dienste van hierdie Protestantse sendelinge hom kon verkwalik het.

Dunduma is na een van die Portugese oorsese besittings verban. Silva Porto se opstal is beset en as 'n militêre hoofkwartier ingerig. Dit was egter 'n geval van: "Troncor a porta de pais do cavallo fugido", d.w.s. Sluit die stal nadat die perd ontsnap het, soos die Portugese spreuk lui.³⁸ As die Portugese owerheid aan Silva Porto se oproep gehoor gegee het, kon die held se selfmoord voorkom gewees het.

..... 418/-

35) Chapman, W.J.B.: Memoirs, p.33

36) Ibid., p.34

37) Ibid., op.cit., p.34

38) Ibid., p.35

Die Veldtog teen Lahuna 1891

In die veldtog teen Dunduma was die Boere sowat sewe maande van hul huise af weg en is feitlik onmiddellik na hulle tuiskoms vir 'n nuwe offensief in Suid-Angola opgeroep.³⁹

Hierdie nuwe oproer suidwes van Humbe het ontstaan as gevolg van struwelinge oor die hoofmanskap nadat hoofman Chahungu in 1886 verslaan is. 'n Jongertoonpretendent, Lahuna, het die genoeë geneem met die aangewese hoofman nie. Hy wou self hoofman word. Om sy aanspraak te versterk het hy die Portugese chefe, Luna da Carvalho, met geskenke oorlaai om sy guns te probeer wen. Die chefe het hierdie situasie vir 'n geruime tyd tot sy eie voordeel uitgebuit. Toe Lahuna geen wesenlike steun van hom gekry het nie, het hy uiteindelik geen ander oplossing vir sy probleem as rebellie gesien nie.⁴⁰

Vanweë hulle langdurige afwesigheid van huis en haard het slegs 'n paar Boere hulle vir die veldtog teen Lahuna aangemeld. Die Portugese invalsmag gelei deur Maj. Padril van Loanda, is aangevul deur die Spanjaarde José Antonio en Francisco Antonio Lopes en 'n groep volgelinge.⁴¹ Lahuna het intussen oor die Kunene gevlug en uit Ombandjagebied strooptogte teen sy teenstanders onderneem.

Maj. Padril het die Kunene oorgesteek om die opstandige Lahuna te arresteer. Die goed-gewapende Ombandjas het teen hom opgetrek. In die geveg wat gevolg het, is José A. Lopes in die been gewond en die Zoeloe, Jannewarie, gedood. Laasgenoemde se kop is as 'n trofee na hoofman Ikera geneem. Padril het net betyds teruggeval anders sou sy hele veldtog in 'n bloedbad vir die Portugese mag geëindig het. Nieteenstaande hierdie powere vertoon, so berig Chapman, is verskeie Portugese na die veldtog vir oorlogsdekorasies

aanbeveel 419/-

39) Chapman, W.J.B.: Memoirs, p.36

40) Ibid., p.37

41) Ibid.

aanbeveel "for nothing they had done".⁴²

Die Veldtog teen die Hottentotte in die Suide 1893

In die begin van sie negentigerjare van die 19de eeu het die Hottentotte onder Petrus Swartbooi die suidelike dele van Angola binnegedring en strooptogte tot so ver as die plantasies langs die Beno-rivier in sig van Mossamedes uitgevoer. Hulle het hulle bedien met watter buit hulle ook al wou hê, "and when the news of their proximity became known in that town the inhabitants fled. Some by boats across the Bay and others to whatever small coasting boats were accesible in the bay".⁴³ Dit was algemeen bekend dat die paar swart soldate dit nie kon waag om die invallers teen te staan nie op gevaar af dat hul oorrompel sou word. Op hul strooptog het die Hottentotte by die huis van senhor Neves, 'n katoenplanter, aangedoen. Hier het hulle senhor Pedro Augusto Chaves, kaptein van die Tweede Linie, teengekom. Hierdie militêre heer het sy uniform met burgerlike klere vervang, omdat hy bevrees was dat hulle hom sou martel indien hulle sy ware identiteit sou ontdek.⁴⁴

By 'n ander geleentheid het die Hottentotte die astrantheid gehad om die Portugese handelspos, Chibia, binne te ry, waar hulle met die chefe in gesprek getrec het. Hierdie amptenaar het geen ander keuse gehad as om die stropers vriendelik te versoek om hulle strooptogte verder weg voort te sit, maar om nie die plaaslike inboorlinge en blankes te molesteer nie.⁴⁵ Hulle het hom egter duidelik laat verstaan dat hulle graag met die Portugese in botsing wou kom.⁴⁶

In die begin van Desember 1892 het Jan Robbertse en 'n geselskap van 'n olifantjag teruggekeer. Robbertse het 'n veepos in die suidweste van

Angola420/-

42) Chapman, W.J.E.: Memoirs, p.38

43) Ibid., p.39

44) Ibid., p.40

45) Van der Merwe, P.J.: Ons Halfee in Angola, p.46; Von Moltke, J.J.: Jagkonings, p.55

46) Chapman, op.cit., p.40

Angola gehad, waar hy sowat 100 beeste deur Ovahimba laat oppas het. Kort nadat Robbertse hierdie veeops besoek het, het sowat 80 Hottentotte uit die Kaokoveld daar opgedaag en die beeste geroof. Veertig Hottentotte is agtergelaat om die geroofde vee op te pas en die res het vertrek op 'n verdere strooptog.⁴⁷ Die baster, Niklaas Losper van Chikusse, het vir Robbertse van sy verlies in kennis gestel.⁴⁸ Jan Robbertse het dadelik by Maj. De Paiva verlof gaan vra om sy beeste te gaan terugneem. Die verlof is geredelik toegestaan aangesien die Portugese hierdie Hottentotte wat uitstekende perderuiters en skuts was, gevrees het en die Boere-hulp dus verwelkom het.⁴⁹

Op 26 Desember 1892 het Jan Robbertse aan die hoof van 'n geselskap van slegs agt man na die Onderveld soos die Boere hierdie streek genoem het, vertrek om sy beeste terug te neem en die booswigte te straf. Die manne was Willem Venter, Willem Opperman, Hans Alberts, Jakobus van der Merwe, Johannes Robbertse, Johannes du Plessis, Groot Daan Robbertse en Adriaan Bezuidenhout.⁵⁰ Op pad het 'n groep inboorlinge wat ook beroof was, by die strafgeselskap aangesluit. Robbertse het hierdie inboorlinge saamgeneem om die perde op te pas. In die veld het die geselskap ook die prospekterder Max Arndt, wat van sy perd, Lemetfordgeweer en duisend patrone beroof is, raakgeloop. Hierdie perd en geweer was die eiendom van 'n sindikaat wat vir goud geprospekter het en waarvan W.J.B. Chapman 'n vennoot was.⁵¹

Op vroeg die oggend van 10 Januarie 1893 het Robbertse, na deeglike verkenningswerk, sy manne op strategiese posisies om die Hottentotskraal, waar

die 421/-

47) Van der Merwe, P.J.: Ons Halfee in Angola, p.47

48) Ibid.

49) Ibid.

50) Chapman, W.J.B.: Memoirs, p.40

51) Ibid., Van der Merwe, P.J.: op.cit., p.47

52

die beeste gehou is, geplaas en die rowers aangeval. Die Hottentotte het van die een gevaarpunt na die ander gevlug, en is deur die Boere-skerpskutters afgemaai. Twee het ontsnap en het die nuus van Sesfontein in die Kaokoveld gebring.⁵³ Van vyf rowers wat gevange geneem is, het die Boere verneem dat hulle slegs met die veewagters slaags was en dat die res van die stropers elders was. Die strafgeselskap het sowat 500 beeste en vier waardevolle perde gebuit.⁵⁴

Op pad terug het hulle by Brandwater kommandant Quinthino Rogado, van die Portugese berede kommando's, inbevel van 'n klompie Boere en 'n paar swart soldate raakgeloop. Hulle was op pad om Robbertse se geselskap te kom versterk. Robbertse het toe besluit om Rogado met die grootste deel van die kommando na Cahama te vergesel en om die Hottentot-, Bergdamara- en Boesmanskwaaddoeners wat daar bedrywig was, te gaan vang en hulle nader aan Humbé te bring, waar hulle onder toesig kon woon.⁵⁵

Die res van die geselskap, bestaande uit Willem Venter, Willem Opperman, Hans Robbertse, Zagrys Bronkhorst, Johannes du Plessis, Hans Alberts, Koos van der Merwe, Adriaan Bezuidenhout, Max Arndt, korporaal Cabral en die swartman, Johannes Makatees, sou die Otchinjouberge intrek om die Hottentotstropers op te spoor.⁵⁶ Naby Chacutu onder die Serra da Chellaberge het hierdie geselskap besluit om na Chibia terug te keer, aangesien hulle perde pootseer was. Hiervandaan het sommige lede van die geselskap hulle families te Humpata besoek.⁵⁷

Die rowerbende het intussen die spore van Robbertse en sy geselskap raakgeloop en menende dat dit hulle veewagters was wat agter hulle aangetrek het, het hulle die spore tot naby Chibia gevolg. Toe hulle hulle vergissing

agterkom 422/-

52) Chapman, W.J.B.: Memoirs, p.40

53) Van der Merwe, P.J.: Ons Halfeeu in Angola, p.49

54) Ibid.

55) Van der Merwe, P.J.: op.cit., p.49

56) Ibid., Chapman, W.J.B.: op.cit., p.40

57) Ibid., Ibid., p.41

agterkom, het hulle omgedraai en die inboorlingkraal van Chinguni in Gambos se omgewing oorrompel.⁵⁸ Nadat herig van die aanval op kaptein Chinguni se kraal ontvang is, het die oorblywende paar Boere 'n strafekspedisie, waarby 'n paar honderd inboorlinge hulle aangesluit het, saamgestel en vertrek om die invallers te straf.

Weens 'n misverstand is die aanval van die agterkant in plaas van die voorkant van die kraal geloods. Die gevolg was dat die inboorlinge-geselskap wat onder Willem Venter se aanvoering voor die hoofingang beland het, spoedig op vlug geslaan het. Die Hottentotte het nou daarin geslaag om die Boere wat die agterste uitgang beset het, van agter af aan te val en vir Hans Robbertse en Zagrys Bronkhorst te dood.⁵⁹ Ook Willem Venter is deur opslagkoeëls in die gesig en sy gewond, sodat hy nie aan die geveg kon deelneem nie.⁶⁰

Die Boere-kommando'tjie het sewe-en-dertig Hottentot-invallers in die kraal doodgeskiet, maar was genoodsaak om weens die vyand se getalle-oorwig, terug te val.⁶¹

P.J. van der Merwe gee voor dat Willem Venter tydens die geveg groot dapperheid aan die dag gelê het. Daarenteen beskryf Chapman hom as "a great braggast".⁶² Te oordeel aan Venter se twyfelagtige optrede by vorige geleenthede waarin hy in gevaarlike situasies beland het, moet met Chapman saamgestem word en moet aanvaar word dat Van der Merwe se heldeverering hier misplaas is.⁶³

Die lyke van die twee gesneuweldes moes voorlopig op die slagveld gelaat word. Eers later is dit gehaal en op Rooiwal naby Humpata begrawe.⁶⁴

Die 423/-

58) Van der Merwe, P.J.: Ons Halfee in Angola, p.52; Chapman, W.J.B.: Memoirs, p.40

59) Chapman, W.J.B.: Memoirs, p.41

60) Van der Merwe, P.J.: op cit., p.52

61) Chapman, W.J.B.: op.cit., p.41

62) Van der Merwe, P.J.: op.cit., pp.51-52

63) Ibid., p.43; Chapman, W.J.B.: op.cit., p.41

64) Ibid., Ibid., p.42

Die gevegte by Hotnotskraal en Chinguni se kraal het 'n einde aan die strooptogte van die Swartbooi-Hottentotte in Suid-Angola gemaak, want hulle het dit hierna nie gou weer noord van die Kunene gewaag nie.⁶⁵ Jan Robbertse en sy geselskap het ook daarin geslaag om die Bergdama wat in die Humbé-omgewing rooftogte uitgevoer het na Humpata te verwyder en op grond wat aan kol. De Paiva se plaas, Noordoos, gegrens het, te hervestig.⁶⁶

Die Inboorlingkwessie by Humpata

Die Boere se vee is onophoudelik deur die inboorlinge by Humpata gesteel. 'n Beroep op De Paiva en die Regering om die boosdoeners te straf, het op dowe ore geval. In Januarie 1897 was die Boere op die punt om die wet in eie hande te neem en wou 'n vergadering belê om tot aksie oor te gaan.⁶⁷

W.J.B. Chapman het egter 'n paar van die invloedrykste Boere oorreed om 'n brief aan pres. Kruger van die Zuid-Afrikaansche Republiek te skryf om hom te vra om sy invloed te gebruik en as bemiddelaar tussen die Angola-Boere en die Portugese owerheid in verband met die inboorlingkwessie op te tree. 'n Paar Boere, waaronder Louw du Plessis en Jakobus Hamman, was juis besig om voorbereidsels vir 'n besoek aan die Transvaal te tref. Chapman is derhalwe versoek om 'n brief aan die President te skryf en hom in te lig oor die Boere se griewe. Hy is ook versoek om 'n konsul in Angola aan te stel. Du Plessis en Hamman is versoek om die brief aan die President te oorhandig.⁶⁸

In Maart van daardie jaar was Chapman op 'n jagtog na Suid-Angola weg toe weer beeste van Barend Alberts gesteel is. Dit was die laaste strooi. Die Boere het nieteenstaande hul afvaardiging na president Kruger, besluit om die wet in eie hande te neem. Sowat sestig Boere het die wapen opgeneem

en 424/-

65) Van der Merwe, P.J.: Ons Halfeeue in Angola, p.43

66) Chapman, W.J.B.: Memoirs, p.48

67) Ibid., p.49

68) Ibid.

en die rowers gestraf. Om te vergoed vir die skade wat hulle gely het,⁶⁹ is ook 'n aantal beeste gebuit. Die Portugese burglary was woedend omdat die Boeregemeenskap wat nog steeds as estrangeros (vrzændelinge) beskou is, die vermetelheid gehad het om die wapen, sonder owerheidsmagtiging, teen die inboorlinge op te neem. Lissabon is dadelik per kabelgram van hierdie verwikkeling in kennis gestel. 'n Klagskrif is ook opgestel "condemning the Boers for more than they had done".⁷¹ Die Portugese het dus nou vergeet van al die pogings wat reeds deur die Boere aangewend is om wettige optrede te verkry, maar wat geen gunstige reaksie by die owerheid uitgelok het nie.

'n Gerug is versprei dat die Portugese owerheid besig is om troepe te stuur om teen die Boere op te tree.⁷² Onder hierdie omstandighede het die leiers van die Boere-strafekspedisie, Andries Alberts, Johannes Alberts en Willem Venter, by Chapman om raad kom aanklop. Hy het hulle aangeraai om 'n brief ter verskoning aan die koning van Portgal te skryf en om die gebuite vec aan hul eienaars te gaan teruggee. De Paiva het hulle van soortgelyke advies bedien.⁷³ 'n Hooggeplaasde, goedgesinde Portugese amptenaar het nou vir hulle so 'n brief geskryf en dit is deur Chapman oorgeskryf sodat die handskrif van die amptenaar nie herken kon word nie.⁷⁴ Chapman het bowendien die drie leiers oor hulle onbedagsame optrede oor die kole gehaal en hulle daarop gewys dat pres. Kruger onder sulke omstandighede nie as bemiddelaar kon optree nie. Hulle het Chapman toe oorreed om 'n tweede boodskap aan pres. Kruger te stuur om hom in te lig oor die gewaande Portugese troepe wat teen hulle gestuur word. Om bloedvergieting te voorkom, is sy inmenging gevra. Die oorsaak van die debakel het hulle egter verswyg. Chapman het 'n kabelgram opgestel en dit is deur die drie Boere-leiers onderteken.

Die 425/-

69) Chapman, W.J.B.: Memoirs, p.50

70) Ibid.

71) Ibid.

72) Ibid.

73) Ibid.

74) Ibid., pp.50-51

75) Ibid., p.51

Die kabelgram is vir versending aan die superintendent van die kabelstasie in Mossamedes gestuur en die posdraer het opdrag ontvang om op die president se antwoord te wag. Kort daarna is pres. Kruger se antwoord ontvang. Chapman het die drie genoemde leiers na sy huis ontbied en aan hulle die president se antwoord oorgedra.⁷⁶

Dit het later geblyk dat pres. Kruger na ontvangs van die kabelgram die Boere-afvaardiging ontbied het om te hoor wat aangaan. Hy het hom daarop tot die Portugese konsul in Pretoria gewend, wat van niks geweet het nie. Die konsul het egter met sy regering in verbinding getree en is meegedeel dat geen militêre optrede teen die Boere beoog word nie. Hierop het pres. Kruger die Boere-leiers laat weet dat hy met die Portugese konsul in Pretoria in verbinding was en die versekering ontvang het dat geen troepe teen hulle gestuur word nie. Hy het hulle egter vermaan dat hulle in 'n vreemde land woon, dat hulle die wette van daardie land moet gehoorsaam, en dat hy daar nie kon inmeng nie.⁷⁷

Hierna is die gebjite vee aan De Paiva vir teruggawe oorhandig en so het die saak doodgeloop.⁷⁸

De Paiva wat na die suksesvolle verloop van die Vijé-veldtog tot luitenantkolonel bevorder is, het nou 'n klein Boere-straftokpedisie teen die rowende Humpata-inboorlinge toegelaat. Die kommando'tjie het in 'n hinderlaag geloop en ene Swart, is gedood.⁷⁹

Onderwerping van die Humbe-inboorlinge

In 1897 het runderpes in Suid-Angola uitgebreek. 'n Portugese veearts is gestuur om die inboorlingbeeste in die omgewing van Humbé teen hierdie gevreesde veesierte te gaan in-ent. In plaas van slegs die veearts en drie

of426/-

76) Chapman, W.J.B.: Memoirs, p.52

77) Ibid., p.53

78) Ibid.

79) Chapman, W.J.B.: op.cit., p.45

of vier assistente na Humbé te stuur, is hy vergesél deur 'n gewapende mag van minstens 200 soldate.⁸⁰ Toe die inboorlinge die soldate sien, het hulle gedink dat dit oorlog beteken. Hulle het hul statte verlaat en die bosse ingevlug. Die soldate het hierop die verlate statte geplunder, die koringmandjies stukkend gesny en die graan as voer vir hul perde en muile laat uitloop. Inboorlingevee is ook geslag. Kennis van hierdie wandade het soos 'n veldbrand onder die inboorlinge yersprei en hulle het wraak gesweer.⁸¹

Die enigste beeste wat deur die ekspedisie onder kaptein Gaivão en dr. Bernardino Rogue ingeënt kon word, was die van 'n beskaafde inboorling naby Humbé. Hier het 'n groot aantal soldate malaria opgedoen. Die graaf d'Almonster, 'n kaptein in die Portugese vloot, wat kort te vore die land binnegekom het, moes nou met die hoofmag wat uit koninklike dragonders bestaan het,⁸² die agterhoede van die ekspedisie uitgemaak. Hierdie krygs-mag het spoedig verdwaal en die Humbé inboorlinge wou nie vir hulle as gidse optree nie. Hulle was genoodsaak om 'n pad, wat aan hulle onbekend was, te volg. Op 'n oggend is 'n paar soldate gestuur om water te soek, "in his brutal zeal"⁸³ het een van hierdie soldate 'n inboorlingvrou geskiet, "the news of which spreading with telegraphic speed, the natives from all parts especially in the rear followed up the column."⁸⁴

Die klompie puik soldate van graaf d'Almonster was almal goed bewapen, en hulle is aangeval by Jambaconfati op 'n mooi oop stuk grond met baie kremetartbome, wat uitstekende skuiling kon gebied het as die manne maar

net 427/-

80) Chapman, W.J.B.: Memoirs, p.45

81) Ibid., Van der Merwe, P.J.: Ons Halfee in Angola, p.54

82) Ibid., p.48

83) Ibid.

84) Von Moltke, J.J.: Veldsmanne (Die Huisgenoot 24.4.42)

net daarvan wou gebruik maak.⁸⁵ Teen die oormag van Swartes het hulle egter soos hulpelose kinders geword, en soos later uit die ondersoek geblyk het, is byna almal met kieries doodgeslaan.⁸⁶ Slegs twee soldate wat deur Humbe-inboorlinge versteek is, het ontsnap.⁸⁷

Die gevolg was dat 'n tweede Portugese ekspedisie gestuur moes word om wraak te neem. Maj. De Paiva was in bevel en hy is aangesê om die Boere op te kommandeer: „Mondi chamor os Boers”.⁸⁸ De Paiva het besef dat die blanke Portugese soldate ongeskik was vir binnelandse oorlogsvoering in Angola, terwyl die swart soldate onwillig was om aan ekspedisies deel te neem as hulle nie deur die Boere vergesél is nie.⁸⁹

Die fort by Humbé was reeds sedert November 1897 deur die opstandelinge omsingel. Teen die einde van daardie jaar kon die voorhoede van die Boere-kommando wat aan De Paiva se oproep gehoor gegee het, die beendere van die Portugese dragonders begrawe. Eers in Januarie 1898 het die agterhoede van die kommando onder De Paiva by hierdie voorhoede op Cahama aangesluit.⁹⁰ Die kommando het by Chicusse se drif laer opgeslaan en sou hiervandaan teen die vyand optrek. Die verkenners het berig dat die inboorlinge op hulle hoede was en dat hulle vir myle aaneen takheinings geslaan het om die aanvallers daarteen vas te keer. Die inboorlingstatte was almal verlate en die beeste weggestuur. Dit was dus duidelik dat die vyand deeglik voorbereid was op die stryd wat voorgelê het.

Die voorhoede van die kommando wat hoofsaaklik uit Boere en kolonies

(Madeira Portugese)428/-

85) Von Moltke, J.J.: Veldsmanné (Die Huisgenoot 24.4.42); Van der Merwe, P.J.: Ons Halfeeu in Angola, p.55.

86) Chapman, W.J.B.: Memoirs, p.48

87) Ibid.

88) Ibid., p.49

89) Van der Merwe, P.J.: op.cit., p.54; Von Moltke, J.J.: Jagkonings, pp.282-88

90) Ibid., p.55

(Madeira Portugese) bestaan het, het vinnig tussen die takheinings en die rivier gevorder op pad na Humbé. Die Portugese agterhoede was egter nog in die laer en daarom is die voorhoede beveel om te wag. Die inboorlinge het die skielike stilstand van die aanvalsmag as vreesagtigheid vertolk en dadelik tot die aanval oorgegaan.⁹¹

Die sowat dertig Boere-krygers is ietwat onverhoeds deur die skielike stormloop betrap. Die inboorlinge was egter baie swak skuts,⁹² terwyl die Boere as skerpskutters die vyand in groot getalle afgemaak het sodat hulle spoedig moes terugval. Hierdeur is die vyand teen hul eie takheining vasgedruk. Hulle het in die rigting van die rivier probeer deurbreek, maar is so heftig deur die Boere bestook dat hulle verplig was om deur die takheining te bars. 'n Groot aantal van die vyand het hier gesneuwel, maar die meerderheid het nogtans ontkom, aangesien die klein groepie Boere nie by magte was om meer dood te skiet nie.⁹³

Dit was in elk geval 'n beslissende slag. Monembonge, die hoof-kaptein van die Humbé-inboorlinge, het hierna sy hoofstat verlaat en deur die Kunene na die gebied van die Okuamati's gevlug. Die beleg van Humbé was daardeur ook beëindig, want toe die eerste Boere-vrywilligers saam met De Paiva daar opdaag, was daar geen enkele vyand meer te sien nie.⁹⁴

De Paiva was vasbeslote om hierdie opstandige stamme finaal aan die Portugese gesag te onderwerp.⁹⁵ Hy het sy laer tot naby die fort op 'n hoë bult laat bring en het hiervandaan perderuiters uitgestuur met die opdrag

om 429/-

91) Van der Merwe, P.J.: Ons Halfee in Angola, p.55

92) Ibid.

93) Ibid.

94) Ibid., p.56

95) Ibid., p.56

om die inboorlinge te skiet waar hulle hul ookal teë gekom het. Hierdie opruimingsveldtog kon egter nie lank duur nie, want De Paiva moes terugval om by die agterhoede op Chicusse aan te sluit.⁹⁶

Die inboorlinge van Jambaconfati het intussen weer hul magte saamgetrek en die Boere moes vir elke tree veg om deur die digte bosse te kom. In hierdie geveg is Johannes Els sodanig gewond dat hy drie dae later beswyk het. Die Boere-voorhoede het egter tog daarin geslaag om deur te breek na die agterhoede van die aanvalsmag. Hiervandaan het hulle teruggekeer na Jambaconfati en 'n uitgerekte geveg teen die vyand, wat hardnekkig weerstand gebied het, aangeknoop. So sterk was die weerstand dat die geveg van die oggend tot die aand onverpoosd geduur het. Toe die vyand uiteindelik op die vlug slaan, is hul statte dadelik aan die brand gestee. Hierdie geveg het op presies dieselfde plek plaasgevind, waar graaf d'Almonster se koninklike dragonders 'n paar maande vantevore so wreedaardig omgebring is.⁹⁷

Na die oorwinning by Jambaconfati het die laer na die panne tussen Catucero en die Kunenerivier versit. De Paiva het ook hiervandaan perderuiters uitgestuur om alle weerstand uit die weg te ruim. Talle inboorlingstatte is afgebrand en 'n groot aantal beeste is gebuit.⁹⁸ Eers teen die begin van Junie 1898 was alle weerstand gebreek en kon die vrywilligers verlof kry om huis toe te gaan. Tydens die veldtog het 'n aantal Boere, waaronder Hermanus Jacobs en Daniël du Plessis, aan malaria beswyk.⁹⁹ Gedurende die hele veldtog het 96 persone aan Portugese kant omgekom. Driekwart hiervan was Europeaners. Byna al die oorledenes is aan malaria dood. Die ongesonde tyd van die jaar waarin die veldtog onderneem is, moet as oorsaak vir

hierdie430/-

96) Van der Merwe, P.J.: Ons Halfee in Angola, p.56

97) Ibid.

98) Ibid., p.57

99) Egerton, F.C.C.: Angola in Perspective. Endeavour and achievement in Portuguese West Africa, pp. 99 - 100.

hierdie ongevalle gesien word. Agt persone het gedurende die veldtog gesneuwel, drie-en-twintig is verwond en vier is vermis.

Na hierdie veldtog kon De Paiva met genoegdoening konstateer: "Humbé will be peaceful for a long time. If the offence was great so was the punishment"¹⁰⁰

Die Veldtog teen Huambo en Kandumbo 1902

Die stamme om en suid van Humpata was skaars aan Portugese gesag onderwerp of van die sterkste inboorlingstamme in Noord-Angola het daardie gesag openlik uitgetart.¹⁰¹

Hulle het die Portugese handelaars wat in hulle gebied bedrywig was vermoor en verbrand. Goewerneur Mosillia het dadelik 'n strafekspedisie teen die hoofmanne Huambo en Kandumbo uitgestuur. Hy het vir hierdie doel negen-en-sestig Boere-vrywilligers in die omgewing van Que en Cubal gewerf. Willem Grobler was in bevel van die Boere-kommando maar was ondergeskik aan Portugese opperbevel. Versigtigheidshalwe het 'n ou Portugese kolonel, ene Silva, die Boere-kommando vergesél.¹⁰² Die goewerneur en chefe van Caconda, Everisto de Almeida, het met 'n gemengde leër van blanke Portugese offisiere, onder-offisiere en kannonniers, benewens 'n kommando Matjimbas en die gebruikelike mag van bykans nuttelose swart soldate, die res van die strafekspedisie uitgemaak.¹⁰³

Die Portugese opperbevel wou eers met Huambo en sy kwaaddoenerige onderkaptein, Samekaka, afreken. In die omgewing van Huambo se stat is Willem Grobler en 'n paar Boere op verkenning uitgestuur.

By hulle terugkeer het Grobler aan die goewerneur voorgestel dat die Portugese voetvolk die volgende dag 'n nabygeleë kraal moes aanval. Die

Boere-perderuiters431/-

100) Van der Merwe, P.J.: Ons Halfee in Angola, p.57

101) Ibid.

102) Ibid., p.58

103) Ibid.

Boere-perderuiters sou dan krale aan die noordekant aanval.

Die goewerneur het die kraal wat deur die Portugese aangeval is, verlate gevind. Slegs die hoofman, Huambo, het daarin agtergebly. Die Boere wat intussen met verskeie krale slaags was, het geen weerstand ondervind nie en is deur die goewerneur na die laer teruggeroep.¹⁰⁴

Die Portugese het Huambo onthoof en sy kop op 'n paal gestee. Hierdie afskuwelike trofee het hulle tot die grootste verontwaardiging van die Boervrouens, wat die ekspedisie vergesél het, etlike dae lank vertoon. Dit is later op aandrang van die Boere verwyder.¹⁰⁵

Hierna het die opruimingswerk en socktog na Samekaka begin. Die Boere-kommando het binne drie dae alle weerstand teen hulle vernietig. 'n Portugese offisier wat met 'n kommando Matjimbas in 'n noord-westelike rigting opruimingswerk onderneem het, is deur die vyand tot binne-in die Portugese laer teruggedryf. Die goewerneur was woedend. Die offisier is dadelik geskors en na Caconda teruggestuur.¹⁰⁶

Die inboorlinge het die berge ingevlug en in grotte skuiling gaan soek. Die laer is gevolglik weswaarts verskuif om nader aan die gevegsterrein te wees. Die Matjimbas het onder aanvoering van hul eie kaptein teen die vyand uitgetrek. Hulle is suidwaarts deur die Coenjanhamarivier om die inboorlinge wat by spelonke in 'n klipkoppie ingevlug het, aan te val. In die aanvalsaksie het hulle sewe van hul eie makkers doodgeskiet en totaal niks uitgerig nie.

Dit was hierna die taak van die Boere en die Portugese magte om hierdie vyande te gaan aanval. Die Portugese sou een koppie skoonmaak, terwyl die Boere 'n koppie wat deur 'n klipmuur verskans was, moes aanval.

Willem 432/-

104) Van der Merwe, P.J.: Ons Halfeeu in Angola, pp.58-59

105) Ibid.

106) Ibid., pp.60-61

Willem Grobler het met behulp van 'n kanon 'n paar openinge in hierdie skuiling geskiet en toe sy manskappe in groopies verdeel om die terrein te ondersoek. Die vyand het intussen in 'n grot, aan die voet van die koppie ingevlug en die bek van die grot met groot rotsblokke versper. Die vyand sou slegs deur uithongering uit hierdie skuilplek gedwing kon word.

Die goewerneur in bevel van 'n klompie Portugese soldate het later die Boere-beleëring van die koppie kom versterk. Waaghalsige Portugese wat dit te na aan die grotopening gewaag het, is deur vyandelike koeëls gedood.¹⁰⁷

Die goewerneur het gedurende die nag die koppie laat omsingel. Die Portugese wagte moes telkens luidkeels hulle teenwoordigheid aandui. Die vyand kon hierdeur die presiese posisie van die wagte vasstel en het almal gedurende die nag ontsnap. Die volgende oggend het die Portugese soldate in die laer agtergebly, terwyl die Boere-kommando in 'n westelike rigting in die ranteveld opruimingswerk onderneem het. Sowat 32 km. van die laer af is 'n goed verskanste kraal na 'n hewige geveg ingeneem. Die volgende kraal was met 'n klipmuur verskans en die vyand het die Boere tot 'n geveg uitgetart. Spoedig het nog vyandelike versterkings uit die berge opgedaag.

Grobler het sy nanskappe opdrag gegee om sowat 800 tree terug te val en die indruk te probeer skep dat hulle die aftog blaas. Die inboorlinge is deur hierdie set onkant betrap. Hulle het in rye op die muur gaan staan om skadelose koeëls op die vertrekkende Boere af te vuur. Die Boere-skerpskutters het elke kryger wat op die muur verskyn het egter 'n maklike skyf gevind.¹⁰⁸ Die stat was egter met slegs geweervuur oninneembaar. Grobler het gevolglik 'n kanon in die laer laat haal. By die terugkoms van die kommando is gevind dat die kraal intussen ontruim is.

Die 433/-

107) Vander Merwe, P.J.: Ons Halfeeue in Angola, p.61

108) Ibid.

Die goewerneur het hierna agt dae verlof aan die Boere toegestaan om na Samekaka te soek. Die vyand het in verskeie gevegte hewig teenstand gebied. Die snelheid waarmee die Boere-skerpskutters toegeslaan het, het die vyand totaal ontsenu en op die vlug laat slaan, sodat alle weerstand spoedig verbreek is.¹⁰⁹

Die soektog na Samekaka was egter tevergeefs. Hy is eers jare later gevangeneem en uit die land verban.¹¹⁰

Die veldtog teen Kandumbo

Na die veldtog teen Huambo en sy volgelinge afgehandel was, is daar teen die tweede opstandeling, Kandumbo, opgetrek.

Die hoofman Kandumbo se kraal was 'n natuurlike vesting. Dit was aangelê op 'n koppie vol grotte, waarin die vroue en kinders kon skuil. Die inwoners wat 'n aanval verwag het, het baie tyd gehad om die stat met 'n ringmuur van dik pale en klei verder te verskans. Agter hierdie skans, waardeur geweerkoeëls nie kon deurdring nie, was nog groot rotse waaragter die verdedigers kon skuil.¹¹¹

Die Boere-kommando wat weer eens vir die aanval op hierdie vesting opgekommandeer is, het aan die westekant van die kraal omgery. Die Portugese wat aan die oostekant was, het met 'n kanon op die kraal losgebrand. Hierdeur is die Boere byna raak geskiet en Grobler moes inderhaas vir d'Almeida laat weet om die grofgeskutvuur te staak. Hierna het die Boere-perdekommando die paalomheining storm gejaag. Dit was vir die verdedigers 'n vreesaanjaende gesig en hulle het hul skuillings naby die muur verlaat en agter rotse teen die koppie gaan skuil. Deur hierdie gunstige wending het die Boere tot teen die paalomheining gekom en toe van agter hierdie beskutting op die vyand losgebrand.¹¹²

Die Boere-kommando het na die oostekant van die kraal verskuif en die Goewerneur

se 434/-

109) Van der Merwe, P.J.: Ons Halfee in Angola, p.61

110) Ibid., p.62

111) Ibid.

112) Ibid.

se gevolg na die noordekant, terwyl die Matjimba-kommando aan die suidekant was, met die swart soldate tussenin.¹¹³ Die geveg het ononderbroke gewoed tot die volgende middag. Na die eerste dag se geveg het die Boere die laer laat naderkom, want hulle was sonder kos. Die laer het by 'n lopies naby die kraal tot stilstand gekom, maar die geveg was so hevig dat die manne eers die aand van die tweede dag vir die eerste maal 'n bietjie koffie gekry het om te drink. Die Boere sou gedurende die nag die geveg gestaan het. Die volgehoue skietery van die verdedigers het hulle egter verhinder om die vuur te staak. Die vuurstrale uit vyandelike geweerlope het die Boere skerpskutters in staat gestel om net soveel van die vyand deur die nag as gedurende die dag te dood.¹¹⁴

Uiteindelik is die vyandelike gewecrvuur gestaak. Die Goewerneur het toe swart soldate die koppie ingestuur om die verdedigers te oorreed om oor te gee. Drie blankes, Hendrik Pretorius, Nunes Corea en 'n Portugese soldaat het ook oor die paalmuur geklim en die koppie bestyg. 'n Vyandelike koeël het die soldaat tussen sy kamerade gedood.¹¹⁵ Die vroue en kinders het nou uit hulle skuilplekke gekom en by 'n groot kleigat in die stat vergader. 'n Enkele manlike verdediger het later tevoorskyn getree en hom by die groep aangesluit. Toe hy egter merk dat hy die enigste man tussen die vroue was, het hy 'n mes uitgepluk en na die swart wagte daarmee gestee, voordat hy daar tussen die vroue en kinders doodgeskiet is. 'n Tweede man het later te voorskyn getree. Ook hy het toe hy bemerk dat hy die enigste man tussen die vroue en kinders was 'n mes uitgepluk en na die wagte daarmee gestee voordat hy op vlug geslaan het. Op 'n afstand van driehonderd tree

is435/-

113) Van der Merwe, P.J.: Ons Halfee in Angola, p.63

114) Ibid.

115) Ibid., p.64

is hy deur Flip du Plessis in die hardloop neergeskiet.¹¹⁶ Dit was die enigste twee oorlewende mans wat nog moed tot verdediging openbaar het. By nadere ondersoek is bevind dat daar stapels lyke agter die klippe lê. Op sommige plekke het daar hope van 'n paar voet diep gelê en dit was duidelik dat hul kamerade sommer oor die dooie vegters geklim het om die aanvallers onder skoot te kon kry. Kandumbo se volk het hulle in hierdie kraal dus feitlik op die laaste weerbare man verset.¹¹⁷

Kandumbo se stat is op 20 September 1902 ingeneem. Die verliese aan Portugese kant was: drie swart soldate wat deur hul eie kamerade doodgeskiet is en die blanke soldaat wat teen die koppie gesneuwel het. Die Boere het geen enkele man verloor nie en daar was ook nie gewondes nie.¹¹⁸

Van Kandumbo se onderdane het verder in die berge gewoon en op 22 September is met die gebruiklike opruimingswerk begin.¹¹⁹

Op 25 September het die strafekspedisie na Sambo se stat vertrek. Hierdie hoofman was ook 'n onafhanklike kaptein. Hy het egter vroegtydig onderhandel en hom aan Portugese gesag onderwerp.¹²⁰

Hiervandaan is verdere aanvalle in die berge suid van Kandumbo se gebied onderneem en nog enkele skermutselinge het gevolg. Die vyand se morcel was egter gebreek en hulle het gou op die vlug geslaan.¹²¹

Na hierdie veldtog wat van Junie tot Oktober 1902 geduur het, het die strafekspedisie na Caconda teruggekeer. Die Goewerneur het hierdie Boere-vrywilligers byeengeroep en terwyl hy van dankbaarheid gehuil het, het hy hulle bedank vir hulle dienste. Hy het hulle verseker dat hy deur hulle toedoen ook voortaan 'n naam op aarde sou hê.¹²²

..... 436/-

116) Van der Merwe, P.J.: Ons Halfeeu in Angola, p.64

117) Ibid.

118) Ibid.

119) Ibid., p.65

120) Ibid., p.65

121) Ibid.

122) Ibid., p.66

ONDERWERPING VAN DIE SUIDE VAN ANGOLA

Die eerste veldtog teen die Okuamati's

Kol. Artur de Paiva het met die ondersteuning van Boere-kommando's die oostelike en noordelike dele van Angola aan Portugese gesag onderwerp. Suidwaarts was die inboorlinge nog net so ver as Humbé onder Portugese gesag. Kol. de Paiva is egter oorlede voordat hy die stamme suidoos van Humbé tot onderdanigheid kon dwing.¹²³

Die twee Okuamatistamme wat hier woon, praat dieselfde taal en is by die Boere as Klein- en Groot-Okuamati bekend. By die inboorlinge was eersgenoemde as Ovakuamati en laasgenoemdes as Ovabandja bekend. Elkeen van hierdie stamme het sy eie stamhoof gehad, maar Klein-Okuamati was verreweg die magtigste. Die twee stamgebiede is by die grensbepaling tussen Suidwes-Afrika en Angola, deur 'n konvensionele reguitlyn deurgesny, sonder in agneming van natuurlike of stamgrense.¹²⁴

Hierdie gevreesde Okuamati's wou met geen witman vriendskap hê nie. As 'n Portugese handelaar dit binne hulle gebied gewaag het, het hulle hom eenvoudig vermoor. Selfs die negosieware, vuurwapens en ammunisie van die blankes kon hulle nie tot vriendskap beweeg nie, hoewel hulle hierdie gesogte handelware nie versmaai het nie. Hulle het dit graag gebuit of van aanverwante stamme geruil.¹²⁵ Hulle wou later geen blanke handelaar in hul gebied meer toelaat nie. Die goewerneur van Mossamedes, kol. João Maria de Aquiar, was hierdeur genoodsaak om 'n strafekspedisie teen hulle te onderneem.¹²⁶

In September 1904 het die goewerneur João Maria de Aquiar, wat begerig was om hom as 'n militêre veldheer te bewys, 'n veldtog sonder Boere samenwerking, teen die Okuamatistamme georganiseer. Die doel hiermee was, sê

Chapman437/-

123) Van der Merwe, P.J.: Ons Halfeeu in Angola, p.93

124) Ibid.

125) Alberts, A.: Herinneringe p.1

126) Chapman, W.J.B.: Memoirs, pp.67-68

Chapman, "to show his countrymen that the employment of the Boers was ridiculous and that the national arms would carry the day without such foreign assistance".¹²⁷ Sy kommando wat uit Lubango vertrek het, het bestaan uit 'n mag van 409 blanke soldate en offisiere en 'n aantal inboorling-vrywilligers wat met regeringsgewere bewapen was. Baie van die soldate was bereide en was toegerus met moderne wapens.¹²⁸

Op Chicusse het kolonel de Aquiar de Spanjaard, José Lopes versoek om hom te vergesél. Maar aangesien die kolonel nie Boere saamgeneem het nie, het Lopes geweier om saam te gaan.¹²⁹

Op 24 September 1904 het die Portugese strafkommando ten suidooste van die Kunenerivier gekampeer. Verkenners onder kaptein de Costa kon, afgesien van verlate inboorlingkrale, niks verdags rapporteer nie. Die volgende dag het De Aquiar se troepemag onder kaptein Pinto de Almeida Okuamatigebied binnegeval. Tenente (eerste luitenant) Morais, magistraat van Humpata, het met 'n klomp inboorling-vrywilligers die voorhoede gevorm. De Aquiar het in die kamp agtergebly.¹³⁰

By die eerste inboorlingtuine het Morais en sy swart kommando met die Okuamati's slaags geraak. Kapt. de Almeida en sy regimente het nog skaars die gevegsterrein bereik toe Morais en sy manskappe op die vlug slaan. Morais is gewond en op sy perd deur sy volgeling na die kamp terug geneem. Daarna het die Okuamati's op die Portugese troepemag, wat reeds in vegsgereedheid was, afgestorm. Deur hewige geweervuur en vuur uit twee kanonne

is438/-

127) Chapman, W.J.B.: Memoirs, p.68; Van der Merwe, P.J.: Ons Halfeeue in Angola, pp.66-67

128) Van der Merwe, P.J.: op.cit., p.67

129) Ibid.

130) Ibid., p.68

is die vyand tydelik teruggedrywe. Die Portugese se ammunisie het egter begin opraak en hulle het bevel gekry om bajonette aan hul gewere te fikseer.¹³¹ Toe die vyand merk dat die geweervuur verswak, het hulle in hordes op die regimente afgestorm en in hierdie handgemeengeveg was die Portugese mag nie teen die oormag van die aanvallers bestand nie. Baie regeringstroepen is met assegaaie en knopkieries afgemaai,¹³² en die res het op vlug geslaan.

'n Versterking is dadelik vanuit die laer gestuur. Toe die regiment net mooi halfpad van die laer af na die moordtoneel op pad was, is 'n kanon-skoot vanuit die laer afgevuur met die oog daarop dat die bom anderkant die vlugtende troepe tussen die vyand moes bars. Die skoot was egter te kort en die bom het tussen die ongelukkige afdeling versterkingstroepen gebars. Toe die Okuamati's dit sien, het hulle met hennude ywer hul steekmesse (makonda's) en assegaaie gebruik.¹³³

Terwyl hierdie slagting aan die gang was, het die Kolonel met sy orïge troepe in die rigting van Humbé deur die rivier gevlug. Hy het ook aan die wadrywers opdrag gegee om die osse gou in te span en die waens deur die rivier te bring. Al die osse was nie byderhand nie en slegs 'n paar waens kon na veiligheid gebring word.

Ou Jafta, 'n bediende van Gert Alberts, is terug gestuur om nog voorrade oorkant die rivier te probeer red. Toe die Okuamati's die kamp binne-storm, het hy die voorosse sommer kortom gepluk met die gevolg dat die disselboom gebreek het en hy slegs met die span osse veiligheid bereik het. Byna die hele laer met al die krygsvoorrade het in die hande van die vyand geval. Toe die oorwinnaars in die verlate laer saamdrom, het ou Jacob Ericksson aangeraai dat die kolonel 'n bom tussen hulle gooi.¹³⁴ Hierto

was439/-

131) Van der Merwe, P.J.: Ons Halfeeu in Angola, p.68; Chapman, W.J.B.: Memoirs, p.68

132) Ibid., pp.68-9; Ibid.

133) Ibid., p.69

134) Ibid., p.70; Ibid., p.67

was De Aquiar egter nie bereid nie en die Okumati's is toegelaat om sonder enige verdere teenstand hul ryk buit te behou. Benewens 254 offisiere en manskappe wat hier gesneuwel het, het twee kanonne 'n groot hoeveelheid krygsmateriaal, honderd osse en 'n aantal waens in die slag gebly. Die waens is deur die inboorlinge aan die brand gesteeek.¹³⁵

Die lyke van eerste-luitenant Roderiques, aanvoerder van die regiment L'Companhia Europeia, en luitenant Rodriques, aanvoerder van die artillerie, wat albei deur die bom wat uit die laer afgevuur is, gedood is, is na Humbé vervoer en daar begrawe.

Na hierdie skrikwekkende ondervinding van oorlogsvoering in Afrika het kol. De Aquiar na Portugal teruggekeer, en sy hoop op roem laat vaar.¹³⁶

'n Tweede Portugese aanslag in 1906 het tot 'n roemlose terugtog van die blankes gelei. Eers in 1907 kon hierdie stamme aan Portugese gesag onderwerp word. Dit was egter 'n worstelstryd, waarin die swart krygers die bewondering van die blanke teenstanders afgedwing het.¹³⁷

Die Mulondo-ekspedisie 1905

In September 1905 is kol. José Augusto Alves Rocardos uit Portugal na Lubango gestuur om opstandige inboorlingstamme te straf. Die vernaamste belhamel was hoofman Hanghalo van die Mulondo-stam wat aan die westekant van die Kunene woonagtig was.

Na sy aankoms in Lubango het kol. Rocardos dadelik vir kommandant J.F. Botha genader om Boere-vrywilligers te werf vir sy veldtog teen die Mulondo-stam.

Op440/-

135) Van der Merwe, P.J.: Ons Halfeeu in Angola, p.70; Chapman, W.J.B.: Memoirs, p.68

136) Ibid., p.71

137) Ibid., p.66

Op 'n openbare vergadering te Humpata is Andries Alberts en Willem Venter as Boere-kommandante vir die veldtog aangewys. Alberts sou vrywilligers in die Cubal- en Que-distrikte gaan werf terwyl Willem Venter die Humpata-kommando sou aanvoer.¹³⁸ Venter het dadelik na Capelongo vertrek, waar die twee kommando's bymekaar sou aansluit om saam langs die oewers van die Kunene na Mulondo se hoofstat te trek.

Rocadas het na Humbé en daarvandaan na Mulondo opgeruk en daar is afgespreek dat die Portugese kommando vanuit die suide gelyktydig met die Boere uit die noorde met 'n aanval sou begin.¹³⁹

Hanghalo se spicene het hom gewaarsku teen die oprukkende magte. Uit vrees vir hul eie lewens, wou hierdie spioene egter nie die volle waarheid aan hierdie wrede heerser oordra nie. Hulle het hom wysgemaak dat dit 'n betreklike swak mag was wat in aantog was. Hierdie leuen was ook bedoel om die krygsmanne nie te ontmoedig nie.¹⁴⁰

Na die aankoms van die Boere-kommando's op Capelongo is Andries Albertus as Kommandant-generaal en Willem Venter as Veggeneraal aangewys. Hierna het die kommando langs die rivier af na Mulondo se hoofstat opgeruk.

Hanghalo was salig onbewus van die naderende Boere-kommando en het sy aandag toegespits op Rocadas en sy Portugese troepemag. Die Portugese het op 'n aansienlike afstand van die Mulondo-hoofstat reeds met die vyand slaags geraak, maar kon daarin slaag om die vyand terug te dryf en al vegtende in die rigting van die hoofstat te beweeg.¹⁴¹ Hierdie sukses het Rocadas oormoedig laat besluit om vinnig op te ruk en die hoofstat te verower, voor die bepaalde dag waarop hy met die Boere ooreengekom het.

Vanuit 441/-

138) Van der Merwe, P.J.: Ons Halfee in Angola, pp.71-2; Chapman, W.J.B: Memoirs, p.85

139) Ibid., p.72

140) Ibid.

141) Ibid., p.73

Vanuit die goed verskanste kraal het die inboorlinge heftig weerstand gebied en die Portugese swaar verliese toegedien met die gevolg dat die regimente paniekerig begin raak het. Gelukkig was die ervare ou krygsman José, Lopes by die Portugese mag.¹⁴² Hy het 'n groot boom in die middel van die stat bemerk en vermoed dat Hanghalo hom daar bevind. Hy het gevolglik vir Roccasdas oorreed om 'n bom te laat afskiet wat regoor hierdie teiken moes bars. 'n Paar bomme is hierop op die gemelde teiken gelos. Hierdie optrede het die gewenste uitwerking gehad en Hanghalo en die verdedigers van die kraal het in wanorde by 'n klein hekkie aan die agterkant van die kraal uitgevlug.¹⁴³

Hierdie veldslag het op 24 Oktober 1905, 'n dag voor die afgesproke tyd, plaasgevind. Die Boere het die bombardement van ver af gehoor en hul verkenners het van die besetting van die kraal berig gebring. Na 'n agtervolging van drie dae waarin Hanghalo doodgeskiet is, was die Mulondo stam se weerstand gebreek en is 'n Portugese fort in die gebied opgerig.¹⁴⁴

Die strafekspedisie het hierna na Humbé verskuif en 'n gedeelte van die Boere-kommando het opdrag ontvang om onder aanvoering van hul leiers die Okuamati-gebied binne te trek en soveel beeste as moontlik te buit.¹⁴⁵ Die volgende dag is 'n kommando Matjimba-vrywilligers onder aanvoering van Jacob Ericksson ook deur die rivier die Kuamati-gebied binnegestuur om vee te buit.¹⁴⁶ Laasgenoemde kommando het in 'n botsing met die vyand betrokke geraak en slegs 50 van die 300 man het die geveg oorleef. Dit was 'n groot verlies vir die Portugese magte, want afgesien van die opoffering van menselewens het die ammunisie en gewere van die gesneuweldes in die hande

van1442/-

142) Van der Merwe, P.J.: Ons Halfeeu in Angola, p.73

143) Ibid., p.74; Chapman, W.J.B.: Memoirs, p.86

144) Ibid., pp. 74-5

145) Ibid., p.75

146) Ibid.

van die vyand beland.¹⁴⁷

Kolonel Rocadas het nou ook oor die Boerekommando'tjie begin bekommerd raak. 'n Patrollie Boere-verkenners, van diegene wat in die laer agtergebly het, kon geen spoor van die Boeresending vind nie. Die gebied was egter baie dig met Okuamati's bevolk. Uiteindelik sewe dae na hul vertrek, het die Boere-kommando met 'n buit van 700 beeste opgedaag. Kol. Rocadas was baie ingenome met hierdie prestasie en het die Boere-aanvoerders en manskappe groot lof toegeswaai.¹⁴⁸

Die strafekspedisie het hierna na Gambos versit. Hier het die Boere-kommando bevel gekry om die inboorlinge aan te val en nog beeste te buit. Die res van die troepemag het na Lubango teruggekeer. Die Boere-kommando het later met 'n buit van sowat 2 000 beeste en 'n groot aantal kleinvee by hierdie dorp opgedaag. Die Boere het die helfte van die gebuite grootvee ontvang. Die kleinvee is onder die makvolk by die Boere verdeel.¹⁴⁹

Die Vlugekspedisie 1906

Vanaf Februarie tot Augustus 1906 het die Portugese owerheid groot hoeveelhede oorlogsmateriaal van Mossamedes af na Lubango laat vervoer. Dit was bedoel as voorrade vir 'n ekspedisie wat die reeds genoemde opstandige Okuamatistam tot onderhorigheid moes onderwerp.¹⁵⁰

Hierdie Portugese leër het uit 1 256 soldate onder kol. Rocadas en 32 Boere vrywilligers onder kommandante Andries Alberts en Willem Venter bestaan. Die Boere is net as skerpskutters en verkenners saamgeneem.¹⁵¹

Rocadas143/-

147) Van der Merwe, P.J.: Ons Halfee in Angola, p.75

148) Ibid., 76

149) Ibid., p.77

150) Ibid., pp. 77-8

151) Ibid., p. 78; Chapman, W.J.B.: Memoirs, pp. 68-69

Rocadas met sy leër het vooruitgetrek en vir die Boere op Humbé gewag. Die Boere-korps het op 28 Augustus 1906 hulle opwagting gemaak en daarna het die leër in die rigting van die Kunenerivier begin beweeg. Op Saterdagoggend, 28 Augustus, het 'n Boereverkenningsspatrollie, waaronder drie donkieruiters en 'n aantal Portugese was, na Okuamatigebied vertrek. In-tussen het Rocadas sy troepemag en krygstuig oor die rivier gebring.¹⁵²

Die verkenningsspatrollie het op hul sending slegs 'n pan water ontdek, maar kon geen een van die vyand raakloop nie. Sondag, 29 Augustus, het almal rustig in die laer deurgebring. Die Portugese kamp was aan die oostekant van die rivier op die heuwel waar Fort Rocadas later opgerig is. Op die vlakte, aan die noordekant van hierdie heuwel, het die Boere laergetrek. Nog verder noord het 'n tweede heuwel wigvormig teen die eersgenoemde aan die rivier vasgeloop en aldus die Boere-laer goed verskans.¹⁵³

Maandagoggend is dertig lede van die Boere-korps vergesél van 'n Portugese offisier met dertig Portugese vrywilligers asook 600 inboorlinge onder blanke aanvoering, uitgestuur om verkenningwerk te doen en om weer die pan te besoek. In die geheel was dit 'n koddige optog. Die inboorlingkrygers het almal breë wit skouerbande gedra om hulle van die vyand te onderskei en was met regeringsgewere bewapen.¹⁵⁴ Drie Boere het op donkies gery en sommige op regeringsmuile en een Portugees op 'n pakos. Die patrollie het slegs soveel ammunisie saamgeneem as wat hulle maklik te perd of te voet kon vervoer.

Ongeveer drie kilometer van die kamp af het die patrollie 'n Okuamati-impit teengekom. In 'n geveg wat ontstaan het, is die patrollie in 'n hinderlaag gelok en daar moes haastig teruggeval word. Die Boere het dapper geveg en talle van die vyand doodgeskiet. Hulle pad na die laer toe is afgesny en hulle moes met 'n wye draai vanuit 'n noordelike rigting na die

laerllll/-

152) Van der Merwe, P.J.: Ons Halfee in Angola, p.79

153) Ibid., pp.79-80

154) Ibid., p.89; Chapman, W.J.B.: Memoirs, p.68

laer terugkeer. Eers toe hulle deur die rivier was, kon hulle hul agtervolgers afskud. Die drie Boere-donkieruiters, nl. Jan Opperman, Johannes van Niekerk en Jacobus Steyn en 'n Portugees is deur die vyand ingehaal en gedood en sowat 300 inboorlingsoldate het gesneuwel. Drie dae na die geveg is Piet Klopper ook aan sy wonde wat hy in die geveg opgedoen het, oorlede.¹⁵⁵

'n Vyandelike aanval op die laers is nou verwag, maar eers op 5 September het die vyand op 'n heuwel 500 meter van die Boere laer af hul verskyning gemaak. Daar is onmiddellik op hulle gevuur en hulle het teruggeval. Op 1 200 tree van die laer af het hulle probeer om deur die rivier te gaan om die osse te buit.¹⁵⁶ Met voordat die voorhoede van die vyandelike mag die westelike oewer van die rivier bereik het, is 'n bom tussen hulle gegooi. Dit het groot verwarring veroorsaak en die oorlewendes het haastig teruggevlug. Op 6 September is twee vyandelike spioene in die kamp gevang en tereggestel.¹⁵⁷

Kol. Rocadas het nou besluit om nie met die veldtog voort te gaan nie. 'n Sterk fort is op die heuwel gebou en daarna het die Portugese mag teruggetrek. Op 15-18 Februarie 1907 het 'n sterk Okuamati-mag Fort Rocadas aangeval, maar is met aansienlike lewensverliese teruggedryf.¹⁵⁸

Die Boeregemeenskap het die oorlewendes uit hierdie veldtog dit baie ernstig verwyt dat hulle hulle drie makkers wat swak rydiere gehad het in die steek gelaat het. Die Portugese owerheid is ook ernstig oor hierdie sinnelose opoffering van menselewens verkwalik. Chapman sê dat hy later verneem het dat daar mulle beskikbaar was waarop die ongelukkige Boere kon gery het. Hulle leiers het hulle egter aangeraai om nie van laasgenoemde rydiere gebruik te maak nie, aangesien hulle 'n food ontvang het vir hul donkies wat

aan445/-

155) Van der Merwe, P.J.: Ons Halfee in Angola, p.90

156) Ibid., p.90; Von Moltke, J.J.: Veldsmanne; Die Huisgenoot, 24.8.46.

157) Ibid., p.92

158) Chapman, W.J.B.: Memoirs, p.69

aan die veldtog deelgeneem het. Volgens hom was Andries Alberts en Willem Venter wat die leiers van die Boeregeselskap was en oor goeie perde beskik het die eerste om Humbé te bereik. Hy beskuldig ook hierdie twee leiers daarvan dat hulle "had always been the intriguers with the Portugese Government against their own people and were extremely selfish."¹⁵⁹

Portugese amptenare het die besonderhede oor hierdie laaste ramp noukeurig van die publiek en selfs die owerheid weerhou. Chapman sê dat toe hy by geleentheid 'n Portugese offisier hieroor inlig en selfs die name van die drie Boere noem wat in Ombandja gesneuwel het, wou hierdie amptenaar hom nie glo nie.¹⁶⁰

Die onderwerping van die Okuamatistamme

Vanaf April 1907 was Boere-transportwaens weer bedrywig om krygsttuig van Mossamedes na Humbé vir 'n beslissende oorlog teen die Okuamati's aan te voer.¹⁶¹ In Augustus 1907 het kol. Rocadas vanaf Lubango vertrek met 'n leër van 2 530 man. Hulle het op 'n heuwel oos van die Kunene, regoor Fort Rocadas gaan laer trek en op die aankoms van 'n Boere-korps gewag. Hierdie korps, bestaande uit sestich blankes, 'n kleurling en sewe makvolk het op 12 Augustus Humpata verlaat en op 24 Augustus hulle opwagting by die leër gemaak.¹⁶²

Die Portugese leër was saamgestel uit 2 060 voetsoldate, met offisiere en artilleriste toegerus met 12 kanonne en 4 vyfloop-meksimkanonne;¹⁶³ 300 swart infanterie-soldate met Martini Henrigewere; 'n afdeling van 40 perderuiters (cavalaria) met sabels en gewere bewapen; 80 lansknechte op Argentynse perde; 50 muilruiters; 15 Portugese vrywilligers (insluitende 'n Duitser); 30 oorlamse

inboorlinge446/-

159) Chapman, W.J.B.: Memoirs, p.69

160) Van der Merwe, P.J.: Ons Halfee in Angola, p.95

161) Ibid., p.96

162) Ibid., p.97

163) Ibid., pp. 97-98; Von Moltke, J.J.: Veldsmanne; Die Huisgenoot, 24.8.46.

inboorlinge onder bevel van Outa Oorlog met hul eie perde en 30 Matjimba voetgangers wat met regeringsgewere bewapen was en onder toesig van die Boere sou optree; 24 oorlamse inboorling perderuiters onder bevel van die Spanjaard José Lopes en die Portugees Emilio Baptista, en 4 Okuamati-muilruiters onder leiding van die reuse ou Kariparula. Laasgenoemde was 'n Okuamativooman, wat teen sy hoofman gerebelleer het en wat noodsaak was om met 'n aantal van sy volgelinge na die Portugese vir beskerming te vlug. Hy was in staat om waardevolle strategiese inligting te verstrek.¹⁶⁴

Met 'n totale mag van 2 657 man en 70 swaar belaaide waens het kol. Rocadas op 26 Augustus 1907 Kuamati-land binnegeval. Die invalsmag was ook toegerus met 'n veldhospitaaldiens van geneeshere en ambulansmanne wat nie by die bogemelde getal in berekening gebring is nie.¹⁶⁵

Deur die eerste bosstreek is 'n pad, vier myl lank, oopgekap sodat die waens twee-twee langs mekaar daardeur kon beweeg. Anderkant die bosstreek het die waens in 'n vierkantige formasie beweeg en die konvooi is aan alle kante deur soldate beskerm. Nadat ses kilometer gevorder is, is halt geroep.¹⁶⁶ Hiervandaan is 'n paar Boere-verkenners as wagte wes van die laer geplaas en die osse is langs die laer opgepas om te wei.

Na verloop van twee uur is die Boerebrandwagte teruggeroep en saam met 'n aantal swart soldate na 'n pan, waardeur hulle die oggend getrek het, gestuur om water te gaan grawe.¹⁶⁷

Daar is verwag dat die Okuamati's die laer teen dagbreek die volgende oggend sou aanval, maar dit het nie gebeur nie, en 'n deel van die Boerekorps

is447/-

164) Van der Merwe, P.J.: Ons Halfee in Angola, p.98; Von Moltke, J.J.: Veldsmanne; Die Huisgenoot, 24.8.46

165) Ibid., pp.98-9; Ibid.

166) Ibid., p 99; Ibid.

167) Ibid., p 100-01; Ibid.

is vroeg op verkenning uitgestuur. Nie ver van die laer nie het hulle 'n groot Okuamati-mag in aantog gewaar en twee verkenners is teruggestuur om die laer te gaan waarsku. Die vyand waarby ook verskeie perderuiters was, het in 'n halfmaanvormige krygsformasie vinnig nadergekom.¹⁶⁸

Die Portugese mag met die lansiers vooraan, het die vyand tegemoet getrek, terwyl die Boere-korps na die een kant toe padgegee het en met verwondering die indrukwekkende krygsoperasie gade geslaan het. Spoedig is hulle hulp egter ingeroep om 'n wa wat in 'n boom vasgery het, los te kry. Die reuse kryptangbeweging van die aanvallers het intussen agter die Boere gesluit en hulle moes uit die saal vir hulle 'n pad oopskiet.¹⁶⁹ Hierop het die Boere weer opdrag gekry om die vyand aan die westekant van die laer te gaan terugskiet. Nadat hulle twintig minute met onafgebroke snelvuur op die vyand losgebrand het, is hulle in die laer teruggeroep en is hulle plekke onmiddellik deur Portugese gevul, wat toe vir die eerste keer aan die geveg begin deelneem het.¹⁷⁰ Hierna het die artillerie ook tot die geveg toegetree. Die Boere was nog nie in die laer terug nie, toe is die eerste dooies en gewonder ingedra. Aangesien die hospitaaltente nog nie opgeslaan was nie, is die liggame sommer in die son neergelê.¹⁷¹

Die Boere het toe bevel ontvang om te perd uit te jaag sodat die reserwe troepe 'n kans kon kry om sandsakke te pak. Die Portugese gevegseenhede het 'n opening in hul geledere gevorm sodat die skerp-skutters kon deurjaag. Weerskante van die opening is 'n kanon opgestel en die Boerekorps is in

linie448/-

168) Van der Merwe, P.J.: Ons Halfee in Angola, p.102; Von Moltke, J.J.: Veldsmanne ; Die Huisgenoot 24.8.46.

169) Ibid., p. 104; Ibid.; Die Huisgenoot 31.8.46..

170) Ibid., p. 104; Ibid.

171) Ibid., pp. 104-05; Ibid.

linie in die opening opgestel met die lansiërs agter hulle en die muil-ruiters heelagter. Die Boere het toe opdrag gekry dat sodra 'n beuel blaas en die kanonne begin skiet moes hulle gelyk wegspring. Die onzelyke wyse waarop die Boere-ruiters op die gegewe teken weggespring het, het die Portugese militêre nie aangestaan nie. Hulle is dadelik teruggeroep en die lansiërs is toe vooraan opgestel, en hulle onmiddellik daaragter. Die lansiërs het mooi in gelid weggespring toe die beuel blaas en die kanonne begin skiet.¹⁷²

Hierdie vertoon van afgerigtheid in die hitte van 'n hewige geveg het die Boere as "onnosel" beskou en daarby as 'n belediging vir hulle eie vegvernuf.¹⁷³

Die lansiërs het soveel stof met hulle stormloop opgeskop dat die Boere niks kon sien nie en maar net agter hulle aan koers gehou het. Verskeie van die vyand is deur die perde doodgetrap en deur die lansiërs doodgesteek. Die hele aanvalsplan het egter goeie vrugte afgewerp en hulle kon na hul deur die buitenste linie gebars het die vluggende vyand goed genoeg sien om op hulle te skiet. Deur 'n proses van aanval en terugval, is die inboorlinge aansienlike verliese toegedien.¹⁷⁴

Die Okuamati's wat die skielike uitjaag van die perderuiters as 'n vlugping beskou het, het hul aanval op die laer verskerp. Die waens het egter goeie skuiling gebied.

Toe die perderuiters na die laer toe teruggeroep is, was die sandsakke klaar gepak. Die osse wat nog steeds ingespan was, is as gevolg van die aanhoudende geweervuur baie verskrik en die touleiers wat kort-kort vreesbevange by die waens kom skuil het, is herhaaldelik met die sambok na hul verantwoordelikheid teruggedryf. Die reserwetroepe het ook soos bye om die waens gepak.

Van der Merwe449/-

172) Van der Merwe, P.J.: Ons Halfee in Angola, p. 105; Von Moltke, J.J.: Veldsmanne; Die Huisgenoot, 31.8.46

173) Ibid., p. 105; Ibid.

174) Ibid., p. 108; Ibid.

Van der Merwe sê dat hierdie selfde vreesbevange mense in die vuurlinie egter puik vertoon het.¹⁷⁵

Die vegsmetodes van die Europeër het tot gevolg gehad dat verskeie van die lanners wat nou op aandag op hul perde bly sit het, goeie skywe vir die aanvallers was en doodgeskiet is. Eers nadat die Boere die aanvoerders op die dwaasheid van hierdie vertoon attent gemaak het, het hulle daarvan afgesien en die lanners langs die perde laat staan. Hierna het die ongevallen dadelik afgeneem.¹⁷⁶ Die geveg het tot sonder voortgeduur. In hierdie veldslag van Mufilo het die Okuamati's na skatting 20 000 krygers in die veld gestoob. Minstens 30 lanners, veertig blanke infanterie offisiere en manskappe en 'n onbekende aantal swart Portugese soldate het in die slag gesneuwel, maar geen Boer nie.¹⁷⁷

In die nag het die Portugese die dooies op die ruimte wat vir die hospitaal tent gelaat is, begrawe. Die nag het sonder voorval verloop. Die volgende oggend het hulle die waens oor die losgrond laat ry, sodat die Okuamati's nie kon sien waar die grafte is nie, omdat dit hul gebruik was om die lyke uit te grawe.

Die laer het nou vorentoe beweeg, maar hulle het nie ver gevorder nie of 'n menigte van die vyand het op die bult verskyn vanwaar hulle die vorige dag gekom het. 'n Kanonskoot is afgevuur en die bom het mooi tussen die vyand te lande gekom.¹⁷⁸ Toe die rook opklaar, kon gesien word hoe die vyand hul dooies en gewondes wegdra, want dit was die Okuamati's se gebruik om die lyke van hul bloedverwante van die gevegsterrein af te verwyder. Die

lyke450/-

175) Van der Merwe, P.J.: Ons Halfeeu in Angola, p. 130; Von Moltke, J.J.: Veldsmanne; Die Huisgenoot, 31.8.46

176) Ibid., p. 111; Ibid.

177) Ibid., p. 112; Ibid.

178) Ibid., Ibid.

lyke van die vreemdelinge het hulle egter net so laat lê.¹⁷⁹

Die laer het nou twee kilometer vorentoe tot teen 'n sandbult versit. Die waens het skaars tot stilstand gekom of die vyand het uit die bosse 'n halfhartige aanval geloods. Terwyl daar aan die westekant van hierdie sandbult geveg is, het die Portugese aan die oostekant in 'n omaramba vir water gegrawe en die osse twee-twee aan rieme daar gaan water gee, 'n operasie wat tot die aand geduur het.¹⁸⁰

Die vyand het dwarsdeur die nag met tussenposes geskiet. Die volgende oggend, 29 Augustus, is die osse losgemaak om langs die laer te wei. 'n Klomp swart soldate moes die putte dieper grawe, terwyl die ander besig was met die bou van 'n tydelike fort.

Soortgelyke fortjies is, vandat die ekspedisie Fort Rocadas verlaat het, op bepaalde afstande van mekaar opgerig. Daarmee is die verbindingslinie tussen die strafekspedisie en Fort Rocadas oopgehou.¹⁸¹

Teen die middag het die vyand die laer bekruip in 'n poging om die osse te buit, skielik 'n aanval geloods. Hulle het dan ook daarin geslaag om met elf osse weg te kom. Die putgrawers moes in hierdie geveg wat twee uur geduur het, in die putte skuil. Slegs enkele Portugese ongevallen het in hierdie geveg voorgekom, maar om die putte alleen het 27 dooie Okumati's gely.¹⁸³

In die nag het die vyand weer sporadies op die laer geskiet. Om hulle die geleentheid te gee om nader aan die laer te kom het kol. Rocadas om 22h00 opdrag gegee dat alle skietery gestaak moes word. Maar toe op 'n gegewe oomblik

is451/-

179) Van der Merwe, P.J.: Ons Halfee in Angola, pp.112-113; Von Moltke, J.J.: Veldsmanne; Die Huisgenoot, 31.8.46

180) Ibid., p. 113; Ibid.

181) Ibid., p. 113-114; Ibid.

182) Van der Merwe, P.J.: Ons Halfee in Angola., p.116; Von Moltke, J.J.: Veldsmanne, Die Huisgenoot 31.8.46

183) Ibid., p.117; Ibid.

is alle vuur geopen. Die aanvallers was daardeur so verras dat hulle gedurende die nag nie weer naby die laer gekom het nie.¹⁸⁴ Kol. Rocadas het ook hierdie sarsie-skietery in die nag laat vaar en, net soos die Boere, slegs enkelskote laat vuur deur die beste skuts, want hy het ingesien dat die sarsie-skietery in die donker 'n verspilling van ammunisie was. Gedurende die laaste twee dae van Augustus, het die vyand hul skietery op die laer tot die nag bepaal.¹⁸⁵

Die beeswagters het nou berig dat aan die oostekant 'n groot vyandelike same-trekking aan die opbou was. Op 2 September om 15h00 is die helfte van die Boere-korps, 'n afdeling infanterie en Outa Oorlog en sy aanhang gestuur om die verdagte omgewing te verken. Die infanterie moes halfpad agterbly om die verbinding met die laer oop te hou, terwyl die perderuiters verder ge-gaan het. Die vyand het hierdie maneuvres dopgehou en hul in die bosse en koringlande al langs die kaalte versteek. Nadat die geselskap sowat agt-honderd tree uit die laer was, het hulle skielik 'n hewige vuur op hulle ge-open.¹⁸⁶ Die Boere-korps het op heldhaftige wyse te perd die kafferkoring-lande ingejaag en die vyand daaruit verdryf en self die stellings beset. 'n Stormloop van die vyand vanuit die suidekant is gestuit toe hulle vanuit die fort met bomme bestook is en nie by die ander speerpunt kon aansluit nie. Hierdeur is die patrollie se veilige terugtog verseker.¹⁸⁷

So 'n fortjie het bestaan uit 'n breë grag, ses voet diep, gegrawe in 'n vierkant, met twee half-sirkels op die twee teenoorgestelde hoeke. Die grond uit die grag is dan in 'n hoë wal na die binnekant opgewerk, sodat die verdedigers in die 'n ommuurde binneplaas kon skuil. Omtrent drie tot vier meter buite die grag is 'n doringdraadversperring opgerig. Op die

een 452/-

184) Van der Merwe, P.J.: Ons Halfeeu in Angola, p.118; Von Moltke, J.J.: Veldsmanne, Die Huisgenoot, 6.9.46

185) Van der Merwe, P.J.: op.cit., p.119; Von Moltke, J.J.: op.cit., Die Huisgenoot, 31.8.46

186) Ibid., p.120; Ibid.

187) Ibid., pp.121-22; Ibid.

een halfsirkel van die fortmuur is 'n meksim en op die ander halfsirkel 'n kanon geplaas. Hierdie wapens sou dus nou in twee rigtings kon skiet en al vier hoeke na buite dek. Vyande wat daarin sou slaag om tog die fort te bereik, moes eers deur die doringdraadheining gaan en dan in 'n ses voet sloot afspring, waar hulle deur die verdedigers maklik doodgeskiet kon word. So 'n fort kon dus deur 'n klein bemanning teen 'n groot oormag behou word.

Op voorstel van die Boere-kommandate, Willem Venter en Andries Alberts, het kol. Rocadas ingestem dat waens wat periodiek na Fort Racadas vir voorrade teruggestuur is, baie vroeg in die oggend en so stil as moontlik uit die laer moes vertrek en dan helder oor dag na die laer moes terugkom. Hierdeur is die valse indruk by die inboorlinge gewek dat die Portugese steeds versterkings aanbring, maar dat niemand die laer verlaat nie. Hierdie plan het so suksesvol verloop dat die vyand by hul oorgawe te kenne gegee het dat hulle nooit waens na die Kunene sien teruggaan het nie, maar net altyd gesien het hoe waens en troepe aangekom het.¹⁸⁸ Die eerste transportsending van hierdie aard het die laer om 14h00 op 3 September 1907 verlaat. Die sending van agt waens is deur die hele Boere-korps en 'n afdeling infanterie ter beskerming vergesél.¹⁸⁹

Van der Merwe sê dat indien die vyand deur hierdie plan gesien het, die hele veldtog waarskynlik weer onsuksesvol sou gewees het, want dat dit vir hulle maklik sou gewees het om so 'n klein patrollie te oorval en aldus die verbindingslinie kon verbreek het.¹⁹⁰

Terwyl die transportsending weg was, het kol. Rocadas op 4 September met 'n afdeling troepe en 'n paar kanonne in 'n suidelike rigting uitgetrek omdat die vyand vanuit hierdie rigting die meeste op die laer geskiet het.¹⁹¹

Die 453/-

188) Van der Merwe, P.J.: Ons Halfecu in Angola, p.121; Von Moltke, J.J.: Veldsmanne; Die Huisgenoot, 6.9.46.

189) Ibid., p. 122; Ibid.

190) Ibid., p. 125; Ibid.

191) Ibid., p.125; Ibid.

Die vyand het die patrollie toegelaat om omtrent 'n myl van die laer af weg te beweeg voordat hulle daarop begin skiet het. Die Portugese het 'n teenaanval geloods en die vyand het voor hulle teruggeval.¹⁹² Hierdeur is kol. Rocadas se patrollie byna in 'n hinderlaag gelok. Gelukkig het hy besef wat die vyand se plan was, en hy het haastig teruggeval. Trouens die inboorlinge was reeds besig om in hul bekende halfmaanformasie die Portugese mag te probeer insluit. Om te verhoed dat dit gebeur het Rocadas die terugtog so gereguleer dat onderwyl 'n deel van sy troepe aan die veg bly, die ander deel 50 tree terugval. Terwyl die eerste deel dan weer op die aanvallende vyand vuur, kon die voorste linies weer retireer.¹⁹³

Met hul bekende stormlope het die Okuamati's hierdie patrollie getreiter. Volgens P.J. van der Merwe was dit 'n beweging wat hul meesterlik kon uitvoer. Hulle was bekend as die beste naellpers onder al die inboorlingstamme in daardie geweste en het binne enkele sekondes tot op honderd tree van die Portugese af gestorm en dan begin skiet. Sodra die een linie krygers deur die Portugese afgemaai is, is dit blitsig deur 'n volgende linie opgevolg. Die agterste linies het onverskrokke oor die lyke van hul gesneuwelde makkers gestorm en met hul aanvalle volgehou.¹⁹⁴ Deur hierdie heldhaftige stormlope het 'n kanonwa vol ammunisie spoedig in hul besit gekom omdat die muile dood geskiet is. Op 800 meter van die laer af was Rocadas en sy patrollie dus heeltemal omsingel en hul ammunisie byna gedaan.¹⁹⁵ Gelukkig het die bevelvoerder oor die laer uit die naderende dreuning van die

geveg 454/-

192) Van der Merwe, P.J.: Ons Halfeeu in Angola, p. 126; Von Moltke, J.J.: Veldsmanne, Die Huisgenoot, 6.9.46.

193) Ibid., p. 126; Ibid.

194) Ibid., p. 127; Ibid.

195) Ibid., Ibid.

DIE VEROWERING VAN SUID-
EN SUIDOOS ANGOLA

1897 — 1915

Kaart Nr. 16

Na Hupata, Lubango
en Mossamedes.

Mulondo

Gambos

Chicusse

Kunene-rivier
KLEIN-OKUAMATI

Humbe

Rogadas

Aucongo

Damekero

Ondonguen

GROOT-OKUAMATI
OMBANDJA

Dom Luiz De Braganca

Ngiva

Ombarantu

UKUANJAMA

SUIDWES — A F R I K A

Ukualusi

Ukuambi

Ongandjerra

geveg besef dat die Portugese mag aan die terugval was.¹⁹⁶ Hy het dadelik versterkings en ammunisie uit die laer gestuur. Hierdie versterkings het net betyds opgedaag om nog 'n ramp af te weer, want daardeur is kol. Rocadas se gevegspatrolle in staat gestel om tot in die veiligheid van die laer terug te val.¹⁹⁷ In die geveg wat oor 'n afstand van 2 kilometer vanaf 10h00 tot 15h00 geduur het, het meer van die vyand gesneuwel as in enige ander geveg in Okuamatiland.¹⁹⁸

Kol. Rocadas het elke aand na 'n suksesvolle slag teen die vyand 'n vuurpyl in die lug laat opskiet om die besettingsmag in Fort Rocadas van die stand van sake in te lig. Indien geen vuurpyl opgeskiet is nie, was dit 'n aanduiding dat die Portugese mag 'n neerlaag gely het. Die Portugese mag was dan ook in staat om die aand van 4 September 1907 na die slag van Auongo 'n vuurpyl op te skiet as teken van hul oorwinning.¹⁹⁹

Die fortjie wat by Auongo opgerig is, was op 12 September klaar en daarna het die Portugese leër eers in 'n ooswaartse en toe weer in 'n suidelike rigting voortbeweeg. In hierdie opmars het die gevegseenheid weining teenstand ondervind, maar is op Muangapua, waar hulle oornag het, weer deur die vyand lastig geval.²⁰⁰

Op die oggend van 13 September het die invalsmag drie kilometer vorentoe beweeg, toe die vyand hewig teenstand begin bied het. Die laer het tot stilstand gekom en 'n geveg het ontbrand.²⁰¹ Die laer het tot die agtermiddag al vegtende voortgetrek en toe op 'n plek waar putte gegrawe kon word, tot stilstand gekom. Hier is weer van sandsakke gebruik gemaak ter verdediging

van455/-

196) Van der Merwe, P.J.: Ons Halfeeu in Angola, p.127; Von Moltke, J.J.: Veldsmanne, Die Huisgenoot, 6.9.46

197) Ibid., p. 128; Ibid.

198) Ibid., p.124 Ibid.

199) Ibid., p. 129; Ibid. (Sien Kaart teenoor p.454)

200) Ibid., p. 130; Ibid.

201) Ibid., Ibid.

van die laer en is nog 'n fortjie opgerig. Vir die volgende twee dae het die vyand agter volgehou met dag- en nagaanvalle op die laer.²⁰²

Op die oggend van 16 September om 3h00 het die Boere-korps en hul transportkonvooi weer stil-stil na Fort Rocadas vertrek om voorrade aan te bring. Hierdie transportsending het vroeg op die oggend van 19 September weer die nuwe fortjie by Damekero bereik. Hulle is by hulle aankoms deur die vyand aangeval, maar deur kol. Rocadas met versterking uit die laer te hulp gesnel, sodat hul die laer veilig bereik het.²⁰³

Op 20 September het die laer al vegtende en trekkende tot by Naunhango voortbeweeg, waar waterputte was en hier as gevolg van hewige teenstand weer tot stilstand gekom. Hoewel die Boere-korps onder die algemene bevel van die Portugese opperbevel gestaan het, het dit hulle vrygestaan om na willekeur aan gevegte deel te neem. Die Portugese soldate kon net in opdrag aan die gevegte deelneem en is soms weerloos aan die vyand blootgestel, omdat hulle nie bevel ontvang het om terug te skiet nie. Die Portugese soldate wat as reserwe-troepe onaktief moes wag, het dan ook altyd die Boere-skerpskutters ter beskerming in hul midde verwelkom.²⁰⁴ Tydens die geveg by Naunhango het 'n swart skerpskutter wat met 'n Portugese militêre geweer toegerus was, verskeie artilleriste wat 'n kanon beman en onaktief op bevel moes wag van agter 'n miershoop, doodgeskiet. P.J. van der Merwe het gelukkig op hierdie warm kol in die gevegslinie afgekom en kon die vyandelike skerpskutter uit die weg ruim.²⁰⁵ Verskeie Portugese soldate het in hierdie geveg gesneuwel terwyl hul besig was om sandsakke te pak. Bowendien was

die456/-

202) Van der Merwe, P.J.: Ons Halfeeu in Angola, p. 131-2; Von Moltke, J.J.: Veldsmanne, Die Huisgenoot, 6.9.46

203) Ibid., pp.133-4; Ibid.

204) Ibid., pp.135-6; Ibid.

205) Ibid., p. 137; Ibid.

die terrein waar die laer gestaan het so onbeskut dat almal teen sonder genoodsaak was om slote te grawe om in te slaap.²⁰⁶

Op 21 September het die Portugese mag weer al vegtende voortgetrek. Die vyand het, sodra die invalsmag 'n kaal plek in die boswêreld bereik het, hewig op hulle losgebrand. Wanneer hulle egter tussen die bosse in beweeg, is die aanvalle gestaak, aangesien hul dan te naby sou moes kom om die Portugese onder skoot te kry. Daardie aand het die laer naby Inkoca, waar inboorlingdamne was, tot stilstand gekom en na 'n geveg van 'n uur die damne beset.²⁰⁷

Op die oggend van 22 September om 11h00 is die hoofstat van Klein-Okuamatiland verlate gevind. Dit is sonder slag of stoot beset en aan die brand gestee. Binne die sterk verskanste kraal is in die puin 'n klomp Portugese gewere gevind. Elf van hierdie gewere het gebarste lope gehad en is waarskynlik so beskadig deurdat die Spanjaard José Lopes in 1906 patrone wat met dinamiet gelaai was in Okuamatigebied laat verhandel het.²⁰⁸

Op 23 September het kol. Rocadas 'n sterk fort op die plek van die ou kraal laat bou. In teenstelling met die kleiner fortjies op die verbindingslinie na Fort Rocadas, het hierdie fort vier halvesirkels - een op elke hoek - gehad.²⁰⁹

In die nag van 24 September is die helfte van die Boere-korps, die Portugese vrywilligers en 'n aantal van die ruitery weer na Fort Rocadas teruggestuur om voorrade te gaan haal. Die voorraadkonvooi het op 30 September veilig

na457/-

206) Van der Merwe, P.J.: Ons Halfee in Angola, p. 139; Von Moltke, J.J.: Veldsmanne, Die Huisgenoot 6.9.46

207) Ibid., pp.139-41; Ibid.

208) Ibid., p.141; Ibid., 13.9.46

209) Ibid., pp.141-2; Ibid.

na die hooflaer teruggekeer.

Die Portugese fort is op 3 Oktober voltooi en is Fort Don Luiz de Braganca gedoop.²¹⁰

Op 4 Oktober is 'n deel van die Boere-korps tesame met die helfte van die Portugese mag, gestuur om die hoofkraal van Groot-Okuamatiland wat slegs 4 kilometer ooswaarts gelê het, te gaan inneem. Weinig weerstand is ondervind en die onbeskermdes kraal is sonder veel moeite ingeneem.²¹¹

Op 5 Oktober het kol. Rocadas vir ou Kariparula opdrag gegee om die Okuamati-hoofmanne op te roep om te kom vrede sluit. Hy het van die kraal se tamboer gebruik gemaak om hierdie taak te volvoer en ongeveer 70 hoofmanne het by die vredesberaad opgedaag.²¹²

Die vredesvoorwaardes wat kol. Rocadas gestel het, was soos volg: die Okuamati's moes 'n sekere getal osse as oorlogskuld betaal; hulle moes alle gebuite Portugese wapens, asook ander vuurwapens aan die Portugese uitlewer en moes vir Kariparula as opperhoof van Ombandja (Groot-Okuamatiland) erken.²¹³ Die dapper, maar verslane Okuamati's moes noodgedwonge hierdie voorwaardes aanvaar. Soortgelyke vredesonderhandelinge is met die hoofmanne van Klein-Okuamatiland aangeknoop, en ook hulle moes dit aanvaar aangesien hul opperhoof reeds op 21 September van daardie jaar met 20 perderuiters na Ukuanjama-gebied gevlug het.²¹⁴

Die hele veldtog teen die Okuamati's het slegs oor sowat 60 kilometer plaasgevind, maar het 48 dae geduur.²¹⁵

Kol. Rocadas het by die ou hoofstat van Groot Okuamatiland slegs 'n tydelike fortjie opgerig. Hierdie taak was teen 10 Oktober voltooi en daarna het die Portugese gevegseenheid die terugtog aanvaar. In hierdie veldtog het die Portugese mag ruim een-vyfde van sy manskappe verloor. 'n Aantal Okuamati's het die Portugese mag vergesê tot op 'n plek waar die kanonne wat in 1904

gebuit 458/-

210) Van der Merwe, P.J.: Ons Halfeeu in Angola, pp.142-3; Von Moltke, J.J.: Veldsmanne, Die Huisgenoot 13.9.46

211) Ibid., p.143; Ibid.

212) Ibid., Ibid.

213) Ibid., p.144; Ibid.

214) Ibid., p.145; Ibid.

215) Ibid., pp.151-55; Ibid.

216

gebuit is, versteek is.

Te Pembe, waar die 25⁴ soldate in 190⁴ vermoor is, het Rocadas 'n kruis opgerig en die geraamtes laat bymekaar maak om dit by Fort Rocadas te begrawe.²¹⁷

Op hul teurgtog is die Boere-korps en Portugese vrywilligers gestuur om die beeste van die inboorlinge by Humbe, waarheen baie Okuamati's gevlug het, te gaan buitmaak. Op hierdie ekspedisie is 500 beeste buitgemaak en die Boere het weer op 17 Oktober na die laer teruggekeer. Op 18 Oktober is van kol. Rocadas, wat na Lubango teruggekeer het, afskeid geneem. 218

Kort na hul aankoms op Humpata is die Boere-vrywilligers se hulp weer ingeroep om die opstandige Macuma-inboorlinge te onderwerp.²¹⁹ Hierdie minder-ernstige veldtog is ook spoedig suksesvol afgehandel.

In 191⁴ is kol. Rocadas deur genl. Pereira d'Eca as bevelvoerder van die Portugese magte in Angola opgevolg. Kort na sy aankoms het hy weer met die hulp van Boere-vrywilligers die Portugese forte wat tydens die Naulilla-grensvoorval teen Duitse invalsmag ontruim is, in besit geneem.²²⁰

Terwyl die Boere teen die Donguena-Ovambo's te velde getrek het, het genl. d' Eca met 'n mag van 9 000 man vanaf Fort Rocadas vertrek om Ukuanjamaland wat weer in opstand gekom het, te herower. By Mongua het die Ukuanjama's heftig weerstand gebied en die Portugese mag was verplig om hier stelling in te neem. Die vyand het die leër vir drie dae lank omsingel. Baie van die Portugese se perde het tydens die geveg wat hier gewoed het van die dors omgekom.²²¹

Op 19 Augustus 1915, die derde dag van die insluiting, het die geveg vir tien uur lank onverpoosd gewoed, maar toe is die vyand se weerstand gebreek.

Vyftien459/-

216) Van der Merwe, P.J.: Ons Halfecu in Angola, pp. 151-55; Von Moltke, J.J.: Veldsmanne, Die Huisgenoot, 13.9.46

217) Ibid., p. 147; Ibid.

218) Van der Merwe, P.J.: op.cit., pp.155-6

219) Ibid., p. 161; Egerton, F.C.C.: Angola in Perspective, p.100

220) Chapman, W.J.B.: Memoirs, p.83

221) Van der Merwe, P.J.: op.cit., p.162; Von Moltke, J.J.: Veldsmanne, Die Huisgenoot, 13.9.46.

Vyftien Boere verkennerers wat inderhaas na Donguena na Okuanjama gestuur is, het gedurende die nag van 19 Augustus daar aangekom. Hulle kon die volgende oggend berig bring dat die vyand aan die terugtrek is en die dorsgeteisterde Portugese leër kon vorentoe beweeg.

Die Boere-korps moes hierna altyd voor die leër uitbeweeg om die pad skoon te hou. Enkele skermutselinge het hierna nog voorgekom, maar die inboorlinge het in 'n onderlinge twis betrokke geraak en hul weerstand was gering. ²²²

Toe die Boere-korps as voorhoede die hoofkraal van Ukuanjama nader, is luit. Sarmiento saam met hulle gestuur om toe te sien dat niemand voor genl. d'Eca die bodem van die kraal betree nie. Die Boere-verkennerers het ongemerk verdwyn, vasgestel dat ²²³ die kraal afgebrand en ontruim is, en weer na hul stellings teruggekeer. D'Eca het op 5 September 1915 N'Giva, die hoofkraal binnegetrek en met groot seremoniële vertoon die Portugese vlag gehys. ²²⁴

Hierdie veldtog teen die opstandige naturelle was die laaste een waaraan die Angola-Boere op georganiseerde wyse deelgeneem het. Nou het daar vir hulle 'n nuwe periode in hul bestaan aangebreek. Vanaf die vroeëre tagtigerjare van die vorige eeu tot in 1915 is hulle gebruik om die inboorlingstamme in Angola aan blanke heerskappy te onderwerp; maar toe hierdie doel bereik is, het die Portugese hul as oortollig en as nuttelose setlaars begin beskou.

..... 460/-

222) Van der Merwe, Ons Halfee in Angola, p.162; Von Moltke, J.J.: Veldsmanne, 'Die Huisgenoot' 13.9.46.

223) Ibid., p.162; Egerton, F.C.C.: Angola in Perspective Endeavour and Achievement in Portuguese West Africa, pp. 100-101

224) Ibid., p.163

HOOFSTUK XV

BEWARING VAN HUL KULTUUR

Die bewaring van hul volksidentiteit was een van die merkwaardigste prestasies van die Boere-uittoeg na Angola. Nadat hierdie Afrikaners byna 'n halfeeue lank onder 'n vreemde volk en in 'n land wat deur 'n vreemde geloof oorheers is, gewoon het, was verskeie objektiewe waarnemers verbaas oor die onbesproke wyse waarop hulle hulself gehandhaaf en hul eie kultuurgoedere bewaar het.

Hulle het 'n volkseienomlike gehegtheid openbaar ten opsigte van aangeleenthede soos Godsdiens, die huwelik, sendingwerk, tuisteskepping, bestuur, kleredrag, onderwys, handhawing van taal en sosiale verkeer. Om enigsins 'n geheelbeeld van hul kulturele prestasies te kry, is dit nodig om elkeen van hierdie aangeleenthede afsonderlik in oënskou te neem. Hierdie hoofstuk sal aan 'n bespreking van die eerste drie sake gewy word, terwyl die ander ses in die volgende hoofstuk behandel sal word.

Godsdiens

Die Trekkers wat tussen 1875 en 1877 aan die Krokodilrivier byeengekom het, was oorwegend lidmate van die Gereformeerde Kerk. Toe, soos reeds geblyk het, ds. J.L. Cachet die Trek in 'n reisende gemeente van die Gereformeerde Kerk georganiseer het, het die groepie Ned. Herv.-lidmate wat aanwesig was, hulle ook by die Gereformeerde Kerk aangesluit. Die Eerste Trek het dus deurgaans uit Gereformeerdes bestaan en die Dorslandtrekkers wat hulle in 1881 in Angola gaan vestig het, was almal Gereformeerdes. Onder die latere trekke wat vanaf 1892 Angola bereik het, was daar enkele Ned. Herv.-lidmate. Die Boerelewe was aanvanklik op 'n streng Gereformeerde lees geskoei en die gemeenskap is gekenmerk deur sy gemeensaamheid en vreedsaamheid. Die enkele familietwiste en ander vorme van kwaai-vriendskap is minsaam deur bemiddeling van ouderlinge of invloedryke ingesetenes bygelê.¹

Die 461/-

1) Van der Merwe, P.J.: Ons Halfeeue in Angola, p. 22

Die Nederlandse reisiger, Daniël Veth, skryf dat die Angola-Afrikaners oor 'n besondere kennis van die Bybel beskik het. Hulle het veral aan die Ou Testament voorkeur gegee, aangesien die lotgevalle van die Israëliete soveel ooreenkoms met hul eie gehad het. Ook hul beskouing van die heidense volke, waaronder hulle geleef het, het hierdie Ou Testamentiese gees geadem. Hul streng onderhoud van die Sondagsrus, wat selfs tydens hul trek na die binneland gegeld het, was in volle ooreenkoms met die Sabbatsrus van die Israëliete.²

Hul dogmatiek was streng Calvinisties, hoewel Veth van mening is dat hulle in hierdie opsig nog steeds die standpunte van twee eeue gelede gehandhaaf het. Hulle het egter in teenstelling met die ortodokse Boere in Nederland geen gewetensbesware teen inenting openbaar nie. So byvoorbeeld is al die Boere geënt en oorgeënt tydens 'n pokke-epidemie wat Angola in 1885 bedreig het. Die Boere het egter nie heeldag oor godsdienste met mekaar of met vreemdelinge gepraat nie. Versuim om openbare godsdiensoefeninge by te woon, het slegs by wyse van uitsondering voorgekom.³

Die Gereformeerde Kommissie ter behartiging van die Trekkers se geestelike belange, het op 5 Februarie 1881 te Philipstown vergader en besluit om di. M.P.A. Coetzee en L.J. du Plessis na die Trekkers toe af te vaardig.⁴ Ds. du Plessis kon hom die beroep nie laat welgeval nie en die taak is vervolgens

opgedra 462/-

2) Veth, dr. P.J. en Snelleman: Daniël Veth's Reizen in Angola, p.298.

3) Ibid.

4) De Maandbode, 1.4.1881.

opgedra aan di. Coetzee en J.L. Cachet.⁵

Op 15 September 1881 terwyl 'n Trekkerkommissie op weg na Mossamedes was om met die Portugese owerheid te gaan onderhandel, het hulle berig ontvang dat di. Coetzee en Cachet na hulle toe onderweg is. Cor hierdie goeie nuus was die Trekkers verheug maar ongelukkig het van hierdie besoek niks gekom nie.⁶ Onverwags egter het die Trekkers 'n brief van ds. Cachet ontvang waarin hy hulle laat weet het dat hy te Mossamedes is en dat hulle hom moes laat haal.⁷ Hulle stuur toe onverwylde vier ruiters met twee pakperde om ds. Cachet te gaan haal. Ondertussen het ds. Cachet 'n aantal transportwaens te Mossamedes aangetref. Hy benut toe die geleentheid om met een van hierdie waens saam te ry tot waar hy die perderuiters teengekom het.

Op die middag van 16 Desember het hulle op St. Januario, Humpata, aangekom en is met vreugdeskote begroet. Die trekkers het dadelik versamel om hom te verwelkom en baie het van blydschap gehuil en God vir sy koms gedank.⁸ Daardie aand nog het hy die gemeente byeengeroep en 'n dankdiens en biduur gehou. Hy het aan die hand van Ps. 126 vir hul gepreek.

Aangesien die oorspronklike Kerkraad op twee na nou almal oorlede was en aangesien dié gedeelte van die gemeente wat tot die Eerste Trek behoort het hulle nie volkome onder die toesig van daardie Kerkraad wou stel nie, het hy besluit om geen sakramente te bedien nie alvorens die gemeente-sake nie behoorlik georden was nie en 'n kerkraad nie saangestel was nie. Met die doel het hy alle oud-kerkraadslede van die Gereformeerde Kerk vir 'n

broederlike 463/-

5) De Maandbode 1.4.1881

6) Postma, ds. D.: De Trekboeren te St. Januario, Humpata, p.63

7) Ibid.

8) Acta van die Sinode van 1882, Bylaag B, pp.86-91

broederlike bespreking saamgeroep. Diakens E.E. Jordaan, S. Kruger en oud-diaken A.J. Alberts van Pretoria asook oud-ouderling J. Grobler van Soutpansberg en R.J. Holsthuizen van Pretoria het hier op gereageer.⁹

Daar is toe besluit om 'n gemeentevergadering te belê en om lidmate van ander protestantse kerke daarheen uit te nooi. Op die gemeentevergadering van 19 Desember het alle aanwesige lidmate van die Gereformeerde Kerk verklaar dat hulle as 'n Gereformeerde gemeente van dié Kerk in Suid-Afrika beskou wil word. Aanwesige lede van die Ned. Geref. en N.H. -kerk het ook hul begeerte uitgespreek, om by die Geref. Kerk aan te sluit. Die-nende kerkraadslede het hierna hul ampte neergelê, sodat die gemeente geheel en al sonder 'n wettige toesig was. Almal wat tot die gemeente wou behoort, moes hul name op 'n lys teken en die oud-kerkraadslede sou ds. Cachet as 'n kommissie bystaan totdat 'n nuwe kerkraad verkies was.¹⁰ Dit het nou geblyk dat sommige lidmate wat die Trek meegemaak het, hulle nog in die Okavango-gebied bevind het, maar uit die aanwesiges het 108 lidmate hulle by die gemeente gevoeg.¹¹

Op 20 Desember is weer 'n gemeentevergadering gehou en is 'n nuwe kerkraad verkies bestaande uit oudll. H.P.J. van Wyk, P.J. van der Merwe, L.M. du Plessis en E.E. Jordaan en diaks. S.J. Kruger, J.A. du Plessis, S.P. van den Berg, J. Grobler en J. Labuschagne.¹²

Onder die bepaalde omstandighede het ds. Cachet besluit om van die bestaande kerkreël, dat 'n tydperk waarin besware ingedien kan word, moes verloop, af te wyk en die verkose kerkraadslede so gou as moontlik te bevestig. Bowendien sou dit sy beswaarheid om kerklike vergaderings te hou en om die sakramente te bedien sonder vooraf Gensura Morum te verkry, verlig. Die nuwe kerkraad uitgesonderd J. Labuschagne wat op jag was, is dus tydens 'n buitengewone diens bevestig. Op 21 Desember kon die eerste kerkraadsvergadering

plaasvind..... 464/-

9) Acta van die Sinode van 1882, Bylaag B, pp.86-91

10) Ibid.

11) Ibid.

12) Ibid.

plaasvind. Op 22 Desember is 'n spesiale aanneemingsplegtigheid vir getroudes gereël waarby o.a. vier susters aangeneem is. Op 23 Desember is aan ses-en-veertig kinders die doop bedien.¹³

As in aanmerking geneem word dat geen enkele kind gedurende die Trek gedoop is nie, kan enigsins 'n denkbeeld gevorm word van die groot aantal suigeling wat tydens die Trek van ontbering moes omgekom het.

Saterdagmiddag, 23 Desember kon die voorbereidingsdiens gehou word en op Sondag is nagmaal gevier. Al die dienste is voor en in die huis van br. R. Holsthuisen gehou.¹⁴

Die daaropvolgende week het ds. Cachet kerkisasie gehou en op Saterdag 7 Januarie is 30 nuwe lidmate aangeneem. Later het nog ses lidmate hulle by die gemeente aangesluit, sodat daar toe in die geheel 142 lidmate was.

Ds. Cachet was bang om in Februarie in Angola te bly omdat dit 'n gevaarlike koorsmaand was en hy het dus na huis vertrek. Hy is deur 'n aantal mense 'n ent weg geleide gedoen en twee persone het hom tot in Mossamedes vergesél.¹⁵

By sy terugkeer het ds. Cachet by die Geestelike Kommissie aanbeveel dat die Kerk in Suid-Afrika die onkoste verbonde aan 'n leraar in Humpata vir 'n aantal jare moes dra, aangesien die gemeente self nie daartoe in staat was nie. Hy was oortuig dat 'n eie predikant in hulle maatskaplike en geestelike behoeftes onontbeerlik was. So arm was die Angola-Boere "dat het vreeselik swaar zou gaan, om onder hen een £50 saam te kryg".¹⁶

Die Gereformeerde Sinode het na ds. Cachet se terugkeer besluit om "De Trek-kende Gemeente" nou by die kerk in te lyf as die "Gemeente St. Januario Humpata".

Die 465/-

13) Acta van die Sinode van 1882, Bylaag B, pp.86-91

14) Ibid.

15) Ibid., pp.86-91

16) Ibid., p.94; De Maandbode 1.5.1882.

Die Kerklike Kommissie in belang van die Trekkers, is hersaamgestel en sou bestaan uit di. J.L. Cachet, M.P.A. Coetzee Jnr. en L.J. du Plessis met primi secundi di. W. Snyman, P. Coetzee en P. Postma en ouderlinge G. Steenkamp, A. Kruger en J. Henning en as secundi vir hulle: oudll. A. Pelzer, S. Buys en H. Buys.¹⁷

Op 2 Januarie 1882 het die kerkraad van St. Januario, Humpata, 'n bedankings-brief aan die Sinode gerig vir die sending van ds. Cachet en het terselfdertyd 'n smeekroep om 'n eie leraar laat hoor: „Wij kunnen zonder leeraar hier niet bestaan en het is bepaald onmogelijk nu een leeraar te onderhouden”.¹⁸ Hierdie smeekroep het die ore van die Bloemfonteinse hulpkomitee in belang van die Trekkers nie ontsnap nie. Die komitee, bestaande uit dr. J. Brill (voorsitter), dr. H. Exton, dr. O. Krause, ds. J. Groskopf en die here J. Barlow, W. Salzmann, R. Abrahamson en E.R. Moses, het op 12 Mei 1882 in Bloemfontein vergader om te besluit oor die beste manier om die R2 428 wat ten behoeve van die Trekkers ingesamel is, te bestee. Hierdie geld was belê by die Nasionale Bank teen 'n rentekoers van 6% per jaar. By hierdie geleentheid is ook 'n verslag van ds. Cachet aan die komitee voorgelees, waaruit blyk: „het onderwijs is zeer verwaarloosd, doch zij hebben een school commissie benoemd, en wenschen pogingen aan te wenden om een school te stichten. Ook is een kerkraad gekozen. Er is een landdrost, de heer Prinsloo, die tegelijk weesmeester is, bijgestaan door Heemraden. Er zijn 28 weezen en 7 weduwen, waarvan sommigen zoo goed als niets, de rijkste ongeveer R94 bezitten. Nu zou de commissie de rente van het eerste jaar af een gedeelte van het kapitaal voor de behoeftigsten kunnen afzonderen R20, ja zelfs R10, zou al heelwat helpen. Vee is goedkoop: ossen R3.00 tot R4.00 Koeien R2 tot R3.00”.¹⁹

Die Kommissie besluit om R560 aan die Trekkers te skenk, R200 ten behoeve van wese en weduwees en die res vir die bou van 'n skool. Die hoofregter, die landdros en die burgemeester van Bloemfontein sou uitgenooi word om oor die res van die geld trusteeskap te aanvaar ten einde dit aan te wend as salaris vir 'n predikant en 'n onderwyser vir die Boere.

Op466/-

17) Acta van Sinode van 1882, Bylaag B, p.92

18) Acta van die Sinode van 1882

19) De Maandbode 1.6.1882 (Ponde herlei na Rand)

Op 18 September 1882 skryf 'n Boere-kommissie aan dr. J. Brill en sy kommissie dat Prinsloo bedank het as kommissaris en tesourier van die weesgelde. Die kerkraad het nou die sake van wese behartig en kommandant J.F. Botha, wat ook in die skoolkommissie gedien het, moes saam met hulle oor die aanwending van sulke gelde besluit. Die Boere-kommissie sê verder: „Wij hebben dan ook besloten om met de gelden te handelen, zooals het in uwe Commissie besloten was nl. R200 voor de weduwen en weezen ongeveer R100 te gebruike tot het opbouwen der kerk en school”.²⁰ Hulle deel mee dat daar reeds 'n gebou as kerk in aanbou is, wat later ook as skool kon dien. Aangaande die aanwending van die rente van die R2 000 wat belê is, moes die Bloemfonteinse kommissie met ds. Cachet oorlegpleeg.²¹ Hierdie verstandige en tydige besteding, van die Vrystaatse hulpfonds aan die Trekkers het dus veel daartoe bygedra om die noodsaaklike sosiale instansies van die Boere op 'n hechter voet te plaas en om die dringende nood van wese en weduwees te verlig.

In 1882 het die Gereformeerde Sinode in Pretoria vergader. Tydens hierdie geleentheid het die kerklike sending wat nie die Boere in Angola kon bereik nie, maar uiteindelik na Nederland moes reis, verslag gedoen. Ds. J.L. Cachet wat later afgevaardig is en wel in sy doel geslaag het, het ook verslag gedoen. Die Sinode het dit ook nodig gevind om die Geestelike Kommissie opnuut saam te stel. Dit sou voortaan bestaan uit di. F. Lion Cachet, H.P.A. Coetzee (jr.) en L.J. du Plessis en ouderlinge G. Steenkamp, A. Kruger en J. Henning. As secundi vir die kommissie sou optree, di. W.J. Snyman, P. Coetzee en P. Postma en ouderlinge J.C. Lessing, A. Pelzer en H. Buys.²²

In 1883 het geen noemenswaardige geestelike aktiwiteite plaasgevind nie, en in 1884 was daar sterk sprake dat die Trekkers na Transvaal sou terugkeer. Inderdaad het ds. J.L. Cachet praeses van die Geestelike Kommissie op 4 April

1884467/-

20) De Maandbode 1.1.1883 (Ponde herlei na Rand)

21) Ibid.

22) Acta van die Sinode van 1882, art. 68.

1884 tydens die drie-en-twintigste Algemene Vergadering van die Gereformeerde Gemeentes in die Kaapkolonie te Middelburg, Kaap, aangekondig dat twee versoeke om finansiële steun vir so 'n terugkeer ontvang is.²³ Die Kerk se verdere aksie ten opsigte hiervan is reeds in oënskou geneem. Na die vertrek van die 1884-Trekkers het die kerklike lewe van die Boere in Angola feitlik tot stilstand gekom en dit het eers weer lewe gekry na die besoek van 'n Boere-afvaardiging aan Suid-Afrika in 1886.

In 1886 het die Algemene Vergadering van Gemeentes in die Kaapkolonie by monde van die Geestelike Kommissie 'n beroep op gemeentes gedoen om finansiële bydrae om 'n leraar weer na Humpata te stuur.

Die ses-en-twintigste Algemene Vergadering wat op 15 April 1887 te Burgersdorp vergader het, moes egter voor die teleurstellende feit te staan kom dat slegs R60 vir bogenoemde doel deur gemeentes beloof is.²⁴ 'n Brief van P.J. van der Merwe is voorgelees waarin dringend om geestelike hulp vir die Angola-Afrikaners gevra is.²⁵ Daarom het die Algemene Vergadering weer eens 'n dringende beroep op gemeentes, private instansies en individue gedoen om hulp.²⁶

Op die Sinodesitting van 1888 te Middelburg, Kaap, kon die Geestelike Kommissie verslag doen dat aansienlike vordering met die voorsiening van 'n leraar vir die gemeente St. Januario, Humpata, gemaak is. In oorleg met die Kaapse Algemene Vergadering is dus besluit om 'n leraar vir 'n termyn

van468/-

23) Handelinge van die 23ste Algemene Vergadering der Gereformeerde Gemeente in die Kaapkolonie gehouden te Middelburg 4den April 1884, art.30

24) Handelinge van die ses-en-twintigste Algemene Vergadering, art. 39

25) Ibid.

26) Ibid.

van drie jaar na Angola te stuur. Die beroep om finansiële steun het toe reeds R452 aan beloftes vir bydraes uit Suid-Afrika en R140 en sestion mud meel uit Angola opgelewer.²⁷ Die Geestelike Kommissie het nou reeds oor die traktament vir 'n leraar in Humpata besin en die Sinode het in die lig van die goeie vordering wat gemaak is, besluit dat onmiddellik tot die beroep van 'n leraar oorgegaan moet word. Sodanige beroep is dadelik op ds. M. Pelzer, wat reeds in 1884 Angola besoek het, uitgebring.²⁸

Ds. Pelzer het hom nie die beroep laat welgeval nie, gevolglik is ds. D. Postma (D.seun) van Fauresmith beroep. Voordat ds. Postma die beroep wou aanneem, het hy meer besonderhede oor die traktament verlang. Op 'n spesiale vergadering van die Geestelike Kommissie wat in Augustus 1888 op Burgersdorp gehou is, is besluit dat die gemeente St. Januario sou sorg vir die vrye huisvesting vir die leraar, maar indien die gemeente nie daartoe in staat was nie, sou 'n huis op rekening van die Gereformeerde Kerk as geheel gehuur word.²⁹ Op die sinodesitting van daardie jaar is ook reeds besluit dat die Kerk as geheel vir die reiskoste van die leraar sou instaan.³⁰

Die beroep is uiteindelik deur ds. Postma aangeneem en op 21 Oktober 1888 is hy op Burgersdorp deur die Geestelike Kommissie onder groot blyke van openbare belangstelling plegtig vir sy taak afgevaardig.³¹ Die aanvanklike loue reaksie op die versoeke om finansiële hulp vir die stuur van 'n leraar na Humpata, is nou in 'n bruisende geesdrif omskep en bydraes vir die saak het ingestroom. Vanaf 1 November 1888 het ds. W.J. Snyman gereeld die

bydraes469/-

27) Acta van die Sinode van 1888, Bylaag D, p.66

28) Ibid.

29) Notule van die Geestelike Kommissie, dd.7.8.1888; Gereformeerde Almanak, 1889, p.19

30) Acta van die Sinode van 1888, art. 67, p.40

31) Gereformeerde Almanak van 1889, p.19; De Maandbode 1.9.1888

32

bydraes in De Maandbode erken. Op 1 Februarie 1890 het die bydraes tot die traktament en reiskoste van 'n leraar reeds op R999.61 gestaan.³³ Afgesien van gemeentelike bydraes is talle bydraes van private persone en verenigings ontvang. Verskeie Kaapse parlamentslede, o.a. J.H. Hofmeyer, D.C. de Waal, Th. Louw, J.A. Combrinck en L.H. Goldsmith, het ruim bygedra.³⁴ Uit Transvaal is van volksraadslid H.T. Buhrman 'n bydrae ontvang.³⁵

Hierdie mildelike finansiële steun het daartoe bygedra dat ds. Postma en sy gesin, behoorlik toegerus, reeds op 19 Desember 1888 in Kaapstad kon skeepgaan en op 19 Januarie 1889 St. Januario kon bereik.³⁶ Toe hy op 7 Januarie 1889 in Mossamedes voet aan wal sit, is hy deur twee Boere, Du Plessis en De Villiers, wat pas uit Damaraland teruggekeer het, ontmoet en na Humpata vervoer.³⁷

Kort na die aankoms van die herderspaar te Humpata, het die gemeente aan die werk gespring om 'n nuwe kerkgebou, pastorie en buitegeboue op te rig. So ywerig het dit daaraan toegegaan dat ds. Postma op 26 Julie 1889 skryf, „zelfs eenige zusters der gemeente hebben zich niet ontzien zelve aan de kerk te arbeiden met pleisteren, etc”.³⁸ Al die bouwerk is feitlik deur die Boere self gedoen sodat die totale onkoste slegs R160 beloop het. Tot tyd en wyl die bouwerk voltooi is, het die predikantspaar in 'n naburige plaashuis gewoon. Die kerkraad het die leraar van 'n ryperd voorsien sodat hy oor al die bouwerk toesig kon hou. Hieroor skryf hy: „ik doe het met

pleizier470/-

32) De Maandbode 1.11.1888

33) Ibid., 1.11.1888; 1.1.1889; 1.2.1889; 1.5.1889; 1.2.1890.

34) Ibid., 1.2.1889

35) Ibid., 1.1.1889

36) Acta van die Sinode van 1891, Kommissie verslag, Bylae C (a) p.48.

37) Ibid.

38) De Maandbode 1.2.1889

pleizier; ou Bles is mij dan ook bijzonder nuttig.³⁹ Die nuwe kerkgebou het 'n oppervlakte van vyftig voet by twintig voet beslaan en kon benewens 'n plankplafon ook met 'n konsistorie spog. Ene br. Van der Merwe, het belowe om 'n mahonieblok te kap waaruit 'n preekstoel vervaardig kon word.⁴⁰

Die nuus van die kerkbouery het selfs in Nederland weerklink gevind en prof. P.J. Veth, vader van die reeds bekende reisiger, Daniël Veth, het hom beywer om ter plaatse vir die bou van die Boerekerkie geld in te samel. Deur bemiddeling van die graaf van Limburg Stirum is 225 gulden na Banana vir die doel aangestuur. Van Banana is later verneem dat in die Kongo en Benguella ook R73 deur die Nederlanders byeengebring is en tot beskikking van die Boeregemeente gestel is.⁴¹ Besondere welwillendheid is van Nederlandse kant teenoor die Boere geopenbaar. Mnr. Kamerman, hoof van die Nederlandse handels-huise in Katumbella en Benguella het ds. Postma selfs genooit om hom daar te kom besoek.

Teen die middel van 1890 is verneem dat die goewerneur-generaal van Angola in geselskap met nog twee goewerneurs aan Humpata besoek sou bring. Die rede vir die besoek het eers bekend geraak toe Sy Eksellensie in Mossamedes voet aan wal gesit het. Dit het toe geblyk dat die Portugese overheid van voornemens was om 'n sterk militêre ekspedisie na Viyéland (Silva Porto) te stuur om die inwoners te onderwerp en dat hulle hiervoor Boere-hulp nodig gehad het. Chefe Arturde Paiva het dan ook opdrag ontvang om soveel Boere-vrywilligers en -waens as wat moontlik is vir die doel bymekaar te kry.⁴³

Alhoewel471/-

39) De Maandbode 1.11.1889 .

40) Ibid.

41) Ibid.

42) Ibid., 1.3.1890

Alhoewel die veldtog as onvermydelik en noodsaaklik beskou is, was ds. Postma tog sterk gekant teen die deelname van die Boere daaraan. Die Boere daarenteen het die ekspedisie verwelkom, aangesien die soldy en vergoeding vir hul waens en perde 'n welkome meevallertjie was. Die meerderheid van die volwasse mans het as vrywilligers aangesluit sodat slegs twintig manlike lidmate op Humpata agtergebly het. Op 'n latere stadium wou ds. Postma self die ekspedisie meemaak, maar hy is deur die kerkraad versoek om tuis te bly sodat die kerklike lewe kon voortgaan.⁴⁵ Die voortdurende spanning wat deur hierdie onsekere omstandighede veroorsaak is, het blykbaar daartoe gelei dat ds. Postma 'n senuwee-ineenstorting gekry het.⁴⁶

Die militêre-ekspedisie het op 4 Augustus 1890 vanaf Humpata vertrek. Gelukkig het ds. Postma der mate herstel dat hy op 16 tot 17 Augustus die laer kon besoek om die lidmate met die Woord te bedien.⁴⁷ Op 5 September het hy ook weer op Humpata nagmaal bedien. Hy sou egter slegs volkome kon herstel indien hy na Suid-Afrika kon terugkeer. Op 10 September 1890 het die kerkraad dienooreenkomstig 'n telegram aan die Geestelike Kommissie in Suid-Afrika gestuur.⁴⁸ Hierdie Kommissie het geen ander keuse gehad as om ds. Postma terug te roep nie. Dit het groot bykomstige geldelike verpligtinge op die kommissie geplaas, maar danksy mildelike kerklike ondersteuning kon alles op R100 na gedek word. Die gemeente St. Januario het daartoe self R241.58 bygedra.⁴⁹

Die tweejarige verblyf van ds. Postma te Humpata was vir die gemeente St. Januario tot groot seën. Afgesien van sy geestelike bydraes is die kerk en pastorie onder sy persoonlike toesig gebou en hy het die onderwys vir

die472/-

44) Acta van die Sinode van 1891, Bylaag C(b), p.49; Chapman, W.J.B.: Memoirs, p.54; Venter, ds. D.G.: Dagboek.

45) Ibid., Ibid.

46) Ibid., Ibid.

47) Ibid., Ibid.

48) Acta van die Sinode van 1891, Bylaag C(b), pp.48-50

49) Ibid.

die eerste keer op 'n gesonde grondslag geplaas.⁵⁰ Selfs sendingwerk het onder sy leiding aandag geniet. Vanaf 1 Januarie 1889 tot 28 Mei 1889 is een-en-tagtig kinders gedoop en dertig lidmate aangeneem, terwyl drie persone by die Gereformeerde Kerk aangesluit het. Die kerkraad het nou vir die eerste keer behoorlik gefunksioneer en het toe bestaan uit ouderlinge P.J. van der Merwe, G. van der Merwe, en L.M. du Plessis en diakens J.A. du Plessis, C.M. Labuschagne en J.H. Robbertse.⁵¹ In 1891 was daar 157 lidmate en 'n sieletal van 318 te Humpata.⁵² Omdat geen persoon in die afwesigheid van 'n leraar gedoop of aangeneem kon word nie, het die getalle vir 1892 dieselfde gebly.

Die Sinode van 1891 het aan die Geestelike Kommissie opdrag gegee om na goed-dunke en bevind van sake te handel en om deur vrywillige bydraes en ander middele die geld te vind om die bediening van die St. Januario-gemeente voort te sit.⁵⁴ Aangesien die bestaande kommissielede so goed met die stand van sake vertrouwd was, is hulle gevra om in hul ampte aan te bly. Ds. Postma wat der mate herstel het dat hy die sinodesitting kon bywoon, is as 'n addisionele lid bygevoeg.⁵⁵

Die verspreiding van die Boere oor die hele Angola en die gebrek aan 'n permanente geestelike leier het op die lange duur, soos die Trekkers in 1884 gevrees het, by sommige geestelike verval meegebring. Na ds. Postma se vertrek het ouderlinge probeer om gereeld godsdiensoefeninge in die kerk te hou, maar weens die swak opkoms, is dit later gestaak of het daar maande verloop voordat weer 'n diens gehou is.⁵⁶ In 1892 is ds. L. Vorster afgevaardig om

weer473/-

50) Acta van die Sinode van 1891, Kommissieverslag, p.48

51) Almanak van 1891, p.40

52) Ibid., Byvoegsel

53) Almanak van 1892, p.33

54) Acta van die Sinode van 1891, art. 65, p.24

55) Ibid.

56) De Maandbode 1.5.1893

weer die St. Januario-gemeente te besoek. Hy het op 7 Julie in Mossamedes aangekom en het op 24 Julie vyf-en-twintig kinders op Humpata gedoop, waarna hy huisbesoek gedoen het. Op 2 Augustus het hy na gemeentelede wat voorheen na Hanja ~~versit~~ . het, vertrek. Hier het hy die weduwee van wyle Marthinus van Staden aangetref, waar sy heeltemal alleen en omring deur inboorlinge, met haar drie kinders op 'n plaas gewoon het.⁵⁷ By haar verneem hy dat die meeste Boere Hanja verlaat het omdat dit daar te ongesond is en dat hulle na die oorsprong van die Katumbellarivier getrek het.⁵⁸ Hy moes tot sy leedwese ook konstateer „bij vele jonge menschen die (zooals men het daar gewoonlijk uitdrukt) in de woestijn zijn groot geworden, en zelfs bij enkele bejaarden een geest van lichtzinnigheid en onverschilligheid omtrent den godsdienst heb opgemerkt.”⁵⁹ Hy het dit selfs gevind dat sekere lidmate op Sondae handeldryf⁶⁰ en het tot die gevolgtrekking gekom: „Wat de godsdienstige toestand der gemeente te Humpata aangaat, die laat veel te wenschen over. De leefwijze aldaar is niet bevorderlijk voor die geestelijke belangen.”⁶¹ Die omgewing waarin die gemeente geleef het, het volgens ds. Vorster ook 'n nadelige invloed op die lidmate uitgeoefen. Met enkele uitsonderings was die sogenaamde Europeane waarmee die Boere in aanraking gekom het, van twyfelagtig karakter en kleur.⁶² Afsien van die totaal ongekerstende, heidense inboorlingbevolking wat hulle omring het, het 'n groot aantal Portugese koloniste wat van die eiland Madeira afkomstig was, hulle mettertyd op Humpata kom vestig. Hierdie mense het 'n baie lae beskawingspeil gehad en het, net soos

baie474/-

57) De Maandbode 1.5.1893

58) Ibid.

59) Ibid.

60) Ibid.

61) Ibid.

62) Ibid.

baie ander Portugese en Europeërs in die land, slegs in naam aan die Roomse Kerk behoort. Inderwaarheid was hulle eintlik godsdienstloos.⁶³ Op verskeie plekke was ook Roomse sendingstasies wat in hoofsaak deur Jesuïete beman was. Uit hierdie oord het ook 'n wesenlike gevaar gedreig. Ds. Vorster het gevind dat daar in daardie stadium reeds twee kindertjies, waarvan die moeder 'n Gereformeerde dooplidmaat was, deur die Roomse gedoop was. Hy het baie moeite gedoen om die twee ander ongedoopte kinders van die betrokke moeder te doop, maar sy wou daartoe nie instem nie.⁶⁴

Ds. L.P. Vorster het tydens sy verblyf vanaf 24 Julie tot 10 Oktober 1892 vier-en-sestig kinders te Humpata, Què en Kubal gedoop en sewentien lidmate aangeneem.⁶⁵ Die Boere het geleidelik Humpata verlaat sodat hierdie toevoegings geen noemenswaardige siele -en lidmaatgroei vir die St. Januario-gemeente meegebring het nie. Vir die jaar 1894 word die sieletal as 343 aangegee, wat slegs 25 meer is as die vir 1891 tot 1893. Die lidmatetal was nou 159, wat slegs twee meer was as in die voorafgaande drie jaar.⁶⁶ Gedurende die kerkjaar 1891-1892 is vyf lidmate oorlede.

Ds. Vorster se gemeente, Philipstown, het hom vir die tydperk wat hy in Angola werksaam was, met behoud van salaris aan die gemeente St. Januario geleen. Die kerkraad van St. Januario het R300 byeengebring om tot sy traktement by te dra.⁶⁷ Die kerkraad het maar al te goed besef dat hulle in 'n Roomse land hul protestantse geloof sonder 'n geestelike leier nie ongeskonde sou kon handhaaf nie. Daadwerklike pogings is dus weer aangewend

om 475/-

63) De Maandbode 1.5.1893

64) Ibid.

65) Gereformeerde Almanak 1894; p.42; Van der Merwe, P.J.: Ons Halfee in Angola, p.39.

66) Ibid., p.36

67) Acta van die Sinode van 1894, Bylaag F I, p.75

om 'n permanente leraar te bekom. So het hulle op 18 September 1893 aan die Geestelike Kommissie laat weet dat hulle bereid was om R317.¹⁰, veertien mud meel en brandstof tot die traktement van 'n leraar by te dra.⁶⁸

Die Gereformeerde Sinode van 1899 wat te Reddersburg vergader het, het besluit dat dit aan die goeëdunke van die Geest like Kommissie oorgelaat sou word om te besluit of hulle weer 'n leraar vir 'n termyn van drie jaar na St. Januario-gemeent sou beroep en of hulle liever weer 'n besoekende leraar sou stuur. Geld vir die stuur van 'n leraar kon weer deur "vrije collectie" byeengebring word.⁶⁹

Op 12 April 1894, nog tydens die sinodesitting, is aangekondig dat ds. C.J.H. Vorster van Bethulie tot leraar vir St. Januario beroep is. Die Kommissie het sy reiskoste en 'n salaris van R400 per jaar vir drie jaar aan hom gewaarborg en bykomstig sou hy ook die bydrae ontvang wat die gemeente St. Januario byeen kon bring.⁷⁰

Op 28 Mei 1894 het ds. Vorster aan die kommissie geskryf om sekere onduidelikhede in verband met die beroep op te klaar.⁷¹ Hy het hom egter uiteindelik die beroep laat welgeval en op 14 Augustus vir 'n periode van drie jaar na Angola vertrek. Totdat hierdie tydperk in 1897 verstryk het, het ds. Vorster nie minder as 202 kinders gedoop,⁷² sewe-en-twintig lidmate aangeneem en sestien pare getrou nie. Nuwe Boere-emigrante na Angola het nog 47 nuwe lidmate tot die gemeente toegevoeg.⁷³ In 1896 het die sieletal na 750 opgeskuif en die lidmatetal na 336. Gedurende die kerkjaar 1895-96 het 84 lidmate die gemeente verlaat wat bewys dat in hierdie tydperk 'n

voortdurende476/-

68) De Maandbode 1.1.1894

69) Acta van die Sinode van 1894, art. 78, pp.28-29

70) Ibid., art. 145, Bylaag F 4.

71) G.A. G.23 B, Boek I, Vol.(a), ds. Vorster-Kommissie, dd. Bethulie, 28.5.1894

72) Gereformeerde Almanakke 1895, '96, '97; Van der Merwe, P.J: Ons Halfeeu in Angola, p.39.

73) Ibid., 1896, '97.

voortdurende volksverskuiwing aan die gang was.⁷⁴ As in aanmerking geneem word dat daar in 1895 nog slegs 159 lidmate en sowat 350 siele was, is dit duidelik dat Boeregetalle in hierdie jare verdubbel het. Die vergrote gemeentetal het ook 'n uithreiding van die kerkraad genoodsaak en dit het nou bestaan uit ouderlinge: L.M. du Plessis, C.M. Labuschagne, J.C. Potgieter, J.H. Robbertse, S. Grobler en J.H. van der Merwe en diakens: J.A. du Plessis, J.H. Grobler, P. Steyn, P.A. van der Walt, L.M. Grobler en W.M. Opperman.⁷⁵

Die St. Januario-gemeente het in 1896 oorgegaan tot die beroep van 'n vaste leraar. Toe die sinode in 1897 vergader, het hulle reeds vir die derde maal 'n beroep op ds. C.J.H. Vorster uitgebring. Tydens die sinodesitting is aangekondig dat ds. Vorster die beroep aanvaar het. Alvorens hy egter tot vaste leraar bevestig sou word, sou hy eers na Suid-Afrika met vakansie terugkeer. Die St. Januario-gemeente sou instaan vir die reiskoste wat hieraan verbonde sou wees. Die gemeente het die sinode ook versoek om hulle in hul poging om 'n vaste leraar te bekom, te ondersteun deur R200 tot R250 jaarliks tot die traktement van so 'n predikant by te dra.⁷⁶

In Desember 1898 het dit in Angola baie gereën en al die riviere was vol. Mnr. P. Biewenga, sending-onderwyser en -evangelis het dit in hierdie jaar baie moeilik gevind om die verspreide lidmate in die afwesigheid van ds. Vorster te bearbei. Desnieteenstaande is sy traktement in die eerste helfte van 1898 nie deur die gemeente betaal nie. Die kerkskuld kon egter tot 'n groot mate gedelg word en hierin het hy hom verheug, maar hy moes leef en het die kerkraad versoek om te sorg vir die insameling van sy traktement. Daarop het die kerkraad geantwoord, „dat ze daarvoor niet konden zorgen”.⁷⁷

In477/-

74) Gereformeerde Almanak 1896, p.45

75) Almanak van 1897

76) Acta van die Sinode van 1897, Bylaag D; pp.27-60

77) G.A. G.23 B. · Boek I Vol.(a), Biewenga - ds. Snyman, dd. Humpata, 27.12.1898

In 1899 het ds. C.J.H. Vorster weer sy werksaamhede as leraar van die gemeente St. Januario hervat. Die gemeentelode het in sy afwesigheid weggetrek, sodat die lidmatetal vir 1899 as 200 en die sieletal as 600 aangegee word.⁷⁸ Nieteenstaande die feit dat ds. Vorster weer vier-en-twintig kinders gedoop het, het dit 'n vermindering van negen-en-sewentig lidmate en drie-en-dertig siele op die vorige jaar se getalle verteenwoordig.⁸⁰

Waarskynlik as gevolg van die ongesonde tyd waarin ds. Vorster na Angola teruggekeer het, het hy malaria opgedoen en is op 20 Mei 1899 te Humpata oorlede.⁸¹ Sy oorlye was nie slegs vir die Afrikaners in Angola 'n geweldig verlies nie, maar ook vir die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika wat in hierdie jaar nog net oor twee-en-twintig geordende predikante beskik het.⁸² Ds. Vorster se stoflike oorskot is in die dorpskerkhof op Humpata ter ruste gelê.⁸³

As gevolg van die uitbreek van die Angola-Boere-oorlog in Oktober 1899 kon die Gereformeerde Kerk vir die duur van die stryd nie sy lidmate in Angola bedien nie.⁸⁴ Dit het dan ook in hierdie jare met die gemeente St. Januario baie swaar gegaan. Op 19 Junie 1902 skryf onderwyser Jan Lion Cachet aan prof. J.L. Cachet: „In de geheele gemeente is niet een gereformeerde predikatie boek en wordt er alle Zondagen uit een nederduitsch predikatieboek gelezen.”⁸⁵ In 'n brief van ouderlinge L.M. du Plessis en C.M. Labuschagne in hierdie jaar, het hulle hulle geestelike nood by prof. Cachet bekla.⁸⁶

Die478/-

-
- 78) Almanak van 1899, p.63
 79) Van der Merwe, P.J.: Ons Halfceeu in Angola, p.39
 80) Almanak van 1898, p.44
 81) Van der Merwe, P.J.: Het Kerkblad 1.8.1899
 82) Almanak van 1899, p.74
 83) Van der Merwe, P.J.: op.cit., p.41
 84) Handelinge van die ses-en-twingste Algemene Vergadering 1902; art.39.
 85) G.A. Cachet-Versameling, J.L. Cachet-prof. Cachet, Humpata, dd.19.6.1902
 86) Ibid., L.M. du Plessis en C.M. Labuschagne-prof. Cachet, dd. Humpata 16.1.1902.

Die gemeente St. Januario het ten einde raad vir oudl. J.H. Robbertse in 1903 na die veertigste Algemene Vergadering van die Kaaplandse Gereformeerde gemeentes afgevaardig. Hy het in Maart 1903 die sitting van die Algemene Vergadering te Colesberg bygewoon en daarop gewys dat die gemeente aansienlik in getalle vermeerder het. Daar het 'n groot behoefte aan 'n eie leraar⁸⁷ bestaan. Sendingwerk onder proponent P. Biewenga het vordering getoon. Die Algemene Vergadering het groot begrip vir die probleme van die St. Januario-gemeente getoon en het dadelik besluit om voorlopig weer 'n besoekende leraar as konsulent na Humpata te stuur. Vir hierdie doel is op 9 Maart 'n beroep op ds. T. Hamersma van Philipstown uitgebring.⁸⁸

Ds. Hamersma het in Mei 1903 sy opwagting in Humpata gemaak. Op 23 Mei het hy 'n kerkraadsvergadering gelci en terselfdertyd 'n nuwe notuleboek vir die gemeente aangelê. Inleidend tot die notule van hierdie kerkraadsvergadering word die oogmerke van ds. Hamersma se besoek uiteengesit. Afgesien van Woord- en Sakramentebediening aan die blanke gemeente, moes hy die beroep⁸⁹ van 'n leraar aanvoer en vir prop. P. Biewenga as sendingleraar bevestig. Aan- gesien die gemeente nie voltallig aanwesig was nie, is die beroep tot 30 Mei⁹⁰ uitgestel, sodat 'n beroep deur 'n gemeentevergadering uitgebring kon word. Toe hierdie gemeentevergadering plaasvind, is eers 'n beroep op prop. Kruger en daarna een op ds. Hamersma uitgebring. Geeneen van die kandidate het die⁹¹ beroep egter aanvaar nie, hoewel die gemeente in staat was om 'n traktement van R500, 'n vry pastorie en brandstof aan te bied.⁹²

Afgesien479/-

87) Handelinge van die Veertigste Algemene Vergadering art. 35.

88) Ibid., art. 17

89) G. 23A; Boek II, 1903-1908; Notuleboek van die Kerkraad van Humpata.

90) Ibid., art. 7.

91) Notule van Gemeentevergadering van 30 Mei 1903, art. 3

92) Ibid.

Afgesien van hul behoefte aan 'n geestelike leier het die kerkraad tog nog sy normale pligte vervul. Br. D. Robbertse het twee maal vir die doel van armsorg gekollekteer en br. J.H. Grobler een maal en 110 000 reis (R4.40) is op hierdie wyse byeengebring en aan die beoogde doel bestee.⁹³

In 1904 het die gemeente St. Januario tevergeefs probeer om 'n leraar te bekom. 'n Beroep op ds. M. Postma was ook onsuksesvol. Op 27 Junie en⁹⁴ weer op 25 Oktober⁹⁵ het A. Alberts namens die Kerkraad aan die Geestelike Kommissie geskryf. Die traktement van die predikant is nou tot R800 (Portugese geld), 'n vry woning, vry meel en brandstof opgestoof en die gemeente was bereid om ook sy passaat na Mossamedes te betaal.⁹⁶ Die Geestelike Kommissie het onverpoosd probeer om die gemeente se probleem op te los. Op 25 April en weer op 20 Oktober 1904 het die Kerkraad briewe aan prof. M. Noordzij van Nederland geskryf om hom te help om 'n leraar vir Humpata vanuit Nederland te bekom, maar geen antwoord is ontvang nie.⁹⁷ Ouderling J.H. Robbertse is ten einde raad weer van Humpata na Suid-Afrika afgevaardig en het op 7 Desember 'n sitting van die Geestelike Kommissie bygewoon.⁹⁸ Daar is by die geleentheid besluit om die Algemene Vergadering te versoek om voorlopig weer 'n konsulent na Humpata te stuur. Ds. W.J. Snyman is vir hierdie taak benoem. Hy het egter siek geword en daarna is Ds. P.C. Snyman as sy plaasvervanger benoem.⁹⁹

Die480/-

93) Notule van Kerkraadsvergadering van 23 Mei 1903, art. 8

94) G.A. G.23B, Boek I, Vol(a) K.9, Alberts-Kommissie, dd. Humpata, 27.6.1904.

95) Ibid., K.12, Alberts-Kommissie, dd. Humpata, 25.10.1904

96) Ibid., K.9, Alberts-Kommissie, dd. Humpata, 27.6.1904

97) Acta van die Sinode van 1907; Bylaag E; Notules van die Kommissie, dd. 24 April 1904 en 20 Oktober 1904.

98) Ibid.

99) Acta van die Sinode van 1907, Bylaag E.

Die twee-en-veertigste Algemene Vergadering van die Kaaplandse gemeentes wat op 16 Januarie 1905 te Steynsburg vergader het, het die voorafgaande optrede van die Geestelike Kommissie goedgekeur en besluit dat daar voortgegaan moet word om 'n leraar vanuit Nederland te beroep.¹⁰⁰

Teen Junie 1905 was die St. Januario-gemeente nog steeds sonder herderlike sorg. Intussen het mnr. Herman Smit saam met oudl. J.H. Robbertse in Humpata opgedaag en het die betrekking van hoof van 'n Boereskooltjie aldaar aanvaar. Smit is op 24 Junie 1883 te Amsterdam in Nederland gebore en was 'n jaar lank op Burgersdorp werksaam, sodat hy aan die lede van die Geestelike Kommissie bekend was.¹⁰¹ Op 17 Junie 1905, slegs 'n maand na Smit se aankoms te Humpata, skryf A. Alberts weer aan die Geestelike Kommissie en meld dat die Kerkraad en gemeente van mening was dat Smit 'n man van erkende bekwaamheid, talent, voorbeeldige lewenswandel, welsprekendheid en welsaligheid is. Hulle was gevolglik van voornemens om ingevolge artikel 8 van die Sinode Besluite van 1618-19 aansoek te doen om Smit as leraar van die gemeente bevestig te kry.¹⁰² Die Kerkraad het Smit reeds versook „drie maanden in privi voor onze Gemeente te proponeeren, en reeds vier achtereenvolgende malen heeft hij de Diensten in onse Gemeente verricht. Waarbij gebleken is dat zijne leer, belijdenis en Schrift Verklaring, zuiver Gereformeerd is.”¹⁰³

Die Geestelike Kommissie het onmiddellik op ontvangs van laasgenoemde brief van Alberts gereageer. Op 3 Julie skryf ds. L.P. Vorster, namens die Kommissie, dat daar besluit is om dadelik 'n tydelike predikant na Humpata te stuur en om nie op 'n antwoord uit Nederland te wag nie.¹⁰⁴ Dit was egter geen maklike taak om 'n leraar vir Humpata te werf nie, aangesien gemeentes in Suid-Afrika tot 'n groot mate nog afhanklik was van Nederland vir die

voorsiening481/-

-
- 100) Handelinge van die Twee-en-Veertigste Algemene Vergadering, arts. 39 en 40
101) G.A. G.23B, Boek I, Vol.(a); K.13, Alberts-Kommissie, dd. Humpata, 17.6.1905
102) Ibid.
103) G.A. G.23B; Boek I, Vol.(a), K.13
104) Ibid., K.14

voorsiening van predikante. Op 17 Julie 1905 rig die Kommissie 'n brief aan ds. K. Fernhart wat kort tevore na Pretoria beroep is, wens hom geluk met sy beroep en versoek hom terselfdertyd om te help om in Nederland 'n leraar vir Humpata te vind. Volgens die Geestelike Kommissie het die gemeente St. Januario in daardie jaar 450 belydende en 750 dooplidmate gehad. Die salaris wat hulle bereid was om aan te bied sou R500 - R600 per jaar bedra en sy reiskoste sou ook betaal word.¹⁰⁵

Die Kerkraad van St. Januario het intussen hul brief van 17 Junie 1905 opgevolg met 'n skriftelike aansoek by die Geestelike Kommissie dat Smit tot die bediening toegelaat moet word.¹⁰⁶ Die Kommissie het hiermee nie eintlik raad geweet nie en het maar geantwoord dat die aansoek eintlik by „de Algemene Vergadering en de Curatoren thuis hoort.”¹⁰⁷ Ds. W.J. Snyman wou dringend weer 'n vergadering van die Geestelike Kommissie belê om die saak indringend te bespreek. Om tyd te wen, het hy by prof. Cachet aanbeveel dat Herman Smit toegelaat moes word om tot die Algemene Vergadering te proponeer. Intussen was die gemeente te Humpata darem tevrede met die dienste van Smit.¹⁰⁸

Aanvanklik is op 'n gemeentevergadering van 3 Julie 1905 besluit dat Smit vir drie maande op die proef gestel moes word. Teen 24 Desember 1905 het hy nog steeds as "voorganger" opgetree. Weer is verlof gevra dat hy kon voortgaan en dit eenparig goedgekeur.¹⁰⁹

Tydens die sitting van die drie-en-veertigste Algemene Vergadering van die Kaapse gemeentes te Ventersdorp op 15 Januarie 1906 was nog geen konsulent

na 482/-

105) G.A. G.23B; Boek I, Vol.(a), K.17

106) Ibid., K.18; Kommissie - Kerkraad, dd. Burgersdorp, 3.8.1905; Acta van Sinode van 1907, Bylaag E; Notule van Gemeentevergadering, dd. 3 Julie 1905, art. 2

107) Ibid.

108) G.A. G. 23B; Boek I, Vol.(a) K.21; ds. Snyman - ds. L.P. Vorster, dd. Venterstad, 7.8.1905

109) Notule van Gemeentevergadering van 24 Desember 1905, arts. 2 & 3.

na Humpata gestuur nie. Humpata was weer eens bereid om die reiskoste van 'n konsulent te dra.¹¹⁰ Eerw. Biewenga het uit Angola laat weet dat hy die lidmate te Que besoek het om die sakramente te bedien.¹¹¹ Hierdie lidmate het nou verlang om as 'n afsonderlike gemeente van St. Januario af te stig. Met die oog hierop is reeds 'n leraar beroep maar die stembriefies sou nie getel word alvorens hulle van die Algemene Vergadering toestemming tot afstigting ontvang nie. 'n Versoek tot afstigting aan die Vergadering, onderteken deur ds. Biewenga, oudl. S.J. Grobler en diak. J.J. Hamman van Que en Hamba, is daaraan voorgelê.¹¹² Verlof tot afstigting is verleen en weens die tekort aan predikante is besluit dat indien Que daarin kon slaag om 'n leraar te bekom, hierdie leraar as konsulent vir Humpata moes optree.¹¹³ By hierdie vergadering het die Algemene Vergadering reeds besef dat hy ook nie in staat sou wees om in 1906 'n konsulent na Angola te stuur nie.¹¹⁴ Weens die gebrek aan herderlike besoek het Humpata met R57.78 ten opsigte van sy kerklike bydraes agtergeraak.¹¹⁵

In Humpata is met teleurstelling kennis geneem van die besluit van die Algemene Vergadering om nie in 1906 'n leraar na Angola te stuur nie. Tydens 'n kerkraadsvergadering wat op 26 Februarie 1906 gehou is, is op voorstel van br. J. Alberts besluit om 'n predikant uit Nederland te vra om hulle te besoek.¹¹⁶ Op voorstel van br. A. Alberts is besluit om by die gemeentevergadering aan te beveel om Herman Smit na die Algemene Vergadering te stuur met 'n versoekskrif dat hy geëksamineer word met die oog daarop om as leraar vir Humpata bevestig te word.¹¹⁷ Die gemeente vergadering wat op 3 Maart 1906 vergader het, het op voorstel van A. Alberts besluit dat indien daar nie binne verloop van 'n maand 'n positiewe antwoord ten opsigte van herderlike

sorg483/-

110) Handelinge van die Drie-ën-Voertigste Algemene Vergadering, art. 16.

111) Ibid., art. 17.

112) Ibid.

113) Handelinge van die Drie-ën-Voertigste Algemene Vergadering, art.21.

114) Ibid., art.22

115) Ibid., art. 34

116) Notule van Kerkraadsvergadering van 26.2.1906, art. 2.

117) Ibid., art.3.

sorg of 'n konsulent vir Humpata van die Algemene Vergadering ontvang is nie, Herman Smit na Suid-Afrika gestuur sal word om die eksamen af te lê.¹¹⁸ Op 'n gemeentevergadering wat op 7 April gehou is en deur 67 lidmate bygewoon is, is finaal besluit om Herman Smit met 'n aanbevelingsbrief na die Algemene Vergadering en Raad van Kuratore te stuur om te proponeer.¹¹⁹ Die saak het eers weer aandag geniet toe ouderlinge A. Alberts en P. van der Walt op 1 Desember 1906 as afgevaardigdes na die vier-en-veertigste Algemene Vergadering aangewys is.¹²⁰ Diaken J. van der Merwe is op 8 Desember aangewys as plaasvervanger vir P. van der Walt, wat verhinder is om op die sending te gaan.¹²¹

Herman Smit en die twee afgevaardigdes van die St. Januario-gemeente het op 7 Februarie 1907 die vier-en-veertigste Algemene Vergadering wat te Elliot gehou is, bygewoon.¹²² Op die vergadering het geblyk dat die agterstand van Humpata ten opsigte van sy kerklike verpligtinge intussen tot R92.15 aangegroei het.¹²³ 'n Kabelgram van die St. Januario-gemeente is desnieteenstaande ontvang waarin hulle 'n leraar van die Algemene Vergadering eis. Die afvaardiging vra om verskoning vir die sterk bewoording en verduidelik dat „verlang een consulent” bedoel was.¹²⁴

Die vergadering het vervolgens behandel 'n aanbevelingsbrief van 'n aantal lidmate en kerkraadslede van Humpata wat Smit as predikant wou hê, 'n persoonlike brief van Smit aan die vergadering, asook 'n teenpetisie deur oudl. W.M. Opperman en sekere lidmate wat Smit nie as predikant wou hê nie.¹²⁵ Hierdie

korrespondensie484/-

-
- 118) Notule van Gemeentevergadering van 3.3.1906, art. 5
 - 119) Notule van Gemeentevergadering van 7.4.1906, art. 2
 - 120) Notule van Gemeentevergadering van 1.12.1906, art. 3
 - 121) Notule van Gemeentevergadering van 8.12.1906, arts. 1 & 2.
 - 122) Handelinge van die Vier-en-Veertigste Algemene Vergadering, art. 1
 - 123) Ibid., art. 12.
 - 124) Ibid., art. 17
 - 125) Ibid., art. 19; Van Rooy, ds. Jacobs: Herinneringe van oudl. J.C.A.C. Labuschagne opgeteken te Gobabis op 17.4.1953

korrespondensie is vir aandag na 'n kerkkommissie verwys.¹²⁶ Uit die verslag van hierdie kommissie wat later voorgelê is, blyk dit dat in 'n onderhoud met die afvaardiging van Humpata aan die lig gekom het „dat er in de gemeente Humpata groote verdeeldheid heerscht”.¹²⁷ Die kommissie het ook bevind dat die hantering van die aansoek ten opsigte van Herman Smit deur die kerkraad van Humpata ingevolge artt. III (8), XXXIV, XXXV en XXXVII van die Kerkorde, kerkregtelik buite orde was, omdat dit nie deur 'n praeses en scriba onderteken was nie.¹²⁸ Die attestaat van br. H. Smit was deur oudl. A.N.J. Alberts onderteken is en die genoemde klagskrif is derhalwe na Humpata terugverwys en 'n kommissie van ondersoek, bestaande uit 'n ouderling en leraar, sou na Humpata gestuur word om die toestande in die gemeente te ondersoek.¹²⁹

Die kerklike kommissie het egter aanbeveel dat br. H. Smit deur die Algemene Vergadering geëksamineer word deur (a) „een tekst voor een propositie” aan hom te gee en (b) „een gedeelte der H. Schrift voor exegese”.¹³⁰ Die Algemene Vergadering het besluit dat Smit 'n halfuur ter voorbereiding van sy voordrag en 'n kwartier ter voorbereiding van sy skrifuitleg toegestaan word.¹³¹ Smit het oor Romeine 4 : 25 geproponer en moes Rom. 7 : 7-11 uitleg.¹³² Na die eksaminering is die uitslag van die eksamenkommissie aan Smit bekend gemaak. Daar is bevind dat hulle in hom „wel goeden aanleg voor studie ontdekt, maar geen singuliere gaven volgens hare opvatting van art.8 D.K.O.”¹³³ Daarop het die Algemene Vergadering hom ten sterkste aangeraai om die gewone studiegang aan die Teologiese skool te deurloop.¹³⁴

Op485/-

-
- 126) Handelinge van die Vier-en-Veertigste Algemene Vergadering, art. 23
 - 127) Ibid., art. 38
 - 128) Ibid., art.38
 - 129) Ibid., art.40
 - 130) Ibid., art.41
 - 131) Ibid., art.41
 - 132) Ibid., art.43
 - 133) Ibid., art.44. D.K.O. - Die Kerkorde.
 - 134) Ibid., art.44

Op versoek van Smit is sy brief aan die Algemene Vergadering ook genotuleer. Hierin het hy onder meer gesê: „Echter zij het u bekend dat, wat ook den uitslag uwer bespreking zijn mocht, mijn voornemen vast stand my tot den dienste des woord te bekwamen. By mij is de zaak een beginzelzaak.”¹³⁵

Die Kerkskeuring in 1908

Ten gevolge van die verloop van Smit se eksamenpoging is ds. Ph. Snyman afgevaardig om die kerklike sake in Humpata te gaan ondersoek.¹³⁶

Die hele poging om Smit as predikant te laat proponeer, is tydens die sinodesitting in 1907 weer in oënskou geneem.¹³⁷ Op 'n gemeentevergadering van 30 Maart 1907 wou br. W. Venter weet waarom H. Smit nie vir die Algemene Vergadering as leraar aanvaarbaar was nie. Die voorsitter het hierop geantwoord dat kerklike besluite 'n persoon nie tot die bediening toelaat tensy hy 'n teologiese studiegang deurloop het nie. Die Algemene Vergadering het ook bevind dat Smit oor goeie studiegawes, maar geen besondere preekgawes beskik nie.¹³⁸ Op voorstel van br. J. Botha het die vergadering toe besluit dat Herman Smit in opdrag van 'n ouderling mag voortgaan om die dienste te lei.¹³⁹

Die kerkraadsvergadering van 1 Junie 1907 is deur ds. P.C. Snyman as konsulent gelei. Hy het die kerkraad berispe omdat hulle Smit toegelaat het om voor die gemeente nie slegs 'n leesdiens nie, maar 'n preek te lewer.¹⁴⁰

Op 486/-

135) Handelinge van die Vier-en-Veertigste Algemene Vergadering, art. 60

136) Ibid., art. 74

137) Acta van die Sinode van 1907, Bylaag E, p.60

138) Notule van Gemeentevergadering van 30.3.1907, art.2.

139) Ibid., art. 4

140) Notule van Kerkraadsvergadering 1.6.1907, art. 2

Op 'n gemeentevergadering op 17 Junie 1907 is ds. H. Pasch tot leraar vir die gemeente van St. Januario beroep.¹⁴¹ Op 'n gemeentevergadering van 26 Julie 1907 het ds. Snyman die aanwesiges meegedeel dat dit „het verlangen der Synode is dat waar daar geen aparte leeraar voor de zending bestaat de leeraren der blanke gemeente het zendingwerk naar hun vermogen behoren te verrichten.”¹⁴² Hierdie mededeling het onmiddellike verset uitgelok soos blyk uit die stemming oor die saak wat hierop gevolg het. Met twee-en-dertig stemme vir, vier-en-twintig teen en vyf persone buite stemming, het die vergadering besluit: „Deze gemeente geeft haren Kerkraad de vrijheid om haren leeraar, indien de Algemene Vergadering zulks van hem verlangt, op te dragen de Bondzegelen in de zendinggemeente alhier te bedienen totdat er weer een leeraar voor de zending zal gevonden zijn.”¹⁴³ Deur hierdie besluit is die kiem vir latere onenigheid geplant. Die volle implikasie van hul besluit het eers later tot die mense deurgedring. Gert Alberts en 'n klompie ondersteuners het hulle veral sterk hieroor uitgespreek.

Na die vergadering het ds. Snyman en verskeie kerkraads- en gemeentelede in Gert Alberts se tent bymekaargekom en verder oor die saak geredekawel. Alberts was sterk daarteen dat die inboorlinge onderrig word en deur die blanke predikant bedien word. Ds. Snyman kon nie daarin slaag om die ontevredenes se besware uit die weg te ruim nie. Hy het besef dat die sienswyse van die teenparty slegs deur indringende oorrëding verander sou kon word. Hy het te kenne gegee dat die Sinode ds. Pasch hierop sou voorberei.¹⁴⁴

Die487/-

141) Notule van Gemeentevergadering 17.6.1907

142) Notule van Gemeentevergadering van 26.7.1907, art. 14

143) Ibid., art. 15; Chapman, W.J.B.: Memoirs, p.76

144) Snyman, mev. Miemie: Herinneringe van tant Miemie Snyman, Gereformeerde Argiefstukke oor Humpata 1881-1908, G.23 B.Boek II

Die ontevrede lidmate het by hul standpunt gebly en so is hulle uitme-
kaar. Ds. Snyman het daarop die sendinggemeente besoek, maar die Kerk-
raad wou hom nie vergesél nie.¹⁴⁵ Daar was egter baie lidmate wat nie
omgegee het dat die makvolk deur hul leraar bedien word nie.¹⁴⁶ Dit was
nou vir almal duidelik dat daar in die gemeente twee standpunte t.o.v. die
sendingsaak bestaan: dié ten gunste van en dié teen die Kerkraadsbesluit.
Met hierdie standpunt het oudl. J.C.A.C. Labuschagne hom vereenselwig.¹⁴⁷

In 'n brief aan die Algemene Vergadering het ds. Snyman gekla dat sy taak
aansienlik bemoeilik is omdat sy mede-afgevaardigde nie kon saamgaan nie.
Hy het bevind dat die probleme te Humpata „heelwat meer ingewikkeld waren
en, verder teruggrepen, dan ik vermoed had. De zaak was niet zo op te los-
sen, dat met de beroeping van 'n predikant uit de weg waren te ruimen en
met 't byleggen van persoonlike twisten de vrede in dé Gemeente te herstel-
len was".¹⁴⁸ Die persoonlike twiste, so gaan hy voort, is binne die eerste
veertien dae bygelê en 'n predikant is eenparig en met Herman Smit se heel-
hartige steun beroep.¹⁴⁹ Maar die eintlike oorsaak was egter nie so seer
„de kwestie van 'n predikant voor Humpata, en't kwestie van de daaruit
voortgesproten persoonlike krenkingen, doch 't eigenaardige opvatting van
de zending, 'n opvatting die zeer afweek van de houding van onze Synode in
de zaak van de zending. Indien er in Humpata geen zendingwerk te doen viel,
het zou alles vlot gaan. Om dit punt groepeerde zich se het ontstichtelike
dat daar de wijngaard van onze Here dreigde te verwoesten. Dit nu, zo zijnde
sal het afhangen van de takt, die Humpata's leeraar, in onverschrokken

gehoorzaamheid148/-

145) Snyman, mev. Miemie: Herinneringe.

146) Ibid.

147) Van Rooy, ds. Jacs: Herinneringe van oudl. J.C.A.C. Labuschagne,
opgeteken te Gobabis, 17.4.1953

148) Notule van Algemene Vergadering van Steynsburg, 29.1.1910; klousule 6

149) G.A.G. 23B; Boek I. Vol(a) pp.394; Smit - Ds. Snyman(korrespondensie)

gehoorzaamheid aan het zendingbevel van onze Heiland aan de dag legt, of het daar lukken zal".¹⁵⁰ Hy het sy bes gedoen om die weg van die sending-saak volgens die insigte van die Sinode en vir die komende leraar voor te berei. Hy kon egter nie in die twee maande tot sy beskikking "'n opvatting die zo in de tradities inzit¹⁵¹ uit die weg ruim nie. Dit sou geleidelik moes geskied.

Ds. Pasch het die beroep na die gemeente St. Januario aangenseem en het op 15 Februarie 1908 sy eerste kerkraadsvergadering gelei.¹⁵² Hy is kort na sy aankoms deur gemeentelêde gepols of hy van voornemens was om die Nie-Blanke gemeentetjie te bedien. Getrou aan die opdrag van die Sinode het hy bevestigend geantwoord.¹⁵³ Hy moes egter dadelik besef het hoe delikaat hierdie saak was, want op 27 Februarie het hy sy lot by ds. D. Postma be-
kla. Hy skryf dat ds. Ph. Snyman bewus is van die meningsverskil. Dit het in kort daarop neergekom dat indien hy hom met die sending bemoei, hy die Blanke gemeente teen hom in die harnas sou jaag. Nieteenstaande hierdie wete was hy vasbeslote om ook die sendingstasie te dien.¹⁵⁴

Omdat ds. Pasch die reaksie van die gemeente gevrees het indien hulle van sy bearbeiding van die sendingstasie kennis sou dra, het hy besluit om sy besoeke geheim te hou. Hy skryf aan ds. Postma: „Den 13 Maart zullen wij D.V. avondmaal vieren en vele zaken zullen behartigt moeten worden. Dan den 18^e zal ik de zendingstasie bezoeken.”¹⁵⁵

Kennis aangaande hierdie besoek het rugbaar geword en die teenparty het daarin geslaag om 'n gemeentevergadering byeen te roep om oor die saak te

besin.....489/-

150) Snyman, mev. Miemie: Herinneringe.

151) Van Rooy, ds. Jacs: Herinneringe van oudl. J.C.A.C. Labuschagne.

152) Notule van Kerkraadsvergadering 15.2.1908

153) Chapman, W.J.B.: Memoirs, p.76

154) Gereformeerde Argiefstukke oor Humpata 1681-1908; Boek I & II ;
23A en B; ds. H.P.J. Pasch - ds. D. Snyman, dd. Humpata 27.2.1908.

155) Ibid.

besin.¹⁵⁶ Hierdie gemeentevergadering, waarop W.J.B. Chapman ook teenwoordig was, het op 6 April 1908 plaasgevind¹⁵⁷ en het uitgeloop op 'n openlike konfrontasie tussen leraar en gemeente.

Ds. Pasch het die gemoedere deur die keuse van sy Skriflesing en deur sy openingspreek probeer kalmte. Hy het uit Ps. 119:1 - 3 en Hand. 4 voorgelees en toe oor vers negentien van laasgenoemde gedeelte gepreek. Hy het veral die woorde „Oordeeld zij of het recht is voor God, u lieden meer te hooren dan God,”¹⁵⁸ beklemtoon. Desnieteenstaande het die gemeente sy afkeur op geen ondubbelsinnige wyse oor sy bediening van die sendinggemeente te kenne gegee nie. Br. Andries Alberts het gesê dat hy hom verset teen elke tree wat die leraar na die sendingstasie gee.¹⁵⁹ Br. G. Alberts het betoog dat ds. Pasch die leraar van die blanker gemeente was en volgens Ps. 62, Job. 15, Matt. 28:8, Matt. 10, Romeine 15 en Heb. 7:6 het hy geen reg om die inboorlinge te bedien nie.¹⁶⁰ Br. Koos Botha sr. het gesê dat hy gewillig was om geld vir die sending te gee, maar hy keer dit af dat sy leraar ook sendingleraar is. Brs. Willem en Koos Opperman het hul le met hierdie standpunt vereenselwig.

Br. Jan Labuschagne wou weet of ds. Pasch die sakramente aan die sendinggemeente sou gaan bedien. Ds. Pasch het geantwoord dat die werk gedoen moes word en wou hierna die vergadering sluit.¹⁶¹ Br. Andries Alberts het egter op 'n ondubbelsinnige antwoord aangedring, waarop ds. Pasch te kenne gegee het dat hy dit van ganser harte sou doen.¹⁶² Die leraar wou ook van

die490/-

156) Chapman, W.J.B.: Memoirs, p.76

157) Ibid., Notule van Gemeentevergadering van 6.4.1908

158) Notule van Gemeentevergadering 6.4.1908, art. 1

159) Ibid., art.4

160) Ibid., art.5

161) Ibid., art. 6

162) Ibid., art.7

die gemeente weet of hulle hom as hul hond of huurling beskou wat nie toegelaat sou word om gedurende die week en in sy vrye tyd die sending te dien nie.¹⁶³ Br. G. Alberts het hierop gereageer deur die vraag te stel of die leraar hom aan die Dortse Kerkorde onderwerp. Ds. Pasch het gesê dat hy dit onderskryf en daarvan nie afwyk nie. Hierop wou br. G. Alberts weet of 'n predikant sonder toestemming van sy kerkraad in gevalle soos die onderhawige mag optree.¹⁶⁴ Ds. Pasch het te kenne gegee dat 'n leraar hom deur die omstandighede moes laat lei. In sy betoog het hy herhaaldelik die woord hond gebruik en op protes vanuit die gemeente het hy sy siening in verband hiermee uiteengesit: Hy het gesê die feit dat die gemeente aan hom sy bewegings wou voorskryf, daarop gedui het dat hulle hom as hul slaaf, huurling of hond beskou en nie as 'n leraar of bediener van die Woord nie.¹⁶⁵

Br. G. Alberts het hierop heftig gereageer. Hy het te kenne gegee dat ds. Pasch besig was om die gemeente te bedrieg. Die doel van sy koms na Humpata was om die wit en die swart gemeente te integreer en dat hy tyd wou wen om meer salaris te trek. Ds. Pasch het hierop geantwoord dat br. G. Alberts se opmerkings impliseer dat hy 'n hond is en dat hy as bedienaar van die Woord werk om hulle uit hul geld te bedrieg en om gelykstelling te bevorder.¹⁶⁶

Br. Andries Alberts wou hierop weet of die leraar van mening is dat hy sonder toestemming van die kerkraad die gemeente Que sou kon gaan bedien. Ds. Pasch het geantwoord dat hy nie die gemeente Que sonder kerkraadstoestemming kon bedien nie, maar wel die sendinggemeente, aangesien laasgenoemde onder

hulle491/-

163) Notule van Gemeentevergadering 6.4.1908, art.7.

164) Ibid., art.10

165) Ibid., art.11

166) Ibid., art.12

hulle toesig gestaan het en die verantwoordelikheid van die Blankes was.¹⁶⁷

Br. Paul Venter wou ondubbelsinnig van ds. Pasch weet of hy van plan was om die gemeente te skeur. Ds. Pasch het geantwoord dat die grootste skeuring in die ryk van Satan deur Christus veroorsaak is. Hy wou egter nie 'n skeuring veroorsaak nie, maar moes God meer as die mens gehoorsaam wees.¹⁶⁸ Brs. G. en A. . Alberts wou weet of ds. Pasch sou voortgaan om die sendingstasie te bedien. Die leraar het te kenne gegee dat hy moes gaan om die sakramente te bedien. Br. W. Opperman en verskeie ander gemeentelede het hierop versoek dat hul name uit die gemeenteregister geskrap moes word. Ds. Pasch het hierdie wending probeer vermy deur te sê dat die wegbrekers nie weet wat hul doen nie.¹⁶⁹

Br. Smit (waarskynlik Herman) wou hierop weet of dié vergadering as 'n gemeentevergadering erken word. Ds. Pasch het bevestigend geantwoord. Br. W. Venter het gesê dat daar niks meer te sê was nie, aangesien die leraar reeds laat blyk het dat hy die sendingstasie sal besoek.¹⁷⁰

Ds. Pasch het weer probeer om die vertroebelde verhoudinge te besweer deur te kenne te gee dat hy en br. G. Alberts sr. op alle punte, behalwe één, dit roerend eens was. Die punte van ooreenkoms was: eerstens dat God skeiding tussen rasse gemaak het en dat hiermee voortgegaan moes word; tweedens dat die Evangelie aan almal gepreek moes word, en derdens dat elke gemeente sy eie leraar moes hê.

Die punt waarop hulle nie saamgestem het nie, was dat die sendinggemeente op daardie stadium vakant was en verlang het dat die sakramente aan hulle

bedien492/-

167) Notule van Gemeentevergadering van 6 April 1908; arts. 12-13.

168) Ibid.

169) Ibid.

170) Notule van Gemeentevergadering 6.4.1908; art. 13.

bedien word. In hierdie noodsituasie was hy verplig om hulle te help en nou het hy teenstand ondervind. Die bestaande evangelis, kon die Woordbediening behartig, maar hy moes één maal in drie maande as konsulent die bediening van die sakramente waarneem. Ter inligting het ds. Pasch 'n uiteensetting gegee van die sinodale besluite ten opsigte van die regte van 'n konsulent van 'n vakante gemeente en die sendingartikels.¹⁷¹

Br. A. Alberts wou vervolgend weet watter mense met die begrip „die heidene" vereenselwig moet word. Ds. Pasch het gesê dal almal wat nie deur die Doop ingelyf is tot die gemeenskap van Christus nie, as heidene beskou moes word. Br. A. Alberts het gesê dat die sendinggemeente volgens hierdie siening dus nie as heidene beskou kon word nie. Ds. Pasch het dit beaam en daaraan toegevoeg dat hulle tewens 'n gemeente en broeders in Christus is wat gehelp moes word.¹⁷²

Br. W. Venter het hierop te kenne gegee dat die Gereformeerde Kerk se sendingartikels strydig is met Godswoord. Br. G. Alberts sr. het hom met hierdie siening vereenselwig en te kenne gegee dat hy die Bybel in sy geheel ken en dat 'n predikant hom niks daarvan kon leer nie, gevolglik distansieer hy hom van hierdie uitleg en weier hy om hom daaraan te onderwerp.¹⁷³

Br. Koos Opperman het die feit dat die twee gemeentes deur één leraar bedien word, as gelykstelling bestempel.¹⁷⁴

Br. A. Alberts het gesê dat in die sinodale besluite betreffende 'n konsulent slegs van blanke gemeentes sprake is en dat dit nie van toepassing op sendinggemeentes gemaak kon word nie. Hulle moet deur aparte leraars bedien word.¹⁷⁵

Na 493/-

171) Notule van Gemeentevergadering 6.4.1908; art. 13

172) Notule van Gemeentevergadering 6.4.1908; arts. 13-14

173) Ibid.

174) Ibid.

175) Ibid.

Ma 'n verdaging het die gemeente weer vergader en is die bespreking deur A. Alberts voortgesit. Volgens sy siening het die bediening van die sakramente aan die sendinggemeente neergekom op përels wat voor die stuyne gewerp word.¹⁷⁶ Ds. Pasch het hierop te kenne gegee dat hy hom nie aan die wil van die gemeente sou onderwerp nie, maar nou voortgaan om in die loop van die daaropvolgende week die sendinggemeente te bedien. Die aanwesige vroue het hom hierop uitgejou.¹⁷⁷ Ds. Pasch het geantwoord dat as die gemeente van mening was dat hy gesondig het deur die sendinggemeente te bedien en sou sondig deur die sendingstasie te besoek dit die kerkraad vrygestaan het om hom kerkregtelik ingevolge art. 79 aan te kla, en dan was die saak opgelos.¹⁷⁸

Br. A.J.B. Chapman gesekondeer deur Br. Flip Venter het nou 'n voorstel ingedien dat die Sinode gevra word om ds. Pasch te ontslaan. Cor hierdie voorstel het daar verwarring ontstaan wat uitgeloop het op 'n stemming van een-en-vyftig persone daarteen en nege-en-twintig daarvoor.¹⁷⁹

Br. G. Alberts sr. het hardnekkig sy verset voortgesit. Hy het te kenne gegee dat as ds. Pasch voortgaan om die sendingstasie te bedien, hy hom van die kerk sou afskei en hy wou hê dat die gemeentevergadering daarcor moes stem of hulle ds. Pasch sou toelaat om voort te gaan met sy besoeke aan die sendingstasie al dan nie.¹⁸⁰ Ds. Pasch was nie bereid om oor so 'n voorstel 'n stemming toe te laat nie, eerstens omdat hy persoonlik betrokke was; tweedens omdat die leraarsamp daarmee willekeurig behandel word, en derdens, omdat so 'n stemming as die aanname of verwerping van Godswoord¹⁸¹ vertolk sou kon word. Dit sou geen doel dien nie en was daaron onnodig.

Hy184/-

176) Notule van Gemeentevergadering 16 .4 . 1901; art. 11.

177) Ibid.

178) Ibid., art. 17

179) Ibid., art. 19

180) Ibid., art. 20

181) Ibid., art. 21

Hy het aanbeveel dat die saak aan die Sinode voorgelê word en dat daarop aangedring word dat die sendinggemeente 'n eie leraar moet kry.¹⁸² Br. Willem Venter het nou gedreig dat hy die Portugese overheid se hulp sou inroep om die Gereformeerde Kerk te sluit.

Daar kon tot geen beslissing gekom word nie en op hierdie noot het die vergadering verdaag.

Na hierdie stormagtige vergadering op 6 April 1908 het die ouderlinge en voorraanstaande gemeentelede op die aand van 7 April 1908, met die uitsondering van br. Hans Alberts, in die huis van oudl. Andries Alberts byeengekom om sake te bespreek. Op daardie vergadering is toe eenparig besluit om 'n afdankingsbrief vir ds. Pasch op te stel en dit in die gemeente vir ondertekening te sirkuleer.¹⁸³ Mnr. Herman Smit het as sekretaris van die vergadering opgetree en het ook die afdankingsbrief opgestel, wat spoedig deur 118 lidmate onderteken is. Hieruit was dit duidelik dat hoewel nagenoeg die hele gemeente ontevrede was, hulle tog nie almal bereid was om die afdankingsbrief te onderteken nie.¹⁸⁴ Op 'n kerkraadsvergadering van 11 April 1908 is 'n klagskrif met 118 naamtëkeninge aan die vergadering voorgelê. Daarvolgens is die leraar beskuldig dat hy 'n heroerder en 'n skeurmaker van die gemeente is; dat hy hom onbetaamlik gedra het, dat hy onbehoorlik opgetree het en dat hy sinodale besluite oortree het.¹⁸⁵ Hierdie klagskrif het ds. Pasch ook afgedank.¹⁸⁶ Dit was ondermeer deur ouderlinge J. Venter, B. Alberts en Koos van der Merwe, asook diaken J. de Jager onderteken.¹⁸⁷

Op495/-

182) Notule van Gemeentevergadering 6.4.1908; art. 25

183) Van der Merwe, P.J.: Ons Halfeeu in Angola, p.30

184) Ibid., Acta van die Sinode van 1910, Bylaag A; p.79; dd. 10.4.1908

185) Notule van Kerkraadsvergadering 11.4.1908, arts. 3-4

186) Ibid., art. 5

187) Ibid., art. 4

Op die kerkraadsvergadering is verder besin oor die vraag watter stappe geneem moes word om die dreigende kerkskeuring te voorkom.¹⁸⁸ Ds. Pasch het volgehou dat die skeuring nie kerkregtelik is nie en dat daar nie sprake van 'n skeuring kon wees nie. Versoening kon volgens sy mening langs een van twee weë bewerkstellig word: daar kon aan prof. J.L. Cachet geskryf word om in die geskil as bemiddelaar op te tree; dat hy intussen die bediening van die sendingstasie sou staak, en dat leraar en gemeente hulle aan die besluit van die arbiter sal onderwerp. So nie, kon die gemeente 'n tweede leraar beroep sodat die huidige leraar as sendingleraar afgesonder kon word. In laasgenoemde geval sou die sendingleraar egter sonder traktement moes klaarkom, omdat die gemeente in die salaris van die Blanke leraar sou moes voorsien.¹⁸⁹

Op 16 April het die kerkraad weer eens vergader. Ds. Pasch het die vergadering meegedeel dat hy verneem het dat br. H. Smit dienste hou vir diegene wat met die plaaslike leraar oorhoops gelê het. Daarop het ouderling J. Venter bevestig dat so 'n diens ten huise van br. W. Venter gehou is.¹⁹⁰ Al dadelik was die stryd weer aan die gang. Br. K. van der Merwe het voorgestel dat ds. Pasch vir Smit moes waarsku om nie voort te gaan om die Heilige Woord te bedien nie en die voorstel is aanvaar.¹⁹¹ Nou het diaken Th. Venter die kerkraad gewaarsku dat daar sprake is dat persone die kerk wou laat sluit en dat daar bloed sou loop. Daarom moes daar nie verder oor die saak getwis word nie.¹⁹² Br. J. Venter het hom met hierdie siening vereenselwig en daaraan toegevoeg dat die geskil breëpunt bereik het.¹⁹³ Diaken Th. Venter het weer aan die woord gekom en beweer dat die petisionarisse teen ds. Pasch inderwaarheid die gemeente verteenwoordig en derhalwe

op496/-

188) Notule van Kerkraadsvergadering 11.4.1908; art.7

189) Ibid., art. 8

190) Notule van Kerkraadsvergadering van 16.4.1908; art. 8

191) Ibid., art.9.

192) Ibid., art. 10

193) Ibid., art. 11

op besitreg van die kerkgebou kon aanspraak maak. Hy het die dreigement herhaal dat daar bloedvergieting sou wees as die Gereformeerde Kerk nie sy dienste in die gebou staak nie.¹⁹⁴

Hierna het ds. Pasch en ouderling Hans Alberts op 11 April by die ondertekenaars huis besoek afgelê in 'n poging om weer die vrede te herstel. 'n Paar lidmate het daarna hul name teruggetrek, maar die meerderheid het met hul besluit volstaan.¹⁹⁵

Die laaste kerklike aktiwiteit wat in die notuleboek uit hierdie tydperk opgeteken is, is 'n verslag van 'n biduur wat eweneens op 16 April plaasgevind het. Ds. Pasch het by hierdie geleentheid die aanwesiges meegedeel dat hy nie weer 'n gemeentevergadering byeen sou roep nie vanweë die swak belangstelling wat die gemeente ten opsigte van so 'n byeenkoms openbaar het. Hy het ook by die ondertekenaars van die klagskrif teen hom daarop aangedring om hul name op hierdie dokument te laat skrap. Br. Jansen van Vuuren het te kenne gegee dat hy en sy gesin hul protes teen die leraar terugtrek.¹⁹⁶

Volgens Van der Merwe het die afgeskeidenes na die ondertekening van die afdankingsbrief aan ds. Pasch 'n beraming gemaak van hul regmatige deel van die predikant se salaris wat hulle tot op datum verskuldig was. 'n Insameling is gehou en die bedrag is deur twee diakens aan ds. Pasch oorhandig en is deur hom in ontvangs geneem.¹⁹⁷

Intussen het dit uitgeleek dat ds. Pasch teenoor sekere persone opgemerk het dat dit die ontevredenens niks sou baat om hulle op die sinode te beroep nie, aangesien die Sinodale Kommissie self R150 per jaar aan hom toegeken het as hy die nie-blanke gemeente ook sou bedien.¹⁹⁸ Daar is toe besluit

om497/-

194) Notule van Kerkraadsvergadering van 16.4.1908; art.12

195) Van der Merwe, P.J.: Ons Halfeeu in Anrola, p.30

196) Verslag van Biduur 16.4.1908; art. 3

197) Van der Merwe, P.J.: op.cit., p.30

198) Ibid., p.35

om van die Gereformeerde Sinode van Suid-Afrika af te skei en aansluiting by die Kerk in Nederland te soek. Op 18 April is 'n afdankebrief aan die Sinode in Suid-Afrika gerig wat deur 122 ¹⁹⁹ lidmate onderteken is en op 11 Mei 1908 is 'n brief aan die Gereformeerde Kerk in Nederland gerig om daarby aansluiting te vra.²⁰⁰

Ds. Pasch en 'n minderheid van die oorspronklike gemeente het voortgegaan om dienste in die bestaande kerkgebou te hou. Die afgeskeidenes het hulle dienste onder bokseile en in agterplase gereël. Twee lede van die kerklike kommissie nl. W. Venter en oudl. A. Alberts, het na Humpata gegaan en die magistraat versoek om die kerk te sluit. Ds. Pasch het met Chapman as tolk 'n onderhoud met die goewerneur gevoer, maar dit het niks positiefs opgelewer nie.²⁰¹ Die gebou is gesluit en dit het so gebly totdat op 'n veel later datum, die twee partye ooreengekom het om die gebou, pastorie en ander kerkeiendomme op 'n openbare veiling te verkoop. Die besluit is deur die Rooms-katolieke geestelikes toegejuig. P.J. Vander Merwe sê dat die magistraat toegestem het om die gebou te sluit totdat beide seksies om die heropening daarvan aansoek sou doen, maar dat daar geen sprake van optrede teen die Protestante was nie.²⁰³

Kort hierna het ds. Pasch na Suid-Afrika vertrek om die sinode-sitting by te woon en W.J.B. Chapman het op 'n handelstog na die binneland vertrek. Voor sy vertrek het Chapman die distriksgoewerneur weer besoek en hom gesmeek om hom nie te steur aan die praatjies wat die rebellerende groep oor die lojale groep en ds. Pasch by hom aandra nie, aangesien die nuus toe reeds versprei is dat die Portugese owerheid ds. Pasch nie sou toelaat om na die gemeente terug te keer nie.²⁰⁴ Chapman het by die goewerneur daarop aangedring

dat498/-

199) Acta van die Sinode van 1910, Bylaag A., p.79; Van der Merwe, P.J.: Ons Halfecru in Angola, p.31 (P.J. v.d.Merwe praat verkeerdlik van 118)

200) Van der Merwe, P.J.: op.cit., p.31

201) Chapman, W.J.B.: Memoirs, p.77

202) Van der Merwe, P.J.: op.cit., p.31; Chapman, W.J.B.: op.cit., p.77

203) Ibid.

204) Chapman, W.J.B.: op.cit., A. 77-78

dat ds. Pasch nie verhinder moes word om terug te keer nie. Die goewerneur het egter te kenne gegee dat dit 'n geval van soberania (sowereiniteit) was. Hieruit het Chapman afgelei „that the very frank manner in which Mr. Pasch had expressed himself to the Governor the latter considered offensive to the Portuguese sovereignty of the colony”.²⁰⁵

Ds. Pasch is dan ook by sy terugkeer na Angola nie toegelaat om te land nie, maar moes sy reis na Loanda en Lissabon voortsit. In Lissabon is hy meegedeel „that his own congregation had been the cause of his being prohibited from returning to Humpata and to his family who had remained there”.²⁰⁶ Volgens Chapman, was dit hieruit duidelik hoeveel vooroordeel daar deur die teenparty teen Pasch by die Portugese owerheid opgewek is.

Toe die afgeskeie gedeelte van die gemeente op 2 Desember nog geen antwoord van die Gereformeerde Sinode in Nederland ontvang het nie, het hulle op 3 Desember 'n brief aan ds. B. van Schelven van Amsterdam gerig. Hierin het hulle versoek om by die Nederlandse Gereformeerde Sinode in te skakel en om 'n predikant vandaar te kry.²⁰⁷ Hierdie gesukkel om by een of ander Gereformeerde sinode ingeskakel te word, het baie persone teen hierdie tyd ontmoedig en hulle het besluit om hulle maar weer met die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika te verbind. Op 3 April 1909 het A. Alberts wat een van die leiers van die afgeskeidenes was, namens sewe lidmate aansoek gedoen dat hul name van die versoekskrif van 18 April 1908 geskrap moes word.²⁰⁸ Op 29 Novemver het oud-kommandant J.F. Botha ook by die Sinode aansoek gedoen

dat499/-

205) Chapman, A.J.B.: Memoirs, p.78

206) Ibid., Van der Merwe, P.J.: Ons Halfeeu in Angola, p.32

207) Van der Merwe, P.J.: op.cit., 32

208) Acta van die Sinode van 1910, Bylaag A; p.79; dd.3.4.1909

dat sy en sy eggenote se name van die voorgenoemde klagskrif geskrap word.²⁰⁹
Oudl. E.E.L. Labuschagne het op 12 Desember 'n soortgelyke brief namens
nog agt lidmate geskryf.²¹⁰

Die Geestelike Kommissie het in 'n brief aan die gemeente St. Januario die
skeuring betreur van "vele lidmate van die gemeente Humpata so haastig en,
om voor ons onvoldoende redene, die Kerkelike gemeenskap met die Geref. Kerk
hebben opgezegd."²¹¹ Die kommissie het hom daarin verbly dat verskeie per-
sone weer na die gemeente teruggekeer het en het by die kerkraad van Hum-
pata en by ander kerkrade aanbeveel, "waar van die lidmate die nog niet
teruggekomen zijn, aanzoek doen om opgenomen te worden, deze broederlijk op
te nemen, opdat de breuke mog geheeld worde."²¹²

'n Kerklike kommissie wat ds. Pasch se optrede ondersoek het, het geoordeel
dat hy slegs as gevolg van die beletting van die Portugese regering deur
die kerkraad van Humpata van sy pligte onthef is. Hy was dus weer beroep-
baar om onder toesig van 'n kerkraad die Woord en Sakramente te bedien.²¹³

Nadat die afgeskeidenes vier maande op 'n antwoord uit Nederland gewag het,
doen hulle op 1 April 1909 op ds. P. van Drimmelen van die Nederduitsch
Hervormde Kerk in Suid-Afrika 'n beroep om hulp. Op 9 Junie ontvang hulle
'n brief van hom waarin hy belowe om hulle in die loop van die volgende jaar
te besoek.²¹⁴ Hulle ontvang daarna ook 'n lang geskrif uit Nederland waar-
in ds. B. van Schelven en dr. H.H. Kuyper, Hoogleraar aan die Vrije Univer-
siteit te Amsterdam, in 'n diepsinnige teologiese redenasie die redes vir

hulle500/-

209) Acta van die Sinode van 1910, Bylaag A; p.79. dd.29.11.1909

210) Ibid., dd.12.12.1909

211) Ibid., Bylaag D. p.97

212) Ibid.

213) Ibid., art. 125; p.50

214) Van der Merwe, P.J.: Ons Halfee in Angola, p.32

hulle afskeiding verwerp. Aanhalings soos: „in Christus is noch diens- knecht noch vrije, noch barbaar of scyt, noch Jood of Heiden" en „ dat die middelmuur des afskeidsdeel verbroken was" het hulle oortuig dat hulle ook by die Nederlandse Sinode geen aansluiting wou hê nie.²¹⁵

In Februarie 1910 is br. Willem Venter na Suid-Afrika afgevaardig om by die Ned. Herv. Kerk om hulp en aansluiting te gaan aanklop.²¹⁶ Drie maande later op 23 Mei 1910 arriveer Venter in geselskap van ds. Van Drimmelen van Zeerust en oudl. Gert Benade te Mossamedes.²¹⁷ Die geselskap bereik op 28 Mei Humpata per ossewa en op 31 Mei vind 'n kommissievergadering onder voorsitterskap van ds. Van Drimmelen plaas. Die bestaande kerklike kommissie van die afgeskeidenes het bestaan uit: Andries Alberts wat die ampte van beide voorsitter en scriba moes vervul, J.P. Venter, Gert A.J. Alberts, B. J. Alberts, Ph. J. Venter, en P.P. Alberts. Na oorleg met ds. P.W. van Drimmelen is op 4 Junie 1910 besluit om 'n Ned. Herv. gemeente te Humpata te stig.²¹⁸

Die Hervormde predikant het in Humpata by die 300 siele gevind wat ongeorganiseerd, verstrooid en van enige sinodale verband los gestaan het. Sommige was nog lede van die Hervormde Kerk, ander nie meer nie. Die meerderheid was gewese lede van die Gereformeerde Kerk.

'n Gemeente-vergadering is gelyktydig met die stigting van die Nederduits-Hervormde gemeente te St. Januario Humpata op 4 Junie 1910 gehou. Ds. P. van Drimmelen het by hierdie geleentheid as voorsitter opgetree en die aanwesiges meegedeel dat die oorspronklike dokument waarin hulle hul Gereformeerde sinodale verband verbreek het, aan hom voorgelê is. Om die

vergadering501/-

215) Van der Merwe, P.J.: Ons Halfeen in Angola, p.33

216) Ibid.

217) Ibid., pp.33-4

218) Van der Merwe, P.J.: op.cit., p.34

vergadering op hul gemak te stel het hy ter inleiding gesê „dat er geen vrees voor eenige Kerk of voor menschen behoeft te bestaan onder deze omstandigheden en zij deze gemeente beschouwen als zonder tucht en censuur staande, geheel en al van alle Kerkverband met de Gereformeerde Kerk in Zuid-Afrika.”²¹⁹ Hierna het ds. Van Drimmelen die Ned. Herv. Kerkwette aan die aanwesiges verduidelik en versoek dat diegene wat hierdie Kerkwette onderskryf hulle name op 'n lys moes teken. Uit die vergadering het 33 manspersone hierna hulle name geteken.²²⁰ Hulle was op één na almal gesinshoofde.²²¹ Hierdie persone was: J.P. Venter, B.J. Alberts, Andries Alberts, J.P. van der Walt, P.J. van der Walt, Cornelis du Toit, Joh. Mart. van der Merwe, Pet. Joh. Alberts, Pet. Joh. van der Merwe, Jac. Fred. Botha, Paul St. Botha, J.H. du Plessis, M.H. du Plessis, S.J. Oosthuizen, W. Oosthuizen, P. Oosthuizen, G. van der Merwe, A.C. Robbertse, J. Alberts, Gert Alberts, P.S. Venter, P.S. Venter, J. Botha (jr), W.A.S. du Plessis, J.J.S. Alberts, P.S. Venter, J.J. Oosthuizen, E.W. Oosthuizen, G.A.J. Alberts en P. van der Walt. Twee persone naamlik, Ph. du Plessis en N. Klopper het opgestaan en gesê dat hulle nie geteken het nie.²²²

Die stigting van die Ned. Herv. gemeente te St. Januario Humpata het plaasgevind met 174 lede te wete: 79 lidmate, 17 katkisante, 56 dooplede en 22 ongedooptes.²²³

Bewaeegredes tot die skeuring

Persone wat van die Gereformeerde Kerk weggebreek het, het die volgende redes vir die skeuring aan ds. Van Drimmelen voorgehou: Mnr. Biewenga wat 'n onderwyser was, is deur ds. Hamersma tot sendeling bevestig. Die gemeente

Que 502/-

219) Van der Merwe, ds. W.P.: Die Kerk onder die Dorslandtrekkers Hervormde Teologiese Studies, Junie 1946; p.18. N.H.K. Arg. - Kerkvergadering notule (aanhangsel) 4.6.1910

220) Ibid., Ibid.

221) Ibid., Ibid.

222) Van der Merwe, ds. W.P.: op.cit., p.18; N.H.K. Arg. Kerkvergadering notule (aanhangsel) 4.6.1910

223) Ibid., Ibid.

Que het eerw. Biewenga sonder om Humpata daarin te ken, tot hulle leraar beroep en daardeur het daar verwydering tussen die twee gemeentes ontstaan.

Dit wou voorkom asof ds. Pasch vir Humpata voorberei is en asof hulle geen ander keuse gelaat is as om hom te beroep nie.

Ds. Biewenga is nooit as predikant van 'n blanke gemeente bevestig nie en het net soos ds. Pasch predikant geword sonder voorbereidende eksamens. Ds. Pasch het na sy bevestiging nog lesings van prof. Cachet ontvang.²²⁴ Ds. Pasch het sonder medewete van die Kerkraad die Nie-Blankes bedien wat in stryd was met art. 15 van die Kerkwet wat bepaal dat die leraar niks sonder die Kerkraad se toestemming kon doen nie.²²⁵ P.J. van der Merwe kom tot die slotsom dat ds. Pasch nie tot sy moeilike taak - die oplossing van die Angola-Boere se eerste groot kerkgeskil opgewasse was nie. Sy gebrek aan insig en takt was ooglopend; en sy hardnekkige optrede het td verbittering by die gemeente aanleiding gegee. Hy was nie slegs eiesinnig nie, maar het die gevoelens van die gemeentelede nie in ag geneem nie. As voorbeeld hiervan haal P.J. v. d. Merwe sekere gebeure aan wat volgens hom op die gemeentevergadering van 6 April 1908 sou plaasgevind het. Van der Merwe se getuigenis in verband hiermee strook egter nie met die ware feite soos in die notuleboek opgeteken is nie en hy erken dat sy gegewens op herinnering berus.²²⁶

Die gemeente het die gesamentlik bediening van blanke en nie-blanke gemeentes deur een en dieselfde leraar as die eerste stap in die rigting van gelykstelling gesien. Hieruit kon 'n toestand ontwikkel waarin die Nie-Blankes uiteindelik kon eis om ook die kerkgebou met die Blankes te deel.²²⁷

P.J. v.d.Merwe 503/-

224) Van der Merwe, ds. W.P.: Die Kerk onder die Dorslandtrekkers, Hervormde Teologiese Studies, Junie 1946, p.17; V.d. Merwe, P.J.: Ons Halfecru in Angola, p.22.

225) Ibid., Ibid., p.23-24.

226) Van der Merwe, P.J.: op.cit., p.28

227) Ibid., p.28.

P.J. van der Merwe sê dat heelparty persone wat die afdankingsbrief aan ds. Pasch geteken het nie by die nautgestigte gemeente aangesluit het nie en wel om die volgende redes: Hoewel hulle nie vir ds. Pasch as predikant wou hê nie, was hulle tog nie bereid om hulle verbintenis met die Gereformeerde Kerk te verbreek nie, te meer nog nadat hulle deur die optrede van die Portugese owerheid van ds. Pasch ontslae geraak het.²²⁸ Hierdie mense het op hul eie weer aansoek gedoen om as lidmate van die Gereformeerde Kerk teruggeneem te word.

Van Gereformeerde sowel as van Hervormde kant is reeds verskeie pogings aangewend om hierdie kerkskeuring te ontleed. In al hierdie pogings bly die onderskeie segsmanne subjektief in hul beskouing en probeer hulle steeds om hulle eie kant van die saak in die beste voege te lê.

Die oorsake vir hierdie skeuring moet egter nie net in die gebeure rondom die persoon van ds. Pasch en wat daarmee saamhang, gesoek word nie. Ds. Ph. Snyman het die kern van die saak aangeroei toe hy die „'n eigenaardige opvatting van die zending, 'n opvatting die zeer afweek van de houding van onze Synode in de zaak van de zending," vermeld het. Hierdie opvatting kan die beste beskryf word as die „Hervormde" standpunt. Hierdie standpunt was grondliggend aan die hele Trekbeweging soos aanvanklik geopenbaar in die Trekkers se afkeur aan Burgers se paswet. De Volkstem van 12 September 1873 het soos reeds gesê is, berig: „De werkelijke drangreden (van den Trek) is een soort van tegensin tegen elken maatregel, die berekend is meer vrijheid

aan 504/-

228) Ibid., p.34

aan de gekleurden te schenken". Die Gereformeerde mondstuk, De Maandbode het in sy uitgawe van 1 April 1873 met die grootste omsigtigheid probeer om hierdie beweegrede te besweer. Dit was inderdaad in die woorde van ds. Ph. Snyman „'n opvatting die zo in de tradities inzit" dat dit nie plotseling verander kon word nie. Teweens, dit het gedeeltelik aan die wortel van die Groot Trek gels.

Hierdie tradisionele Boere-opvatting het in die sendingbeleid van die Hervormde Kerk neerslag gevind. Dit is die logiese verklaring waarom hierdie afgeskeidenes sonder meer by die Hervormde Kerk kon inskakel en aanvaar is. Die Gereformeerde kerkvergaderinge het oor voldoende gegewens beskik om te kon oordeel of ds. Pasch se vertolking van die sendingbeleid aan die St. Januario gemeente met die Gereformeerde standpunt gestrook het. Die Sinode kon met sy standpunt geen fout vind nie, en hy is derhalwe deur hulle van alle blaam onthef.

Die feit dat heelwat persone weer na die Gereformeerde Kerk teruggekeer het, is eerder toe te skryf aan sentimentele as aan beginsel-beweegredes. Dit val sterk op dat aldrie oud-Trekleiers wat by die gemeentevergadering van 6 April 1908 teenwoordig was, te wete, L.M. du Plessis, J.F. Botha en G.A.J. Alberts, sowel as die destydse leiers, Willem Venter, Andries Alberts en Jan Robbertse hulle van die verklaarde Gereformeerde sendingbeleid gedistansieer het. Tog het verskeie van hierdie leiers weer by die Gereformeerde Kerk aansluiting gesoek.

Die Gevolge van die Kerkskeuring

Kerklik Nadat die Ned. Hervormde gemeente gestig is, is die ou kerkgebou en die pastorie te Humpata per openbare veiling verkoop en die opbrengs onder die twee gemeentes verdeel. Die Gereformeerde Gemeente het toe 'n eie

kerkgebou 505/-

kerkgebou naby Vaalkop opgerig, terwyl die Hervormde Gemeente vir hom 'n kerk op die plaas van wyle ouderling Andries Alberts gebou het.²²⁹

Na sy stigting is die gemeente deur besoekende Hervormde leraars vanuit Suid-Afrika bedien. Hulle was ds. J.J. Prinsloo van Standerton wat op 29 Oktober 1911 daar opgedaag het, ds. P. van Brimmelen wat in April 1914 en weer in Oktober 1918, daar besoek gebring het, ds. J.J. Prinsloo wat op 15 Junie 1920 as eerste predikant daar aangekom het, ds. S.J. Strydom wat Angola in 1923 en ds. T.F.J. Dreyer wat Angola op 28 Junie 1926 besoek het.²³⁰

Ds. P. Biewenga, die leraar van die gemeente Que, het vanaf 1909 tot 1918 ook die gemeente van St. Januario met die Woord en Sakramente bedien.²³¹

Die Agt-en-veertigste Algemene Vergadering wat op 4 Maart 1911 te Barkly-Oos vergader het, het dit goed gedink om 'n brief ter aanmoediging aan hierdie herderlose gemeente te skryf en „een Catechismus preckbundel" aan te beveel wat hulle in hul godsdiensteoefening kon help.²³²

Soos blyk uit 'n skrywe van ds. Biewenga aan die Sinode in 1913, was die bearbeiding van die wysverspreide Gereformeerde lidmate in Angola 'n veel-eisende taak. Dit was nie moontlik om duple na die sinodesitting te stuur nie en gemeentelike bydraes was so swak, dat 'n vermindering van hul bydrae tot die Teologiese Skoolfonds gevra moes word.²³³ In plaas van simpatie met sy onbenydenswaardige posisie het ds. Biewenga van die kant van die Sinode slegs kritiek ontvang. Die sinode het die toestande in die gemeente Que betreur en die saak van 'n verminderde bydrae vir die Teologiese Skool na die penningmeester verwys.²³⁴

Vir506/-

229) Van der Merwe, P.J.: Ons Halfeeu in Angola, p.35

230) Ibid., p.40

231) Van der Merwe, P.J.: op.cit., p.39

232) Handelinge van die Agt-en-veertigste Algemene Vergadering, art. 12

233) Acta van die Sinode van 1913, art. 102, p.37

234) Ibid.

Vir die duur van die Eerste Wêreldoorlog het die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika geen besoekende leraar na Angola gestuur nie. Op 25 Februarie 1919 is ds. P.S. van Drimmelen, stigter van die Hervormde Kerk in Angola op Humpata oorlede en langs die Hervormde kerkgebou ter ruste gelê. Kort voor die Angola-Afrikaners se terugkeer na Suidwes-Afrika is sy beendere opgerawe en onder blyke van groot openbare deelneming in die familiekerkhof van die plaas Jamba herbegrawe.²³⁵

In Oktober 1919 het ds. J.G.H. van der Walt van die gemeente Middelburg, Kaap, die Gereformeerde gemeente te Humpata besoek en op 12 Oktober het hy ses-en-twintig kinders gedoop.²³⁶ Sy besoek het 'n positiewe gevolg op die sinodesitting van 1920 gehad. Hy het by die Sinode aanbeveel dat 'n skrywe van bemoediging „aan onse stam en geloofsgenote in Mombolo en Humpata” gerig word en dat hulle vanweë die ongunstige wisselkoers wat toe bestaan het alle agterstallige bydraes ten opsigte van die Teologiese Skool en die D.P.P.J.W. - fonds krytgeskel word. Sy voorstel is deur die Sinode aanvaar.²³⁷ Na hierdie positiewe reaksie, het gereelde besoeke van Gereformeerde leraars aan Angola uit Suid-Afrika weer gevolg. In 1922 het ds. D. Postma Humpata besoek en op 5 Maart sewe-en-veertig kinders gedoop. Hy is in Augustus 1924 gevolg deur ds. J.G.H. Kruger wat op 3 Augustus ook aan vyftig kinders op Humpata die doop bedien het.²³⁸

Dit is jammer om te moet konstateer dat die verwaarloosing van sy lidmate in Angola deur die Gereformeerde Kerk vanaf 1909 tot 1919, tot heelwat geestelike en sedelike verval aanleiding gegee het. Dit blyk duidelik uit 'n

intensiewe 507/-

235) Van der Merwe, P.J.: Ons Halfeeu in Angola, p.41

236) Ibid., p.39

237) Handelinge van die Twintigste Sinodale Vergadering van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika, art. 61, p.35

238) Van der Merwe, P.J.: op.cit., p.38

intensiewe ondersoek in 1926 en 1927 deur ds. D.G. Venter. Hy het o.a. bevind dat in die wyksgemeentes Hoëveld en Que selde of ooit huisbesoek gedoen is.²³⁹ Die Sinodesitting van 1927 het met diepe kommer van dié gemeentelike toestande in Angola kennis geneem en die sinodale kommissie het dit noodsaaklik geag dat daar sonder verwyl 'n permanente leraar na Humpata moes gaan. Die toentertydse trekgees het egter tot gevolg gehad dat die stuur van 'n vaste leraar tot en met die volgende sinodesitting uitgestel is.²⁴⁰

Die 1909-Trek

Die onverkwiklike kerkskeuring in 1908 en die voorafgaande gebrekkige geestelike bediening, het baie Angola-Boere laat wanhoop aan 'n gelukkige voortbestaan vir hulle en hulle kinders in hierdie land van hul vreemdelingskap. Die aanlê van spoorweë en die feit dat al hoe meer nie-Afrikaners hulle op transportry begin toelê het, het die verlaging van die inkomste by baie Boere tot gevolg gehad en het waarskynlik ook tot hierdie gees van swaarmoedigheid bygedra.

In hierdie omstandighede het honderd-en-twintig Boere in Oktober 1908 besluit om die land te verlaat en na Transvaal terug te keer. Jan George Matthys Stadler Kirsten het namens hulle by die Britse regering in Transvaal aansoek gedoen om deur Betsjoeanaland (Botswana) na die Transvaal terug te keer.²⁴¹ Die Regering van die Transvaal het egter so 'n trek summier afgekeur op grond daarvan dat dit die verspreiding van veesiektes tot gevolg kon hê.²⁴²

Op 508/-

239) Venter, ds. D.G.: Dagboek, dd. Augustus 1926

240) Die Handeling van die Twintigste Algemene Sinode, Bylaag F (a), p.128

241) Stukke van Koloniale Sekretaris Bd. 17796, S.A., Kirsten - Secretary of State, dd. Humpata 9.10.1908

242) Ibid., Deputy Governor's Minute, dd. 29.10.1908

Op 7 Mei 1909 het Kirsten weer aan die Britse Konsul in Loanda oor die saak geskryf. Die Trekkers was nou bereid om al hul diere teen 'n groot verlies van die hand te sit as hulle maar net toegelaat kon word om as Britse onderdane na hul stamland terug te keer. Weens hul swak finansiële posisie sou hulle dan nie in staat wees om hulle eie vervoerkostes te dra nie en vra gevolglik dat die regering hulle en hul gesinne van vrypassate moes voorsien. Dit was die enigste manier waarop hulle na Transvaal sou kon terugkeer.²⁴³

H.C. Mackie, die Britse Konsul, het op 25 Julie 1909 die brief van Kirsten en 'n lys van name van 96 persone wat wou terugkeer, aan die Staatssekretaris gestuur.²⁴⁴ Hierdie naamlys is 'n hoogs belangrike dokument want, afgesien van die volle name, geboortedatum en geboorteplek van die aansoekers, bevat dit ook die name van hul vaders en hul plek van herkoms. Die groep het die familiename Kirsten, Van der Merwe, Bojé, Klopper, Snyman, Opperman, Labuschagne, Van Zyl, Hamman, Van Mickerk, Visser, Robbertse, Horn, Erasmus, Ackerman, Du Plessis en Alberts, ingesluit. Van die vaders van hierdie groep was ses uit Pretoria afkomstig, vier uit Rustenburg, twee uit Grahamstad, twee uit Zeerust, een uit Zoutpansberg, een uit Standerton, een uit Heidelberg, een uit Kaapstad, een uit Somerset (Kaap), een uit Wakkerstroom, een uit Nylstroom en een uit Ladysmith (Natal) afkomstig. Ses-en-vyftig lode van die groep was in Humpata gebore, die res was almal in Suid-Afrika gebore.²⁴⁵

Hierdie besonderhede gee vir ons enigsins 'n indruk van die uitgestrekte gebied in Suid-Afrika waarvandaan mense hulle in trekke na Angola begeef het.

In509/-

243) Stukke van Koloniale Sekretaris, Ed.17796, Kirsten - H.Mackie.
dd. Humpata, 7.5.1909

244) Stukke van die Koloniale Sekretaris, Ed. 17796, H.C. Mackie-Col. Sec.
dd. Loanda 25.7.1909

245) Ibid.

In sy begeleidende brief sê Mackie dat hierdie groep bestaan uit oud-burgers van Transvaal en persone wat die land gedurende die Anglo- Boereoorlog verlaat het. Om hulle terugkeer moontlik te maak sou die mense hulle diere teen 'n groot verlies van die hand moes sit, want die heersende prys vir beeste was slegs R2 stuk.. Hy sê dat een-en-sestig persone nie in staat sou wees om vir hulle eie passaat te betaal nie. In totaal wou nog steeds honderd-en-twintig persone terugtrek.²⁴⁶

Die Transvaalse overheid het lank gesloer om op die Boere se versoek te antwoord en eers op 11 November 1909 het die Eersteminister se kantoor laat weet dat die kabinet volstaan met die besluit van die Waarnemende Goewerneur van 29 Oktober 1908 nl. die Boere het reeds dertig jaar gelede of langer die land verlaat; hulle huidige nasionaliteit is onseker en hulle kan dus nie op hulp van die Transvaal aanspraak maak nie.²⁴⁷

Nieteenstaande hierdie afwysing van die Regering in Transvaal, het 'n aantal persone onder leiding van die bekende jagter, J.H. Robbertse tog destyds na Transvaal teruggekeer. Die groep het onder andere ook seuns van oud-kommandant J.F. Botha en die Trekleier, G.A.J. Alberts, ingesluit.²⁴⁸

Die kerkskeuring het nie slegs vir die blanke ingesetenes van Humpata onsmaklike gevolge gehad nie, maar het ook nie sendinggemeente onvergenoegd gelaat.²⁴⁹ In 1909 het 'n groep van een-en-negentig siele besluit om die land te verlaat.

Hulle510/-

246) Stukke van die Koloniale Sekretaris, Bd.17796, H.C. Mackie - Col. Sec. dd. Loanda 25.7.1909

247) Stukke van die Koloniale Sekretaris, Bd.17796/4, min.520, dd. Pretoria, 11.11.1909

248) Ibid., Ruiter-geselskap-Britse Konsul, dd. Humpata, dd.2.6.1909

249) Ibid.

Hulle het bestaan uit twintig Betsjoeana-gesinne wat die Boere na Angola vergesél het. Op 2 Junie 1909 het hulle formeel aansoek gedoen om na Britse gebied terug te keer. Hulle het gevra om oor Viyé, Noord-Mana Candundu en die bolope van die Zambesi, per ossewa na Noordoos-Rhodesië te trek. Om te verseker dat hulle nie longsiekte in hierdie land indra nie, sou hulle hul vee vir vier maande lank onder kwarantyn op die grens hou. Hulle wou verder weet op watter voorwaardes hulle in hul nuwe tuiste gevestig sou kon word. Hulle was van voornemens om in die loop van 1910 op trek te gaan, sodat hulle voor die einde van 1911 hul bestemming kon bereik. Indien die voorgestelde trekkeëlings onaanvaarbaar was, het hulle Haar Majesteit se regering versoek om hulle vrypassaat na Britse gebied toe te staan, aangesien hulle hul diere dan teen 'n groot verlies van die hand sou moes sit.²⁵⁰

Die groep se aansoek is eweneens geweier en hulle het in Angola gebly, waar oudl. Ruiter baie jare later nog steeds aan die hoof van die Gereformeerde sending-aksie in Angola gestaan het.²⁵¹

Instandhouding van die Christelike Huwelik

Dr. J.F. van Rensburg moes as voorsitter van 'n regeringskommissie wat die terugkeer van die Angola-Afrikaners voorafgegaan het, ondersoek instel na die instandhouding van die huwelik by hierdie mense. Deur sy persoonlike kontak met hulle is hy besonder beïndruk deur die wyse waarop hulle die Christelike huwelik in stand gehou het. Hy het hoë agting en respek gekry vir die wyse waarop hulle vir drie, vier geslagte lank hul blanke bloed in 'n basterkolonie suiwer bewaar het. Sowat agthonderd huwelike is in hierdie ondersoek betrek. Daar is veral op twee aspekte van die huwelikspatroon

gelet511/-

250) Stukke van die Koloniale Sekretaris, Bd.17796/4, Ruiter-geselskap - Britse Konsul, dd. Humpata 2.6.1909.

251) Acta van die Sinode van 1916, Bylaag I, p.88.

gelet: (a) was die betrokke partye bevoeg om te trou of was hulle te na verwant aan mekaar? en (b) was albei die betrokke persone blank? Gemengde huwelike sou nie deur die Unie-regering erken kon word nie. Die Van Rensburgkommissie het tot die verrassende gevolgtrekking gekom dat daar geen enkele gemengde huwelik in al die jare van die Boere se vreemdelingskap in Angola voorgekom het nie.²⁵²

Op die trek is 'n huweliksregister gehou en die eerste huwelik wat op die trekp pad deur die Dorslandtrekkers se troubeampte, landdros G.D. Prinsloo, voltrek is en in die register aangeteken is, was dié van Johannes Hendrik Grobler en Hessie Minsina Regina Catrina Snyman. Die egpaar is op 25 Februarie 1878 by Kremetartpan in die eg verbind. In die huweliksregister is die volgende inligting aangeteken: volle name van die bruispaar, ouderdom en geboorteplek. Die bruispaar moes ook 'n verklaring aflê dat hulle onverbonde is en nie na-bloedverwante nie. In totaal is daar van 178 huwelike in dié register rekord gehou.²⁵³ Huwelike wat tydens die Dorslandtrek deur landdros G.D. Prinsloo voltrek is, is deur die Portugese owerheid erken. Na die aankoms van die Trekkers op Humpata is kommandant J.F. Botha as trouoffisier aangestel en hy het hierdie amp tot in 1910 vervul.²⁵⁴

Die Nederlandse reisiger Daniël Veth wat in 1883 Humpata besoek het, het ook besonderhede in verband met Boere-huweliksgebruike aangeteken. Afgesien daarvan dat die huwelik deur die Boere-landdros voltrek is, was dit geheel en al van kerklike aard en is die huweliksformulier, soos dit ook in die Hervormde Kerk gebruiklik was, gelees. Veth sê dat die kerklike en burgerlike funksies in hierdie Boere-gemeenskap geen afgebakende grense gehad het nie, omdat almal van dieselfe geloof was. Daar was geen predikante nie, maar wel 'n kerkraad waartoe enige manlike lidmaat verkies kon

word512/-

252) Van der Merwe, P.J.: Ons Halfeeu in Angola, p.39

253) D.T.D. A.779, Deel I, Huweliksregister van die Dorslandtrek.

254) Van der Merwe, P.J.: Ons Halfeeu in Angola, p.5

word. Elke kerkraadslid het om die beurt die godsdiensoefening gelci.

Kort na hulle aankoms op Humpata is Veth se reisgenoot, Van der Kellen, na 'n huweliksplegtigheid uitgenooi. Die gaste het om nege-uur die oggend in die huis van die landdros byeengekom. Die landdros en twee Boere wat as getuies sou optree, almal in swart geklee, het agter 'n tafel wat met 'n wit doek bedek was, gesit. Op die tafel het 'n Bybel, 'n formulierboek en 'n aantal papiere gelê. Voor die tafel het twee stoele en twee wit-bedekte knielbankies gestaan. Die vloer was met gebreide wildsvelle bedek.²⁵⁵

'n Gewerskoot wat buite afgevuur is, het die begin van die plegtigheid aangekondig. Die bruidsgroep bestaande uit die bruidegom in swart geklee, die bruid in wit met blomomboorsel en strikkies versier, die strooijonker en -meisie en die ouerpare van die bruispaar, het die vertrek binnegekom. Nadat almal plaas geneem het, het 'n kort stilte gevolg. Dit is onderbreek toe die landdros die bruidspaar in verband met hul geboorteplek en ouderdom begin ondervra het en daarna versoek het dat hulle die huweliksformulier moes aanhoor. Nadat hierdie lang voorlesing afgehandel is, het die landdros met 'n gebed afgesluit en daarna die bruidspaar versoek om op die bankies te kniel. Die landdros het voortgegaan en die aanwesiges tot getuie geroep dat die huwelik wettig en heilig verbind is. Hy en die amptelike getuies het daarna die bruidspaar met 'n handdruk gelukgewens en die aanwesiges het hul toegesing „Dat's Heeren zegen op u daal.“²⁵⁶ Die huweliksplegtigheid is egter nie altyd met hierdie psalmvers afgesluit nie. Die huweliksbevestiging is gevolg deur 'n bruilof waarop soms gedans is.²⁵⁷

Soos vertolk deur die Boere het die Portugese wetlike bepalings betreffende die registrasie van geboortes en huwelike eers op 1 Januarie 1909 op die Afrikaners van toepassing geword. Selfs daarna het dit selde gebeur dat huwelike slegs deur die magistraat voltrek word. Indien dit wel gebeur het, is dit daarna tog opgevolg deur 'n kerklike inseëning.

Voor 72/-

255) Veth, dr. P.J. en Snelleman: Daniël Veth's Reizen in Angola, p.300

256) Ibid., pp.300-1

257) Ibid., p.301.

Voor 'n paartjie kon trou, moes hulle by die sekretaris van die magistraat daarom aansoek doen. In gevalle waar die bruid minderjarig was, was dit nodig dat 'n verlofbrief van haar ouers voorgelê word. Hierna is die gebooië veertien dae lank vir publieke kennisname aan die deur van die magistraatskantoor opgeplak. Intussen is die gebooië ook vir drie agtercenvolgende Sondae in die Kerk afgekondig. Gereformeerde lidmate is altyd op Maandae en Ned. Hervormde lidmate op Woensdae in die eg verbind.²⁵⁸

Die gebruik van bruiskarre was feitlik onbekend. Die gebruiklike rytuig was 'n nuwe voltentossewa, wat versier is met blomme en kranse. Dit was ook tradisie dat aan die regterkantste voorste tentstaander van die wa die ou Transvaalse Vierkleur aan 'n stok gewapper het. So 'n trouwa is deur 'n spogspan osse, eners van kleur, getrek. Om betyds by die magistraatskantoor vir die registrasie van die huwelik op te daag, moes die trouwa met die huwelikspaar vroeg op die oggend van die troue van die plaas vertrek. Daarna het hulle weer na die kerk gery sodat die trouoffisier die huwelik kerklik kon inseën. As daar 'n predikant teenwoordig was, was hy vir hierdie funksie verantwoordelik. In die meeste gevalle was die magistraat, wat na die bruilof uitgenooi is, self ook in die kerk teenwoordig.²⁵⁹ Na afloop van die huweliksplegtigheid in die kerk, het die trouwa volgelaai met bruilofsgaste wat die huwelikspaar na die bruilofsplaas vergesél, haastig vertrek. 'n Aantal perderuiters het vooraan gery en andere aan weerskante om die osse aan te drywe. Agter die prosesie het 'n hele stoet waens en karre gevolg. Sowat 'n myl van die bruilofsplaas af, is vuurpyle opeenvolgend van die wakis van die trouwa afgeskiet om die osse nog vinniger aan te spoor en om die plaasmense te waarsku.²⁶⁰

Sodra511/-

258) Van der Merwe, P.J.: Ons Halfeeu in Angola, pp.5 - 6

259) Ibid., pp. 6 - 7

260) Ibid., p.7

Sodra die plaas bereik is, het die bruidspaar met strooijonkers en twee strooimeisies vooraan, gevolg deur die gaste die bruilofsaal binnegegaan. Die bruidspaar is dan deur omstanders met blomme bestrooi. Die bruidspaar het in die bruilofsaal op vooraf ingerigte sitplekke versier met ereboë en blomme hul plekke ingeneem. Die strooijonkers en -meisies het aan weerskante van die bruidspaar gaan sit. Die ouers van die bruidspaar gevolg deur ander gaste het hierna die bruidspaar gelukgewens. Een van die beste sprekers van die gemeenskap het 'n toespraak gehou, waarna 'n gebed gedoen is. Dan het die bruilofsmaal 'n aanvang geneem. Sodra die eerste gaste klaar geëet het, het hulle plek gemaak vir 'n tweede groep. Waar baie gaste uitgenooi is, het so 'n bruilofsmaal soms van die middag tot die aand geduur.

Die Van der Merwe-familie se grootmaak-Boesman, Paadjie Rol, wat 'n uitmuntende kok was, was op menige bruilofsmaal 'n bekende, beide as spysenier en kelner.²⁶¹

Andries Alberts was van mening dat die Angola-Afrikaners preuts was omdat hulle geen vrye liefde toegelaat het nie. Hulle het jonk getrou, as die seun negentien-twintig was en die meisie sestien-sewentien. Kommandant Botha se dogter is met Artur de Paiva getroud toe sy dertien-veertien was. Wewenaars en weduwees het ook gou weer getrou. Dit was die rede waarom onsedelikheid iets seldsaam was.²⁶² 'n Jonkman wat trouplanne gehad het, het gewoonlik reeds sy eie wa en osse besit. Na die troue het die egpaar 'n eie woning langs 'n waterlopie gaan oprig en met hulle eie boerdery begin.²⁶³

Jonkman het gewoonlik sodra hulle hul eie wa, span osse en geweer besit het, trouplanne begin maak. In die meeste gevalle is die kinders reeds van

kleinsaf515/-

261) Van der Merwe, P.J.: Ons Halfee in Angola, p.7

262) Alberts, A.: Herinneringe, p.9

263) Van der Smit, G.: Herinneringe.

kleinsaf aan mekaar deur die betrokke ouers toegesê. Gertjie het maar van kleinsaf verneem dat hy eendag met Annatjie moes trou. Dieselfde het Annatjie tuis verneem en as die twee dan volwassenheid bereik het, was dit 'n uitgemaakte saak dat hulle sou gaan trou.²⁶⁴

Die praktyk dat Boere-huwelike deur 'n trou-beampte bevestig word, het mettertyd ernstige probleme meegebring. Ernst Meyer het hierdie toedrag van sake in 1922 onder ds. D. Postma se aandag gebring.²⁶⁵

In 1926 het die Portugese owerheid skielik tot die ontdekking gekom dat die huwelike wat nog al die jare deur Boere-trou-beamptes voltrek is, onwettig is en menige egpaar het die slagoffer van 'n vernederende hertroue geword.

Op 23 April en weer op 26 April 1926 het ds. P. Biewenga aan W.J.B. Chapman geskryf om al die wetspunte betreffende die huwelik op te spoor. Uit hierdie ondersoek het geblyk dat kommandant J.F. Botha nie soos die Boere gemeen het as trouoffisier deur die Portugese owerheid erken is nie „as such an appointment was never published in the Buletin official (Government Gazette) and all parties to be lawfully married had to be married by the Chefe of the Concilio (now called administrator) and only from him could a certificate of the marriage be obtained.

It has now been abundantly proved beyond a shadow of a doubt that the certificates of baptism or births and of marriages issued by ministers of

Protestant 516/-

264) Kalahari Mac: Op Vlug deur Donker-Afrika, p.141

265) Venterstukke, Alfred Meyer - ds. Venter, dd. Vryheid 27.6.1927

Protestant churches are not recognised by the Government of this country.²⁶⁶

Mnr. Ernst Meyer was ook behulpsaam in die uitstryking van probleme wat rondom die huwelik ontstaan het. Op 22 Mei 1926 het hy na oorlegpleging met die administrateur van Luimbale vir ds. D.G. Venter hieroor ingelig: Die bruidspaar moes as eerste stap 'n regeringskantoor besoek en skriftelik om die huweliksbevestiging aansoek doen. Hulle handtekeninge moes deur die Tabeliao ²⁶⁷(notaris) gesertifiseer word. Die bruid en bruidegom moes by die geleentheid bewyse van geboorteregistrasie voorlê wat deur die Britse konsul in Portugees vertaal is. Meyer was egter van mening dat 'n doopseël van die kerk voldoende sou wees. Die bruidegom moes 'n verklaring aflê dat hy ongetroud, 'n wewenaar of 'n geskeide persoon is en dit met die nodige dokumente staaf. In gevalle waar een van die bruidspaar minderjarig was, was 'n verklaring van die ouers nodig dat hulle die huwelik goedkeur.²⁶⁸

Nadat al hierdie dokumente by die amptenaar belas met siviele registrasie, die Administrateur, ingedien was, kon die huwelik na verloop van vyftien dae voltrek word, mits geen beswaar daarteen ingebring word nie. Twee dae voor die huwelik moes die bruidegom die huweliksvoltrekker in kennis stel ²⁶⁹wanneer en waar die huwelik sou plaasvind. Hierdie kennisgewing(Requeriment) moes ook die name, ouderdomme, huwelikstaat, geboorteplekke en woonadresse bevat van persone wat tydens die huwelik as getuies sou optree. Daar moes ook verklaar word of hierdie getuies Portugees kon verstaan of skrywe. Indien een van die getuies nie Portugees magtig was nie, moes vir 'n tolk by

die517/-

-
- 266) Venterstukke, ds. Biewenga - W.J.B. Chapman, dd. Kerkplaats, 23.4.1926
W.J.B. Chapman - ds. D.G. Venter, dd. Luimbale, 4.5.1927
- 267) Venterstukke, E. Meyer - ds. D.G. Venter, dd. Namba, 22.6.1926
- 268) Venterstukke, E. Meyer - ds. D.G. Venter, dd. Namba, 22.6.1926
- 269) Ibid.

die verrigtinge voorsiening gemaak word. Besonderhede van hierdie tolk moes by die kennisgewing ingesluit word. Vir huwelike in private wonings was ses getuies nodig en vir dié in regeringskantore vier. Huwelike wat in privaathuise voltrek is, was aanmerklik duurder as die in regeringskantore.²⁷⁰

Daar was aanvanklik ook onsekerheid wat die doopbediening betref. Sommige vertolkers van die wet was van mening dat die geboorte en doop eers by die Portugese Owerheid geregistreer moes word, voordat die doop bedien kon word. Ds. Venter het beslis dat hulle 'n kind kon doop sonder doop-registrasie by die owerheid. Toe sommige hierdie uitspraak wou gebruik as rede waarom huwelike dan ook sonder owerheidskennis bevestig kon word, het ds. Venter aan oudl. Sarel du Plessis verduidelik dat die huwelik 'n siviele saak is en as dit nie deur die staat erken en geregistreer is nie, was dit onwettig. Dit was derhalwe nodig dat die predikant as troube-ampte erken moes word. Dat die huwelik deur die wet erken word en dat die Kerkraad geen onderskeid, tussen nasionaliteite mag tref nie. In hierdie verband het hy na die Portugees wat ongetroud saam met 'n Boere-meisie geleef het, verwys. Sousa was wel 'n Portugees, maar ook Duitsers was lidmate van die Gereformeerde Kerk. Die kerkraad moes aan die predikant magtiging tot voltrekking van die huwelik gee en dan kon Sousa sowel privaat as in die kerk trou. Die sensuur kon dan opgehef word en die kinders gedoop word.²⁷¹

Ds. Biewenga het ook enkele gevalle genoem waar Portugees saam met Afrikaner-vroue en -meisies, wat hulle amica (vriendin) noem, leef.²⁷² Daar het ook 'n geval van bigamie voorgekom. Die man was wettig met twee vroue getroud en is nie deur die owerheid vervolg nie. Waar owerspel bewys kon word, het die kerk na alle versoeningspogings misluk het, skeibriewe toegestaan.²⁷³

Gevalle518/-

270) Venterstukke, E. Meyer - ds. D.G. Venter, dd. Namba, 22.6.1926

271) Venter, ds. D.G.: Dagboek, dd.27.7.1926

272) Ibid., dd.1.8.1926

273) Ibid.

Gevalle van onsedelikheid het ook tussen ander nasionaliteite en Afrikaners en nie net tussen Afrikaners en Portugese voorgekom nie. Op 3 Augustus verneem ds. Venter van 'n Nederlander, Greskof, wat saam met 'n mev. Scheepers in Cubal in sonde leef.²⁷⁴ Op Sondag, 15 Augustus verneem hy weer van 'n suster, 'n dooplidmaat van die Gereformeerde Kerk, wat reeds drie ongedoopte kinders uit 'n verbintenis met 'n Engelsman, Cooper, het.²⁷⁵

In September 1926 is ds. P. Biewenga met Sannie Grobler, dogter van Hermanus Grobler, deur Sarel du Plessis, Boere-troubeampte in die eg verbind.²⁷⁶

Volgens die toegankbare Portugese vertolking van die wet was hierdie huwelik nou buite-egtelik. Baie Gereformeerde lidmate het gevolglik oor hierdie huwelik beswaard gevoel. Die mening is uitgespreek dat hy as leraar aan andere die voorbeeld moes stel om sy huwelik ook wetlik te laat insee.²⁷⁷

Op 29 November 1926 het ds. Venter aan die Provinsiale Sinode wat in Middelburg byeen was, 'n brief geskryf om die toestand t.o.v. huweliksbevestiging in Mombolo te rapporteer²⁷⁸ en op 25 April 1927 het die Kerkraad van Mombolo 'n uitvoerige brief in verband met huweliksgebruike aan die Kaapse Provinsiale Sinode geskryf. Hieruit blyk dat huwelike normaalweg slegs kerklik bevestig is. Indien 'n persoon wat nie lid is van die Gereformeerde Kerk nie, met 'n lidmaat van die Kerk wou trou, moes 'n Kerklike belofte afgelê word. Hierdie belofte het wêreis:

- (a) Dat die huweliksmaat aan God glo.
- (b) Dat hy sy eggenote nie sou verhinder om na die troue dienste in die Gereformeerde Kerk by te woon.
- (c) Dat hy haar kerklike hydraes sou betaal.
- (d) Dat kinders wat uit die huwelik gebore word in die Gereformeerde Kerk gedoop sou word.

Indien519/-

274) Venter, ds. D.G.: Dagboek, dd.10.8.1926

275) Ibid., dd. 15.8.1926

276) Venterstukke, Sarel du Plessis - ds. Venter, dd. Concordia 6.10.1926

277) Ibid., Ada Meyer - ds. Venter, dd. Namba 14.10.1926; Chapman - Ds. Venter, dd. Monte Victoria 26.9.1926

278) Venterstukke, Ds. D.G. Venter - Provinsiale Sinode, dd. Steynsburg 29.11.1926

Indien die sinode die bestaande gebruik nie goedgekeur het nie. „Daar lewen er zeker wel de helft of wel meer der gemeenteliden in overspel, en dan wemelt het hier van onechte kinderen”.²⁷⁹

As redes waarom die gemeentelide nie volgens die Portugese wet trou nie, en van 'n trou-beampte gebruik gemaak het, is aangevoer dat die wette volgens 'n vernane en geleerde Portugees duister en dubbelsinnig is. Tot hierdie mening sou die kerkraad graag „onvolledig” wou toevoeg. Wetlike bepalinge oor die huwelik en geboorteregistrasies het in wetboeke vanaf 1878 verspreid gelê. Tot die wetboeke is elke jaar 'n nuwe, drie-vingerdik band toegevoeg. Dit sou dus 'n diepgaande studie verg om besonderhede hieroor in die win en dan loop hy nog gevaar dat jy aan die einde van jou ondersoek steeds in die duister verkeer.²⁸⁰ Die wet van 1908 op kerklike registrasies is in 1915 deur ds. Biewenga noukeurig bestudeer, omdat daar toe gesê is dat dit weer toegepas gaan word. Uit hierdie ondersoek het geblyk dat die doop en huwelik deur nie-katolieke kerke nie deur die owerheid erken word nie. Oor die toepassing van hierdie wet het in later jare weer verwarring ontstaan. Die owerhede het toe weer 'n doopbewys van die Gereformeerde Kerk geëis, voordat 'n paartjie kon trou. Sommige administrateurs het 'n doopseël in Nederlands aanvaar, ander weer wou dit in Portugees hê. 'n Derde wou weer die besonderhede deur die Britse konsul bevestig hê, al was dit deur 'n Gereformeerde leraar in Portugees vertaal. Sommige administrateurs het weer geen doopbewys verlang nie. Al hierdie persone het binne die raamwerk van die Portugese wet opgetree.²⁸¹

Die Kerkraad gaan voort. Die Portugese owerheid het kerklike huwelike erken, al was dit nie volgens die letter van die wet nie. Kinders wat uit sulke huwelike geregistreer is, is as legitimo²⁸² (wettige kind) aangedui, al was die huwelik ook net kerklik bevestig. Wanneer ongetroude persone

kinders520/-

279) Venterstukke, ds. Biewenga - W.J.B. Chapman, dd. Kerkplaats, 23.4.1926; 26.4.1926

280) Brief van Kerkraad van Mombolo - Provinsiale Sinode, dd. 15.4.1927. (Afskrif gemaak deur ds. D. Postma vir ds. Venter te Burgersdorp,) 30.5.1927

281) Brief van die Kerkraad van Mombolo - Provinsiale Sinode, dd. 15.4.1927

282) Ibid.

kinders laat registreer, is hulle sonder uitsondering as illegitimo (onegte kind) aangedui.²⁸³ Op die verskillende sertifikate (Titulo)²⁸⁴ wat jaarliks verkry moes word, is alle persone wat slegs kerklik bevestig is, as casado²⁸⁵ (getroud) aangedui: As ongetroudes saamleef, is die man as solteir²⁸⁶ (jonkman) aangedui. Die spelling van Boerename op die registrasie-sertifikate het ook veel te wense oorgelaat en in 'n land waar daar op korrektheid aangedring is, was dit waardeloos.²⁸⁷

Die Kerkraad was dit met die Sinode eens dat dit wenslik was dat die huwelik beide kerklik en wetlik ingeseën moet word. Daar was egter verskeie hindernisse wat dit bemoeilik het soos die groot afstande, die stuur van bakboord na stuurboord en die korrupsie van die amptenare. Hierdeur is huwelike soms maande en selfs jare vertraag.²⁸⁸

Die Provinsiale Sinode het aanbeveel dat die lidmate ook die wetlike huweliksprosedure moet nakom, maar daarop gewys dat hulle aanbevelings nie as kritiek beskou moet word nie, maar as blote kennisgewing van die bestaande toestand en pogings om dit te verbeter.²⁸⁹

Mr. Ernst Meyer het met heelwat oorrëding uiteindelik die mense van Mombolo so ver gekry om 'n massa-hertroue op 16 Mei 1927 te Luimbale by te woon. Hy het die Administrateur ook oorreed om spesiale tegemoetkoming aan die mense t.o.v. die saak te verleen. Hierdeur is die troulustiges van die wetlike bepaling van om vooraf aansoek by die Administrateur vir die huwelik te doen, vrygestel. Hulle kindertjies kon ook nou na die huweliksplegtigheid vir die eerste keer wetlik geregistreer word.²⁹⁰ Ds. Biewnga en

sy521/-

283) Brief van die Kerkraad van Mombolo - Provinsiale Sinode, dd.15.4.1927

284) Ibid.

285) Ibid.

286) Ibid.

287) Ibid.

288) Ibid.

289) Handelinge van die Provinsiale Sinode, dd. Burgersdorp, 30.5.1927

290) Ibid., Alfred Meyer - ds. D.G. Venter, dd. Vryheid 27.6.1927; W.J.

Chapman - ds. D.G. Venter, dd. Mombolo 27.6.1927.

sy gade is by die geleentheid ook wetlik weer in die eg verbind. Die Portugese administrateur het van die geleentheid gebruik gemaak om ds. Biewenga te berispe omdat hy nie die regte voorbeeld aan sy lidmate gestel het nie.²⁹¹

In 'n brief van 4 Mei 1927 aan ds. Venter verstrek Chapman besonderhede van diegene wat by Luimbale hertrou is. Hulle was Michiel Willem Hamman, Hermanus Frinsloo, Gert Douw Brand van der Walt, Cornelius du Toit, Theunis de Klerk, Johannes Hermanus Steyn, Jacobus Biewenga (seun van ds. Biewenga), Pieter G. Wessel du Plessis en ook ds. Biewenga.²⁹²

Die ongerymdheid ten opsigte van die huweliksvertolking wat in die twintigerjare openbaar gemaak is, het egter geen gebrek aan sedelikheid by die gemeenskap geopenbaar nie. Dit is wel so dat ds. D.G. Venter in sy ondersoek enkele gevalle van onsedelikheid teengekom het. Dit moet as uitsonderinge aanvaar word. L.M. du Plessis, seun van oudl. L.M. du Plessis, getuig dat hy van slegs twee gevalle bewus is waar Afrikaner-meisies met Portugese ondertrou het. Huwelike van Afrikanermans met Portugese meisies, het nooit voorgekom nie. Geen Afrikaner waarvan hy weet het ooit met naturelle saamgeleef of met hulle ondertrou nie.²⁹³ Hierdie getuienis onderskraag ook die bevindinge van die Van Rensburg-kommissie. Daar word dus tot die gevolgtrekking gekom dat die Christelike huwelik deur die Angola-Afrikaners tydens hul halfeeu van vreemdelingskap suiwer in stand gehou is.

.....522/-

-
- 291) Venterstukke W.J.B. Chapman - ds. Venter, dd. Monte Victoria 12.7.1927:
 Alfred Meyer - ds. Venter, dd. Vryheid, 27.6.1927
- 292) Ibid., Chapman - ds. Venter, dd. Luimbale 4.5.1927
- 293) Du Plessis, L.M.: Herinneringe.

Die Gereformeerde Sendingaksie in Angola

Ds. D. Postma het gevind dat 'n groot aantal kleurlinge en hul nakomelinge wat saammet die Boere die Transvaal verlaat het, nie meer in hul diens was nie, maar 'n onafhanklike bestaan naby Humpata gevoer het. Hierdie kleurlinge was behoorlik gekleed, het Afrikaans gepraat en het in behoorlike huisies (nie hutte nie) gewoon. Hulle het klein stukkie grond van hul eie, of grond wat aan hul vorige werkgewers behoort het, bewerk. Hulle het ook 'n Christelike agtergrond gehad en kennis van die Bybel gedra uit onderwys wat hul van hul vroeëre here en meesters ontvang het.²⁹⁴

Na beraadslaging met die Blanke kerkraad is op 1 Januarie 1890 'n vergadering van die mans byeengeroep. Slegs 'n klein aantal het by die vergadering opgedaag, waar hulle en hul gesinne se name opgeneem is. Die getal het spoedig tot sewentig siele aangegroei. Die kerkraad het ook besluit om die ou blanke kerkgebou te herstel en as 'n sendingkerk te gebruik.²⁹⁵ Die kerkraad het egter uit die staanspoor sterk teen moontlike integrasie standpunt ingeneem. Ds. Postma het in hierdie verband verklaar: „Wij denken volstrekt niet van hen heeren en juffrouwen te maken, want wij zijn van gevoelen dat God aan elk mensch zijne plaats in maatschappij en Kerk aanwijst, en evenzoo ook aan elk volk en aan elk ras op maatschappelijk gebied; en zoolang het den Heere niet behaagt hen eene andere plaats aan te wijzen, behooren zij op hunne plaats, in hunne stand en rang hunne plicht te kennen en te betrachten.

Daarom denken wij dan ook niet van hen school-geleerden te maken. Ook hebben wij het zoo aangevat, zoo aangeboden en zoo geregeld en hopen het zoo te besturen dat er volstrekt niet aan de minste gelijkstelling met de leden der Geref. Gemeente van Humpata kan gedacht worden.”²⁹⁶ Die

gedagte523/-

294) De Maandbode 1.6.1890

295) Ibid.

296) Ibid.

Die gedagte om die ou Blanke kerkgebou te herstel om as sendingkerk te dien, is uiteindelik laat vaar omdat dit te groot was en dit te veel werk sou kos om dit te herstel. Dit was bowendien ook te ver van die Blanke kerk en pastorie in die omgewing van 'n paar Portugese winkels geleë waar Sondaar handel gedryf is en oorvloediglik drank verkoop is. Die kerkraad het gevolglik aansoek gedoen om 'n stuk grond buite die dorp, waar die kleurlinge self 'n sending-kerkgebou opgerig het.²⁹⁷ Die Blanke kerkraad het ook tydens ds. Postma se verblyf te Humpata gesorg dat daar elke Sondag vir die kleurlinge 'n diens gehou word.²⁹⁸

Uit die geledere van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika het hierna spoedig stemme begin opgaan dat die sendingaksie in Angola op 'n hefter grondslag geplaas moes word. So het die sending-kommissie by die Sinode wat in 1897 te Burgersdorp vergader het, aanbeveel dat die Gereformeerde Kerk sy sendingaktiwiteite in Angola moes uitbrei en gewys, op de gelegenheid te Humpata voor sendingwerk; waar niet alleen een aantal gekleurden zijn; „makvolk“, - genaamd die reeds worden bearbeid onder opzicht van den Leeraar en den Eerw. Kerkraad aldaar; maar daar zijn er ook vele andere naties die niet worden bearbeid.²⁹⁹ Drie leraars uit Nederland het hulle self tot arbeid in die nuwe sendingveld beskikbaar gestel. 'n Lidmaat van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika wat vroeër godsdiensoefenaar in Nederland was, mnr. P. Biewenga, het ook sy dienste aangebied.³⁰⁰ Pres. Kruger het ook 'n besondere belangstelling in hierdie sendingaksie getoon en het 'n bydrae van R100 vir die doel aan die Sinode gestuur.³⁰¹ Die Sinode het sy dank vir

hierdie 524/-

297) De Maandbode 1.9.1890

298) Acta van die Sinode van 1891, Bylaag C(b), p.49

299) Acta van die Sinode van 1897, Bylaag B., p.59

300) Ibid.

301) Ibid., Pres. Kruger - Sinode, dd. Pretoria 24.2.1897

hierdie ruime bydrae en hoë steun staande betuig.³⁰²

Die Sinode het verder besluit om 'n kommissie saam te stel om hom oor die sending in Angola met raad te bedien³⁰³ en om pres. Kruger vir sy brief en skenking te bedank.³⁰⁴

Van die kant van die Kerkraad van St. Januario het dié Sinode 'n versoek ontvang om aan hulle iemand te stuur was as onderwyser en voorganger vir die kleurlinge kon optrec. Afhandeling van hierdie versoek is na die Algemene Vergadering van die Kaapkolonie verwys.³⁰⁵ Mnr. P. Biewenga is kort hierna na Angola gestuur om as evangelis en onderwyser die Gereformeerde sendingaksie uit te bou. In 1903 is ds. T. Hamersma deur die Algemene Vergadering van die Kaapkolonie na Angola afgevaardig met as een van sy opdragte „om proponent P. Biewenga te bevestiging tot herder en leeraar van de zendings gemeente te Humpata.”³⁰⁶ Die kerkraad van St. Januario onder wie se toesig die nuwe sendinggemeente sou staan, het op 27 Julie 1903 besluit dat „zoodra by deze gemeente belydenis der geloof afgelegd en de doop bediend is, zal er een kerkraad vooreerst bestaande uit een of twee gekleurde onderlingen en indien noodig een of twee gekleurde diakenen voor de gekleurden mans lidmaten werden gekozen.”³⁰⁷

Ds. Biewenga het sy taak met groot ywer aangepak en by die Sinodesitting van 1904 kon 'n verslag van hom voorgelees word waaruit geblyk het dat hy met sendingwerk ook by Katunda begin het. Sy gemeente het toe uit drie-en-vyftig belydende lidmate en nege-en-dertig dooplede bestaan. Sy skool is deur dertig leerlinge besoek en hulle is in lees, skryf, sang en rekene onderrig. Uit kollekties het die sendinggemeente reeds R52 byeengebring. Die huweliksfooie vir sending-egpare was op die gewone tyd op die gewone plek, dit wil sê Maandagmiddae twee-uur voor sonsondergang, 1200 Reis. (48 sent) Diegene wat vroeër in die dag wou trou om daarna 'n dansparty

aan525/-

302) Acta van die Sinode van 1897, Bylaag B., art. 19, p.12

303) Ibid.

304) Ibid.

305) Ibid., Bylaag B., pp.27 - 61

306) G.A.G. 23 A, Boek I, Notule van Vergadering van 20.10.1904

307) Notule van Kerkraadsvergadering van 27.7.1903

aan te bied, moes vir hierdie voorreg 'n bykomende 4 500 Reis (R1.80) betaal. Ds. Biewenga het berig dat die meeste lidmate verkies het om vroeër in die dag in die huwelik bevestig te word.³⁰⁸

In 1906 is ds. P. Biewenga tot leraar van die Blanke gemeente van Que be-roep en het die sending-gemeente vakant geraak. Ds. P.C. Snyman is in 1907 deur die Algemene Vergadering van die Kaapkolonie afgevaardig om die Blanke en sendinggemeente van Humpata te besoek. Oor sy besoek aan die sendinggemeente het hy berig: „De indruk, die men in de Gemeente krijgt is 'n weldadige, en men kon merken dat deze kleurlingen zeer sterk onder de invloed van onze mensen geweest zijn. Zij, of nog hun ouders, waren de lotgenoten der trekkers. De algemene toon van hun godsdienstig leven maakt evenzeer indruk. Dronkenschap, hoercrij en dergelijke zijn zeldzaam.³⁰⁹

Na die koms van ds. Pasch na Humpata in 1908 is br. Mannings op aanbeveling van ds. Biewenga na ondersoek deur die Blanke kerkraad en onder hulle toesig as onderwyser en voorganger van die sendinggemeente aangestel. Sy aanstel-ling is deur die Gereformeerde Algemene Vergadering van die Kaapkolonie in-gevolge 'n sinodale besluit teen R100 per jaar bevestig.³¹⁰ Die hoop is uitgespreek dat daar onder br. Mannings se leiding, 'n kleurling-evangelis opgelei sou kon word om onder die heidene te arbei. Die werk onder evan-gelis Mannings het fluks gevorder en selfs tydens die kerkskeuring en daar-na is sy skool deur redelike getalle kleurlingkinders bygewoon. Uit 'n register wat hy op 13 September 1909 aan die Kaapse Sendingkommissie voor-gelê het, blyk dit dat daar toe nog twintig kleurlingkinders by hom op skool was.³¹¹ Gaandeweg het sy taak vanweë teenstand van die Blanke kerkraad en gemeente van Humpata moeiliker geword, sodat hy in Desember 1909 sy ont-slag by die kerkraad van Humpata ingedien het.³¹²

Na526/-

308) Acta van die Sinode van 1904, Bylaag H, p.96 - 8

309) Acta van die Sinode van 1910, Bylaag D., p.97

310) Ibid.

311) Ibid., Bylaag J., p.106

312) Ibid.

Na hierdie datum het die Algemene Vergadering nie raad geweet met toesig oor die sendinggemeente nie, aangesien die Blanke gemeente van Humpata nie langer sodanige toesig wou hou nie. Die Sinode van 1910 het beslis dat 'n Blanke gemeente in Suid-Afrika gewilliglik toesig kon oorneem.³¹³

Die gemeente Middelburg het hierna die toesig oor die gemeente oorgeneem en br. S.V. Graphorn as sendingmeester na Angola gestuur.³¹⁴ Graphorn het intussen ook 'n nuwe sendingpos aan die Guidorivier aangelê. Behalwe vir werk onder „het makke volk, kinderen en kindskinderen van de gekleurden die met de trekboeren meegingen, zijn 14 huisgezinnen uit de blinde heidenen“³¹⁵ deur hom bearbei. Die Algemene Vergadering van die Kaapkolonie was so optimisties oor die sending in Angola dat selfs grond vir 'n tweede sendingstasie aan die Kunenerivier verkry is.³¹⁶

Die vertrek van evangelis Graphorn het die hele Gereformeerde sendingaksie in Angola weer eens tot stilstand gebring, sodat daar in 1916 geen Gereformeerde sendingleraar in Angola werksaam was nie. Godsdienstbeoefening onder die kleurlinggemeenskap is egter deur oudl. Ruiter voortgesit.³¹⁷ Hierdie sendinggemeente is daarna periodiek deur besoekende blanke Gereformeerde leeraars ook besoek. Ds. D.G. Venter het op Maandag, 26 Augustus 1926, berig dat die sendingwerk nog steeds onder leiding van ouderlinge Ruiter en Frans voortgesit word. Die gemeente was egter hopeloos verstrooid en jammerlik vervalle.³¹⁸ Die Gereformeerde Sinode het hierna andermaal die groot potensiaal vir sendingwerk in Angola onder die aandag van die Kerk in die algemeen gebring.

Die527/-

313) Acta van die Sinode van 1910, art. 111, p. 103

314) Acta van die Sinode van 1913, art. 83, p.30

315) Ibid., Bylaag VI B., p.89

316) Ibid.

317) Acta van die Sinode van 1916, Bylaag I, p.88

318) Venter, ds. D.G.: Dagboek, dd. 26.8.1926; Venterstukke: Rapport aan Prov. Sinode Middelburg, Kaap, dd. Steynsburg 29.11.1926

319) Handelinge van die Twee-en-twintigste Sinode, art. 26; p.15.

Die Angola-Afrikaners het in hierdie tyd die land begin verlaat en inligting oor die Gereformeerde sendingaksie in Angola is moeilik bekombaar. Die Sinodale sendingkommissie het in 1930 berig: „aangaande die sending in Angola kon u deputate by hierdie geleentheid niks berig nie. Aan ons is uit private bron meegedeel dat 'n gedeelte van die makvolk met die Boere na S.J.A. wou meestrek; dat ons Regering gewillig was om hulle op te neem, maar dat die Portugese Owerheid dit geweier het. Onder omstandighede bestaan die vrees dat ons sendingwerk daar kon doodloop. Sodra ons mense in S.J.A. bearbeid word, bestaan die hoop dat ons deur middel van hulle weer 'n aanknopingspunt met die agtergeblewe kristene in Angola sal kry".³²⁰

Hnr. W.A. de Klerk het tydens 'n besoek aan Angola in die vyftiger jare bevind dat die Afrikaanse inslag onder die kleurlinggemeenskap in Angola deur al die jare van verwydering van 'n Afrikaner-gemeenskap steeds sterk voortgeleef het.

Uit latere berigte blyk dit dat ouderling Ruiters na die Boere se vertrek hom mettertyd ook in die Noorde van Suidwes-Afrika kom vestig het. Hierdeur is die laaste skakel met die Protestantse Christene in Angola verbreek.

..... 528/-

320) Handelinge van die Sinode van 1930, art. 71, H; p.69.

HOOFSTUK XVI

BEWARING VAN HUL GOEDEREN (vervolg)

Afgesien van die bewaring van hul godsdienstige erfenis het die Angola-Boere ook die ryke erfenis van Boere-kultuur op ander terreine in stand gehou.

Hierdie hoofstuk handel dan ook spesifiek met hierdie ander terreinewaar-na reeds in die vorige hoofstuk verwys is.

Tuisteskepping

Die reisiger Daniël Veth getuig dat die konstruksie van die huise van die Boere op Humpata baie eenvoudig was. Dit was platdakgeboutjies wat van hout ingevul met rooi klei gebou is. Baie huise het slegs twee woon-vertrekke gehad hoewel daar darem ook groter huise was. Die huise is met kalk afgewit en tot op 'n sekere hoogte bokant die grondoppervlakte met geelkleurige oker geverf. Die klein, lae venstertjies het, in plaas van glas, wit katoengordyne gehad. Die deure was op 'n oud-Hollandse wyse in 'n bo- en onderdeur verdeel. Die latwerk vir die dakke is met riempies aanmekaar gebind. In die huise het ook 'n egte Hollandse sindelikeid bestaan. Die enigste waarvoor die Hollandse huisvroue moontlik hul neuse sou optrek, was die gewoonte om die vloere met 'n mengsel van klei en boesmis te sneer. Die mismengsel het egter gou hard geword, 'n egalige lig-groen kleur gekry en was geheel-en-al reukloos.¹

Op sommige plase het die mense in hartbeeshuise wat van klei en pale gebou is, gewoon. Die meeste huise was gemesselde steenuise met gras of rietdakke. Gewoonlik het die huise net drie of vier vertrekke gehad. Dit

was529/-

1) Kalahari Mac: Op Vlug deur Donker Afrika, p.141; Veth, dr. P.J. en Snelleman: Daniel Veth's Reizen in Angola, p.230

was 'n voorhuis, slaapkamer(s) en kombuis.

Sommige huise was ook van klip gebou en teen 1912 het sinkdakhuisse hul verskyning gemaak.² Huise is gebou van die materiaal wat beskikbaar was. So was daar klip-, steen-, sooi- en paalhuise, waarvan die mure afgepleister is. Planke en balke is deur die Boere self gesaag uit bome wat hulle gekap en bewerk het.³ Goeie huise het deure, vensters en balke van mahonie-, kinaat-, gifpeul-, tambotie, perdepram- of boekenhout gehad.⁴ Die huise op plase was met weinig uitsondering netjies. Die huisraad was van donkerkleurige houtsoorte eiehandig vervaardig en dikwels met stukkies ivoor of been ingelê. Dit het bestaan uit riempiematstoele, riempiematrusbanke, riempiemathoutkatels, kaste en tafels.⁵

Plaaslike Bestuur

In die verbygaan is reeds daarop gewys dat die Dorslandtrekkers as 'n goed georganiseerde en geordende gemeenskap Angola binnegetrek het. Die sukses waarmee die lewe van sy deelgenote georganiseer en georden is, kon die beste begryp word, as die Trek as 'n reisende dorp gesien word. In hierdie "dorp" is deur verskeie instellings so goed as moontlik in al die behoeftes van die gemeenskap voorsien. In hul sesjarige omswerwing het die Trekkers by twee geleenthede-Rietfontein en Rustplaats - werklike dorpie tot stand gebring en bewoon. Aan ervaring in dorpsbestuur het dit by hulle dus nie ontbreek nie. Die Portugese overheid het dit ook so ingesien, daarom is die Boere toegelaat om hul eie bestuursinstellings te behou of daar te stel.

Besonderhede in verband met sodanige bestuursliggame het in die notules van hul komiteevergaderings bewaar gebly. Vir die aanlê van Humpata-dorp

was530/-

2) A.C.C 225, K.A., AG. 509, AG.491

3) Van der Smit, G.: Herinneringe van mev. G. v.d. Smit.

4) Kalahari Mac: Op Vlug deur Donker Afrika, p.141

5) Veth, dr. P.J. en Snelleman: Daniël Veth's Reizen in Angola, p.231

Kalahari Mac: op.cit., p.141

was die vernaamste bestuursliggaam wat tot stand gekom het 'n Bestuurskomitee. Hierdie Komitee het op sy beurt kommissies of onder-komitees aangewys om sy taak te vergemaklik.

Op 13 Januarie 1881, die dag waarop die werk aan die waterwerke te Humpate 'n aanvang geneem het, het die Bestuurskomitee die openbare volksvergadering gebruik om sekere bestuursreëlings te tref. Op voorstel van kommandant Botha is 'n adjudant aangewys „om de Tent van Samenkomst te bewaken, voornamelijk wanneer er zaken bewerk of besproken worden die niet aan't publiek thuis behoord”.⁶ Die provisie-veldkornet, Izak Grobler, is in hierdie amp verkies.⁷ Die bestuurs-komitee het ook aan die vergadering 'n kort lys van drie name voorgelê waaruit 'n tweeman-waterinspektoraat aangewys moes word. Die name op die lys was die van D. Prinsloo, R. Holsthuizen en P. Botha, Botha en Prinsloo is vervolgens aangewys.⁸

Op 28 Januarie 1881 het die bestuurskomitee weer vergader. By hierdie geleentheid was kommandant J.F. Botha, veldkornet G. van der Merwe, P. Botha, D. Prinsloo, G. Alberts, P.J. van der Merwe en I. Grobler, plaasvervanger vir L.L. du Plessis, teenwoordig. Die vernaamste saak op die agenda was die behandeling van 'n verslag deur P.J. van der Merwe en J. Steenckamp oor 'n voorgestelde pad na Biballo en Collins. Die Komitee het besluit dat vrywilligers gevra sou word om 'n wapid oor die berg Sierra de Chella te maak. P.J. van der Merwe het in sy ondersoek oor die bou van 'n pad na Collins bevind dat dit nie nodig was om 'n pad te maak nie, maar slegs om 'n aantal bome uit te kap. Die afstand na Collins was ses dagreise per ossewa. Daar was nie baie water op die roete self nie, maar dit was bereikbaar. Die verste afstand wat sonder water gereis moes word, was één dagreis, weiding was egter betreklik skaars. Die Komitee het ten slotte

besluit 531/-

6) D.T.D. A 779 S.A. deel I, Notule van byeenkoms gehou op 13.1.1881

7) Ibid.

8) Ibid. Notule van Bestuurskomitee-vergadering gehou op 28.1.1881

besluit om goewerneur Saldanha te verwittig dat hulle bereid is om in Junie vier waens na Collins te stuur om na Benguella transport te ry.⁹ Die maak van hierdie paaie staan dus in verband met die Boere se transportryery.

By die volgende bestuursvergadering wat op 30 Junie gehou is, het P. Botha as voorsitter opgetree en dit is verder bygewoon deur kommandant J.F. Botha, veldkornet G.J. van der Merwe, P.J. van der Merwe, G. Alberts, L. du Plessis en D. Prinsloo. By hierdie geleentheid is besluit om 'n voorgestelde nuwe regulasie van die wyksmeester, luitenant A. de Paiva eers vir publieke goedkeuring aan 'n gemeenskapvergadering voor te lê. Dit blyk ook dat die Komitee tenders ingewin het vir die oprigting van huise op Humpata. Die tender is aan P.J. van der Merwe toegestaan en 'n boukommissie bestaande uit D. Prinsloo en P. Botha is aangewys om die huise in ontvangs te neem.¹⁰ Die presiese aard van die Humpata-dorpsaanleg is reeds voorheen uitvoerig bespreek.

Op 'n Komiteevergadering gehou op 1 November 1882 is 'n brief van G.L.J. van der Merwe behandel waarin hy as veldkornet, sogenaamd vanweë onbekwaamheid, bedank. Van der Merwe het sedert die Trek by die Kunene aangekom het, as veldkornet diens gedoen.¹¹

Na hierdie vergadering in November 1882 is die plaaslike bestuur tot 'n groot mate onder wyksmeester De Paiva voortgesit. Hy het vroeg in 1883 'n nagklokkeëling in Humpata ingestel. Hiervolgens sou daar saans om negeuur 'n beuel blaas en enige persoon wat na hierdie uur sonder geldige rede in die strate rondloop, sou met 1000 (40 sent) tot 2 000 reis (80 sent) beboet word. Indien die oortreder nie in staat was om die boete te betaal nie, kon hy sy straf uitdien deur teen 100 reis (4 sent) per dag vir die dorpsbestuur of staatsowerheid te werk. Die onderhawige proklamasie het ook bepaal dat enige persoon wat in die distrik woonagtig was en wat sy werkgewer sonder rede verlaat en werkloos rond dwaal aan die owerheid

in 532/-

9) D.T.D. A779 S.A. Deel I, Notule van Bestuurskomitee-vergadering gehou op 28.1.1881

10) Ibid., Ibid., dd.30.6.1881

11) Ibid., Notule van Bestuurskomiteevergadering, dd. 1.11.1882

in Mossamedes vir vervolging uitgelewer sou word. Hierdie proklamasie, onderhewig aan die goedkeuring van die owerheid van Mossamedes, sou vanaf 15 Januarie 1883 . van krag wees.¹²

Die Boere-gemeenskap op Humpata en ook ander gemeenskappies wat later elders ontstaan het, was prakties onafhanklike staatjies, maar hoe langer die Boere in Angola gewoon het, hoe meer is hul afsondering versteur, totdat hulle op die ou end geen selfbestuur meer oorgehou het nie. Hulle kon hul onafhanklikheid slegs behou solank daar min blanke Portugese in die land was.¹³

Klaredrag

Die reisiger Veth was van mening dat dit 'n dwaling sou wees om te aanvaar dat die Boere vanweë hul ontsettende lyding erg veragterlik het. In hierdie verband het hy die Britse edelman, lord Mayo, aangehaal wat na 'n besoek aan die Boere verklaar het: "Taking them all round, a finer set of men I had rarely seen; without doubt, during that terrible seven years journey, it was a case of the survival of the fittest."¹⁴ Met hierdie siening het Veth hartlik saamgestem. Hulle het nog geheel en al beantwoord aan die bekende eienskappe van die Transvaalse Boere: Die mans met hul breërandhoede, meestal met vere versier, hul vorse gelaatstrekke en volbaarde het die indruk van krag en vasberadenheid geskep.

Die manskler was hoofsaaklik van 'n swaar tipe donkerkleurige ferweel gemaak, soos wat die Boere oor die algemeen in Transvaal gedra het,¹⁵ hoewel hulle dikwels gewone werksklere gedra het.¹⁶ Die vrouens weer het die voorouerlike gewoonte behou om baie rokke oor mekaar aan te trek en het op die

oog533/-

12) D.T.D. A779, S.A., Deel I, Afskrif van Regulasies, dd. Humpata Distrikskantoor 8.1.1883

13) Alberts, A.: Herinneringe van Andries Alberts, p.11

14) Ibid., pp.303-4; Green, Lawrence: Lords of the Last Frontier, p.169
Mayo, Earl of: A Journey from Mossamedes to the River Cunene S.W.Africa
(R. Geo. Prac. 1883) p.462

15) Veth, dr. P.J. en Snelleman: Daniël Veth's Reizen in Angola, p.304;
Van den Berg, G.W.: Herinneringe van George Willem van den Berg.

16) Van den Berg, G.W.: op.cit.

oog af vir Veth baie soos Gelderse boerinne gelyk. Die rokke was meestal van perskleurige katoenmateriaal gemaak wat by getroude vroue tot byna op die grond gereik het en by dogters net tot bokant die knieë. Hierby is wit, gewoonlik geplooid, kappies gedra.¹⁷ Anderskleurige, selfs swart kappies, was egter geen uitsondering nie.¹⁸ Die kappies het aan die voorkoms van die draagsters geen afbreuk gedoen nie, veral nie as hulle hul gewoonlik op Sondag met vars blomme versier het nie.¹⁹

Velskoene is deurgaans deur die Boere self gemaak. Volgens Veth het die gehalte daarvan weens 'n gebrekkige looi-proses, egter veel te wense oorge-laai. Tuisgemaakte velskoene het selde langer as drie maande gehou.²⁰ Sommige mans, soos Willem Prinsloo, was goeie leersmakers.²¹

Die Angola-Boere het glad nie hul baarde geskeer nie. Selfs die jong seuns moes hul melkbaardjies laat groei. In 1914 het oubaas Stoffel van Vuuren vir die skrywer, Kalahari Mac, ernstig berispe omdat hy sy baard af-geskeer het en gesê: „Dit is 'n baie ernstige sonde om die baard wat God jou gegee het af te skeer. Dit leer die Bybel ons tog.“²²

Jong meisies het hul mooi lang hare netjies op die kop opgemaak. Sodra hulle egter getroud was, moes hulle die hare in 'n bollatjie agter die kop draai. Die rokke moes dan ook dadelik heeltemal lank gedra word.

So 'n jong meisie of man mag na hul troue nie meer met ander jongmense as-sosieer nie. Kalahari Mac het opgemerk dat jongmense van agtien en twintig jaar die dag na hul troue tussen die oumense heen oor mekaar sit en pyp rook. Sy trouery het mos van hom 'n volwaardige ouman gemaak, al het sy pluiskaard-jie nie daardie indruk geskep nie. So het ook die kinderlike jong vroukjies,

met534/-

17) Van den Berg, G.W.: Herinneringe van George Willem van den Berg; Veth, dr. P.J. en Snelleman: Daniël Veth's Reizen in Angola, p.304.

18) Ibid., Ibid.

19) Veth, dr. P.J. en Snelleman: op.cit., p.304

20) Ibid.

21) Van der Smit, G.: Herinneringe van mev. G. v.d. Smit.

22) Kalahari Mac: Op Vlug deur Donker Afrika, p.136

met die haartjies nou in bollatjies agter die kop gedraai en 'n sleeprok aan tussen die ou tannies gesit en naaldwerk doen of hekel.²³

'n Pragtige reeks fotos van Angola-Boere het, te danke aan P. van der Smit se fotografeuse bedrywighede vir ons bewaar gebly.²⁴ Merendeels is die fotos ongeïdentifiseerd. 'n Foto van kommandant Botha toon hom as 'n forse figuur met 'n swierige wit baard en effense pankop.²⁵ Op 30 Desember 1912 het Van der Smit ongeveer sestig Afrikaners op Que in Angola gefotografeer. Die foto's is hoofsaaklik van mans. Daar is van vroue slegs sewe fotos. Almal was netjies geklee. Die volwasse mans het almal hoede en dasse of strikdasse gedra. Die meerderheid het onderbaadjies aangehad en was hebaard. Almal, selfs die klein seuntjies, het velskoene aangehad.²⁶

Onderwys

Tydens sy verblyf in Angola het die Nederlandse reisiger, Daniël Veth geskryf: „Ook het onderwys, staat ten nouwste met de Kerk in verband”.²⁷ Dieselfde lokaal waarheen die gemeente op Sondag met hul Bybels en veldstoeltjies gegaan het om te luister na die lees van die Tien Gebooie, Skrifgedeeltes en preke en om psalms te sing, was op weksdae die plek waar die jeug die beginsels van die kerkleer ingeskerp is. Die skoolmeester is deur die kerkraad aangestel en besoldig. Die Bybel was hul vernaamste leerboek.²⁸

Hulle onderwys was dan ook streng godsdienstig gerig en het as hoof oogmerk gehad die suksesvolle aflegging van die Openbare Belydenis. Die doel was dus nie akademiese prestasie nie, maar onderleg in hul geloof. Hiervoor was 'n elementêre kennis van lees en skryf voldoende. Eers teen die einde

van535/-

23) Kalahari, Mac: Op Vlug deur Donker Afrika, p.136

24) A.C.C., K.A., A.G. 497

25) A.C.C., K.A., A.G. 498

26) Ibid., A.G. 497

27) Veth, dr. P.J. en Snelleman: Daniël Veth's Reizen in Angola, p.298

28) Ibid.

van hul vreemdelingskap in Angola het die Boere die onderwys ook begin sien as 'n middel tot maatskaplike en ekonomiese opheffing. Die onderwys het egter steeds aan die kerk en die geloof verbonde gebly. So nougeset was die Angola-Afrikaners se benadering hieromtrent dat Gereformeerde en Nederduits-Hervormde skole slegs deur lede van die bepaalde geloofsgroep besoek is. Eers veel later sou in hierdie streng afskeiding enigsins 'n verslapping intree. Die vernaamste rede hiervoor was die bedreiging van die onderrig in hul gemeenskaplike taal, waarvoor hulle te staan gekom het.

Die ou Dorslandtrekker, Andries Alberts, was die eerste skoolmeester op Humpata en het reeds in 1881 met die eerste skooltjie begin. Tot en met 1928, toe die Boere Angola verlaat het, het talle Boere-skooltjies ontstaan. Die ouers moes elkeen 'n bydrae lewer om die onderwyser te besoldig en moes self die nodige boeke aankoop en 'n skoolbankie verskaf. Die meeste onderwysers was nie gekwalifiseerd nie. Dit het egter nie veel saak gemaak nie. Die leerplanne van die skooltjies het slegs 'n elementêre kennis van lees, skryf, reken en sing ingesluit. Dit was genoeg om lidmaat van die kerk te word.²⁹ Party van hierdie Boere-skooltjies het 'n jaar of twee, party slegs 'n maand of twee, bestaan. Tussen die sluiting van die een en die stigting van die volgende een, het baie waardevolle tyd verlore gegaan. Elke nuwe skooltjie het gewoonlik met 'n nuwe onderwyser, met nuwe skoliere op 'n nuwe plek begin. Soms het dieselfde onderwyser 'n nuwe skool op 'n nuwe plek met nuwe skoliere begin. Die ou skoliere was dan reeds aangeneem deur predikante wat Angola uit die Unie van Suid-Afrika besoek het. Die voertaal was Hoog-Hollands, soos Nederlands destyds genoem is. Die vernaamste boeke was die Bybel, die Psalm-Gesangeboek, die Kortbegrip en enige Nederlandse leesboekies wat die ouers in die hande kon kry.³⁰

Ds. J.L. Cachet536

29) Alberts, A.: Herinneringe, p.3; Kalahari Mac: Op Vlug deur Donker Afrika, p.140

30) Ibid.

Ds. J.L. Cachet, die latere Gereformeerde professor, het tydens sy besoek in 1882 besondere aandag aan onderwyssake gegee. Eerw. Du Parquet, Hoof van die Katolieke Missie, was van voornemens om in medewerking met die Portugese owerheid 'n skool vir die Boere-kindere op te rig, waar hulle gratis sou kon skoolgaan. Ds. Cachet het hulle egter gewaarsku om liever hulle eie skool op te rig, „alzo het nationaal karakter en den Godsdienst der vaderen naar Gods Woord beter te kunnen bewaren”.³¹

Ds. D. Postma het kort na sy aankoms in 1889 in Angola aan die Kerkraad die aanbod gemaak dat hy vir vier en 'n halfuur per dag die Boerekindere sal onderrig in spel, lees, skryf, reken, Bybelse geskiedenis, iets van die geskiedenis van Suid-Afrika en die beginsels van Aardrykskunde. Hy het die voorwaarde gestel dat die Kerkraad self moet sorg vir die aanstelling van 'n skoolkomitee en die kerkgebou as skool beskikbaar moes stel. Die aanbod is deur die Kerkraad met groot dankbaarheid aanvaar en die goeie nuus het spoedig in die gemeente versprei. Ouers het dadelik hul kindere op 'n skoollys laat plaas, en op 'n gemeentevergadering is besluit dat die skool amptelik op 13 Januarie 1890 geopen sou word. Op daardie dag is die skool dan ook met ses-en-veertig kindere geopen en hierdie getal het spoedig tot sewe-en-estig aangegroei. Vanweë 'n maselepidemie is sommige kindere uit die skool gehou, maar andersins was die skoolbesoek uitstekend. Ds. Postma se taak is heelwat vergemaklik deurdat hy van die ouer kindere wat al 'n bietjie skoolopleiding gehad het, kon inspan om met die beginners te help.³²

Om die kindere aan te moedig het hy hulle belowe dat hy al om die vier maande 'n eerste en tweede prys vir die kindere wat die beste in hul bepaalde klas vorder sou toeken. Op 6 Junie 1890 het ds. Postma 'n klein openbare eksamen vir die kindere gehou. Om nege-uur die oggend was al die kindere en ook baie belangstellende ouers in die kerk byeen. Die byeenkoms is deur die

leraar537/-

31) Acta van die Sinode van 1882, Bylae B, p.94

32) De Maandbode 1.6.1890

leraar met skriflesing en gebed en die sing van 'n psalmvers geopen. Hierna is die klasse van die eerste tot die sesde na vore geroep. Die eksamen het bestaan uit 'n voorlesing en die beantwoording van 'n reeks vrae. Sommige kinders was taanlik „onvrijmoedig" maar tog het die byeenkoms aan almal genceë verskaf. By die geleentheid is selfs 'n aantal gediggies voorgedra. Onder andere het Louw du Plessis „Kreupel wil altijd voordansen" en P.L. Labuschagne „De leeuw en de muis" voorgedra. Ds. Postma kon met trots vermeld: „De eerste klas was reeds een mooi gedeelte der Bijbelsche geschiedenis doorgelopen, ook „De eerste gronden der Hollandische taal" (Hogart) een maal doorgewerkt, iets van de geschiedenis van Z. Afrika, en was in de rekenkunde reeds bezig met samengestelde optelsommen".³³

Uit 'n verslag wat hy later aan die Sinode voorgelê het, blyk dat ds. Postma die skool op 6 Junie 1890 tydelik gesluit het, aangesien hy van voornemens was om in Julie 'n reis na Benguella te onderneem. Hy moes egter die reis uitstel weens 'n ernstige epidemie van gekkoors in die Benguella-omgewing.³⁴

In 1893 het daar met mnr. J.A. Looyen, 'n opgeleide Hollander, as onderwyser weer 'n skool met agt-en-veertig kinders in Humpata bestaan.³⁵ Onderrig is hoofsaaklik in godsdiensonderwys gegee, maar aan elementêre skoolwerk is ook aandag gegee.³⁶

In 1896 is berig dat daar twee skole wat gesamentlik sestig leerlinge sou kon akkommodeer, opgerig sou word en dat Gereformeerde onderwysers vir die doel bekom is.³⁷

Die Boere het dus reeds in Angola skole tot stand gebring nog lank voordat die Portugese owerheid iets vir die onderwys van die kinders van die land

gedoen538/-

33) Acta van die Sinode van 1891, Bylae C(b) p.49

34) Acta van die Sinode van 1891, Bylae C(b) p.49

35) De Maandbode 1.5.1893

36) Ibid.

37) Gereformeerde Almanak van 1897, p.53.

gedoen het. Die eerste Portugese skooltjie is in 1899 in Humpata met senhora Crilo as onderwyseres opgerig.³⁸ Daarin het sy ook onderrig in Portuges aan 'n aantal Afrikanerkinders gegee. Matertyd is Portugese skole ook op Lubango en Chibia opgerig.³⁹

Eers vanaf 1901 het beter toegeruste Boere-onderwysers begin opdaag.⁴⁰ Omdat Nederlands die voertaal was, was rasegte Nederlanders gewoonlik die beste onderwysers. Nederlanders wat hulle op die onderrig van Boere-kinders toegelê het, was Jan Looyen, Pieter van der Smit, Jan Lion Cachet (F. seun), Herman Smit en Cornelis van der Houwen.⁴¹ Aan Afrikaanse kant was daar, benewens Dirk Postma, Andries Alberts, Willem Opperman, Gert Groesbeeck, Sarel du Plessis, Paul S. van der Walt, Andries Kok, Sarel van Dyk, Thomas Potgieter, Hennie Venter,⁴² Piet Potgieter, J.H. Wilhelm, Christiaan Diedericks,⁴³ Dan Snyman, Koos Grobbelaar en die onderwysers Maria Benade en Helena van der Merwe.⁴⁴

Pieter van der Smit het op 6 Julie 1901 uit Nederland in Benguella aangekom. Hiervandaan is hy saam met oom Barend Alberts se transportwa na Humpata. Op 12 November het hy sy eerste skool geopen op Palanca. Hy het later op verskeie ander plekke skoolgehou en in Mei 1903 was hy op 'n plaas naby Que skoolmeester. Destyds was hier tussen dertig en veertig Boere-gesinne woonagtig.⁴⁵

Op 25 Julie 1903 is op 'n kerkraadsvergadering te Humpata besluit dat „den Heer P. van der Smit door de Kerkraad aangestel is tot schoolmeester eerst voor den tyd van 6 maanden.”⁴⁶

Mnr. Jan Lion Cachet het in 1902 aan prof. J.L. Cachet geskrywe dat hy van voornemens was om 'n klompie boeke vir die skool op Humpata uit Nederland te bestel. Die kinders het in hierdie stadium uit boekies oor Copernicus en die plantestelsel, Arta-Xerces en Alexander die Grote gespeel.⁴⁷

Die 539/-

38) Van der Merwe, P.J.: Ons Halfee in Angola, p. 10

39) Ibid.

40) Ibid.

41) Ibid., Gereformeerde Almanak 1894; p.47

42) Van der Merwe, P.J.: op.cit., pp. 10 - 11

43) Venterstukke, E. Meyer - ds. Venter, dd. Nomba 16.4.1927

44) Van den Berg, George Willem: Herinneringe.

45) Van der Smit, G.: Herinneringe.

46) Notule van Kerkraadsvergadering van 25 Julie 1903, art. 2d

47) Cachet Versameling, Mnr. J.L. Cachet - prof. Cachet, dd. Humpata, 19.6.1902

Die bekende mnr. Herman Smit is in 1904 deur die bekende jagter J.H. Robertse uit Transvaal saamgebring en hy het baie jare lank op Humpata skoolgehou.⁴⁸ Vanaf sy aankoms het hy in godsdienst - en onderwyskringe 'n invloedryke rol gespeel. Op 'n gemeentevergadering op 27 Mei 1905 is aangekondig dat Smit as hoofonderwyser aangestel is en dat sy skool op Humpata op 1 Junie van daardie jaar sou open.⁴⁹ Nieteenstaande sy begaafdheid as onderwyser is sy skool, soos uit die notule van 'n kerkraadsvergadering van 7 Maart 1908 blyk, soms maar swak bygewoon.⁵⁰ Op 'n gemeentevergadering van 4 April 1908 het aan die lig gekom dat uit 'n totaal van honderd-en-veertig skoolpligtige kinders, slegs tagtig op skool was.⁵¹ In 1914 het die skrywer Kalahari Mac nogtans opgemerk dat daar geen hooggeleerde individue onder die Angola-Afrikaners was nie, maar dat geen kind ongeletterd opgegroeï het nie. Almal kon lees en skryf en was in staat om die Bybel te lees en hul eie briewe te skryf.⁵²

Teen 1920 het die besef begin posvat dat die Boere-kindere Portugees moes leer. Die ouer Boere kon almal 'n ongrammatikale Portugees praat, maar kon dit nie lees of skryf nie. Hierdie tekortkoming het baie verleentheid veroorsaak by die ondertekening van dokumente en die formaliteite wat daarmee gepaard gegaan het. Om 'n alledaagse dokument soos 'n geweerlisensie te bekom, was 'n rits formele aansoeke in tegniese taal nodig en al hierdie lisensies moes jaarliks hernu word. Om aan hierdie formaliteite te voldoen moes die Boere van 'n hulp-agent gebruik maak. Vir die Boere wat aan die

maklike540/-

48) Van der Merwe, P.J.: Ons Halfee in Angola, p.12

49) Notule van Kerkraadsvergadering van 27 Julie 1905

50) Ibid., 7 Maart 1908, art 11.

51) Notule van Gemeentevergadering van 4 April 1908, art. 5

52) Kalahari Mac: Op Vlug deur Donker Arika, p. 140

Vir die Boere wat aan die maklike stelsel in Suid-Afrika gewoond was, was hierdie prosedure te tydrowend en ingewikkeld, en die gebruik van 'n vreemde taal daarbenewens hoog ongemaklik. As gevolg hiervan het 'n klompie Boere die gebrek aan 'n beter kennis van Portugees aangevoel en die owerheid genader om 'n regeringskool op Palanca te open.⁵³ Hierdie skool is deur sowat tien Boere-kindere besoek wat onder leiding van senhor Teixeira die st. V-eksamen in Portugees afgelê het. Teen die einde van die Boere se verblyf in Angola moes hierdie skool weens die gebrek aan ondersteuning sluit. Soos reeds gesê, het die Boere toe begin om Humpata te verlaat en om na die Sandveld te trek om daar waar die malaria nie so straf as in die noordelike en sentrale dele was nie met bees te boer. Onderwysers van Portugese skooltjies was gewoonlik politieke of militêre bannelinge.⁵⁴

Ds. D. Postma het in 1922 die Gereformeerde gemeentes in Angola besoek en mnr. Hennie Venter as onderwyser saamgebring. Tot daardie jaar was die stigting van Afrikaanse skole vry van enige regeringsinmenging. Selfs die leerplanne van hierdie privaatskole was geheel en al in Boere-hande. By gebrek aan geskikte skoolakkomodasie, is die Gereformeerde kerkgebou op Humpata deur al die jare heen as skool gebruik. In sommige gevalle is skole egter in private wonings gehuisves. Tot 1922 is Nederlandse taalboekies in die Boere-skole gebruik, maar daarna het Afrikaanse boekies hul verskyning gemaak en het dadelik inslag gevind.⁵⁵

Ds. D.G. Venter het op 16 Augustus 1926 'n persoonlike onderhoud met mnr. H.J. Venter, onderwyser te Humpata gevoer. Venter het vertel dat hy die skool te Humpata in April 1922 geopen het, terwyl ds. Postma daar was.

Die541/-

53) Alberts, A.: Herinneringe, p.3

54) Ibid., p.6

55) Van der Merwe, P.J.: Ons Halfee in Angola, p.12

Die Portugese gesindheid was so goed dat senhor Freitas, Chefe van Humpata, die verrigtinge persoonlik bygewoon het. Die verrigtinge het in die Gereformeerde kerkgebou plaasgevind en het sy volle goedkeuring weggedra. Die onderwysvakke was moedertaalonderwys in lees, skryf en grammatika. Venter het ook 'n ruk lank Engels deur medium Afrikaans aan die kinders onderrig. Die leerplan het ook ingesluit Bybelgeskiedenis, geloofs- en sedeleer, kerkgeskiedenis, rekenkunde en aardrykskunde.⁵⁶ Ds. Postma het tydens sy besoek sy uiterste bes gedoen om die samewerking van die Hervormde Kerk te kry, maar kon nie daarin slaag nie. Venter se skool het begin met drie-en-sestig leerlinge, maar dit het later tot negentig aangegroei. Daarna het die getalle geleidelik tot vyftien leerlinge afgeneem sodat die skool in 1924 na Makuma verplaas moes word. As redes vir die vermindering in leerlinggetalle het Venter aangegee: (a) baie mense het na die Sandveld, Que en ander plekke verhuis; (b) verminderde belangstelling, en (c) persoonlike geskille tussen die onderwyser en ouers. Hierdie geskille het gewoonlik ontstaan uit versoeke van ouers om kinders uit die skool te hou om hulle met die vee te help of om voëls in die graanlande te jaag.⁵⁷

Venter het met die goedkeuring van die hele gemeenskap ses maande lank in Makuma skoolgehou. Die skoolkommissie het egter hul plig teenoor hom skromelik verwaarloos. Sy salaris is ongereeld betaal en was te min om van te leef. Sy voedseltoelaag was onvoldoende en die huis waarin hy moes woon, was bouvallig. Om enigsins 'n bestaan te kon maak, het hy veertien maande lank vir die firma De Klerk as boekhouer gewerk en deeltjyds skool gehou.⁵⁸ Later het hy vir die Hervormde Kerk se kinders op die plaas van mnr. P.J. van der Merwe skoolgehou.⁵⁹

In Venter se afwesigheid is daar weer klein Boere-skooltjies op Humpata gestig om die kinders vir die Openbare Belydenis voor te berei. Origens moes die kinders sonder skoolopleiding klaarkom. Enkele Boere het selfs hul kinders in 'n suiwer Portugese skool gesit.⁶⁰

Tydens542/-

56) Venter, ds. D.G.: Dagboek dd. 16 Augustus 1926

57) Ibid.

58) Ibid.

59) Van der Merwe, P.J.: Ons Halfeeu in Angola, p.15

60) Venter, ds. D.G.: op.cit., dd. 16 Augustus 1926

Tydens ds. S.J. Strydom se besoek aan Humpata vanaf April tot Julie 1923 is pogings aangewend om 'n Ned. Hervormde skool op te rig. Die boukommissie kon egter nie tot 'n vergelyk oor die vraag of daar 'n ekstra klaskamer om Portugees te onderrig kom nie en het die aangeleentheid na die Kerkraad terug verwys. Daarna is 'n afvaardiging na die Portugese Hoë Kommissaris gestuur om hom oor regeringshulp te pols.⁶¹ Die Hoë Kommissaris het toe beslis dat die owerheid self 'n skool vir die Boere-kindere sou bou. Met hierdie besluit is 'n onverkwiklike skoolstryd ontketen en vandaar dagteken die aanvang van Portugese inmenging in Afrikaner-skoolsake.⁶² Enkele Boereleiers soos mnr. P.J. van der Merwe, het dadelik besef dat hierdie stap van die owerheid vir die Afrikaners gevaar innou, terwyl ds. Strydom hom tevergeefs beywer het om 'n waaksaamheidskomitee vir Afrikaans in die lewe te roep.⁶³

By die Geloftefeesvieringe te Chima in 1925 is 'n vergadering byengeroep om dringende aandag aan onderwyssake te gee. Daar is toe besluit om 'n gesamentlike skool vir beide die Gereformeerde en Hervormde gemeente op Humpata op te rig.⁶⁴ Daar is gehoop dat so 'n groot skool sou bly voortbestaan en nie soos die kleiner skooltjies voortdurend leegloop nie. By die geleentheid is 'n negemankommissie saamgestel om aan hierdie plan uitvoerig te gee. Hierdie kommissie het die goewerneur van Lubango oor die oprigting van sodanige skool gaan spreek.⁶⁵ Hy het hulle toe meegedeel dat openbare skole vir vreemde tale nie opgerig mag word nie. en dat net Portugees geleer moet word. Die kommissie het daarop verlot gevra om 'n geloofskool te mag oprig. Hierdie verlot is toegestaan op voorwaarde dat net onderrig in die Bybel en Kategismus gegee mag word.⁶⁶

Mmr. 543/-

61) Van der Merwe, P.J.: Ons Halfeeu in Angola, p. 12-13

62) Ibid., p.14

63) Ibid., pp. 14-15

64) Venter, ds. D.G.: Dagboek, dd. 16 Augustus 1926.

65) Ibid., Van der Merwe, P.J.: op.cit., p.16.

66) Ibid.

Mnr. Hennie Venter het toe 'n skoolkommissievergadering byeengeroep en aanbeveel dat hulle die saak nie moet laat doodloop nie, maar met die Bybel aan die gang moet sit. Hy was selfs bereid om sonder betaling skool te hou, indien die gemeenskap nie in staat was om hom te betaal nie. Die kommissie het dankbaar van die aanbod gebruik gemaak en hom vierhonderd escudos per maand aangebied.⁶⁷ Die skool het op 15 Februarie 1926 in die private woonhuis van mev. Martha du Preez, wat vir die doel herstel is, tot stand gekom. Die belangstelling was pragtig en 31 kinders is ingeskryf. Op 22 Februarie het Venter met die skoolwerk begin. Op dieselfde dag is die skool in opdrag van die goewerneur gesluit,⁶⁸ hoewel daar presies volgens sy voorskrifte gehandel is. Die amptenaar wat die regeringsopdrag voorgelees het, het gesê dat dit 'n publieke skool in 'n vreemde taal is en daarom is dit onwettig. Tydens die geregtelike sluiting was 'n lid van die skoolkommissie en enkele volwasse lede van die Boere-gemeenskap teenwoordig. Die regeringsamptenaar het vir Venter gewaarsku dat indien hy weer sou skoolhou hy geregtelik vervolg sou word.⁶⁹ Die verslaentheid en teleurstelling van die Boere-gemeenskap was so groot dat moeders in tranes uitgebars het.⁷⁰

Die skoolkommissie, vergesê van 'n gekose Boere-kommissie het kort daarna weer met die goewerneur 'n onderhoud gevoer. Afgesien van die reeds genoemde redes het hy verder aangevoer dat hy ook opgetree het as gevolg van klagtes wat hy ontvang het. Venter was van mening dat individue uit Afrikaner geledere vir hierdie kwaadstokery verantwoordelik gehou moet word, maar wie

dit544/-

67) Venter, ds. D.G.: Dagboek, dd. 16 Augustus 1926.

68) Ibid., Van der Merwe, P.J.: Ons Halfee in Angola, p.16.

69) Ibid., Ibid.

70) Venter, ds. D.G.: op.cit., dd. 16 Augustus 1926

dit was kon of wou hy nie sê nie.⁷¹

Die Boere-afvaardiging het van die Goewerneur verlof ontvang om 'n geloofskool te open, maar dan moes dit tussen die vier mure van hul kerkgebou gehuisves word.⁷² Alle skriftelike en taalonderwys is verbied en slegs Godsdiensonderwys mag gegee word.

Venter wat intussen sy salaris ontvang het, het op 8 Maart die Boereskool in die Gereformeerde kerkgebou heropen.⁷³ Die skool is ook deur kinders van die Hervormde Kerk bygewoon.⁷⁴ Die onderwyser het dit moeilik gevind om die kinders direk uit die Bybel te leer en het maklike leesboekies vir die beginners aangeskaf. Hieronder was Praat en Lees van Klopper en Afrikaanse Taalboek van Hoogenhout.

Nausdraers het ook hierdie besonderhede aan die goewerneur oorgedra. Op 'n Vrydagmôre teen die middel van Mei terwyl Venter besig was met 'n Bybelles vir die Belydenisklas het chefe Morais en twee regeringsamptenare sonder waarskuwing die lokaal binnegestap. Hy was oortuig dat hulle die skool bekruip het. Die chefe het Venter daarvan beskuldig dat hy hom belet het om onderwys te gee en dat Venter hom nie daaraan gesteure het nie. Venter is dus weer eens belet om onderwys te gee en indien hy nie daaraan gehoor gee nie, sou hy met die gereg bots.⁷⁵ As getuies dat Venter weier om hom aan die landswette te onderwerp, is al die name van die kinders opgeskryf. Die chefe het ook sommige van die taalboekies as bewysstukke teen Venter saamgeneem.⁷⁶

Venter 545/-

71) Venter, ds. D.G.: Dagboek, dd. 16 Augustus 1926

72) Ibid., Van der Merwe, P.J.: Ons Halfecy in Angola, p.16

73) Venter, ds. D.G.: op.cit., dd. 16 Augustus 1926

74) Van der Merwe, P.J.: op.cit., p.17

75) Ibid., p. 17; Venter, ds. D.G.: op.cit., dd. 16 Augustus 1926

76) Venter, ds. D.G.: op.cit., dd. 16 Augustus 1926

Venter se verduideliking waarom hy die taalboekies gebruik, is nie aanvaar nie. Sy versoek dat hy toegelaat moet word om die skoolkommissie te ontbied, is ewe-eens afgewys. Die skool is gesluit totdat verdere opdragte van die goewerneur ontvang is. Die goewerneur was, soos 'n vooraanstaande Portugese advokaat aan Venter verduidelik het, so kwaad toe hy die taalboekies sien, dat dit min geskeel het of Venter is uit die land verban.⁷⁷

Die Boere het intussen verneem dat 'n konsul van die Unie in Angola aangesel sou word en dat hulle herderlike besoek sou ontvang. Daarom het hulle maar by die onvermydelike berus en teen Augustus 1926, toe ds. D.G. Venter hul besoek het, was die skool nog steeds gesluit.⁷⁸ Dieselfde jaar is die skool van mnr. Paul van der Walt in die Sandveld ook deur die owerheid gesluit.

Mnr. Hans Opperman 'n lid van die skoolkomitee het dadelike optrede geëis. L.M. du Flessis het egter die gemoedere gekalmeer en gesê dat daar eers gewag moes word: „die Portugese moet nou van die agterkant af skrik”.⁷⁹ Hierdie profetiese woorde, sê P.J. van der Merwe, is bewaarheid toe die Unieregering in Maart 1928 aan die Portugese regering 'n kabelgram gestuur het dat hy die Boere nie moet hinder as hulle wil trek nie.⁸⁰

P.J. van der Merwe sê dit is onverstaanbaar waarom die Portugese owerheid na soveel jare skielik besluit het om die Boereskole te sluit, aangesien hulle nie met Portugese skole meegeding het nie. Portugese skole wat opgerig is, is oor die algemeen slegs deur Boerekinders bygewoon. Alleenlik wanneer hierdie skole weens gebrek aan ondersteuning gesluit is, het nuwe Boereskooltjies weer ontstaan. Die Boere kon nie toelaat dat hul kinders geheel en al ongeletterd bly nie en was selfs ten gunste daarvan dat die kinders

Portugees546/-

77) Venter, ds. D.G.: Dagboek, dd. 16 Augustus 1926

78) Ibid.

79) Van der Merwe, P.J.: Ons Halfee in Angola, p. 18

80) Ibid.

Portugees moes leer, want Portugees was die amptelike taal van die land. Die Boereskole het bowendien die Portugese owerheid nie 'n sent gekos nie, omdat hulle deur die Boere self onderhou is.⁸¹

Die Boere in Noord-Angola is deur die owerheid as vreemdelinge beskou en was nie aan sekere verpligtinge onderhewig nie. Daar is egter besef dat hulle ook vroeër of later met dieselfde probleme as hul volksgenote op Humpata te doen sou kry. Die onderdrukking van moedertaalonderwys is gesien as die voorloper tot algehele denasionalisering van die Angola-Afrikaners. As die taal eers verlore was, sou aanslae teen hul kerk en geloof nie uitbly nie. Die Afrikaners sou dan na verloop van enige geslagte hulle identiteit totaal verloor en verportugees.⁸²

Terwyl die Portugese regering nog opsetlik gesloer het met die erkenning van die Unie-konsul in Angola, het mnr. Ernst Meyer in Oktober 1926 tot die stigting van 'n skool in die huis van F. Robbertse oorgegaan, waar die Boerkinders Portugees kon leer.⁸³ Vyf Boereseuns het uiteindelik so ver gevorder dat hulle 'n Portugese hoërskool kon bywoon. Hulle was Flip Alberts, Peet van der Merwe, Martiens Alberts, Flip du Plessis en Andries Alberts.⁸⁴

Die gebrek aan behoorlike onderwys geriewe vir hul kinders het 'n paar voor-
aanstaande families verplig om reeds voor die algemene uittoeg, ter wille van die opvoeding van hul kinders, na Suid-Afrika terug te keer. Mnr. Alfred Meyer, broer van Ernst, was een van diegene.⁸⁵

Teen 1926 het 'n seun van oudl. L.M. du Plessis op een na die beste skoolopleiding in Angola geniet en hy sou in 1927 na Steynsburg gaan om daar as onderwyser te kwalifiseer.⁸⁶

In 547/-

81) Van der Merwe, P.J.: Ons Halfeeue in Angola, p. 18-19

82) Ibid., p.19

83) Ibid., p.193

84) Alberts, A.: Herinneringe, p.17

85) Venterstukke, Alfred Meyer - ds. Venter, dd. Vryheid, 27.6.1927.

86) Ibid., Rapport aan Provinsiale Sinode Middelburg, Kaap, dd. Steynsburg, 29.11.1926.

In 1926 het ds. B.G. Venter 'n besoek aan die Gereformeerde gemeentes in Angola gebring. Voor sy vertrek het ds. D. Postma wat in 1922 daar was, aan hom geskryf om hom te oorreed om onderwysers op Mombolo, Humpata en die Hoëveld geplaas te kry. Hy het ook berig dat genl. Hertzog R1 000 per jaar vir die onderwys van die kinders van die Angola-boere toegestaan het en hy het verwag om ook geld uit die Helpmekaarfondse van die Vrystaat en Kaapprovinsie vir dié doel te verkry.⁸⁷

Ds. Venter het hom dan ook kragtig vir die heropening van die Boere-skole beywer. Verder het 'n Boere-afvaardiging na die goewerneur in Lubango wat deur Ernst Meyer gelei is, die Portugese owerheid oortuig van die noodsaaklikheid om die skole te heropen. In April 1927 kon Ernst Meyer aan ds. Venter die verblydende nuus meedeel dat die skool op Humpata so gegroei het dat 'n tweede onderwyser nodig was.⁸⁸ Op Que het mnr. Christiaan Diedericks ook weer 'n skool geopen. Daar was sprake van 'n skool op die Hoëveld. Op Dumbi het mnr. Dan Snyman skoolgehou en op Mombolo mnr. Piet Potgieter. Laasgenoemde skool moes egter spoedig weer, weens gebrek aan ondersteuning gesluit word, maar mnr. J.H. Wilhelm het nog 'n skool op Cuimbira aan die gang gekry.⁸⁹ Daar is selfs oorweeg om aan die kinders Duits en Portugees in die skole te leer.⁹⁰ Wilhelm was dan ook een van die enigste Boere-onderwysers van Duitse afkoms en hy was tot 1892 aan die Rynsesending te Okahandja verbonde.⁹¹

By die skool op Mombolo het Piet Potgieter twee maande lank saam met die Portugese onderwyser senhor Santos vir die Boere-kinders skoolgehou. Hierna is Santos teruggeroep en het die Boereskool nog tien maande lank bestaan.⁹²

.....548/-

87) Venterstukke, ds. D. Postma (M.seun) - ds. Venter, dd. Burgersdorp, 24.6.1926.

88) Ibid., E. Meyer - ds. Venter, dd. Namba, 16.4.1927.

89) Ibid., Ibid.

90) Ibid., J.H. Wilhelm - ds. Venter, dd. Concordia, 25.1.1927.

91) Z.B. 1011 F XIII b.6, Bd. 2., p.25

92) Van der Merwe, P.J.: Ons Halfeeue in Angola, p. 10

Handhawing van hul taal

Die worstelinge gedurende die Dorslandtrek en die daaropvolgende verblyf onder 'n gesag wat nie altyd simpatiekgesind was nie, het op die stoere stryders 'n besliste stempel afgedruk.⁹³

Die ervarings en deurlewing daarvan het egter in 'n ruims mate bygedra tot die beeldrykheid en uitdrukkingsvermoë van die taal. Om maar een aspek te noem, hul taal was deurspek met beelde wat uit die ervarings uit die jagterslewe en uit die omgang met die wa en die os ontleen is. Mnr. J.J. Steenkamp het in 1929 aantekeninge gemaak oor die spreek- en skryfwyse van die taal van die Angola-Boere. Volgens hom was dit die taal van die egte man van die veld, van die vee- en graanboer, transportryer en jagter, vreemd aan dorps- of stadslewe en -invloede. Terselfdertyd straal ook uit die omgangstaal die diepe godsdienssin en oortuiging, die magtige rol van die godsdiens en die Bybel in die wording, behoud en lewenskragtige ontwikkeling daarvan.

By die eerste ontmoeting, het 'n mens al dadelik die suiwerheid van taal bemerk, hoewel dit 'n Afrikaans was wat 'n vry skerpe teenstelling gevorm het met dié taal soos dit in die Unie van Suid-Afrika gepraat is, 'n Afrikaans vry van basterwoorde en nagenoeg sonder anglisismes of ander soort -ismes. Ondanks die voortdurende kontak met vreemdelinge is dit vry van byna alle vreemde invloede. Dit is opmerklik beskrywend, fris en klaar in uitdrukking, vol eenvoud en tog omvattend en tekenend. Trouens die krag en skoonheid lê juis in die eenvoud daarvan.⁹⁴ Dat 'n byna vyftigjarige isolasie, 'n gebrek aan stelselmatige skoolonderrig en die feit dat die skamele onderrig wat wel gegee is eerder in Hollands as Afrikaans was, hom terdeë op die taal laat geld het,

is549/-

93) Du Plessis, L.M.: Herinneringe.

94) Steenkamp, J.J.: Die Angola Boere in Die Huisgenoot 11.8.1939, p.35

is vanselfsprekend, maar daar was hier eerder 'n geval van suiwere bewaring as van ontwikkelende verarming.⁹⁵ Soos die Angola-Boere hulself, ondanks die sterkste vervreemdingsinvloede, as rasegte Afrikaners gehandhaaf het, so het hulle op byna onverklaarbare wyse hul taal wat feitlik slegs van mond tot mond geleef het, klinklaar en rein bewaar. Daar is min volke of volksgroepe in die wêreld wat onder soortgelyke omstandighede in hierdie verband op groter eer en roem kon aanspraak maak.⁹⁶

Terwyl die Angola-Boere tot in die fynste besonderhede met die wa, die os en die bybehorende trekgoed bekend was, is dit opvallend hoe onkundig hulle in verband met 'n kar en perde en die bybehorende trekgoed was. Die verskillende onderdele van 'n tuig het hulle nie geken nie. 'n Draaghout het hulle 'n juk genoem; die langswingel word 'n groot juk en die kortswingeltjie 'n klein juk.⁹⁷

'n Ongetroude meisie bly 'n dogter en 'n ongetroude man 'n seun al bereik hulle die ouderdomsgrens wat vader Dawid bepaal het.⁹⁸

Die mooi, eg-Afrikaanse gebruik van oom, tante, neef en niggie het ongeskonde voortgeleef. Elkeen het sy neef of niggie as sodanig aangespreek, afgesien van die onderskeid in ouderdom. Alle jongmense het mekaar neef en niggie genoem en so was dit ook met die volwassenes. Die woordjie familie word „famielje" uitgespreek en ook wel geskryf.

Opvallend550/-

95) Steenkamp, J.J.: Die Angola Boere in Die Huisgenoot 11.8.1935, p.35

96) Ibid.

97) Ibid.

98) Ibid.

Opvallend behoudend en waarskynlik onder Nederlandse invloed, bly selfs vandag nog die gebruik van die g-klank (uitgespreek soos die Engelse g in die woorde, „go, get”) in die plek van die ě en net e in sekere meervoudsvorme van selfstandige naamwoorde en verbuigingsvorme van attributiefgebruikte byvoeglike naamwoorde. Sulke gevalle kom onder meer voor in oge (oë), hoge (hoë), boge (boë), eige (eie), dage (dae), elmboge (elmbœ) en ook in vagebond en vagevel.⁹⁹

'n Dikwels voorkomende foutiewe en soms sorgelose uitspraak was te vinde in woorde met uu-, ui- en selfs u-klanke: hys, kombys, lyster, flyster, vyl, kis, in plaas van huis, kombuis, luister, fluister, vuil, kus. Die werklike woordjie kis is meestal kees of wel kjees uitgespreek.

Eienaardig was dit dat die i-klank soms omskep is in e en omgekeerd. So is sinne gehoor soos: „Ek kin (ken) die man en ons kin mekaar”. Hierdie gebruik was egter nie algemeen nie. Die woordjies ken, kon en kan is bejammerenswaardig verwarrend en verkeerdelik gebesig. So is gepraat van: „Min wis hy ek kon Engels en het verstaan wat hy sê”. Hierteenoor het verskyn: Ek ken Engels praat.¹⁰⁰ Ken word gebruik in plaas van kon bv.: „Hy ken nie goed lees nie; Koos ken sy werk self doen; hy ken as hy wil”. Kon kom voor i.p.v. ken: „Piet kan (ken) sy les, want hy het dit geleer; van al die katkisante ken Willem alleen die Kortbegrip; ek kan die man want ek het hom voorheen gesien”. Dan is ook gehoor semit (sement), tint (tent), tink (tenk), mit (met), Vinter (Venter), Kersteng (Kirsten), Prensloo of net Prens (Prinsloo). Die omgekeerde was egter ook waar, naamlik dat die i-klanke dikwels uitgeruil is vir e-klanke en dan is gepraat van enk (ink), engegaan (ingegaan). Alte dikwels is en i.p.v. in gebruik en omgekeerd, bv: „Ek kook die rys en (in) die pot op die vuur.” „Hoeveel manse ry en (in) die motor?” Maar: „Die koeie in (en) die kalwers is vandag deurmekaar.” „Die man in (en) sy vrou het altwee gaan kuier”.

Weglating551/-

99) Steenkamp, J.J.: Die Angola Boere in die Huisgenoot, 11.8.1935, p.35.

100) Ibid., p.83.

Weglating en slordige uitspraak onder meer is ook in woorde aangetref wat eindig op -de, -der. „Onner (onder), hoener (hoender), honne (honde)". Misvormings soos bodder (botter) en boddel (bottel) het ook voorgekom. Vry algemeen is gepraat van kenders, kenners of kjenders (kinders).

Vervormde afwykings was wel seldsaam, maar het tog bestaan in o.a. die algemene gebruik van oolfant, levoor, kallers, rood, hinning, stambeel, komvert en geester,¹⁰¹ vir olifant, ivoor, kalwers, rooi, heuning, stiebeuel, koevert en gister.

Weens sy veelvuldige gebruik het die woordjie los 'n geweldige rol in die omgangstaal gespeel. Dit is in nagenoeg vyf duidelik onderskeidbare betekenisgebruik: (1) Los - agterlaat: „Ons kon die siek perd nie wegkry nie en het hom op die pad gelos". (2) Los - uitmekaargaan. ('n Verstandhouding staak): „Jan en Mina was verloof, maar hulle het weer mekaar gelos". (3) Loslaat - laatstaan: „Vrou jy koop te veel, jy moet die gekoop los." „Jy maak my kortkort tot 'n leuenaar, maar jy moet die neukery los". (4) Los - alleen of ongehinderd laat: „Ma, Flip wil my nie los dat ek my werk kan doen nie". Los die kind, dat hy kan speel." (5) Los - loslaat: „Toe die perd na my skop, het ek die riemgelos." „Ek span altyd die perde maar gister het ek hulle gelos."

Die Engelse „belt" wat almaar in die Afrikaanse spreektaal indring, is nie gebruik nie, maar wel die woordjie gord of band.

'n Paar klein woordjies wat algemeen deur groot en klein gebruik is, was verneuk, vuilgoed en vrek. 'n Outjie wat skaars kon praat het sy moeder verwytdat sy hom verneuk deur iets wat sy beloof het nie te gee nie. Heel liefvallig en skertsend sou kinders met 'n babatjie speel en die outjie kielie tot hy hik

en552/-

101) Steenkamp, J.J.: Die Angola Boere in die Huisgenoot, 11.8.1935, p.83

en ondertussen hom met „klein vuilgoed" troetel. Op 'n ongesonde plaas word nouliks deur iemand gepraat van diere wat doodgaan, maar wel dat hulle vrek, en ook: „Ons maak die vliege vrek".¹⁰²

In figuurlike sin is die woordjie bul opmerklik baie gebesig. Daar is gepraat van bulperd waarmee bedoel is 'n uithaler dier, en 'n man is soms ook 'n bul wat wil sê dat hy pure man is.

In sy kontak met die Angola-Boere het mnr. J.J. von Moltke bevind dat oom Jan Harm Labuschagne wat nooit Engels op skool geleer het nie tog praat van brekvis (ontbyt), uit sy lemiet uit (buite sy grense, gelyk (hou van), mol-skyn-broeke (molvelbroeke), suikerkan (sugarcane), koenvyn (quinine). Portugees het ook in 'n sekere mate hul taal beïnvloed. So is gepraat van tinktoere (joodtinktuur, in Portugees tinctura genoem), kabowerdoperd (Kaap Verdiese perd, in Portugees Cabo Verde).¹⁰³

Die Dorslandtrekkers het ook 'n onderskeid gemaak tussen 'n patroonband en 'n bandolier. 'n Patroonband was volgens hulle 'n band wat om die lyf en oor die skouer gekom het en waarin die patrone in één-vir-één sakkies gestek is. 'n Bandolier weer was 'n leergordel wat om die lyf gedra is met 'n patroonsakkiewat toegeknyp kan word reg vooraan vas. Bandoliere is veral gebruik in die dae toe vervaardigde patrone nog nie beskikbaar was nie.¹⁰⁴

Hulle taal was ryk aan idioom wat gewoonlik i.v.m. perde, waens en gewere gestaan het. Oom Jan het nooit sy perd omgepluk nie; nee, hy het hom om gekrink,

en553/-

102) Steenkamp, J.J.: Die Angola Boere in Die Huisgenoot, 11.8.1939, p.83

103) Von Moltke, J.J.: Jagkonings, p.92

104) Ibid.

en dan het hy die dier soms plat laat loop, of uit vleis en bloed, en as dit nog 'n bietjie vinniger gegaan het, was dit uit vleis en been. As 'n perd uit die krag van sy bloed loop dan gaan dit vinnig oor die aarde, maar die uithalerperd is die een wat die stang op die kruis van 'n vluggende sebra kon sit. As 'n mens op 'n kaal vlakte deur 'n bende Hottentot-rowers agtervolg word, nadat jy hulle gewaarsku het dat jy sou skiet as hulle naderkom, kon jy hulle op jou gemak maar begin aftel, d.w.s. jy kon hulle een vir een doodskiet.¹⁰⁵ Hulle praat verder van gat-oor-kop slaan i.p.v. bollemakiesie, rat i.p.v. rats, harneutermes i.p.v. herneutermes, arnoster i.p.v. renoster en kamale i.p.v. kameelperde.¹⁰⁶

Die mooi beskrywende woordjie aanpiekel vir sukkelende vervoer is vry algemeen gebruik: „Aangesien die roomlorrie nie tot by my kom nie, moet ek my room met die donkiekarretjie na die grootpad aanpiekel.”¹⁰⁷ In verhale oor die Dorslandtrek en hoe die waens „aangepiekel” is, nadat party mense al hul osse deur die dors verloor het, kom die woordjie dikwels voor.¹⁰⁸

Wat opmerklik was, is dat besonder baie mense hulle in 'n oomblik van opwinding en veral waar dit skeldtaal geld, van Portugees bedien het. So het 'n mens besonder baie die Portugese woordjie vir hond, waar 'n bees of ander lewendige wese iemand vererger het,¹⁰⁹ gehoor.

Sosiale Verkeer

Die Boere-gemeenskap is deur talle reisigers besoek en almal het met hoë lof van hul vriendelikheid en gasvryheid vertel. Reeds in 1881 is hulle deur hulle groot vriend en weldoener A.W. Eriksson en 'n tiental handelaarsvriende

uit554/-

105) Von Moltke, J.J.: Jagkonings, p.92

106) Ibid., pp.93-94

107) Steenkamp, J.J.: Die Angola Boere in Die Huisgenoot, 11.8.1939, p.83

108) Ibid.

109) Ibid.

uit Suidwes-Afrika in Humpata besoek. So toegeneë was Eriksson tot die Boere-bevolking dat hy selfs Afrikaans aangeleer het om beter met hulle te kon kommunikeer.¹¹⁰

Agtien maande na hulle aankoms op Humpata is hulle deur die bekende Engelse ontdekker en jagter, die graaf van Mayo, besoek. Hy is deur Paul Venter op 'n uitgebreide jagtog vergesels en het ook 'n kaart saamgestel waarin verskeie plekke met Boere name soos, Heuningrivier, Kommandantsdrif en Paul Venter se Put aangedui word. Hy en sy reisgenoot Paul Kelby is met groot gasvryheid en vriendelikheid deur die Boere ontvang.¹¹¹

Die ontdekkingsreisiger Francis Galton het tot die opmerkings van die graaf van Mayo oor die Boeregemeenskap wat hy te Humpata aangetref het, toegevoeg dat die graaf verbaas was dat die Boere hul weg na Angola kon gevind het en dat hulle in so 'n kort verblyf reeds soveel tot stand gebring het. Hy merk hieroor op: "They were a marvellous race, with great power of acclimatizing themselves; for certainly the Dutch seemed to live and thrive and multiply in regions where the English race did not thrive so well. Possibly the fineness of the men met with at Humpata was partly due to the same cause that makes the Mormans such a fine-looking race. As a rule the Mormans were recruited from by no means the most stalwart persons in England, but they went through very great difficulties in reaching their destination, the weaker men died out, and the survivors were the strongest representatives of the party. Probably the same sort of thing might account for a stalwart Dutch population being found at Humpata."¹¹²

Die555/-

110) Chapman, W.J.B.: Memoirs, p.19

111) Green, L.: Lords of the Last Frontier, pp. 169-70

112) Galton, F.: Narrative of an Explorer in Tropical South Africa, p.211

Die Nederlandse reisiger Daniël Veth en sy reisgenoot, Van der Kellen, het met groot waardering getuig van die hoë mate van beskaafdheid wat die Boere-nedersetting geadem het.¹¹³

Die Angola-Afrikaners het dan ook 'n besonder hoë sedelike peil gehandhaaf. Dit is met onverbloemde trots op sy afkoms wat P.J. van der Merwe kon konstateer dat geen Boer tydens hul verblyf in Angola weens 'n oortreding op 'n wettige aanklag in 'n Portugese hof skuldig bevind is nie.¹¹⁴

Misdaad in die gewone sin van die woord het nie in die Boeregemeenskappe voorgekom nie. Daarvoor was die mense te sedelik en godsdienstig. Waar individue uit onkunde Portugese regulasies oortree het of in een of ander geskil betrokke geraak het, was dit van so 'n geringe aard dat hulle deur Boere diplomate soos, Andries Alberts, losgepleit kon word.¹¹⁵

Die skrywer, Kalahari Mac het in 1914 ondervind dat die mense streng godsdienstig was. Die Sondagsrus is in ere gehou en die kerk besoek. Elke aand is volgens Boere gebruik „boeke gevat”.¹¹⁶ Volgens hom het die kerkskeuring van 1908 egter blywende gevolge gehad. Die gemeenskap te Humpata was nog steeds in twee verdeel. Hulle het twee kerksaaltjies gehad en die leiers Willem Venter en Andries Alberts het elkeen sy groepie volgelingen gehad.¹¹⁷ Die kerklike lewe het 'n belangrike onderdeel van die Boere se sosiale omgang verteenwoordig. Gedurende nagmaaltye was daar groot saamtrekke van Boere en almal het gebly tot die verrigtinge afgehandel was. Met nagmaal is daar in die Mombolo wyksgemeente drie dienste gehou.

Die556/-

-
- 113) Veth, dr. P.J. & Snelleman: Daniel Veth's Reizen in Angola, p.300
114) Van der Merwe, P.J.: Ons Halfeeu in Angola, p. 192
115) Alberts, A.: Herinneringe, p. 17
116) Kalahari Mac: Op Vlug deur Donker Afrika, p. 140
117) Ibid., p.140

Die uitgestrektheid van die gemeente het verhoed dat die hele Kerkraad saam kon vergader. As 'n praktiese reëling is die gemeente in wyksgemeentes verdeel en elke wyksgemeente weer in 'n aantal wyke. Die gemeente Que het uit vyf wyksgemeentes bestaan, te wete: Que, Cusulo, Bihé, Mombolo en Hanja. Op hierdie plekke is kerkgeboutjies opgerig, kerkdienste is gereeld gehou en die kerkraadslede het ook vir vergaderings byeengekom.¹¹⁸

Die kerkgeboutjie op Mombolo was 'n klein witgeverfde grasdakgeboutjie, sonder plafon met 'n misvloer. Die preekstoel was 'n effense verhoging van die vloeroppervlakte wat op sy beurt van die res van die vertrek afgesonder was deur middel van vier paaltjies met 'n blou geruite materiaal-behangsel. Hierdie afskorting was so hoog dat net die leraar se kop en skouers daar bokant sigbaar was. Daar was geen banke in die kerk nie. Elke kerkganger het sy eie sitding saamgebring. Die kerkraadslede het tydens ds. D.G. Venter se besoek in 1926 ook geen spesiale kleredrag gehad wat hulle van die ander gemeentes onderskei het nie.¹¹⁹

Die Mombolo wyksgemeente was die grootste van die wyksgemeentes in die Quegemeente en is in drie wyke onderverdeel, terwyl die ander wyksgemeentes elk net uit een wyk bestaan het.¹²⁰

In die afwesigheid van 'n predikant is 'n leesdiens Sondae in die kerk gehou. Ouderlinge was verplig om die siekes in die gemeente te besoek. Tydens huisbesoek is uit die Bybel gelees en 'n gebed gedoen. Die predikant is deur 'n wyksgemeente per ossewa tot op die grens van die volgende wyksgemeente vervoer en dan deur die ander ontmoet en verder geneem.¹²¹

Die557/-

118) Venter, ds. D.G.: Dagboek, dd. Augustus 1926

119) Ibid.

120) Ibid.

121) Ibid.

Die ongereelde kommunikasie, vanweë die groot afstande het tot gevolg gehad dat predikante soms te voet huisbesoek moes doen, soos ds. D.G. Venter tydens sy besoek aan die Hoëveld-wykgemeente op 8 Augustus 1926 moes ondervind. Tens, ds. P. Biewenga het verkies om te voet huisbesoek te doen. Ossewaver-voer was vir hom blykbaar 'n te groot beslommernis.¹²²

Die nomadiese neigings van die gemeente het tot gevolg gehad dat geen Jongeliede Vereniging kon voortbestaan of sangoefening kon plaasvind nie. Vir katekisasie het die kinders by een of ander ouderling gaan inwoon om hulle vir die openbare belydenis voor te berei.¹²³

Die Boere het voortdurend kontak met hulle bloedverwante in Suid-Afrika behou. Hulle het oor en weer gekorrespondeer en so redelik ingelig gebly ten opsigte van gebeure in hulle land van herkoms. Party Boere het per skip Kaap toe en daarvandaan oor land Transvaal toe gereis. Op hierdie kuiertogte het hulle onder andere ook riems en swepe saamgebring om in Angola te verkoop. Hulle het selfs ossewaens in die Paarl gekoop en na Angola verskeep. Die Dorslandtrekker, Andries Alberts, het selfs met pres. Paul Kruger kontak gehou. Hy en sy seuns was 'n paar maal Transvaal toe om perde en waens te koop en die kontak met hulle stamland lewendig te hou.¹²⁴

Gedurende die Anglo-Boereoorlog het Alberts dit oorweeg om met 'n klompie vrywilligers die Transvalers in hulle stryd teen die Engelse te gaan help. Dit was egter eers in 1908 dat Alberts se oudste seun, Gert, saam met die jagter Jan Robbertse na Transvaal toe teruggetrek het en hom te Rustenburg gevestig het.¹²⁵

Deur558/-

122) Venter, ds. D.G.: Dagboek, dd. Augustus 1926

123) Van der Berg, G.W.: Herinneringe

124) Alberts, A.: Herinneringe, p.17

125) Ibid.

Deur middel van predikante wat die Angolese gemeentes uit Suid-Afrika bedien het, is die kontak met die stanland elke keer op nuut verstewig. Die Gereformeerde en ook die Hervormde Kerk is gewoonlik tweejaarliks deur konsulente uit Suid-Afrika besoek.¹²⁶

Die verskyning van koerante en tydskrifte in Afrikaans het baie daartoe bygedra om die verbintenis met die stanland verder te verstewig. Mnr. Hennie Smit, Gereformeerde onderwyser, was die eerste persoon in Angola wat op Die Burger ingeteken het.¹²⁷

Die viering van Geloftefees is volgens P.J. van der Merwe in 1911 op die inisiatief van mnr. Herman Smit en die gemeenskapleiers Willem Venter en Andries Alberts vir die eerste keer op Humpata gevier. Gelukkig het ds. J.J. Prinsloo, Nederduits-Hervormde leraar in daardie jaar 'n besoek aan Angola gebring en kon hy die organiseerders van waardevolle raad bedien.¹²⁸ Die Dorslandtrekkers het die geskiedenis van die Groot Trek aan hul kinders vertel, maar het blykbaar tog uit vrees dat hulle in 'n vreemde land aanstoot kon gee, nie voor hierdie datum self Geloftefees gevier nie.¹²⁹

'n Feeskomitee bestaande uit sewe lede, is gekies om die program van die fees wat van 15 tot 16 Desember aangebied sou word, saam te stel en te organiseer. Om Portugese verdagmakery te beperk, is vooraf by die magistraat vir die hou van die fees verlof gekry en is 'n Portugese vlag by die owerheid geleen wat op 'n prominente plek by die verrigtinge gewapper het.¹³⁰

Op559/-

126) Alberts, A.: Herinneringe, p.17

127) Ibid.

128) Van der Merwe, P.J.: Ons Halfee in Angola, p.175

129) Ibid., p.176

130) Ibid.

Op 15 Desember het die Boere ter voorbereiding van die feesviering laer getrek. In die middel van die laer is 'n paal ingeplant waaraan die Portugese vlag gehang is en die waens is met die ou Transvaalse en Vrystaatse vlaggies versier. Hulle is nie toegelaat om vierkleurvlae aan 'n paal of stok wat in die grond ingeplant is, te hys nie en die ornamentele vlaggies was net bedoel om hul afkoms te simboliseer.¹³¹ Die Laerkommandant was 'n persoon wat, uitsonderlik aangetrek was en as nar daarin uitblink het om die publiek, veral die kinders, te vermaak. By die geleentheid het hy altyd 'n veelkleurige pakkere aangehad en 'n hoëbolhoed, waarop 'n paar volstruisvere gepryk het. Hoewel sy woord by die laertrekkery wet was, het hy hoofsaaklik as grapmaker opgetree. Paul Venter, 'n besonder lang man, was in hierdie rol 'n baie gesogte persoonlikheid.¹³²

Tydens geloftefeeste is op 15 Desember 'n groot sportdag gereël. Die Boere het op die veertiende reeds begin laertrek. Die vyftiende was daar dan perde-resies, skyfskiet en allerlei boeresport vir oud en jonk. Boere-speletjies soos siembamba, derdemannetjie, boompleverplant, pandspeel en doortjie-pasop is goed ondersteun.

Om 14h00 op 15 Desember is 'n paar toesprake gelewer wat met sangstukke afgewissel is. Om 18h00 is die feeskomitee vir die daaropvolgende jaar aangewys. Daarna het volkspele wat tot laat die aand aangehou het, gevolg.¹³³ Die volgende oggend is teen dagbreek 'n paar vuurpyle afgeskiet en teen 10h00 het die Geloftedienis 'n aanvang geneem. Om 14h00 is die geskiedenis van die

Groot560/-

131) Van der Merwe, P.J.: Ons Halfeeu in Angola, pp. 176-8

132) Alberts, A.: Herinneringe, p.10

133) Van der Merwe, P.J.: op.cit., p.176-8

Groot Trek vertel en dit is deur 'n afsluitingsdiens gevolg. Hierna het die feesgangers vertrek.¹³⁴

Tydens die eerste Geloftefeesviering te Humpata in 1911 was die goewerneur van Lubango en kapt. Mello, magistraat van Humpata, ook teenwoordig.¹³⁵

Sedert 1914 het die Portugese ten opsigte van Geloftefeesvieringe agterdogtig begin raak en is dit gereeld deur amptenare bygewoon om te verseker dat daar nie politieke toesprake gelewer is nie.¹³⁶

Op Mombolo is op Geloftedag ook gereeld 'n erediens gehou en mense wat verhinder is om dit by te woon, het tuis „boeke gevat“¹³⁷

Hoewel die Trekkers konserwatief en ernstig voorgekom het, was hulle tog nie preuts in die sin dat hulle geen grappies of ondeundheid wou duld nie. Andries Alberts getuig dat sommige persone alombekend was as grapmakers en ondeunde mense. Een van hulle was die ou Dorslandtrekker, Jan Labuschagne, wat niemand met rus gelaat het as hy 'n grap kon maak of hom 'n poets kon bak nie.¹³⁸

Hoewel die mense baie godsdienstig was, was hulle tog ook plesierig en opge-ruimd. Skyfskietery was een van hul gewilde ontspannings en dans het hierby nie agtergebly nie. Die skrywer, Kalahari Mac, sê daar het min weke verbygegaan wat hulle nie een of ander dans op 'n plaas bygewoon het nie.¹³⁹ Hy het saam met genl. Manie Maritz en sy geselskap in 1914 Angola toe gevlug. Die nuus i.v.m. die aankoms van die Boere-vlugteling het vinnig versprei en talle persone het gekom om hulle te ontmoet.¹⁴⁰

Nog 561/-

134) Van der Merwe, P.J.: Ons Halfeeue in Angola, pp.176-8

135) Ibid.

136) Ibid.

137) Du Plessis, L.M.: Herinneringe.

138) Alberts, A.: Herinneringe, p.10

139) Kalahari Mac: Op Vlug deur Donker Afrika, p.139

140) Ibid.

Nog 'n sosiale geleentheid waarheen die Boere gewoonlik in groot getalle opgetrek het, was vendusies. Tydens vendusies is daar lekker gesels en geskerts. Boere gebruiksgoedere was altyd maar sterk in aanvraag en skaars om te kry daarom is Boere-vendusies ondersteun. Die volgende lys gee 'n aanduiding van watter pryse hierdie goedere behaal het: 1 geweer 39 000 reis (R15.60), 2 jukke 2 600 reis, 1 pak fluweel 4 700 reis, 1 hemp en broek 2 000 reis, 1 pyp en tabaksak 3 000 reis, 1 hemp en hoed 1 400 reis, 1 mes 1 200 reis, 1 Bybel 1 500 reis, 1 stoel 2 550 reis, 1 os 3 500 reis, 1 os 52 000 reis, 1 os 42 000 reis.¹⁴¹ 'n Gesoute perd het maklik R150 tot R300 behaal.¹⁴²

Die klein klompie Boere het reeds so ondertrou dat byna almal van mekaar familie was, maar alhoewel hulle tussen die Portugese gewoon het, het hulle met hierdie bevolkingsdeel geen omgang gehad nie.¹⁴³ Hulle het die Portugese families nie besoek nie en ook geen toenadering tot hulle aangemoedig nie. Net hooggeplaatste Portugese is na hul huise genooi. Waar 'n familie desnieteenstaande met Portugese ondertrou het, is hulle soos Portugese behandel en uit die gemeenskap geweer. Dit het egter baie seldsaam gebeur.¹⁴⁴

Maatskaplike Sorg en Verplegingsdienste

Die reisiger, Veth, was diep beïndruk deur die onderlinge gehegtheid van die Boere aan mekaar. Dit was egter nie vreemd dat mense wat soveel lief en leed saam deurgemaak het so geheg aan mekaar was nie. Die verhouding tussen die Boeregemeenskap was baie vriendskaplik en inderdaad was die dertig gesinne wat hulle te Humpata gevestig het, één groot familie. Die talle hulpbehoevende kinders wat tydens die verwoestende Trek wees gelaat is is deur die

naasbestaandes 562/-

141) D.T.D. Deel II (2 500 reis is gelyk aan R1)

142) Botha, P.M.: Manuskrip, Prellerversameling, Bd. 53, A787

143) Kalahari Mac: Op Vlug deur Donker Afrika, p.139

144) Ibid.

naasbestaandes liefderik versorg.¹¹⁴⁵

Op die Trek het die Boere 'n weesheer gehad wat na die belange van wees, weduwee en die minderbevoorregtes omgesien het. Na die Boere se aankoms te Humpata, het G.D. Prinsloo in hierdie hoedanigheid voortgegaan om die gemeenskap te dien. Met die Trek van 1884 terug na Suidwes-Afrika, het hierdie amp vakant geraak en dit is nie weer gevul nie. Sedertdien het die kerkraad na die belange van hierdie hulpbehoewendes omgesien.

Dit kan nie met sekerheid vasgestel word in hoeverre hierdie sorg doeltreffend uitgeoefen is nie. Tewens ds. D.G. Venter het in 1926 bevind dat die verval van die weesheersamp 'n ernstige leemte in die gemeenskap gelaat het en dikwels tot verontregting aanleiding gegee het. As voorbeeld noem hy die geval van die weeskind Bettie Botha wat haar erfporsie vanweë onreëlmatigheid kwytgeraak het.¹¹⁴⁶ Tog het maatskaplike sorg nie geheel en al ontbreek nie. Die kerkraad van die Humpata-gemeente het sy vergadering van 7 Maart 1908 in hoofsaak aan die versorging van weduwees en wese gewy. Daar is besluit dat die skoolgeld vir die twee kinders van die weduwee Vischer, die vier van die weduwee Breedt en een van die weduwee Kruger uit die gemeentefondse betaal sou word.¹¹⁴⁷ Aan nog drie weduwees, te wete mev. A. Grobler, M. Akkerman en Van Niekerk, is allemantasie tot die bedrag van 1 000 reis per maand toegestaan.¹¹⁴⁸ In 1926 het in Mombolo drie Du Plessis meisies en mev. Opperman en Hamman ondersteuning uit die kerkfondse gekry.¹¹⁴⁹

Die verplegingsdienste onder die Boere het veel te wense oorgelaat. Mev. S. du Plessis, eggenote van oudl. Sarel du Plessis, het op 27 Julie 1926 aan ds. D.G. Venter die treurige toestand geskets. Uit die aard van die saak het die

Boere 563/-

1145) Veth, dr. P.J. en Snelleman: Daniël Veth's Reizen in Angola, p.301-2

1146) Venter, ds. D.G.: Dagboek, dd. 27.7.1926

1147) Notule van Kerkraadsvergadering 7.3.1908, art. 10

1148) Ibid.

1149) Venter, ds. D.G.: op.cit., dd. 27. 7. 1926

Boere nie oor die dienste van opgeleide verloskundiges beskik nie en met bevallings moes die moeders bitter ly. Verskeie sterfgevalle het voorgekom o.a. Maria du Plessis + 1918, Gertruida Grobbelaar + 1922, Sannie Alberts + 1920, Nellie Steyn + 1922 en Louisa Grobbelaar + 1923. Sannie Alberts het op haar sterfbed uitgeroep dat sy doodgemoor is en vroue het dikwels hul diepe kommer oor hierdie sorgwekkende toestand uitgespreek.¹⁵⁰

Mnr. Stephanus Jacobus Oosthuizen 'n Trekker wat negentien kinders gehad het, was 'n baie bedrewe verloskundige. Sy agterkleindogter, mev. Petronella Hendrika Lemmer, vertel dat hy in die woeste wêreld waar geen hulp was nie, dikwels sy vrou met bevallings bygestaan het terwyl sy hulp ook deur ander mense tydens bevallings ingeroep is. Mev. Lemmer self is deur haar oupagrootjie in die lewe gebring. Gedurende die Anglo-Boereoorlog het een van die Oosthuizen-dogters, Petronella Hendrika, en haar latere eggenoot, Pieter Ignatius du Plessis, siekes in die Rustenburgse konsentrasiekamp-hospitaal help verpleeg.¹⁵¹

Die meeste gesinne het hul eie medisynekassie en doktersboek gehad wat hulle nog uit die Transvaal saamgebring het. Bekende rate was: rooilaventel vir hartkloppings, kina-druppels vir malaria, lynolie en terpentyn vir inflammasie, warm kloutjie-olie vir steek in die oor, senablare en Hermeskruid vir maagpyn, melk en mosterd as teengif teen arsenik en Wynvomitief as teengif teen koperdip. Wynvomitief is ook in gevalle van malaria gebruik om die gal op te bring en die koors te breek. Dit is as lewensgevaarlik beskou om koue water te drink nadat Wynvomitief aan 'n pasiënt gegee is.¹⁵² Koors is deur die Boere gedokter met wildeals, kruisement en krommedik - 'n drievoet hoë doringstruik wat pienk blomme dra - asook die blare van breëblaarbloekombome. In alle gevalle is die blare in water tot 'n ekstrak getrek en dan gedrink.¹⁵³

Langs564/-

150) Venter, ds. D.G.: Dagboek, dd.27.7.1926

151) Lemmer, mev. P.H.: Herinneringe

152) Van der Smit, mev. G.: Herinneringe

153) De Plessis, L.M.: Herinneringe (Opgeteken te Windhoek, 1959-09-01)

Langs die riviere het aambeiwortels gegroei wat uitstekende resultate in die behandeling van aambeie gelewer het.¹⁵⁴

Baie siekes het by gebrek aan mediese dienste of kennis omgekom. So moes iemand wat blindedermonsteking gekry het, noodwendig sterf, want daarteen het die gewone boererate nie gehelp nie. Daar was wel enkele Portugese dokters, maar snykunde was op die verre platteland onbekend. Teen die einde van die Boere se verblyf het dr. Co de Paiva, 'n seun van die eertydse kol. Artur de Paiva, in Angola begin praktiseer as chirurg, terwyl daar ook Boervrouens was wat met hul homopatiesemiddels bekendheid verwerf het.¹⁵⁵

Die graaf van Mayo F.R.G.S., het in Julie 1882 vergesél van Paul Kelly, per ossewa vanaf Mossamedes na Humpata gereis. Tydens 'n jagtog het hy malaria opgedoen en is met groot sorg deur die Boere verpleeg.¹⁵⁶

Geen blankes het ooit, so ver aan die Boere bekend, slaapsiekte gekry nie, behalwe twee Duitsers wat saam met oom Louw du Plessis se broer en onderwyser Wilhelm, anderkant Mombolo naby die see gaan jag het. Die inboorlinge het egter dikwels aan slaapsiekte beswyk. As teenmiddel is kalbaspitte gebrand en geëet.¹⁵⁷

Die Angola-Boere het nie alleen op merkwaardige wyse daarin geslaag om die kulturele erfgoed wat hulle uit Transvaal met hulle saamgeneem het as kosbare kleinode te bewaar nie, maar het vanweë die besondere omstandighede waaronder hulle geleef het, ook 'n eie stempel daarop afgedruk. Hulle het 'n gehegtheid aan die volkseienendomme openbaar wat hulle inderwaarheid geregtig daarop kon maak om met gretigheid deur hulle volksgenote terugverwelkom te word. Die

afkerigheid565/-

154) Du Plessis, L.M.: Herinneringe (Opgeteken te Windhoek 1959-09-01)

155) Alberts, A.: Herinneringe, p.2

156) Green, Lawrence: Lords of the Last Frontier, p.170; Chapman, W.J.B.: Memoirs, p.13

157) Steenkamp, J.J.: Die Angola-Boere in Die Huisgenoot 11.8.1931

afkerigheid wat destyds in die Wetgewende Vergadering van Suidwes-Afrika teenoor hulle na vore gekom het, moet dus betreur word as grensende aan kortsigtigheid. Die toegeneentheid en versierendheid wat wyle genl. J.B.M. Hertzog met hulle terugkeer aan die dag gelê het, het hulle inderwaarheid toegekom.

Dit is daarom kwalik te begrype waarom mense van hul eie bloed hulle by hul terugkeer onaanvaarbaar gevind het. Vir 'n pioniersland soos Suidwes-Afrika waarheen hulle uiteindelik teruggekeer het, was hulle met hul inherente en deursoetste beskaafdheid inderwaarheid kosbare nedersettingsmateriaal.

..... 566/-

HOOFSTUK XVIIBEWEEGREDES VIR DIE TERUGKEER VAN ANGOLA-AFRIKANERS NA SUIDWES-AFRIKA

By die meeste Angola-Afrikaners het daar dié gedagte aan terugkeer na hul stamgenote in Suid-Afrika vir byna drie dekades nie bestaan nie. Siener Kerneels du Toit het egter voorspel dat die Boere weer die land sal verlaat.¹ Die eerste tekens van onrustigheid oor hul toekoms in 'n land waar hulle nooit as burgers aanvaar is nie, het na die kerkskeuring in 1909 te voorskyn getree. In die daaropvolgende twee dekades is hierdie onrustigheid deur die sameloop van omstandighede der mate bevorder dat dit uiteindelik tot 'n algehele uittoeg van Afrikaners gelei het.

Na 'n verblyf van vyftig jaar in die land het die trekgees weer in die harte van Angola-Afrikaners begin brand. Niemand wou nou meer na Transvaal terugkeer nie. Hul oë was gerig op Suidwes-Afrika waar so baie Afrikaners sedert die Dorslandtrek 'n nuwe tuiste gevind het. Dit is dan ook algemeen bekend dat na die eerste twintig jaar van Duitse besetting daar meer Afrikaners in Suidwes-Afrika as Duitsers was. Teen die begin van die eeu het die hele boerebevolking van Suidwes-Afrika byna uit Afrikaners bestaan en gedurende en na die Anglo-Boereoorlog het hulle getalle aansienlik toegeneem. Nadat Suidwes-Afrika na die Eerste Wêreldoorlog onder die mandaatskap van die Unie van Suid-Afrika gekom het, was dit slegs 'n natuurlike reaksie dat die Angola-Boere by hul volksgenote daar wou aansluit.²

Die gegriefdheid wat die Portugese inmenging in Afrikaner-kerksake in 1909 nagelaat het, het in die daaropvolgende jare slegs in omvang toegeneem.

Huwe 567/-

1) Van der Smit, G.: Herinneringe van mev. G. van der Smit.

2) Green, Lawrence: Lords of the Last Frontier, p. 173-4

Nuwe griewe is steeds opgelaaï sonder dat die bestaande griewe enigsins afgelos is. As aanleidende beweegredes het veral griewe van ekonomiese aard gedien, terwyl ideologiese verskille as onmiddellike oorsaak vir die uittoeg gesien moet word.

EKONOMIESE BEWEEGREDES

Bestaansmoontlikhede bemoeilik

Ds. D.G. Venter skryf in 1927 in De Steynsburgse Courant dat die Portugese die handelsmonopolie in Angola besit. Die baashandelaars van die wêreld, die Jode, het syns insiens geen kans gehad om met hulle te kompeteer nie en daar was dan ook geen Jode in Angola nie.³

Die Portugese owerheid het deur doeanawetgewing wat in 1892 deurgevoer is, verseker dat alle handelsvoordele wat uit Angola te haal is, in Portugese hande beland. Daarom is ondermeer bepaal dat op Portugese uitvoerprodukte wat in Portugese skepe na Portugese kolonies vervoer is, slegs 'n invoerheffing van 10% betaalbaar was. Op handelware uit ander lande wat deur Portugese hawens en met vreemde skepe na die Portugese kolonies ingevoer is, was die heffing 100%. Vir die uitvoerhandel van die kolonies het die volgende reëling gegeld: Op produkte wat na Portugese hawens uitgevoer is, was 'n heffing van 3% en vir die uitvoer na ander lande 15% van die werklike waarde van die produkte betaalbaar.⁴

Ds. D.G. Venter het bevind dat wat die binnelandse handel in Angola betref, het daar sogenaamd vryhandel bestaan. Die Portugese handelstrust was egter

so568/-

3) De Steynsburgse Courant 13.6.1927

4) Aengeneyndt, Gustav: Beitrage zur Kolonialpolitik und Kolonialwirtschaft. 1901/2 Heft 17, p.527

so sterk dat daar feitlik vir geen andersvolkige handelaar handelsgeleentheid was nie. Hulle het eenvoudig die totale handel beheer.⁵

Hierdie eksklusiewe benadering het uiteindelik deurgewerk na alle sektore van die openbare lewe. W.J.B. Chapman sê dat daar opsetlik teen hom as Brit gediskrimineer is. By geleentheid het hy getender vir die maak van 'n pad. Sy tender was die laagste, maar is nie aanvaar nie. Vir 'n tweede keer is tenders gevra. Hierdie keer het 'n swart Portugees effens laer as hy getender en die kontrak vir die maak van die pad is aan hierdie Portugees toegeken. By nog 'n geleentheid het hy as handelaar getender vir die velle van diere wat op Lubango geslag word. Hy het die tender gekry, maar die velle is daarna deur die burgermeester aan die broer van die plaaslike apteker, wie 'n leerlooierij gehad het, gegee. Chapman het hierdie onreëlmatigheid by die Goewerneur aangemeld, maar niks is gedoen om die saak reg te stel nie.⁶ Baie Boere is op dieselfde wyse behandel. Aanvanklik het feitlik al die transportwerk in die hande van Afrikaners beland, aangesien hulle die enigste bevolkingsdeel was wat oor die nodige vervoermiddels beskik het. Mettertyd het Portugees en Engesle transportryers op die toneel verskyn en vanweë hulle volksverwantskap met die handelaars het hulle spoedig die grootste gedeelte van die plaaslike transport gehanteer.⁷

Andries Alberts sê 'n algemene kenmerk van die Angola-Boere was hulle gebrek aan ekonomiese bewustheid. Hulle het hul kinders die Bybel geleer, maar niks van handel of nywerheid of die algemene ekonomie nie. Volgens hom is dit 'n ingebore tekortkoming van die Afrikaner dat hy in die algemeen ekonomies onkundig bly en nie in wetenskaplike beplanning belangstel nie. Hy sê: „Die ware verklaring is dat ons volk se heilige tradisies sy eie kinders in

die569/-

-
- 5) Venter, ds. D.G.: Lesing vir publikasie in Steynsburgse Courant
6) Chapman, W.J.B.: Memoirs, p.71
7) Acta van die Sinode van 1913, Bijlage VI, pp.86-8

die steek laat; want die tradisijs en ook die godsdiens is anderwêrelds en hou nie rekening met die stoflike nie. Die ekonomiese speel geen rol in die opvoedingstelsel van ons volk nie. Die Angola-Boere was net soos die armblanke en die ekonomiese knegte hier in Suid-Afrika, die slagoffers van 'n lewensbeskouing wat ten opsigte van die ekonomie gefaal het."⁸

Ter illustrasie wys Alberts daarop hoe die Boeretransportryers onkundige en armlastige Portugese immigrante vanaf Mossamedes na die binneland vervoer het. Hierdie immigrante het, nieteenstaande vele tekortkominge, een gemeenskaplike voordeel bo die Boere gehad: hulle was ekonomies bewus. Hulle het voor die voet klein handelsake in die binneland begin en na 'n aantal jare was hulle skatryk, terwyl die Boeretransportryers al hoe meer verarm het.⁹ Dat die moontlikheid wel bestaan het dat nie-Portugese ekonomies vooruit kon gaan, noem hy die voorbeeld van die Hollandse immigrant, P. van der Smit. Hy het eers skoolgehou toe geboer en 'n winkel begin. Sy ekonomiese opvoeding wat hy in Holland gekry het, het hom ekonomies reggeruk. Hy het die land se eerste fotograaf geword; uiteindelik het hy kaas gemaak en verhandel, en so sy eie nywerheid gestig. Hoewel hy jonk gesterf het, het hy genoeg geld in 'n Hollandse bank gelaat, om sy eggenote in staat te stel om hul kinders op te voed. Die ou Angola-Boere het die aardse bestaan feitlik as 'n voorbereiding vir die hemelse beskou, waar daar geen ekonomiese probleme was nie. Hulle het geglo dat ons hier geen blywende woning het nie, maar dit hiernamaals in die hemel sal hê.¹⁰

In die Boere se privaatskooltjies is van die Bybel en Kortbegrip en Psalms geleer, maar nooit van handel of nywerheid of ekonomiese beplanning nie. Waar die Boere enigsins die ekonomiese voor oë gehou het, het sukses nie uitgebly nie. Alberts noem in hierdie verband sy eie vader as voorbeeld. Hy

het 570/-

8) Alberts, A.: Herinneringe van Andries Alberts, p.12

9) Tbid., p.12

10) Alberts, A.: op.cit., p.13

het permanent op sy plaas, Nene, bly woon. Hy het sy lewe gewaag deur inboorlingekspedisies mee te maak en sy waens en osse en perde aan die militêre owerhede te verhuur. So het hy daarin geslaag om tot R10 per dag te verdien. Hierdie geld het hy in 'n Transvaalse bank belê, sodat toe hy in 1928 na Suid-Afrika teruggekeer het, hy daarmee 'n boerdery kon begin. Alberts self was die eerste boer wat in Suid-Angola, naby die Kunene met beeste begin boer het en van sy beeste self teen longsiekte ge-ent het.¹¹

Volgens Alberts was die Boere in hul benadering van praktiese probleme dom en koppig. Hulle het altyd die reguitste pad gevolg, afgesien daarvan of daar makliker roetes moontlik was. Ter illustrasie meld hy hoe hulle die steiltes teen die Ouberg af na Sa'da Bandeira afgesukkel het, terwyl daar 'n veel makliker roete suid van die Tafelberg by Muauna moontlik was, 'n roete waarlangs dan ook later 'n pad gebou is. Op hierdie moeilike transportroete moes hulle boonop nog voer en water vir die diere saamneem, aangesien daar in die kuswoestyn geen van beide beskikbaar was nie. Die spoorlyn wat later hier gebou is, kronkel die berg uit, maar die Boere het die 4 000 voet hoë berghang byna loodreg bestyg.¹²

Hierdie bejeëning van Alberts is interessant maar dit bly waar dat Angola sekere ekonomiese tekortkominge gehad het wat die bestaansmoontlikhede vir die Boere uiters moeilik gemaak het: die handel en nywerheid van Angola - waarin die Boere in elk geval nie opgelei was nie - was uitsluitlik in die hande van die Portugese en ander Europeërs; sy siviele diens, sy polisiemag en sy leer was vir die vreemdeling - Boere gesluit. Die prys van landbouprodukte is bepaal deur die lae pryse waarmee die inboorlinge tevrede was, maar wat vir die Blanke onlonend was.¹³ Uit die veeboerdery kon die mense

ook571/-

11) Alberts, A.: Herinneringe, p.13

12) Ibid., p.15

13) Von Moltke, J.J.: Veldsmanne, Die Huisgenoot 7.6.1946

ook nie veel meer gehaal het as die Swartes self nie, want daar was geen nywerheidsfasiliteite soos suiwelfabriekke of koelkamers binne hul bereik nie. Vir 'n groot os wat hulle vir vyf, ses jaar lank moes oppas, het hulle slegs R5 gekry.¹⁴ Bowendien was daar geen staatsveeartse beskikbaar om die Boere gratis by te staan in hul stryd teen die veelvuldige veesiektes nie. Daar was geen Onderstepoort, waarvandaan hulle entstowwe en medisyne kon bestel het nie; geen kwarantynbeperkings of verpligte dip om aansteeklike veesiektes aan bande te lê nie. Kortom, die mense was verplig om feitlik maar soos die inboorlinge vóór- of agteruit te boer al na gelang van die menigvuldige nukke en grille van die natuur.

Behalwe die boerdery was die enigste bron van bestaan vir die Boere in Angola jag en transportry, met so af en toe 'n kansie om op een of ander ekspedisie teen opstandige naturellestamme as vrywilligers besoldigde krygsdiens te doen.¹⁵

As gevolg van die groot bevolkingsverskuiwing van Afrikaners in 1912 het ds. P. Biewenga die vrees uitgespreek dat as daar nie 'n streek in Wes-Afrika gevind kon word wat almal se smaak bevredig nie, sou die gemeente geheel en al verstrooid raak. Die vorige jaar het sommige gemeen dat Malange, honderd uur per ossewa noord van Sancanjimba, so 'n plek was, maar dit het geblyk te wees 'n hersenskim.¹⁶ Volgens hom was transportry as beroep nog tot ongeveer 1909 redelik betalend, maar daarna het dit al hoe slegter gegaan. Ru-rubber, wat 'n vername uitvoerproduk was, het grootliks in produksie afgeneem weens die hongersnood onder die inboorlinge en die binnelandse stamoorloë. Terselfdertyd het die getal transportryers steeds toegeneem sodat

daar 572/-

14) Von Moltke, J.J.: Veldsmanne, Die Huisgenoot 7.6.1946

15) Ibid.

16) Acta van die Sinode van 1913, Bijlage VI, pp.86-8

daar weldra nie vir almal meer 'n behoorlike heenkome was nie.¹⁷

Ds. Biewenga noem hierdie finansiële agteruitgang van die Boere as die hoofrede waarom die gemeente agterstallig was ten opsigte van die betaling van hul bydraes in verband met die fondse vir die teologiese skool, emeritus-predikante, wees en weduwee.¹⁸

Na die Eerste Wêreldoorlog was dit maar weer die gewone sleurgang van bietjie jag, bietjie transportry, bietjie saai en bietjie veeboerdery. Treine en vragmotors het die transport uit die hande van die Boere geneem, en hulle so van hul vernaamste bron van inkomste beroof.¹⁹

Teen 1916 was daar nog geen keer in die finansiële agteruitgang nie en was ds. Biewenga genoodsaak om vir die gemeente Mombolo vrystelling te vra ten opsigte van bydraes vir die teologiese skool.²⁰

Hierdie geleidelike finansiële agteruitgang het onafgebroke voortgeduur. Dit wil voorkom asof die Boere net nie in staat was om 'n ander heenkome te vind nadat die transportryery minder betalend geword het nie. So skryf ds. Biewenga weer eens op 12 Januarie 1927 aan die Sinode: „In den toestand onzer gemeente is sedert de laatste jaren geen verandering ten goede gekomen. De verdiensten der gemeenteleden waren in den laatsten tijd heel wat geringer dan voorheen, als gevolg van schlechte oogsten, ziekte onder het vee (vooral aan sponsziekte zijn vele beesten gestorwen) en het rijden van transport brengt maar zeer weinig op. Gevolg van dit alles is dan ook, dat verscheidene gemeenteleden uitzien naar een ander streek lands, waar een ruimer

bestaan 573/-

17) Acta van die Sinode van 1913, Bijlage VI, pp.86-8

18) Ibid.

19) Alberts, A.: Herinneringe, p.2

20) Acta van die Sinode van 1913, op.cit., pp.86-8

bestaan zal zijn."²¹

Die Boere het herwaarts en derwaarts getrek in hul vrugtelose pogings om 'n beter bestaan te kon maak. Almal het egter nog in Angola gebly. In hierdie omstandighede kom ds. Biewenga dan ook tot die slotsom: „Daarom zijn zeer velen dan ook van gedachte dat het in de Unie van Z. Afrika beter zal zijn."²²

Gebrek aan vergoeding vir gelewerde dienste

Wêreldoorlog I het vir baie Angola-Boere ontmoedigende gevolge gehad. Hulle segsmanne het in 1928 aan 'n verslaggewer van Die Burger verklaar dat die mense duisende ponde skade gely het as gevolg van die feit dat hul geen vergoeding ontvang het vir dienste wat hulle verplig was om gedurende hierdie oorlog te lewer nie. Hulle waens (met al wat daarby behoort, soos domkrag, bokseile, en so meer) en twee tot drie spanne mooi goed geleerde osse is deur „brutale straatlopers, wat nugter weet hoe, die rang van offisier bemagtig het"²³ opgekommandeer. Baie van hierdie waens en osse is nooit weer terugbesorg nie. Dit was baie droog en die Boere is nie self in beheer van hul besittings gelaat nie. Die waens en trekdier is aan inboorlinge oorge-laat. Die osse is op 'n streep dood en die stukkende waens is sommer so in die veld laat staan. Weens die ingewikkelde formaliteite en die gebrek aan boekhouding het slegs sommige Boere ooit vergoeding vir hierdie verliese ont-vang. Die enigste verskoning wat die Portugese owerheid vir die onreg en skade wat die Boere gely het aangevoer het, was die woorde: „E tempo da guerra" ²⁴(dis oorlogstyd). Andries Alberts, die Boereleier, het na baie omslagtigheid die geringe mate van vergoeding wat enkeles wel ontvang het, bewerkstellig. Die wa en osse was baie mense se enigste bate, hul enigste

leeftog574/-

21) Handeling van die 22ste Sinode van die Gereformeerde Kerke in S.A. 1927, Bylaag C., pp.74-5

22) Ibid.

23) Die Burger 17.10.1928

24) Alberts, A.: Herinneringe, p.17

leeftog.²⁵ Hierdie daad van onreg was vir baie Angola-Afrikaners 'n nek-slag. Hulle algehele armoede het hierin sy oorsprong gehad.²⁶

Die skrywer, Lawrence Green, het in sy kontak met die Angola-Boere bevind dat die Boere deur hierdie behandeling hul vertroue in die Portugese regering verloor het en dat dit aanleiding gegee tot „a desire to leave the country“.²⁷

Geen eiendomsreg op hul plase

President Kruger was die Angola-Boere baie simpatiek gesind en veral die feit dat hulle nie eiendomsreg op hul plase kon kry nie, het hom gekwel. Hy het in 1898 vir Lukas van der Merwe na Angola afgevaardig om saam met Andries Alberts na die Viyf-hoogland te gaan kyk. Die President was van voornemens om hierdie gebied vir Boere-nedersetting te koop. Beide afgevaardigdes het by voorbaat vir hulle 'n plaas uitgesoek waar hulle wou gaan woon, indien die transaksie beklink word. Ongelukkig is die plan deur die daaropvolgende Anglo-Boereoorlog die nek ingeslaan.²⁸

Sy hele lewe lank het Andries Alberts gepleit dat die Boere kaart en transport van hul plase moes kry. Wanneer hy aan veldtogte deelgeneem het, het hy altyd gesê dat hy op daardie voorwaarde gaan, maar geen Boer het ooit 'n grondbrief gekry nie. Volgens die Portugese wet het 'n mens net reg op grond wat jy omploeg of ompik en ook net so lank as wat jy dit gereeld elke jaar ploeg of ompik. Volgens hierdie wet van die ploeg het almal dieselfde eiendomsreg gehad, en het 'n mens ook die reg gehad om jou huis en die grond wat jy elke jaar ploeg te verkoop.²⁹ Baie aaptenare het die mening gehuldig dat die Boere Estrangeiros (uitlanders) was en hul reg op grondbesit

was575/-

25) Alberts, A.: Herinneringe, p.17

26) Die Burger, 17.10.1928

27) Green, Lawrence: Lords of the Last Frontier, p.173

28) Alberts, A.: op.cit., p.16

29) Ibid., p.17

was bloot 'n vergunning wat die Portugese owerheid te enigertyd kon intrek.³⁰

Mnr. W.J.B. Chapman het hom ook vir die Boere se eiendomsreg op die grond bemoei. By geleentheid het hy hom beywer vir die saak van mnr. Christiaan Opperman, wat vyf en dertig jaar lank 'n plaas bewoon het maar wat daarna der mate vervreem is sodat hy slegs 165 acres oorgehou het. Hy het dit persoonlik onder die aandag van die Hoë Kommissaris gebring. Toevallig was Chapman en verskeie ander getuies teenwoordig toe die Portugese landmeter, Azevedo, die opmetingswerk vir die vervreemding kom doen het. Die Hoë-Kommissaris, Vicente Ferreira, het Chapman se bewering ten sterkste betwyfel en persoonlik 'n tweede landmeter aangestel om die saak te ondersoek. Dit het daarop uitgeloop dat die hoogbejaarde Opperman en sy seun, Philip, per motor na Humpata geneem is, waar 'n dokument in Portugees aan hulle voorgeleë is en hulle feitlik gedwing is om dit te onderteken. Geeneen van die Oppermans was Portugees magtig nie. Later het dit geblyk dat hulle die bewerings wat Chapman te Huambo teenoor die Hoë Kommissaris gemaak het in die dokument ontken het en die onreg wat hulle aangedoen is, aanvaar het.³¹

Tydens 'n vergadering ten huise van mnr. Alfred Meyer het ongeveer veertig Mombolo-Boere besluit om 'n petisie aan die eerste Portugese Hoë-Kommissaris genl. J.M.R. Norton de Mattos, te stuur waarin hy versoek is om die Boere se aanspraak op die plase wat hulle nou al vir soveel jare bewoon het, te erken. Die petisie is deur Chapman in Portugees vertaal en deur al die aanwesige Boere onderteken en aan Sy Eksellensie gestuur. Kort daarna is 'n antwoord ontvang waarin genl. De Mattos belooft het om 'n landmeter na die Boere te stuur om elke man se plaas afsonderlik op te meet. Elke Boer sou dan agt hektaar per bees, vier per kleinvee-eenheid en vier keer die hoeveelheid

ploeggrond576/-

30) Die Burger 17.10.1928

31) Chapman, W.J.B.: Memoirs, p.108

ploeggrond as wat hy reeds bewerk het, ontvang. Kort daarna het De Mattos na Lissabon vertrek en die belofte is nooit nagekom nie.³²

Kort voor die Boere se vertrek uit Angola het die Portugese owerheid skielik in die vernaamste nuusblad van Loanda aangekondig dat die kaart en transport van hul plase aan sommige Boere aangebied is, maar dat hulle nie van die aanbod gebruik gemaak het nie. Chapman sê hierdie aankondiging was slegs 'n laaste poging van Portugese kant „to substantiate their good will and deceive the world, but this offer not only coming too late, the Boers decline to accept it, having lost all confidence in the Government and their vague promises.”³³ Beloftes wat so dikwels tydens hul lang verblyf in Angola herhaal is, maar nooit nagekom is nie.³⁴

Ten spyte van al die wetlike voorwaardes waaronder boere grond in Angola kon bekom, het die Portugese owerheid nougeset volhard in sy weiering om aan die Boere eiendomsreg op hul plase toe te ken. 'n Sprekende bewys van hierdie diskriminasie teen die Angola-Afrikaners is te vinde in die ondervinding van mnr. Ernst Meyer, aangewese Unie-konsul. Mnr. Meyer het by sy vertrek sy plaas aan mnr. Anderson, superintendent van die Sewendedag Adventiste, verkoop, met die voorbehoud dat die Portugese owerheid die koop goedkeur. Die koop is nie goedgekeur nie en die transaksie het onafgehandel gebly.³⁵

Die knellende belastingstelsel

Die Portugese owerheid het mettertyd elke moontlike bron van inkomste van die Angola-Afrikaners belas, maar daar is geen aanduiding te vinde dat uit hierdie geïnde belasting enige voordele vir die Boere voortgevloei het nie. Tewens,

dit577/-

32) Chapman, W.J.B.: Memoirs, p.111

33) Ibid.

34) Ibid., p.112

35) Ibid., p.115

dit wil voorkom asof die owerheid ook ten opsigte van die belastingstruktuur besig was om die kolonie dood te bloei.

Die motorpaaie is deur die regering gemaak en in stand gehou. Aanvanklik is daar, voor die koms van motors, ook wapaaie deur die regering aangelê. Mettertyd is geen wapaaie meer deur die owerheid gebou nie. Indien die Boere self so 'n pad maak, het die owerheid soms slote daar langsaan laat maak, sodat die pad onbruikbaar geraak het.³⁶ Desnieteenstaande moes die publiek vir elke voertuig van 'n fiets tot 'n wa belasting betaal. Die gewone wabelasting was dertig escudos per jaar. Vir transportwaens was die belasting egter sewe en sewentig escudos driemaandeliks. Hierbenewens was sewentig escudos kopbelasting per bees en vyf en twintig escudos kraalbelasting vir kleinvee betaalbaar. Slegs in gevalle waar 'n boer minder as drie diere in 'n kraal aanhou, is hy van laasgenoemde belasting onthef.³⁷

By die verkryging van 'n vuurwapen moes 'n uitgerekte prosedure gevolg word. Die oorspronklike aansoek om 'n geweer te mag koop het twee en 'n half escudos gekos. Indien 'n Portugese amptenaar behulpsaam was by die voltooiing van die aansoekvorms is vyftien tot dertig escudos vir hierdie guns verlang. Die verkoper van die vuurwapen moes intussen op dieselfde wyse en teen dieselfde onkoste aansoek doen. Terselfdertyd moes die koper by die kriminele hof in Benguella, teen dieselfde onkoste aansoek doen om 'n sertifikaat van bevoegdheid om 'n geweer te besit. Hierna kon die koper aansoek doen om 'n geweerlisensie wat 115 escudos per jaar gekos het. Hierdie omslagtige proses het maklik ses maande tot 'n jaar in beslag geneem. Eers daarna kon die koper aansoek doen om 280 patrone, die maksimum wat toegestaan is, te koop. Hierdie maksimum is slegs by wyse van uitsondering toegestaan. Saam met laasgenoemde aansoek moes die koper ook by die administrateur van die distrik

aansoek578/-

36) Venter, ds. D.G.: Dagboek, dd. 30.7.1926

37) Ibid. (Die waarde van 'n escudo was toe 50 sent of 5/-)

aansoek doen om 'n asistado residenti³⁸ ('n getuigskrif van goeie gedrag). Ten opsigte van al hierdie aansoeke was voorgenoemde fooie betaalbaar. Om 'n jaglisensie te bekom moes om nog 'n asistado residenti aansoek gedoen word wat verlang is om requermento³⁹ (aansoek) om sodanige lisensie te doen. Volgens oudl. Sarel du Plessis het hierdie asistado resedenti en die requermento hom in 1925 agt en twintig escudos gekos. Die uiteindelijke jaglisensie vir kleinwild het dan nog vyftig escudos gekos. Met so 'n lisensie kon die houer daarvan voëls en wild tot die grootte van 'n duiker skiet. Om groter wild te skiet was 'n spesiale lisensie nodig. Hiervoor moes die aansoeker om 'n guiva (pas)⁴⁰ aansoek doen en ook om 'n spesiale lisensievorm. Hiervoor is honderd escudos verlang. Die uiteindelijke lisensie het dan nog tagtig escudos per maand gekos. Binne vyftien dae nadat die lisensie verstryk het, moes die houer by die naaste polisiestasie (Posto) aanmeld en verklaar wat hy geskiet het.⁴¹ By gebrek aan sodanige tydige aanmelding, is die houer beboet.

Elke jaar moes die gewone burgery ten opsigte van hul persoon 'n titutor residenti (verblyfpermit) verkry om vrylik binne die distrik waarin hul woon, te kon beweeg. By gebrek hieraan moes 'n persoon wat iewers heen wou reis 'n quiva (pas) toon. Hierdie titutor residenti het drie en veertig escudos en 'n guiva sewe escudos gekos. Indien 'n persoon buite sy tuisdistrik wou beweeg, moes 'n spesiale quiva by die outoriteite van sodanige distrik verkry word.⁴²

In sommige distrikte was ook hondebelasting betaalbaar. Bees- en transportbelasting was egter nie in al die distrikte van toepassing nie.⁴³ Om hout

te579/-

38) Venter, ds. D.G.: Dagboek, dd. 30.7.1926

39) Ibid.

40) Ibid.

41) Ibid.

42) Ibid.

43) Ibid.

te saag moes per kubieke meter belasting betaal word. Alle masjinerie soos meulens, dorsmasjiene en saagmasjiene is belas.⁴⁴

In die lig van die feit dat die enigste inkomste wat die mense in Mombolo-distrik gehad het, uit transportry afkomstig was, het hierdie burokratiese belastingstruktuur hulle karige inkomste van skaars dertig escudos per dag verswelg. Hulle het 'n geringe byverdienste uit die verkope van koring, botter en kaas gehad, maar op weiniges na het almal in 1926 by ds. Venter gekla dat hulle nie met hul verdienste kon uitkom nie.⁴⁵

Op 30 Julie 1926 het oudl. Du Plessis teenoor ds. Venter opgemerk dat die Afrikaner in Suid-Afrika openlik vir hul regte kan veg. In Angola moes hulle egter in stilte stry.⁴⁶

In 1916 is 'n wet gepasseer dat alle seuns wat in Angola gebore is vanaf hul agtiende tot vyf en twintigste lewensjaar dienspligtig is aan 'n jaarlikse militêre belasting, Taxa Militar, onderhewig was. Volgens die destydse wisselkoers was hierdie belasting ses escudos (R2.94) per persoon per jaar. Hierdie wet was egter net van toepassing op Boere wat in Humpata distrik gebore is. Die Boere wat in die noorde in die provinsie Benguella woonagtig was, was vir belastingdoeleindes as vreemdelinge beskou en gevolglik was hulle nie hieraan onderhewig nie.⁴⁷ Die Humpata-Boere was egter verplig om hul doopseëls vir registrasiedoeleindes te toon. Afgesien van die verpligte militêre belasting sou hulle ook voortaan verpligte militêre diens moes doen. Die Humpata-Boere was genoodsaak om

hierdie580/-

44) Venter, ds. D.G.: Dagboek, 30.7.1926

45) Ibid.

46) Ibid.

47) Van der Merwe, P.J.: Ons Halfeeue in Angola, p.163 (In sterling het dit £1.9.3³/₄d. beloop).

hierdie Taxa Militar tot en met hul vertrek uit Angola in 1928 te betaal.⁴⁸

Teen daardie tyd het dit egter as gevolg van die nadelige wisselkoers aansienlik meer as die oorspronklike ses escudos (R2.94) in Portugese geld beloop.

Die Afrikaners is in 1926 by wyse van allerlei dreigemente gedwing om by die regeringskantoor op Humpata by wyse van die voltooiing van 'n dokument 'n vrywillige keuse van hul burgerskap te maak. Op 'n paar na het die meerderheid verkies om as Unie-burgers beskou te word.⁴⁹ 'n Jaar later is die mense kennis gegee dat diegene wat in Angola gebore is Portugese onderdane is en as sodanig aan 'n nuwe militêre belasting onderhewig is. Enige persoon wat die land wou verlaat, sou eers hierdie belasting wat van £15 tot £20 sterling per persoon beloop het, moes betaal. Tevergeefs is op die goewerneur 'n beroep gedoen om die nasionaliteitsdokumente wat hulle voorheen voltooi het, te voorskyn te haal. Hy het dit afgemaak as 'n grappie van sy voorganger.⁵⁰

Die Boere was eendragtig in hul verset teen hierdie onbillike belasting wat op hulle afgedwing is. Vir die eerste maal in die Angola-Boere se geskiedenis het die leiers moeite gehad om die gemoedere te kalmeer. Hulle kon nie en sou ook nie daardie onbillike belasting betaal nie en sou hulle ook nie laat keer om sonder betaling daarvan na Suidwes-Afrika te trek nie - 'n gewelddadige botsing tussen Portugese en Afrikaners het onvermydelik gelyk. Afrikaners het openlik verklaar dat hulle aan

die581/-

48) Van der Merwe, P.J.: Ons Halfee in Angola, p.163

49) Die Burger 17.10.1928

50) Ibid.

die einde van hul geduld met die Portugese onderdrukking gekom het.⁵¹ Hulle was geen slawe om hulle en hul kinders teen £15 tot £20 sterling stuk los te koop, voordat hulle as vryburgers na hul eie vaderland kon terugkeer nie. Hulle sou hul waens doodeenvoudig inspan en na Suidwes-Afrika reis en wee diegene wat hul sou probeer verhinder. „Dit was die flinke en vorse taal van manne en vroue, wat vir eens en altyd besluit het om nou vir goed van 'n vyftigjarige knegskap ontslae te raak en geen verdere ingryping op hulle persoonlike vryheid te duld nie.“⁵² Hierdie houding het die mense eers ingeneem nadat hulle berig ontvang het dat hulle toegelaat sou word om na Suidwes-Afrika terug te keer.

Die opstandigheid onder die Boere het teen Oktober 1927 so toegeneem dat L.M. du Plessis aan ds. D.G. Venter skryf dat hy „'n tweede Slagtersnek" verwag.⁵³

Gebrek aan afsetgebiede en die ineenstorting van die geldeenheid

Verskeie segsmanne en ander waarnemers het die gebrek aan markte voorgehou as 'n belangrike rede waarom die Boere Angola verlaat het. Feitlik in een asem is die waardevermindering van die escudo ook aan hierdie beweegrede gekoppel.⁵⁴ Mnr. G.W. van den Berg wil dit selfs as hoofrede laat geld. Hy noem dat die devaluasie van die escudo so drasties was dat waar 'n pond voorheen ingewissel is vir vier escudos, was dit later 300 escudos werd.⁵⁵

In Maart 1927 het Michiel van der Merwe aan ds. Venter geskryf dat bestaansmoontlikhede steeds hagliker word. Kontantgeld was haas onverkrygbaar en handelware peperduur. Die „ou Bloues" (Portugese) was baie

onvriendelik 582/-

51) Die Burger 17.10.1928

52) Ibid.

53) Venterstukke: L.M. du Plessis-ds. Venter, dd. Jamba 10.10.1927

54) The Cape Argus 10.4.1926 - The Desperate Flight of Angola, By a Special Correspondent.

55) Van den Berg, G.W.: Herinneringe.

onvriendelik teenoor die Boere omdat hulle met weinig uitsondering geteken het om Unie-burgers te word.⁵⁶

In 1927 het die algemene depressie in die land swaar op die Boerebevolking begin druk. Daar was geen mark vir hul produkte meer nie en die bietjie geld wat hulle voorheen met transportry verdien het, was ook nie meer te verdien nie. Ook die Portugese handelaars het onder die knellende ekonomiese toestande gely. Ernst Meyer het in 'n reis na Humpata talle leë huise teengekom. By enkele bewoonde huise het 'n paar mismoedige Portugese op en af voor hul huise geloop en ander het in hul „hok“ aan die koors siek gelê.⁵⁷

In Junie 1928 het die Hoë Kommissaris op arbitrêre wyse die muntstelsel van Angola verander en die escudos vir angolares ingeruil. Hierdie stap het 'n devaluasie van 28% van die waarde van die geldeenheid meegebring.⁵⁸ Dit was afgesien van bestaande devaluasie. Hierdie poging is aangewend om Angola van bankrotskap te red, maar dit het in baie gevalle bankrotskap vir baie van die koloniste meegebring. Groot ontevredenheid het hieroor geheers en veral in Benguealla is protesvergaderings gehou waar op die terugtrekking van die maatreël geëis is. Kol. Antonio Vicente Ferreira was genoodsaak om troepe van Loanda na Benguella te stuur om die maatreël af te dwing.⁵⁹

So ernstig was die toestand dat hy opdrag gegee het dat alle blankes in die land ontwapen moes word, aangesien hy 'n algemene opstand van die Boere en die Portugese gevrees het. Die Boere het reeds op trek gestaan en hulle

kon583/-

56) Venterstukke : Michiel van der Merwe - ds. Venter, dd. Jamba 8.5.1927

57) Ibid., E. Meyer - ds. Venter, dd. Nomba 16.4.1927

58) Chapman, W.J.B.: Memoirs, p.113

59) Ibid.

kon nie ongewapend deur die gebiede van vyandiggesinde inboorlinge trek nie. Chapman het dadelik by die owerheid protes aangeteken en versoek dat die maatreël nie op die Boere van toepassing gemaak moes word nie. Hy het ook die Britse konsul-generaal se inmenging gevra. Na 'n gesukkel het hy 'n telegram ontvang met die inhoud dat die migrerende Boere per persoon "had the right to take with them one rifle(for ball), one shot gun and a revolver".⁶⁰ Hierdie inligting is egter nooit deur die Portugese Hoë Kommissaris aan sy mindere amptenare oorgedra nie. Die gevolg was dat die Boere by elke Portugese fort, waar hulle verbygetrek het, ontwapen is. Hierdie wapens is ook nooit aan hulle terugbesorg nie.⁶¹

Die uitroeiing van wild in Angola het die jag as 'n middel van bestaan feitlik van geen waarde gemaak nie. Baie Boere het uit die jag bestaan en dit is noodwendig so dat gerugte wat versprei is dat die Kaokoveld moontlik as nedersettingsgebied vir die Angola-Afrikaners oopgestel gaan word, deur mense met jagtersbloed in hulle are, met bruisende geesdrif vir die waarheid aanvaar is.

Op 6 Februarie 1928 het Chapman op eie houtjie onderneem om die Portugese Hoë Kommissaris, kol. Antonio Vicente Ferreira te spreek oor 'n aantal griewe wat die Boere teen die Portugese owerheid gehad het. Die Hoë Kommissaris het Chapman se poging as vermetel bestempel en beweer dat die Boere niks anders vir die land gedoen het as om sy wild uit te roei nie. Chapman se verweer was dat hulle dit met Portugese lisensies gedoen het.⁶²

Ds. D.G. Venter sê dat onderwyser Wilhelm die mense beïnvloed het deurdat hy die gerug versprei het dat jaglisensies maklik in Suidwes-Afrika verkrygbaar was.⁶³

Volgens 584/-

60) Chapman, W.J.B.: Memoirs, p.1114

61) Ibid.

62) Ibid., p.108

63) Venter, ds. D.G.: Dagboek, dd.31.7.1926

Volgens die skrywer Lawrence Green, was een van die faktore wat daartoe aanleiding gegee het dat die Boere hul laaste trek onderneem het, dat wild na die grootskaalse jagtogte van sekere Boerejagters begin skaars raak het. Die Boere kon na Wêreldoorlog I nie meer hul lewensstandaard handhaaf soos in die vroeëre sorgvrye jare van transportry en olifantjag, deur sommige, in die Kaokoveld nie.⁶⁴

IDEOLOGIESE OORSAKE

Baie van die ekonomiese beweegredes het noodwendig ook 'n ideologiese inslag gehad wat op sy beurt weer tot nuwe griewe aanleiding gegee het.

Geloofsbedreiging

Sedert 1916 is heelwat struikelblokke in die weg van die doop en registrasie van Boerekinders geplaas. Boere moes hul kinders eers in regeringsregisters laat registreer, voor hulle gedoop kon word. Sodanige kinders moes persoonlik deur die vader in teenwoordigheid van twee getuies in 'n regeringskantoor getoon word. Hierdeur is die doop van kinders baie vertraag en die Boere het hul lot by die Gereformeerde Sinode bekla. Baie Boere wou hê dat leraars hulle nie aan die bepaling moes steur nie, aangesien dit 'n Roomse regering was wat dit van hulle geverg het.⁶⁵ Hulle het die Sinode versoek om die Unie-regering om sy inmenging te vra. Uiteindelik het die Sinode egter 'n kommissie benoem om die saak te ondersoek en met die Portugese konsul oor die saak oorleg te pleeg.⁶⁶ Sommige het hulle weer Paul Kruger se woorde herinner: „Julle gaan na 'n Roomse land en julle kinders sal Rooms word.”⁶⁷ Alhoewel dit nie gebeur het nie, het niemand

geweet585/-

64) Green, Lawrence: Lords of the Last Frontier, p.173

65) Acta van die Sinode van 1916, artikel 32, p.18

66) Ibid., artikel 40, p.20

67) Green, Lawrence: op.cit., p.173

geweet wat die toekoms inhou nie. Mnr. J.A. van den Berg sê dat hulle getrek het omdat die Portugese 'n nuwe strewe geopenbaar het om Afrikanerseuns en -dogters te verportugees en verrooms. In die huwelike van Koos Delport se dogters met Portugese het hulle 'n wesentlike bedreiging vir hul geloof gesien.⁶⁸ Mnr. Faan van Vuuren noem ook die Portugese aanmoediging tot ondertrouery met die Boere as 'n beweegrede,⁶⁹ aangesien ook hy dit as 'n bedreiging vir hul geloof en kultuur gesien het.

Bedreiging van die moedertaal

'n Meer aktuele probleem, sê die skrywer, Lawrence Green, was die gevaar dat hul kinders hul goedbewaarde moedertaal, Afrikaans, sou moes prysgee. Hulle vroeëre vryheid ten opsigte van die opvoeding van hul kinders is aan bande gelê, deurdat die owerheid verlang het dat alle kinders nou Portugese regeringskole moes bywoon, waar die voertaal vanselfsprekend Portugees was.⁷⁰

Nadat die Boere die land skoon en bewoonbaar gemaak het sodat blankes veilig daarin kon rondreis, het die Portugese owerheid hulle duidelik laat verstaan dat hulle nie langer volgens eie aard en karakter mag ontwikkel nie. Toe Norton de Mattos in 1925 as Hoë Kommissaris die publiek op die vliegveld van Humpata toegesprek het, het hy onder meer verklaar dat alle openbare skole met vreemde tale as medium nou belet is. Die Boere se kinders sou voortaan slegs Portugees mag leer. Angola staan onder Portugal se wette en diegene wat nie onder hierdie wette wou buig nie, moes trap.⁷¹

Dit het toe reeds duidelik geword dat die Afrikanergemeenskap in Angola op die kruispad te staan gekom het en dat hy spoedig sou moes besluit watter pad

hy586/-

68) Van den Berg, J.A.: Herinneringe opgeteken te Mariental 19.10.1965

69) Die Huisgenoot 14.12.1951; p.25

70) Green, Lawrence: Lords of the Last Frontier, p.173

71) Alberts, A.: Herinneringe, p. 20; Van der Merwe, P.J.: Ons Halfeeue in Angola, p.181

hy in die toekoms gaan volg. Dit was vir die Boere 'n groot en onaangename ontnugtering toe hulle tot die besef gekom het dat hul privaatskole en hul taal deur die owerheid in die ban gedoen is.⁷²

Hulle was daar heilig oortuig van dat as dit nie vir hulle teenwoordigheid was nie, die land Angola, met uitsondering van die kusstreke, nog onbeskaafd sou gewees het, want hulle het nog goed onthou hoe primitief alles in Angola was toe die ou Dorslandtrekkers daar 'n tuiste gevind het.⁷³

Die goewerneur van Lubango het sy amptenare na Humpata gestuur om die Boere se skole te sluit, aangesien hy vasberade was dat die opkomende geslag nie Afrikaans sou leer nie. Een van die administrateurs het na die taal as "a dog's language" ⁷⁴verwys. Die Hoë Kommissaris se woorde was blykbaar net vir die Boere bedoel. Hulle „geloofskole" is in 1926 gesluit, terwyl Duitsers in Angola, toegelaat is om hul privaatskole aan die gang te hou.⁷⁵

Die dubbele maatstaf waarmee die owerheid teenoor rasegte Portugese en sogenaamde Afrikaner-Portugese onderdane opgetree het, het geblyk uit nog 'n voorval teen die einde van 1926. Die Afrikaners het so 'n onversetlike houding teenoor die sluiting van Afrikaanse skole ingeneem dat die owerheid genoodsaak was om 'n afvaardiging van Boere-leiers oor die saak te woord te staan. Hierdie afvaardiging het onder die bekwame leiding van mnr. Ernst Meyer gestaan. Hy het op bekwame en diplomatieuse wyse die Afrikaner se algemene verset teen hierdie stap aan die Goewerneur verduidelik. Die Goewerneur het toe verklaar dat volgens Portugese wet, Portugese onderdane nie primêre skole in 'n ander voertaal as Portugees mag oprig nie. Aangesien

daar587/-

72) Alberts, A.: Herinneringe, p.20; Van der Merwe, P.J.: Ons Halfeeue in Angola, p.181

73) Ibid., pp.20-21; Ibid.

74) Chapman, W.J.B.: Memoirs, p.115

75) Van der Merwe, P.J.: op.cit., p.180

daar twyfel bestaan het of die Angola-Afrikaners Portugese of Unie-onderdane was, moes hulle skriftelik hulle nasionaliteit te kenne gee. Indien uit hierdie opname blyk dat hulle hulle as Unie-onderdane beskou, sou die regering die stigting van Afrikaanse skole nie verder teenstaan nie.⁷⁶

Daar is reeds op gewys hoe hierdie nasionaliteitsverklaring later as 'n grap afgemaak is. Die gevolge van hierdie vyandige daad teenoor die Afrikaners het selfs vir Andries Alberts, wat tot hiertoe nog aan die opregte bedoelings van die Portugese geglo het, laat insien dat die enigste oplossing sou wees om na die Unie te trek, waar die kinders permanent in vaderlandse skole kon wees.⁷⁷

Onderwyser, Hennie Venter, het besluit om na Suid-Afrika terug te keer en teen September 1926 was daar reeds 'n trekgees onder die mense vaardig en het dit moeilik gegaan om weer 'n skool aan die gang te kry.⁷⁸ Probleme wat in hierdie verband ondervind is, is reeds in besonderhede behandel.

Die Afrikaners het die bedreiging van hul moedertaal in 'n baie ernstige lig beskou. Tydens die latere samesprekings tussen die Boere-afvaardiging en die administrateur van Suidwes-Afrika, het laasgenoemde aan hulle gevra waarom hulle na die half-dorre Suidwes-Afrika wou trek. Die bewoë Andries Alberts het geantwoord dat hulle dit ter wille van hul kinders doen.⁷⁹

Die bedreiging van moedertaalonderrig moet dus as 'n onmiddellike oorsaak vir die terugkeer geld.

Portugese wantroue

Andries Alberts skryf in sy Herinneringe dat die ou Dorslandtrekkers die taak gehad het om die goeie naam van die Boerenasie vlekloos te handhaaf.

Hulle588/-

76) Die Burger, 19.10.1928; Chapman, W.J.B.: Memoirs, p.115

77) Alberts, A.: Herinneringe, p.6

78) Venterstukke: L. du Plessis - E.E. Meyer, dd. Jamba, 19.9.1926

79) Van der Merwe, P.J.: Ons Halfeeu in Angola

Hulle was 'n model van die Afrikanernasie, vaandeldraers van die blanke beskawing in donker Afrika, 'n monster van die Protestantisme in 'n Rooms-Katolieke wêreld. Vir hierdie ernstige puriteine in hul delikate situasie was die geringste kleinigheid nie onbeduidend nie, maar 'n gewigtige saak. Elkeen was so heg met die hele kolonie vervleg dat sy dade en lotgevalle nie hom alleen nie, maar die Afrikanergemeenskap as geheel, en selfs hul rasgenote in Transvaal geraak het. Soms het hulle deur hierdie vervlegtheid met mekaar en met ander stamgenote die slagoffers van misverstande en antipatie geword, waarvan die oorsprong byna onnaspeurbaar was.⁸⁰ By die Portugese was hulle as Boere en die ossewa as Boerewa bekend, maar die taal wat hulle geskryf het, en waarin hulle die Bybel gelees het, was Nederlands. Gevolglik is hulle ook Holandezes (Hollanders) en hul taal Hollands genoem. Hierdie assosiasie met die Hollanders, hoewel niemand dit destyds vermoed het nie, het in die onderbewysyn van sommige goewerneurs 'n sterk vooroordeel, ja selfs haat en 'n grief veroorsaak.⁸¹

In Angola was hierdie bedekte haat teen al wat 'n Hollander was, besonder sterk, want Luanda die hoofstad van Angola was in die jare 1641 tot 1648 deur die Hollanders beset. Dokumente, monumente en ander spore van hierdie veroweringspoging was daar nog sigbaar. Dit het die goewerneur-generaal en ander amptenare voortdurend aan daardie ou vyandskap herinner. Dit het by hulle die agterdog gewek dat die Angola-Boere maar net die nasate van die beweerde Hollandse seerowers is, wat hul kolonies sou gesteel het, hul skatskepe sou gekaper het en hul vredeliewende beskawingsbeleid sou verydel het. Toevallig was onder die Boere ook 'n paar opregte Hollandse onderwysers werkzaam wat hierdie agterdog verder versterk het.⁸²

Van589/-

80) Alberts, A.: Herinneringe, p.8

81) Ibid.

82) Alberts, A.: op.cit., p.8

Van hierdie historiese agtergrond, sê Alberts, was die oningeligte Boere onbewus, anders sou hulle kon begryp het waarom Andries Alberts, die Boere-leier, se pogings om met 'n diktator soos genl. Norton de Mattos te onderhandel soms op onverklaarbare wyse misluk het.⁸³ Die onweerlegbare bewyse vir sy wantroue teenoor die Boere het bekend geraak toe genl. De Mattos sy eie lewensgeskiedenis onder die titel Memorais e Trabahos da minha vida gepubliseer het.⁸⁴

In die Boere se vyftigjarige verblyf in Angola, is hul telkens onskuldig en onwetend met drie sogenaamde aartsvyande van Portugal verwar: eerstens met die Hollanders, tweedens met die Duitsers en derdens met die Britse imperialiste. Nadat genl. Botha Suidwes-Afrika beset het, het die Portugese gevrees dat genl. Smuts Angola ook sou binneval. 'n Ligsinnige spotprent van genl. Smuts waarin hy soos 'n standbeeld van Rhodes met begerige blik op die Noorde uitgebeeld word, is in alle erns deur genl. de Mattos en sy personeel bestudeer! Weliswaar was Engeland die tradisionele bondgenoot van Portugal, maar hulle het ook teen Engeland 'n grief bly koester oor die kolonisasie van Suid-Rhodesië. Rhodes was ook hulle vyand en die kinders het nog steeds in die Portugese skole geleer van die Ultimatum brutal da Inglaterra van 1891. Met nie een van al hierdie werklike of vermeende vyande het die Boere iets te doen gehad nie, maar in krisistye is hulle van heuling met die vyand verdink.⁸⁵

Die Boere was ongelukkig gedurende 'n tydperk in Angola toe Portugal self 'n voortdurende krisistyd beleef het. Kol. De Paiva was die laaste van 'n reeks staatsmanne wat te groot van inbors was om vreesagtig of kleinlik te wees. Na sy dood het die een rebellie na die ander, die een rewolusie na die ander en die een depressie na die ander gevolg. Dit het alles

gepaard590/-

83) Alberts, A.: Herinneringe, p.10

84) Ibid.

85) Ibid.

gepaard gegaan met die wêreldspanning en -ontwrigting voor en na die Eerste Wêreldoorlog. Na die krisistydperk het dr. Salazar aan bewind gekom. Hy het Portugal ekonomies en polities gered en die staatsdiens hervorm, maar toe was die Boere reeds weg.

'n Kenmerk van die Angola-Boeregeskiedenis is dat dit vir 'n dekade lank onder De Paiva baie goed gegaan het, maar dat dit daarna stadig maar seker slegter, ingewikkelder en verwikkelder geraak het.

Die verklaring vir hierdie gesindheidsverandering lê daarin dat die Portugese die Boere aan die begin baie nodig gehad het. Hulle het feitlik onmiddellik groot voordele en winste uit die Boere se aanwesigheid getrek. Alberts is van mening dat hulle in die begin nie sonder die Boere kon klaarkom nie, daarom was die Boere toe goed.⁸⁶

Na De Paiva se dood egter, het ander staatsmanne op die toneel verskyn wat nou vrede en tyd gehad het om hulle daaraan te herinner dat die Boere eintlik Hollandse seerowers, eintlik Duitsers of eintlik Britse imperialiste is, wat teen die Portugese sou kon opstaan en enige ander moondheid as vyfde kolonne sou kon help om die land te verower.⁸⁷

Hierdie wantroue van die Boere het reeds kort na die Anglo-Boereoorlog aan die lig gekom. Kommandant Francois Joubert Pienaar, ook bekend as genl. Pienaar, (hy was egter net 'n kommandant)⁸⁸ het hom na hierdie oorlog in Angola kom vestig. Hy het spoedig na sy aankoms groot invloed op die Boere-gemeenskap van Humpata uitgeoefen en bevriend geraak met Boere-leiers

soos 591/-

86) Alberts, A.: Herinneringe, p.10

87) Ibid., p.12

88) Chapman, W.J.B.: Memoirs, p.84

soos Andries Alberts en Willem Venter. Na die Mulondo-veldtog is Pienaar ingelig oor die Portugese wreedhede. Dit is ten sterkste deur hom veroordeel. Hy het die feit dat sekere Boere-leiers, soos Venter en Alberts bereid was om inboorling-kindere wat gevangeneem is, teen hul sin as arbeiders aan te hou, as afkeurenswaardig bestempel en dit met slawerny vergelyk. As gevolg hiervan is gerugte versprei dat Pienaar die Boere aanhits om teen die Portugese te rebelleer. Vir die waarheid hiervan kon niemand egter instaan nie.⁸⁹

Hierdie gerugte het Pienaar in 'n slegte lig by die Portugese owerheid gestel en hom telkens met hul in botsing gebring. So erg is daar teen hom te velde getrek dat hy genoodsaak was om die land te verlaat.⁹⁰

Daar was groot vreugde onder die Portugese inwoners van Angola toe Portugal in Oktober 1910 'n republiek geword het. Oor die algemeen is aanvaar dat 'n nuwe gelukkige tydperk aangebreek het. Die monargisties-gesinde bevolkingsdeel en selfs die geestelikes is deur die gepeupel geïntimideer.⁹¹ Na verloop van tyd het baie Portugese daaraan begin twyfel of die republiek werklik soveel voordeel ingehou het. Die voortdurende rewolusies wat Portugal en sy kolonies, die Azores, Madeira en Portugees-Guinee getref het, het die geesdrif vir die republiek laat afkoel. 'n Portugese vriend het teleurgesteld aan Chapman geskryf: "I have no confidence in the republic, the institutions may be changed but the people are the same and they cannot be changed".⁹² Die republiek het uiteindelik geblyk 'n diktatorskap te wees wat deur wapengeweld in stand gehou moes word.

Die Eerste Wêreldoorlog het in Julie 1914 uitgebreek en Engeland het op 4 Augustus tot die stryd toegetree. Portugal het tot 1916 neutraal gebly. Die Britse vloot het die hele kuslyn van Suidwes-Afrika geblokkeer, sodat

die 592/-

89) Chapman, W.J.B.: Memoirs, p.86

90) Ibid., p.88

91) Ibid., p.72

92) Chapman, W.J.B.: op.cit., p.72; Marquardsen, Stahl: Angola, p.12

die Duitse magte in die gebied spoedig sonder kosvoorrade gesit het. Dit was in hierdie omstandighede dat 'n Duitse onderhandelaar dr. Schultze, twee militêre offisiere en 'n paar manskappe na Humbe gestuur is om met die Portugese handelaars oor die voorsiening van voorrade te onderhandel.⁹³ Die Duitse afvaardiging is in hul kamp suid van die Kunene deur die Portugese kommandant van Fort Naulila besoek en vir middagete na sy fort genooi. Die uitnodiging is aangeneem en die volgende dag is die deputasie van drie man vergesél van twee lyfwagte na die fort. Die res van die militêre korps het oorkant die grens agtergebly.⁹⁴ By die fort is die deputasie weer verwelkom en binnegenooi. By hul vertrek het die Portugese kommandant aan 'n swart erewag bevel gegee om op die niksvermoedende Duitsers te vuur. Vier persone is noodlottig getref, maar een Duitse soldaat het daarin geslaag om te ontsnap en kennis aangaande die Portugese verraad aan sy eenheid oor te dra.

Die magistraat van Humbé, vergesél van die Nederlandse tolk, Pieter van der Kellen, en 'n Duitse prospekterder wat in die land werksaam was, het waarskynlik in opdrag van die Portugese owerheid, intussen ook by die Duitse kamp opgedaag, onbewus van wat by Fort Naulila gebeur het.⁹⁵ Nadat hulle uit die mond van die soldaat van die verraderlike moord verneem het, het die Duitse prospekterder dokumente voorgelê, waaruit geblyk het dat hy 'n opgeleide militêre offisier was. Die militêre afdeling was nou slegs onder bevel van 'n sersant, gevolglik het hierdie offisier die bevel oorgeneem. Hy het Van der Kellen versoek om hom na Windhoek te vergesél om getuienis in verband met die saak af te lê. Na onderhandeling, het die offisier 'n inboorling-konstabel as getuie in Van der Kellen se plek saamgeneem. Van der Kellen en die magistraat van Humbe met sy gevolg is toegelaat om ongedeerd na hul tuistes terug te keer.⁹⁶

Kort593/-

93) Chapman, W.J.B.: Memoirs, p.73

94) Ibid.

95) Ibid.

96) Van der Merwe, P.J.: Ons Halfee in Angola, p.157-8

Kort na hierdie voorval het majoor Francke met vierhonderd man uit Windhoek vertrek om die Naulila-moord te gaan wreek. Kol. Rocadas het hom hier met agthonderd man ingewag. In die Portugese mag was egter geen Boere aanwesig nie. Die Boere het, nadat hulle van die Portugese verraad verneem het, geweier om aan enige geveg te deel te neem. In hulle oë was hierdie daad een van die gruwelikste misdade van die Portugese geskiedenis in Angola.⁹⁷ Boere-vrywilligers was slegs gewillig om verkenningwerk in die omgewing van Otchitotto te doen om te verseker dat die Duitsers nie die land vanuit die suidwestekant van die Kunenerivier binne-
dring nie.⁹⁸

In hierdie stadium was daar amptelik nog geen oorlog tussen Duitsland en Portugal verklaar nie en die moord op Naulila is as 'n grensvoorval beskou.⁹⁹

Die Duitse invalsmag het die Portugese stellings uit die rigting waarin laasgenoemdes se grofgeskut opgestel was, genader. Hul verkenners het hierdie feit bemerk en die afdeling het gedurende die nag om die Portugese stellings getrek om 'n flankaanval te loods. Die Portugese is deur hierdie maneuvre verras. Hulle het hul kanonne haastig in die bedreigde rigting gedraai, maar toe het die eerste Duitse brandbom reeds die magasyn in puin gelê. Teen hewige Duitse masjiengeweevuur, wat hierop gevolg het, was die Portugese nie bestand nie. Die Duitsers het die Portugese loopgrawe stormenderhand verower en 'n aansienlike deel van die Portugese mag tot oorgawe gedwing. Kol. Rocadas het egter daarin geslaag om met die grootste deel van sy troepe te ontsnap.¹⁰⁰

Die594/-

97) Van der Merwe, P.J.: Ons Halfeeue in Angola, p.157-9

98) Ibid.

99) Ibid., p.159; Chapman, W.J.B.: Memoirs, p.73

100) Ibid.

Die geveg wat op 18 Desember 1914 plaasgevind het, was binne drie uur gelewer. Die Portugese verliese het aan mensemateriaal alleen, afgesien van 'n onbekende getal krygsgevangenes, twee-en-sestig dooies en twee-en-sewentig vermistes beloop.¹⁰¹ Die Duitsers het Fort Naulila totaal verwoes en die waens en ander krygstuig op mekaar gestapel en verbrand.¹⁰²

Die bemannings van omliggende Portugese fortjies het hul magasynne aan die brand gestee en hul vestings ontruim. Die handelaars op Humbe het hul winkels net so laat staan en slegs met hul juweliersware gevlug. Die inboorlinge het dadelik op die buit wat die paniekbevange Portugese agtergelaat het toegesak. Die vlugtelinge het by Cahama bymekaargekom. Twee dae na die veldslag van Naulila het kol. Rocadas ook hier opgedaag. Sy ryperd was so bevange gery dat die nerwe aan die saalkleedjie gekleef het.¹⁰³

Vas oortuig dat die Duitsers hul oorwinning sou opvolg en die Portugese agterna sou sit, het Rocadas die Boereverkenners oorkant die Kunene teruggeroep om naderby verkenningswerk te doen. Hy was van plan om tot by Lubango terug te val, maar Boere-kommandant, Alberts, het hom van hierdie plan laat afsien en aangeraai om by Gambos, wat nie 'n bewoonde gebied was nie, stelling te gaan inneem.¹⁰⁴

Die Duitse strafkommando was tevrede met die swaar nederlaag wat hulle die Portugese by Naulila toegedien het en het dadelik na Windhoek teruggekeer.¹⁰⁵

Hierdie inval deur maj. Francke het na die Eerste Wêreldoorlog diplomatieke gevolge gehad. Portugal het naamlik vergoeding geëis vir die verliese wat hy weens die Duitse strooptog gely het. By gebrek aan getuies van Duitse

kant595/-

101) Van der Merwe, P.J.: Ons Halfee in Angola, p.156-60

102) Ibid., p.160

103) Ibid.

104) Ibid., p.160-61

105) Ibid., p.161

kant het die Switserse juris wat as arbiter opgetree het, teen Duitsland besliss.¹⁰⁶ W.J.B. Chapman sê dat by hulle in Angola, wat vertrouwd was met die gebeure, was daar nie „a shadow of doubt that the Portuguese were the guilty ones having murdered Dr. Schultze and his two companions".¹⁰⁷

Die Boere se reaksie op Portugese konfrontasie met die Duitsers is deur hul vyande aangegryp om verdere ongegronde agterdog teen hulle te saai. Genl. Norton de Mattos, die destydse goewerneur-generaal van Angola, het geheime verslae aan die regering in Portugal gestuur, waarin hy die vrees uitgespreek het dat die Boere, ingeval van verdere Duitse suksesse, teen die Portugese owerheid kon rebelleer. Hy het ook voorsorg getref om voortdurend op die Boere te spioeneer. Om te verseker dat die Boere se weerbaarheid verswak word, is hulle waens en perde opgekommandeer en onder Portugese beheer gehou.¹⁰⁸ Die Boere het egter nooit enige opstand in gedagte gehad nie.¹⁰⁹

'n Bewindsverandering in Portugal het tot gevolg gehad dat Norton de Mattos bedank het en die konfidensiële verslae het gedien as leidraad vir sy opvolger genl. Pereira d' Eca.¹¹⁰

Reeds met die uitbreek van die Eerste Wêreldoorlog in 1914 het ook agterdog oor Geloftedagvieringe by die Portugese posgevat. Gevolglik is alle vergaderings van Boere belet en elke Geloftefees is sedertdien deur Portugese amptenare bygewoon om te verseker dat die Boere nie dalk politieke byeenkomste hou nie.¹¹¹

Tydens die oorlog het die Portugese owerheid ook wagte rondom Portugese dorpieë opgestel. Dit was opmerklik dat by die dorpie Lubango in die rigting van

Humpata 596/-

106) Chapman, W.J.B.: Memoirs, p.75

107) Ibid.

108) Alberts, A.: Herinneringe, p.16

109) Ibid.

110) Van der Merwe, P.J.: Ons Halfee in Angola, p.163

111) Ibid., p.178

Hulle het inderwaarheid die onbeskermdes Boere-gesinne te Humpata en in die Sandveld voortdurend gemolesteer.¹¹⁵ Die Boere was baie verbitterd oor hierdie voorvalle en het aan 'n verteenwoordiger van Die Burger verklaar dat die Portugese elke moontlike en onmoontlike opoffering van hulle geëis het as bewys van hul trou en onderdanigheid aan Portugal. Teen enigiemand wat die geringste blyke van onwilligheid, weens misverstand of onkunde getoon het, is genadeloos opgetree. „Die vieslike kaffertronke van Mossamedes en Loanda, is nog nooit deur die paar onskuldige mense, wat net op blote verdenking maandelank daar moes vertoef, vergeet nie. Watter Angola-Boer sal ooit die bitter dae van 1915 vergeet, toe hulle huise en erwe op Humpata en ander plekke, dag vir dag deur 'n klomp Portugese soldate bestorm is, wat die mense (selfs die vrouens) op elke moontlike wyse beledig, en daar geneem en gedoen het net wat hulle wil.“¹¹⁶ W.J.B. Chapman getuig dat 'n Portugese mag by geleentheid na Humpata op pad was "to attack the unprotected families there and in the Sandveld".¹¹⁷ Gelukkig het die pleidooie van talle Portugese burgerlikes die owerheid van hierdie dwase aanslag laat afsien.¹¹⁸

Chapman se skoonseun, Paul Köster, is op Huambo in sy winkel in hegtenis geneem en na Loanda gestuur, waar hy aangehou is. Later is hy en sy vrou in derde klas akkomodasie na die Azores verban. Al Köster se eiendom is gekonfiskeer, sodat hy totaal geruïneerd is.¹¹⁹

Nadat die Unie van Suid-Afrika, Suidwes-Afrika verower het, het die Portugese weer die vrees begin koester dat die Angola-Boere met behulp van Unie-burgers Angola kon oorrompel.¹²⁰ Genl. Manie Maritz en 'n aantal van sy volgelinge wat

voor 598/-

115) Chapman, W.J.B.: Memoirs, p.83

116) Die Burger 17.10.1928

117) Chapman, W.J.B.: op.cit., p.83

118) Ibid.

119) Ibid., p.92

120) Van der Merwe, Ons Halfee in Angola, p.185-8

voor die oprukkende genls. Smuts en Botha na Angola, uitgewyk het, is deur die Portugese verwelkom. Hy is na Loanda waar sy eggenote by hom aansluit het en in Augustus 1915 is hulle na Lubango en Humpata om hulle tussen die Humpata-Boere te vestig. W.J.B. Chapman het as Engelsman hom geroepe gevoel om by Don Antonio d' Almeida, goewerneur van die distrik, beswaar te maak teen die voortreflike behandeling wat genl. Maritz ontvang het. Don Antonio d'Almeida het spottend die opmerking gemaak dat genl. Maritz 'n beter man was as die Ukuanyama hoofman, Nundume, wat oor die grens van Suidwes-Afrika gevlug het en wat die Britte nie wou uitlewer nie.¹²¹

Die wantroue teenoor die Boere het gedurende en na die oorlog voortgeduur. Toe die Sillastam in 1917 in die Angolese laeveld rebelleer, is die Boere, die Meyers en Chapman die skuld daarvoor in 'n plaaslike koerant gegee. Later is selfs die sendelinge en uiteindelik ook die Belge van opstokery van hierdie inboorlinge beskuldig. Die beste bewys dat hulle lojaal gebly het en valslik verdink is, is te vinde in die feit dat die opstand uiteindelik deur Boere-inmenging onderdruk is.

Na die voorval het Chapman, sy skoonseuns en die Meyers 'n Portugese brief vir publikasie opgestel, waarin al die feite in verband met die opstand in perspektief gestel is. Hulle het dit duidelik gestel dat die Boere nie, soos die Portugese intieme omgang met die inboorlinge het nie. Hulle het byvoorbeeld nie soos die Portugese vir hulle stoele aangebied om op te sit nie.¹²² Hierna is die beskuldigings teen die Boere oor opruiing van die inboorlinge gestaak. Die Boere is tydens die opstand egter der mate gewantrou dat goewerneur-generaal Massano di Amorim opdrag gegee het dat hulle ontwapen moes

word599/-

121) Chapman, W.J.B.: Memoirs, p.92

122) Ibid., p.95

word. Dit het die Boere-gemeenskap onbeskermd gelaat. 'n Beroep deur die Britse konsul op die Portugese owerheid om tot nugterheid te kom, het op dowe ore geval. Nadat die opstand deur Boere-inmenging onderdruk is, het die Portugese 'n duisend swart soldate gestuur om die verowerdes te plunder. Chapman sê hy het gesidder by die gedagte, dat die feite dat die Boere ongewapen was tot die wete van hierdie inboorlinge kon deursypel. "We should all have been massacred by this very force".¹²³ Later is selfs die inboorlinge in hul onmiddellike omgewing bewapen "but we were prohibited from having arms for our protection."¹²⁴

Hierdie wantroue van die Portugese teenoor die Boere het voortbestaan tot aan die einde van laasgenoemdes se verblyf in die land. Hulle is nooit toegelaat om vergaderings sonder vooraf toestemming te hou nie. Enige Boere-byeenkoms is met die grootste agterdog bejeën. Selfs nog met die Geloftedagviering in 1927 het hierdie wantroue onmiskenbaar geblyk: Net voor die erediens om 15h00 is die geskiedenis van die slag van Bloedrivier deur iemand vertel. Met die aanvang van die diens is 'n Psalm gesing en juis in hierdie stadium het magistraat Brandao van Humpata en 'n gevolg ook by die verrigtinge opgedaag. Die magistraat het ten aanhore van P.J. van der Merwe tersluiks opgemerk dat die Boere nou kastig godsdiens hou, maar dat die pas afgelope byeenkoms 'n politieke vergadering was.¹²⁵

Hierdie voortdurende wantroue het die goeie verstandhouding wat voorheen tussen Boer en Portugees bestaan het, hoe langer hoe meer, vertroebel. Dit het die gedagte dat hulle vreemdelinge in die land is, voortdurend angevuur en die besluit om die land te verlaat het bewustelik of onbewustelik gestalte aangeneem.

.....600/-

123) Chapman, W.J.B.: Memoirs, p.98

124) Ibid.

125) Van der Merwe, P.J.: Ons Halfee in Angola, p.197

Die staatloosheid van die Angola-Boere

Boere-segsmanne het aan 'n verteenwoordiger van Die Burger verklaar dat 126 een van die belangrikste oorsake vir hul terugkeer die „dubbelsinnige houding” van die Portugese regering in verband met die burgerregte van die Boere was. Byna elke amptenaar het 'n ander mening oor die saak gehuldig. Vir sommige was die Boere Portugese burgers wat op elke voorreg en die reg op beskerming aanspraak kon maak. Ander het weer die mening gehuldig dat hulle Estrangeiros (uitlanders) was. Ondanks velerlei pogings kon oor hierdie saak geen duidelikheid verkry word nie. Selfs die hoofkantoor van die Hoë Kommissaris in Loanda was hieroor onseker.¹²⁷ In 'n brief aan mnr. Cooper van Humpata het die Britse konsul na oorlegpleging met die Portugese owerheid geskryf dat die saak van die Boere se burgerskap ingewikkeld was. In gevolg 'n wet van 1882 is hulle in 'n sekere mate as Portugese onderdane beskou. Veral die Boere wat in Angola gebore is, het as sodanig gekwalifiseer. Oor die voorregte wat die Boere ten gevolge van hierdie onderdaanskap geniet het, het die Portuges geswyg.¹²⁸

Talle kere is hierdie sogenaamde Portugese onderdane met dreigemente van beboeting of gevangenisstraf na Humpata of Lubango gedagvaar om daar keer op keer aan die Portugese regering trou te sweer. Van die duisend-en-een beleedigings wat hulle dag vir dag in die gesig geslinger is, val nie eens te praat nie. Onder derglike verpligtinge en gedwonge opoffering is die mense as Portugese burgers beskou. So ook as daar hoë belastings, onbillike lisensies en ander verpligtinge nagekom moes word, maar daar het dit geëindig.¹²⁹ Die burgerskap van die Afrikaners in Angola het ongeveer hierop neergekom. As die regering hul persoonlike diens, hul eiendom of geld nodig gehad het, is die

Portugese601/-

126) Die Burger 17.10.1928

127) Ibid.

128) Ibid.

129) Ibid.

Portugese burgerskap hulle op die hart gedruk, is hulle die reg tot verset ontsê en is onverbiddelike gehoorsaamheid vereis. Aan die anderkant as hulle as Portugese burgers, die voorreg en beskerming van 'n Portugese burger verlang het, dan het die owerheid van hul burgerskap niks geweet nie en is hulle vir vreemdelinge gehou.¹³⁰

Sommige Boere in die Mombolo-distrik was Britse onderdane en die meeste was oorspronklik burgers van die Suid-Afrikaanse Republiek. Tydens die Anglo-Boereoorlog in 1899 het Andries Alberts vrywilligers onder die Humpata Boere gewerf om aan Boere-kant te gaan veg. Die Duitse owerheid het egter geweier om sodanige vrywilligers deur Suidwes-Afrika te laat trek. Gevolglik is slegs geld vir die geteisterde volksgenote gekollekteer.¹³¹ Die Angola-Boere het dikwels Suid-Afrika besoek. Andries Alberts en sy seuns het hiervandaan waens en perde na Angola toe uitgevoer. Sy oudste seun, Gert, het later weer in Transvaal gaan woon.¹³²

Die Boere in Noord-Angola is dan ook deur die owerheid as Transvalianos of estrangeiros beskou.¹³³ In 1915 het 'n aantal van hierdie Boere W.J.B. Chapman versoek om hulle te help om Britse burgerskap te verkry, aangesien die voormalige Boere-republieke nou Britse gebiede geword het. Chapman het die Britse konsul-generaal in Loanda in verband met die saak genader en aan hom 'n versoekskrif voorgelê wat deur vier voorsaanstaande Boere onderteken is. Aangesien Chapman self as Britse onderdaan bekend was, het hy ook 'n aanbevelingsbrief hierby aangeheg. Die versoekskrif is aan die Britse regering in Londen voorgelê en daarna is spoedig 'n gunstige antwoord ontvang. Hiervolgens was die Britse Regering gewillig om enigeen van die voormalige bewoners van die

republieke602/-

130) Die Burger 17.10.1928

131) Alberts, A.: Herinneringe, p.16

132) Ibid.

133) Van der Merwe, P.J.: Ons Halfee in Angola, p.182

republieke as Britse onderdane te erken op voorwaarde dat hulle dokumentêr hul burgerskap van hierdie republieke kon bewys, of by die Vrede van Vereeniging die wapen neergelê het.¹³⁴

Die destydse Britse konsul-generaal in Angola, mnr. H. Hall het hierna aan die Boeregemeenskap besoek gebring. Op 'n vergadering het hy die nodige deklarasievorms vir voltooiing voorgelê, waardeur om Britse paspoorte aansoek gedoen kon word. Daar is aanvaar dat as Britse onderdaan W.J.B. Chapman se skriftelike bevestiging dat hierdie Boere voorheen burgers van die republieke was, deur die Britse regering aanvaar sou word.¹³⁵ Die deklarasievorms is saam met die nodige gelde na Londen gestuur. Na geruime tyd is nog geen antwoord ontvang nie. Intussen is mnr. H. Hall na Praag verplaas. Op navraag by die agerende konsul-generaal het dit geblyk dat hierdie aansoeke om Britse burgerskap deur Londen na die Unie-regering vir afhandeling verwys is. Daarvan het niks tereg gekom nie en die Boere het staatloos gebly.¹³⁶

In die loop van hierdie poging om vir die staatlose Boere Britse onderdaanskap te verkry, het Chapman weer Humpata besoek. Die sekretaris van die goewerneur senhor Raul Pives het hom oor die aard van sy besoek ondervra. Pives het hierna te kenne gegee dat die Boere in November 1882 ingevolge 'n proklamasie van die destydse goewerneur-generaal, senhor Francisco Ferreira de Amoral tot Portugese onderdane genaturaliseer is. In 'n skriftelike verklaring het Chapman dit hierop aan Pives duidelik gestel dat hierdie opvatting op 'n misverstand berus en die sekretaris moes met die uiteensetting heelhartig saamstem.¹³⁷

As gevolg van die weerstand van Andries Alberts en die Portugese owerheid teen sy poging om die Humpata Boere tot Britse onderdane verklaar te kry, moes

Chapman 603/-

134) Chapman, W.J.B.: Memoirs, p.100

135) Ibid.

136) Ibid., p.102

137) Ibid., p.103

Chapman sy bemoeiinge laat vaar.¹³⁸

P.J. van der Merwe sê dat die Boere in Angola na die Vrede van Vereeniging met reg op Britse onderdaanskap aanspraak kon maak, as hulle nie deur die oorwinnaars en die oorwonnes vergeet is nie.¹³⁹

Hierdie staatloosheid van die meerderheid Angola-Boere het tot gevolg gehad dat daar skreiend teen hulle gediskrimineer is. Selfs die gewone Portugese burgery het hulle hieraan skuldig gemaak. Dit was eers teen die einde van die Boere se verblyf in die land dat vlyende artikels in Portugese koerante oor hulle begin verskyn het. Die owerheid is nou daarvan beskuldig dat hulle die Boere te lank verwaarloos het, dat geen skole aan hulle gegee is nie en dat hy so die kans laat verbygaan het om hulle te verportugees.¹⁴⁰ Mnr. Ernst Meyer het tot die gevolgtrekking gekom dat die Portugese begin besef het dat die Afrikaners se nasionale gevoel besig was om te ontwaak en dat hulle dalk die land gaan verlaat „en weggooi as 'n ou slegte skoen wat altyd geknyp het en nooit wou pas nie.“¹⁴¹ Dat hul staatloosheid voortdurend 'n kwelling des geestes was, kan nie betwyfel word nie en moet dus as 'n bydraende oorsaak tot hul uittog aanvaar word.

Gebrek aan beskerming

Verskeie ander beweegredes vir hul uittog hang ten nouste met hierdie staatloosheid van die Angola-Afrikaners saam. So hou hulle tevergeefse stryd om eiendomsreg op hul grond te kry en die gebrek aan beskerming hiermee ten nouste verband. Boeresegsmanne het dan ook met nadruk verklaar dat hul sogenaamde burgerreg¹⁴² al dadelik verval het sodra hulle om grondbriewe vir hul

plase604/-

138) Chapman, W.J.B.: Memoirs, p.104

139) Van der Merwe, P.J.: Ons Halfeeue in Angola, p.197

140) Venterstukke: E. Mayer - ds. D.G. Venter, dd. Namba 16.4.1927

141) Ibid.

142) Die Burger 17.10.1928

plase en om beskerming vir hul persoon en eiendom begin aanspraak maak het. Sodanige beskerming van owerheidsweë teen die roofsug van inboorlinge en teen die vernielsug, oortredings en diefstalle deur Madeira-kolonies¹⁴³ (boere-naam vir die laagste klas blanke Portugees) moes hulle ontbeer. Tog was hulle onderworpe aan talle onbillike belastings, lisensies en verpligtinge.

Die grofste vorm van aanranding en moord op Afrikaners is deur die Portugese owerhede deur die vingers gesien. As tipiese voorbeelde hiervan, dien die aanranding en ontydige dood van mev. J. Alberts en die moord op Jakobus Labuschagne.

Die Alberts-voorval het soos volg verloop. By geleentheid het Ageriam, die chefe van die Posto of Fort Cassanque, 'n Mulatto of Portugese baster, soos gewoonlik sy soldate uitgestuur om inboorlinge vir die werk op die plantasies te vang.¹⁴⁴ Die soldate kon nie daarin slaag om manlike inboorlinge in die hande te kry nie en het gevolglik die vrouens na die fort gebring waar hulle aangehou sou word totdat hul mans hulle vir werk op die plantasies kom aanmeld. In die omgewing waar hierdie gewelddadigheid plaasgevind het, het 'n Boer, Johannes Alberts, gewoon. Toe die mans en vrouens in die nabygeleë statte by die verskyning van Ageriam se soldate op vlug slaan, het twee vrouens vir beskerming na Alberts se huis gehardloop, ingegaan en sonder meer die deur agter hulle toegeslaan. Alberts se vrou was swak en siek aangesien sy kort te vore 'n bevalling gehad het. Die brutale swart soldate het die huis binnegestorm en haar met hul geweerkolwe uit die pad gestamp in hul poging om die vrouens te vang. Volgens Chapman "the shock aggravated the enfeebled state of Mrs. Alberts was in, resulting in her premature death".¹⁴⁵

Kort 605/-

143) Die Burger 17.10.1928

144) Chapman, W.J.B.: Memoirs, p.120; Venter, ds. D.G.: Dagboek.

145) Ibid., Ibid.

Kort voor haar dood het Alberts die fort besoek om by Ageriam beswaar te maak teen die brutaliteit van sy soldate. Ageriam het hom in die teenwoordigheid van sy soldate op onbeskofte wyse uit sy kantoor gejaag. In samewerking met W.J.B. Chapman en die broers Ernst en Alfred Meyer, het die Portugese handelaars van die omgewing 'n klagstaat onderteken, waarin die regering versoek is om die optrede van hierdie wyksmeester te laat ondersoek.¹⁴⁶ Daar is ook by die Britse konsul-generaal in Loanda beswaar gemaak teen die behandeling wat Alberts en sy vrou van hom moes verduur en sy ontslag is geëis. Dit was egter alles tevergeefs. Geen stappe is teen die wyksmeester geneem nie.

Die moord op die jong getroude Boer, Jakobus Labuschagne was nog erger. Hy was in diens van die Anglo-American Diamond Company en is op sy terugkeer na sy huis aan die Cuivarivier naby die dorpie Cuma op die Libitospoorlyn vermoor.¹⁴⁸ W.J.B. Chapman het die oorledene se eggenote na die moordtoneel versagel, aangesien die distriksadministrateur hom versoek het om ter plaatse by die ondersoek teenwoordig te wees. Die lyk is gevind waar dit naak aan 'n paal by die Cuivarivier gehang het. Dit is deur Chapman herken as dié van sy buurman, Jakobus Labuschagne. Uit die ondersoek het geblyk dat 'n inboorling wat van die moord verdink is, sy onskuld kon bewys, terwyl daar ook teen ander verdagte inboorlinge wat gevlug het, geen definitiewe bewyse gevind kon word nie. Chapman het met dr. Merlin W. Erms, wat 'n sendingstasie in die nabyheid gehad het, saamgestem dat die moordenaar(s) na alle waarskynlikheid Blankes was.¹⁴⁹ Skoenspore van twee persone wat die lyk gedra het, was nog duidelik kenbaar. Labuschagne wat al sy klere en ongeveer tien centos (R160) aan kontant by hom gehad het, is van alles beroof tot selfs die klere wat hy aan sy lyf gehad het.

Die 606/-

146) Chapman, W.J.B.: Memoirs, p.120.

147) Ibid.

148) Ibid., p.111

149) Ibid.

Die Portugese owerheid het egter geen verdere ondersoek nodig geag nie, want die moordenaars het volgens hulle ontsnap en per slot van sake, sê Chapman, was Labuschagne in hulle oë "only a Boer".¹⁵⁰

Soms is selfs Afrikanerkinders sonder die geringste provokasie op brutale wyse geïntimideer en gearresteer. 'n Veertienjarige seun, Jan Labuschagne, was alleen op sy pa se plaas naby Makuma, toe daar een oggend 'n swart korporaal en vier swart soldate opdaag. Jan is met 'n rewolwer gedreig en sy hande is agter sy rug vasgebind. Hierna is hy tien kilometer ver na die naaste Portugese fort aangejaag en in 'n tronksel aangehou tot die volgende oggend om 3h00.¹⁵¹ Op hierdie vroeë uur het die swart korporaal weer verskyn en hom tussen twee swart soldate na Humpata wat vyf-en-twintig kilometer verwyder was, laat marsjeer. Op pad het hulle 'n paar Boere-perde-ruiters wat na Jan se inhegtenisneming kom ondersoek instel het, raakgeloop. Hulle het aangebied om Jan op een van hul perde na Humpata te laat ry, maar dit is deur die swart korporaal ten strengste verbied.¹⁵²

By hul aankoms by die administrateurswoning wou die administrateur, Raul Pives, vir Jan sonder verhoor tronk toe stuur. Die Boere het hierteen ten sterkste beswaar gemaak. Pives het hierop ingewillig dat hy sou toelaat dat Jan op borgtog van R200 na Lubango gestuur word om deur die Goewerneur verhoor te word.¹⁵³ Jan is deur al die Afrikanermans van Humpata na Lubango vergesêl. Uit die verhoor het geblyk dat Jan Labuschagne om geen oortreding

hoegenaamd 607/-

150) Chapman, W.J.B.: Memoirs, p.112

151) Ibid., p.122

152) Ibid., p. 121

153) Ibid., pp.121-2

hoegenaamd in hegtenis geneem is nie. Die administrateur van Humpata het die wyksmeester (chefe) van Fort Jan opdrag gegee om blankes te arresteer en Jan was hulle eerste slagoffer.¹⁵⁴ Die goewerneur het aan die Boere belowe om die saak te ondersoek, maar daarby het dit gebly.¹⁵⁵

Daar is ook reeds vroeër verwys na die brutale behandeling wat Boere tydens die Eerste Wêreldoorlog te beurt geval het. Dit alles in ag genome, verbaas dit nie dat die Boere die land wou verlaat nie. Voordat hulle egter tot hierdie drastiese stap wou oorgaan, sou hulle nog één poging aanwend om 'n oplossing vir hul probleme te probeer vind. Hulle sou probeer om in Angola 'n Unie-konsul aangestel te kry wat na hulle welsyn kon omsien en hul griewe aan die owerheid kon voorlê.

Die Portugese weiering van 'n Unie-konsulaat

W.J.B. Chapman sê dat die ontevredenheid onder die Boere-gemeenskap in April 1926 'n hoogtepunt bereik het met die gebeure wat hulle rondom die aanstelling van 'n Suid-Afrikaanse konsul in Angola afgespeel het.¹⁵⁶ Chapman en die Meyer-broers het hulle ten sterkste beywer vir die aanstelling van 'n verteenwoordiger van die Unie van S.A. in Angola.¹⁵⁷ Vroeg in 1926 is mnr. Ernst Johann Meyer, wat destyds in Noord-Angola by Mombolo gewoon het, deur die Eerste Minister, genl. J.B.M. Hertzog na die Unie ontbied. Hy is deur die Unie-regering as konsul in Angola aangestel.¹⁵⁸ In afwagting van sy amptelike aanstelling en goedkeuring deur die Portugese regering het Meyer na Angola teruggekeer en hy het stil op sy plaas gaan woon en veral gesorg dat hy op generlei wyse die Portugese onwil op hom haal deur in sy beoogde

hoedanigheid608/-

154) Chapman, W.J.B.: Memoirs, p.121-2

155) Ibid.

156) Ibid., p.98

157) Van den Berg, G.W.: Herinneringe.

158) Van der Merwe, P.J.: Ons Halfee in Angola, p.182

hoedanigheid op te tree nie. Intussen het hy egter deur die opstel van naamlyste van die Angola-Boere voorbereidende werk gedoen. Net soos voor sy aanstelling, het hy voortgegaan om in sy private hoedanigheid sy volks-genote behulpsaam te wees in hul aansoeke om lisensies en hulle korrespondensie met die Portugese owerheid.¹⁵⁹

Die Portugese owerheid het maandelank gesloer om toestemming tot die aanstelling van 'n Unie-vertegenwoordiger, te verleen. Chapman sê, dat hulle standpunt was dat die Unie van Suid-Afrika "was only a British colony and had no right to appoint Consuls anywhere".¹⁶⁰ Bowendien was hulle van mening dat net 'n paar Boere-leiers en enkele ontevredenes die land sou verlaat.¹⁶¹ Daarna sou die oorblywende Afrikaners in hul lot berus en in Angola bly.¹⁶²

Die ontevredenheid onder die Boere-gemeenskap het egter vinnig toegeneem en die Sandvelders in die suide van Angola het skoon oproerig geraak. Toe ds. T.F.J. Dreyer in Augustus 1926 die Nederduits Hervormde gemeente van Humpata besoek het, het hulle 'n versoekskrif opgestel, waarin hulle die Unie-regering om verlof gevra het om hulself in die Kaokoveld in Suidwes-Afrika te gaan vestig en Ds. Dreyer is gevra om dit aan die Unie-regering te oorhandig.¹⁶³ Hierdie poging was onsuksesvol, want die amptelike standpunt van genl. Hertzog was toe nog dat probeer moes word om die Angola-Afrikaners in daardie land te hou.¹⁶⁴ Ook mnr. Ernst Meyer het hom dadelik na die Sandveld gehaas

om609/-

159) Van der Merwe, P.J.: Ons Halfeeue in Angola, p.182

160) Chapman, W.J.B.: Memoirs, p.98

161) Van der Merwe, P.J.: op.cit., 185-6

162) Alberts, A.: Herinneringe, p.16; Chapman, W.J.B.: op.cit., p.98

163) Van der Merwe, P.J.: op.cit., p.180

164) Ibid., p.185

om die trekgees te probeer demp.¹⁶⁵

In dieselfde jaar, op 20 Desember, tydens die Statebondskonferensie in Londen, is beslis dat die Britse dominiums geregtig was om sonder Britse toestemming diplomatieke verhoudinge met enige land aan te knoop. Daarmee is Portugal se eerste beswaar teen 'n Unie-konsul uit die weggeruim en die Portugese regering is weer eens in kennis gestel dat mnr. Ernst Meyer as konsul vir die Unie van Suid-Afrika in Angola aangestel word.¹⁶⁶

Nou het die Portugese owerheid met 'n nuwe beswaar vorendag gekom en aangevoer dat mnr. Meyer vir hulle as konsul onaanvaarbaar was "as he had used injudicious language with the Boers by telling them not to emigrate to South West Africa but to prepare for an eventuality".¹⁶⁷

Hierdie en enige ander besware wat hulle nog mag versin het, was bloot denkbeeldig. Chapman sê dit was in die owerheid van Angola se belang om mnr. Meyer as konsul te weier: Hy was as mens by verre na hul meerdere; hy was 'n geleerde man; het te meer nog beskik oor intieme kennis oor "all the trickery of their ex High Commissioner, Antonio Vicente Ferreira".¹⁶⁸ Chapman hou hierdie amptenaar dan ook persoonlik vir die verwerping van mnr. Meyer se aanstelling as konsul verantwoordelik. Daarbenewens het Ernst Meyer jare lank in Angola gewoon; hy kon Portugees praat; hy was vertrouwd met die Boere se geskiedenis in Angola; hy het geweet watter behandeling hulle van die owerheid ontvang het, en hoe dikwels hulle deur Portugese, Portugese basters (Mulattos) en Negers wat 'n behae in hul weerloosheid geskep het, beledig en

verontreg610/-

166) Chapman, W.J.B.: Memoirs, p.98

167) Ibid.

168) Ibid., p.99

verontreg is. So 'n goed ingeligte Suid-Afrikaanse konsul sou die Hoë Kommissaris, wat buitendien 'n hater van vreemdelinge was, nie kon duld nie.¹⁶⁹

Toe Ernst Meyer verneem het dat sy aanstelling as konsul deur die Portugese owerheid afgekeur is, het hy dadelik na Suid-Afrika vertrek om genl. Hertzog hieroor te spreek. Die aantygings teen hom kon hy maklik weerlê en hy het aan genl. Hertzog voorgestel dat hy vir die aanstelling as konsul sou bedank om aldus die weg tot die benoeming van 'n ander persoon deur die Eerste Minister oop te laat. Hy was oortuig dat die Portugese owerheid dan geen rede sou kon vind om die aanstelling van 'n Unie-konsulskap verder teen te staan nie.¹⁷⁰ Hertzog was aanvanklik nie hiervoor te vinde nie, omdat Meyer oor bewyse beskik het dat die beskuldigings teen hom ongegrond was. Hy wou nog 'n poging aanwens om die Portugese owerheid te oorreed om hul besluit in heroorweging te neem. Met hierdie doel het hy Meyer na Angola teruggestuur met die opdrag om 'n volledige verslag oor die Angola-Boere aan hom voor te lê, 'n opdrag wat Meyer dan ook geredelik uitgevoer het.¹⁷¹

Genl. Hertzog het hierna die Portugese owerheid in kennis gestel dat hy onvoorwaardelike vertroue in die integriteit van mnr. Meyer het,¹⁷² en dat die Unie-regering geweier het om iemand anders as konsul in Angola aan te stel.¹⁷³

Mnr. Alfred Meyer, broer van Ernst, het as gevolg van hierdie verwikkelinge die land verlaat. Tydens 'n besoek aan genl. Hertzog het hy dit benadruk dat die onsekere toestand waarin die Boeregemeenskap verkeer het, deur die Portugese owerheid tot hul eie voordeel uitgebuit word. Die frustrasie van

die611/-

169) Chapman, W.J.B.: Memoirs, p.98

170) Van der Merwe, P.J.: Ons Halfeeue in Angola, p.84

171) Ibid.

172) Chapman, W.J.B.: Memoirs, p.99

173) Van der Merwe, P.J.: op.cit., p.188

die Boeregemeenskap het steeds toegeneem en die trekgees het sterk opgevlam.¹⁷⁴

In April 1927 het die owerheid weer eens aan Afrikaners wat in Humpata gebore is, die geleentheid gegee om skriftelik hul keuse ten opsigte van hul burgerskap uit te oefen. Geen druk is op hul uitgeoefen om ten gunste van die Portugese burgerskap te besluit nie. Die groot meerderheid het ten gunste van Unie-burgerskap beslis¹⁷⁵ en daarmee het die trekgees weer 'opnuut opgevlam'.¹⁷⁶

Nadat die Unie-regering sy aansoek om 'n diplomatieke verteenwoordiger in Angola aangestel te kry, teruggetrek het, het mnr. Ernst Meyer hom heelhartig beywer om die Afrikaners uit Angola te laat migreer. Hy het by die Unie-regering daarop aangedring dat die Boere toegelaat moet word om na Suidwes-Afrika te trek. Aan ds. D.G. Venter skryf hy dat dit by hom 'n gewetensaak geword het om te sorg dat die trek plaasvind.¹⁷⁷

Die weiering van die Portugese regering om mnr. Ernst Meyer as Unie-konsul te aanvaar en die ernstige en ongegronde beskuldigings teen hom, het ook op die Boeregemeenskap in die algemeen ongunstig gereflekteer. Dit het besadigde en welvarende Boere laat besef dat Angola vir hul nageslag geen toekoms gebied het nie. Onder hulle het getel Michiel van der Merwe van die plaas Jamba en die erkende Boere-leier Andries Alberts. Ook hierdie manne het nou alles in die stryd gewerp om die Angola-Afrikaners te oortuig dat hul heil by die Unie-regering gelê het.¹⁷⁸ Op 4 Oktober 1927 skryf Michiel van der Merwe aan ds. Venter dat die trek terug van meer waarde vir die Boere sal wees as die aanstelling van 'n diplomatieke verteenwoordiger.¹⁷⁹

Die weiering van die Portugese owerheid om mnr. Ernst Meyer as Unie-konsul te aanvaar, moet dus beskou word as die onmiddellike oorsaak waarom die Boere

Angola612/-

174) Venterstukke: Alfred Meyer - ds. D.G. Venter, dd. Vryheid, 27.6.1927

175) Van der Merwe, P.J.: Ons Halfeeue in Angola, p.183

176) Ibid.

177) Venterstukke: E. Meyer - ds. D.G. Venter, dd. Cahalo 2.12.1927

178) Van der Merwe, P.J.: op.cit., p.84

179) Venterstukke: M. van der Merwe - ds. D.G. Venter, dd. Jamba 4.10.1927

Angola verlaat het. Volgens Chapman het die Boere hierna desperaat begin raak. Die algemene besef het tot hulle deurgedring dat hulle nooit geregtigheid kan verwag van 'n regering wat so laakbaar optree nie. 'n Dokument waarin die aantygings teen Ernst Meyer gerepudieer is, is opgestel en elkeen wat ooit met hom in aanraking was, het dit onderteken.¹⁸⁰

..... 613/-

180) Chapman, W.J.B.: Memoirs, p.105

HOOFSTUK XVIIIDIE VERLORE SEUNS KEER TERUGVOORBEREIDENDE STAPPE

In Desember 1925 het mnr. Piet van Wyk van Boshoeck, Rustenburg, 'n besoek aan Angola gebring om 'n eiendomstransaksie af te handel en het op die wyse 'n belangrike skakel geword om die trekbeweging na Suidwes-Afrika aan die gang te kry.¹ Toe hy verneem dat die Boere nie meer in Angola kon bestaan nie, het hy hulle aangeraai om 'n petisie aan die Unie-regering te stuur. Hulle beswaar was dat hulle met die hantering van dokumente van hierdie aard nie vertrouwd was nie. Hy het dus onderneem om deur bemiddeling van minister Piet Grobler hulle van 'n proto-kopie te voorsien. Terug in Transvaal het Van Wyk so 'n voorbereide petisie saam met Jan Breedts wat in Rustenburg besoek afgelê het, aan Michiel van der Merwe in Angola gestuur. Jan Breedts was so ingenome met die doel waarvoor die petisie opgestel is, dat hy op eie houtjie besluit het om dit in die Sandveld af te gee om geteken te word. Nadat die petisie in hierdie omgewing onderteken is, is dit na Humpata gebring, waar dit eers deur die Hervormde Kerk onder hande geneem is en toe aan Michiel van der Merwe oorhandig is, om lidmate van die Gereformeerde Kerk te laat teken.²

Van der Merwe het dadelik 'n vergaderinkie van vooraanstaande persone in sy huis byeengeroep. Op hierdie vergadering was ook teenwoordig ds. T.F.J. Dreyer van die Hervormde Kerk en ds. D.G. Venter van die Gereformeerde Kerk, wat in Angola op besoek was. Die vergadering is verder bygewoon deur mnr. Ernst Meyer, Z. Robbertse en Hansie Alberts. Van der Merwe wou van die aanwesiges weet of hy die petisie aan die Unie-regering moes aanstuur.³

Hieroor 614/-

-
- 1) Van der Merwe, Michiel: Herinneringe van oom Michiel van der Merwe. Opgeteken deur A. Alberts en opgeneem in Swerwers op die Sonpad deur W.A. de Klerk., p.236
 - 2) Ibid.
 - 3) Ibid.

Hieroor was daar verskil van mening. Ds. Dreyer het hom sterk ten gunste van so 'n stap uitgespreek. Ds. D.G. Venter wou nie 'n definitiewe standpunt inneem nie terwyl mnr. Ernst Meyer wou hê dat hulle nog 'n bietjie moes wag, aangesien hy nog die hoop gekoester het dat die aanstelling van 'n Uniekonsul moontlik kon slaag.⁴ Voordat tot 'n finale beslissing gekom kon word, het Willem Venter die huis binnegekom en driftig te kenne gegee dat hy persoonlik sou toesien dat geen Boer deur die Kunenerivier trek nie. Blykbaar bevrees vir Portugese intimidasie het die aanwesiges dadelik die huis verlaat. Die petisie is egter, volgens oorlewering, deur ds. Dreyer na die Unie meeneem.⁵

Ds. Venter het by sy terugkeer na Suid-Afrika geen moeite ontsien om die Boerse saak by die belanghebbende partye te bepleit nie. Hy het ook aan administrateur Werth persoonlik geskryf om hom oor die Angola-Afrikaners in te lig. Op 9 November 1926 het adm. Werth op sy skrywe geantwoord. Daaruit blyk dat hy die Angola-Boere „as ons eie vleis en bloed” beskou het en dat hul moontlike vestiging in Suidwes-Afrika hom reeds groot hoofbrekens besorg het. Hul le vestiging in die Kaokoveld kon vir Suidwes-Afrika rampspoedige ekonomiese gevolge hê, omdat die moontlikheid bestaan dat die Angola-Boere 'n epidemie van longsiekte aldaar kon veroorsaak wat die vleismark sou ruïneer. Hy was egter in onderhandeling met min. Piet Grobler en wou graag weet hoeveel Boeremense daar na skatting in Angola was.⁶

Uit 'n brief van min. Piet Grobler aan ds. Venter in Desember 1926 blyk dit dat die minister die saak van die Angola-Boere goedgesind was. Hy was reeds met administrateur Werth oor hulle in verbinding en was ook van sy ondersteuning verseker. Die gevaar dat Suidwes-Afrika met longsiekte besmet kon word, was

egter615/-

4) Van der Merwe, Michiel: Herinneringe van oom Michiel van der Merwe. Opgeteken deur A. Alberts en opgeneem in Swerwers op die Sonpad deur W.A. de Klerk., p.236

5) Ibid., p.237

6) Venterstukke: administrateur Werth - ds. D.G. Venter, dd. Windhoek 9.11.1926

egter wesentlik. Grobler was dus van voornemens om na die Parlementsitting vroeg in 1927 verder met die Administrateur oor hierdie probleem te onderhandel en om 'n ontmoeting met die Boere self probeer reël.⁷ Die verdere probleem dat die Departement van Lande in Suidwes-Afrika nie onder hom nie, maar onder die Administrateur geressorteer het,⁸ sou dan ook aandag geniet.

Minister Piet Grobler was om verskeie redes die geskikste persoon om die saak van die Angola-Boere in Suid-Afrika te hanteer. Hy was uit die distrik van Rustenburg afkomstig, waarheen 'n groep Angola-Boere in 1909 saam met Jan Robbertse teruggetrek het en hy was met sommige van hierdie mense persoonlik bekend. In die Rebelle van 1914 het van hierdie Trekkers, soos Hans en Gert Alberts en Koos van der Merwe, deelgeneem en is gevange geneem. Buitendien was Izak Grobler, 'n Angola-Boer, 'n oom van hierdie minister. Dat hy besonder simpatiesk teenoor die Angola-Afrikaners sou staan, was eintlik vanselfsprekend. Meer as enige ander politikus in die Unie het hy hulle omstandighede en probleme geken.⁹ Hy het sy sekretaris, mnr. Cross, persoonlik na Windhoek gestuur om voorbereidsels vir enige verdere onderhandelinge tussen die Angola-Boere en die Suidwes-administrasie te tref.

In November 1927 is 'n vergadering van voorstanders van die trek na Suidwes-Afrika ten huise van die stoere ou Dorslandtrekker, L.M. du Plessis, gehou. Op hierdie vergadering was teenwoordig: E. Meyer, H. Smit, M. van der Merwe, L.M. du Plessis, J.M. du Plessis, P. Oosthuizen en P.G. van der Merwe.¹⁰ Op advies van mnr. Ernst Meyer is besluit om 'n afvaardiging na die Unie van Suid-Afrika te stuur om 'n versoekskrif aan genl. J.B.M. Hertzog voor te lê. Die voorstel is aanvaar en die Humpata-Boere het vir Michiel van der Merwe as hul afgevaardigde aangewys, terwyl die ou Dorslandtrekker, Andries Alberts,

hom 616/-

7) Venterstukke: min. P. Grobler - ds. D.G. Venter, dd. Pretoria 17.12.1926

8) Ibid.

9) Van der Merwe, M.: Herinneringe, p.237

10) Van der Merwe, P.J.: Ons Halfeeue in Angola, p.193

hom as die afgevaardigde van Mombolo sou vergesél.¹¹

In die versoekskrif is onder andere die volgende feite onder genl. Hertzog se aandag gebring: Die Boere se laaste hoop op geregtigheid is verydel nadat mnr. Ernst Meyer, wat deur almal vertrou en gerespekteer is, nie deur Portugal as Unie-konsul aanvaar is nie. Die gevoel dat hulle vroeër of later weer die land sou moes verlaat, het al hoe sterker geword. Hulle was in Angola oorgelaat aan die willekeur van 'n onsimpatieke regering, en as hulle daar moes bly, was daar vir hul kinders geen toekoms nie. Hulle sou "regteloos", besitloos en sonder onderwysers vir hul kinders moes voortgaan. Bowendien het hulle na hul land en volk terug verlang.¹²

Vir die afgevaardigdes was daar nou die probleem van reisdokumente. Andries Alberts was byna sewentig jaar oud. Hy was nie meer onderhewig aan die militêre belasting wat van persone tussen agtien en vyf-en-veertig jaar gevorder is wat die land wou verlaat nie. Hy kon dus maklik teregkom. Michiel van der Merwe was nog 'n betreklike jong man, maar hy het sy reisdokumente in orde gekry op voorwendsel dat hy vir mediese behandeling na die Unie gaan en weer sou terugkom.¹³

Andries Alberts het die reis na die Unie op eie koste onderneem, terwyl die Humpata-Boere Michiel van der Merwe se onkoste gedra het. Aangesien oom Andries se geld egter op Rustenburg in die bank was, waar hulle van plan was om aan te gaan, moes Michiel van der Merwe intussen al die nodige voorskiet. Die afvaardiging het met 'n gehuurde motor van Piet Scholtz, waarvoor hulle R120 betaal het op 24 Januarie 1928 van Ediva na Grootfontein gereis, en op 1 Februarie in Windhoek aangekom.¹⁴

Onmiddellik617/-

11) Van der Merwe, P.J.: Ons Halfeeue in Angola, p.193

12) Ibid.

13) Van der Merwe, Michiel: Herinneringe, p.237-8

14) Ibid.

Onmiddellik na hul aankoms, het die Boere-afvaardiging 'n onderhoud met administrateur Werth aangevra. Hy het hulle alles behalwe vriendelik ontvang. Hy het hulle dit verkwalik dat daar elke nou en dan 'n ander Angolese Boere-afvaardiging by hom opdaag - Visagie, De Flemming, Volkes en nou weer Alberts en van der Merwe. Hy was dus nie bereid om enige samesprekings met hulle te voer nie en het hulle meegedeel dat die saak van die Angola-Boere binne afsienbare tyd in die Wetgewende Vergadering bespreek sal word. As hulle verkies, kan hulle die sitting bywoon.¹⁵

Na hierdie onvriendelike ontvangs, het Michiel van der Merwe dit gerade geag om aan ds. Dirk Postma wat hulle jare tevore sterk aangeraai het om terug te trek, 'n brief te skrywe. Op Ontvangs van die brief het ds. Postma getelegrafeer dat hulle in Windhoek op 'n brief van hom moes wag. In sy brief het hy hulle uitgenooi om by hom op Burgersdorp aan te doen al sou hulle ook nie Kaap toe gaan nie.

Die sitting van die Wetgewende Vergadering waarop hulle gewag het, het op 20 Februarie plaasgevind. Die afgevaardigdes moes dus ruim drie weke in Windhoek vertoef. In hierdie drie weke het hulle met Suidwesters ywerig gesprekke aangeknoop om aldus vas te stel wat die houding van die bevolking was oor hulle pogings om na Suidwes-Afrika terug te keer. Uit hierdie gesprekke het dit geblyk dat die Administrasie hulle nie sou toelaat om na die Kaokoveld te trek nie en dat daar Duitsers sowel as Afrikaners was wat gekant was teen hulle terugkeer na Suidwes-Afrika. Michiel van der Merwe was oortuig dat administrateur Werth deur kwaadwillige gerugte oor die Angola-Boere, aanvanklik bevooroordeeld teenoor hulle was.¹⁶

Toe die sitting uiteindelik plaasvind, is hulle toegelaat om dit by te woon. Uit die bespreking oor die lot van die Angola-Boere in die Wetgewende Vergadering,

het 618/-

15) Van der Merwe, Michiel: Herinneringe, 237-8

16) Ibid.

het dit geblyk dat dié Raad bereid was om die driehonderd-en-vyftig families, waaruit die Angola-Afrikanergemeenskap bestaan het, toe te laat om oor die grens na Suidwes-Afrika te trek. Sodra hulle in Suidwes-Afrika aankom, sou die Administrasie honderd van die beste families uitsoek en vir genl. Hertzog vra om hulle in die Hertzogblok te vestig. 'n Dam moes by Ramansdrif in die Oranjerivier gebou word sodat nog vyftig families daar gevestig kon word. Vir die orige tweehonderd families was daar in Suidwes-Afrika nie plek nie en hulle sou moes deurtrek na die Unie toe.¹⁷

Die twee afgevaardigdes was om verstaanbare redes oor hierdie vertoon van bevooroordeeldheid verontwaardig. Andries Alberts het dit onomwonde aan die Raadslede gestel dat die Angola-Afrikaners nie bereid was om sulke voorwaardes te aanvaar nie. Die afvaardiging sou liever sy reis voortsit om met genl. Hertzog persoonlik te onderhandel. Michiel van der Merwe het op sy beurt gesê dat die Angola-Boere weier om hulle soos skape en bokke te laat uitsoek.¹⁸

Toe hulle die gebou verlaat, het 'n amptenaar oom Andries Alberts in sy kantoor ingeroep. Dit het geblyk die sekretaris van minister Grobler te wees.¹⁹

Na die lang gewag in Windhoek was die afgevaardigdes feitlik sonder geld. Hulle het die volgende dag weer 'n onderhoud met administrateur Werth gevoer. Hulle het hom meegedeel dat hulle graag genl. Hertzog persoonlik wil gaan spreek en hulle het hom in hul finansiële verleentheid versoek om hulle aan die nodige treinkaartjies te help om hulle sending te kan voltooi. Mnr. Werth het met sy onvriendelike optrede teenoor hulle volgehou. Hy het verklaar dat dit hom nie aangaan wat hulle gaan doen nie en dat hy hulle nie kan

help619/-

17) Van der Merwe, M: Herinneringe, p.237-8

18) Ibid., p.238

19) Ibid.

help nie.²⁰ Hierop het hulle besluit om by mnr. Cross, die sekretaris van minister Grobler, om hulp te gaan aanklop. Hierdie amptenaar het hulle simpatiek ontvang. Hy het hulle van die nodige reisdokumente voorsien en het die treinkaartjies so gereël dat hulle eers op Burgersdorp kon aangaan om met ds. Postma oorleg te pleeg.²¹

Op die trein het hulle mnr. Cross en nog twee regeringsamptenare raakgeloop. Hierdie here het naastiglik by hulle uitgevis waarom hulle versoek het om juis na die Kaokoveld te trek. Die gerug is deur kwaadwilliges versprei dat hulle hierheen wou trek met die doel om hulle op die olifantjag toe te lê. Gelukkig kon hulle hierdie valse gerug doeltreffend weerlê. Die versoek is gerig slegs omdat hulle sonder regeringsondersteuning hierdie bestemming sou kon bereik: hulle sou in hul eie waens bloot oor die grens daarheen trek en hulle aldaar as selfstandige boere vestig.²² Hulle kon ook die berigging in die vyandiggesinde Duitse en Engelse pers dat hulle met geweld oor die grens wou breek, ontsenu.²³

Die afvaardiging is gasvry deur ds. Postma op Burgersdorp ontvang en in sy pastorie gehuisves. Hy het persoonlik genl. Hertzog gebel en 'n afspraak vir hulle met hom gemaak. Aangesien dit nog geruime tyd sou duur aler hierdie onderhoud kon plaasvind het hulle rustig by ds. Postma gekuier en intussen talle joernaliste te woord gestaan. Hulle verwantskap met die Dorslandtrekkers het nou vir hulle 'n aanbeveling geword. Hulle het ds. Postma na 'n kerkvergadering op Venterstad vergesél, waar toestemming verleen is dat ds. Postma hulle op koste van die Gereformeerde Kerk na Kaapstad kon vergesél.²⁴ Hulle het op 6 Maart na die Kaap vertrek en op 8 Maart vir genl. Hertzog ontmoet.

Tydens 620/-

20) Van der Merwe, M.: Herinneringe, p.238

21) Ibid.

22) Ibid., p.239

23) Die Burger, 17.10.1928

24) Van der Merwe, M: op.cit., p.239

Tydens hulle onderhoud met genl. Hertzog het hulle ook aan hom 'n brief oorhandig wat mnr. Ernst Meyer aan hulle meegegee het. Genl. Hertzog wou van hulle weet waarom hulle in Angola nie 'n bestaan kon vind nie. Hulle het o.a. aan hom hindernisse genoem soos gelykstelling van blank en nie-blank, die gebrek aan skole, verpligte militêre diens en die neerdrukkende militêre belasting, en die feit dat hulle nie eiendomsreg op hul plase kon kry nie.²⁵

Na afloop van die onderhoud was dit duidelik dat genl. Hertzog hulle terugkeer in beginsel goedgekeur het. Hy het gereël dat hulle die volgende dag met min. Piet Grobler oor die besonderhede van hierdie terugtog sou onderhandel en in hul onderhoud met hierdie simpatieke minister is ooreengekom dat hulle hulle nie in die Kaokoveld sou vestig nie, maar dat hy R700 000 vir hul vestiging elders in Suidwes-Afrika by die Parlement sou aanvra, en dat 'n konferensie aan die Kunenerivier gehou sou word, waar verdere reëlins vir hul vestiging getref kon word.²⁶ Omdat die verkryging van die geld 'n geruime tyd in beslag sou neem, het min. Grobler hulle aangeraai om intussen vir familie in Rustenburg te gaan kuier en om dan na Windhoek terug te keer waar hulle die uitslag sou verneem.²⁷

By hul tweede besoek aan die Administrateur in Windhoek is hulle nou hartlik deur hom ontvang en hy het die vestiging van Angola-Bocere in die gebied verwelkom. Die antwoord van min. Grobler is skriftelik aan hulle oorhandig, maar hulle moes die inhoud voorlopig as vertrouelik beskou.

Hulle het per trein na Outjo vertrek, waar hulle weer moes wag op nog 'n brief van die Unie-regering. Dit het voorskrifte bevat i.v.m. sekere dokumente wat hulle moes opstel en teken voordat hulle Angola verlaat. Van Outjo is hulle na Ovamboland waarvandaan hulle onder beskerming van luit. Hahn na Endjiva gereis het.²⁹

Swaar 621/-

25) Van der Merwe, M.: Herinneringe, p.240

26) Ibid.

27) Ibid., pp.241-43

28) Ibid.

29) Ibid.

Swaar reën het intussen uitgesak en die paaie was vir alle motorverkeer onbegaanbaar, sodat hulle per oskar na Fort Rocadas moes reis. Op hierdie kar moes hulle hulself teen die reën onder sinkplate beskut, aangesien hulle geen seile by hulle gehad het nie. Nadat hulle met 'n skuit na die wesower van die Kunenerivier geneem is, moes hulle hul bagasie tot op Humbe dra. Hier moes hulle vyf dae wag op 'n geleentheid om hulle verder te neem. Op 12 April het daar eindelijk 'n vragmotor oorkant die rivier opgedaag.³⁰ Hulle moes weer hul bagasie oor 'n voetbruggie oor die rivier dra en deur die vol sloepe van die rivier waad om hierdie vervoermiddel te bereik. Die voertuig het die bejaarde oom Andries Alberts op Ediva afgelaai waarvandaan hy te voet na sy tuiste in die Sandveld moes terugkeer. Die jonger Michiel van der Merwe het gelukkig vervoer tot op Lubango gekry.³¹

Na die terugkeer van die afvaardiging is op 16 April 1928 'n kommissie, bestaande uit: A.J. Alberts, (jr.), M. van der Merwe en P.S. van der Walt, aangewys om by die magistraat 'n lisensie te bekom vir die hou van 'n openbare vergadering. Verlof hiertoe is verleen met die voorbehoud dat die vergadering by die magistraatkantoor op Humpata sou plaasvind.³²

DIE SWARTBOOISDRIF-KONFERENSIE

Om die Boere van intimidasie deur die Portugese owerheid te beskerm, het die Unie-Regering 'n kabelgram aan die Portugese regering gestuur waarin hulle versoek is om die Boere nie te verhinder as hulle die land wou verlaat nie.³³ Hierdie kabelgram was vir die Portugese owerheid 'n openbaring. Dit het nou vir die eerste keer tot hulle deurgedring dat die twee persone wat so pas uit Suid-Afrika teruggekeer het, inderdaad Boere-afgesante was. Die geheimsinnigheid waarmee die Boere genoodsaak was om die voorbereidende stappe vir die trek te tref, was om Boere wat Portugese burgerskap aanvaar het, teen

Portugese 622/-

30) Van der Merwe, M.: Herinneringe, pp.241-3

31) Ibid., pp.243-44

32) Van der Merwe, P.J.: Ons Halfee in Angola, p.198-9

33) Ibid., p.199; Van der Merwe, M.: op.cit., pp.243-5

Portugese intimidasie te vrywaar.³⁴

Die voorgenome openbare Boere-vergadering is op 8 Mei 1928 onder blyke van groot belangstelling van die kant van die Portugese burgerlikes by die magistraatskantoor op Humpata gehou. Die goewerneur van Lubango het 'n amptenaar, ene Godinho, gestuur om hom op die vergadering te verteenwoordig. Om sy eie gebrekkige kennis van Afrikaans aan te vul het Godinho die Nederlander, mnr. Ring as tolk saamgebring. Die magistraat het 'n Portugees wat gebroke Afrikaans kon praat as sy persoonlike tolk saamgebring. P.J. van der Merwe sê dit was die belangrikste vergadering in die geskiedenis van die Anglo-Afrikaners en dit is deur vyf-en-tagtig Boere bygewoon.³⁵

Andries Alberts (jr). het as spreker opgetree en die doel van die vergadering geskets. Daarna het hy 'n brief van min. Piet Grobler, Minister van Lande van die Unie van Suid-Afrika, voorgelees. Dit was gerig aan mnre. M.W. van der Merwe, L.M. du Plessis en Herman Smit van Humpata.

Hieruit het geblyk dat min. Grobler en die administrateur van Suidwes-Afrika op 10 Junie 1928 by Swartbooisdrif aan die Kunenerivier sou wees om daar 'n afvaardiging van Angola-Afrikaners te woord te staan oor hul begeerde terugtog na Suidwes-Afrika.³⁶

Op die vergadering het Willem Venter, die Boereleier, verklaar dat hy 'n Portugees was en nie sou terugtrek nie. Hieruit was dit vir almal duidelik dat hulle nie langer op sy samewerking sou kon staatmaak nie.³⁷

Die Humpata-vergadering het Michiel van der Merwe, L.M. du Plessis, Herman Smit en P.J. van der Merwe as hul afgevaardigdes na die Swartbooisdrif-konferensie benoem.³⁸

Die 623/-

34) Van der Merwe, P.J.: Ons Halfee in Angola, p.199

35) Ibid., Van der Merwe, M.: Herinneringe, pp.244-5

36) Ibid., pp.199-200; Ibid.

37) Van der Merwe, M: op.cit., p.245

38) Ibid.

Die verteenwoordiger van die goewerneur, Godinho, het hierna aan die woord gekom en aan die afvaardiging toestemming verleen om die konferensie by Tshinkaka (Swartbooisdrif) te gaan bywoon. Na hul terugkoms so het hy voortgegaan, sou dit duidelik word watter Boere die land wou verlaat. Diesulkes sou nooit weer toegelaat word om na Portugese bodem terug te keer nie. Met hulle wat in die land agterbly, sou die Portugese owerheid hul eie reëlings tref. Die Boere-afvaardiging sou na Lubango moes gaan om aldaar te registreer en geen ander persone sou toegelaat word om die beoogde konferensie by te woon nie.³⁹ Die Boere het Godinho nou daarop gewys dat die verkose afvaardiging slegs die Humpata-Boere verteenwoordig en dat uit ander distrikte ook afvaardigings aangewys sal word. Hierop het hy beslis dat die Humpata-afvaardiging sodanige ander afgevaardigdes moes aanbeveel en dat niemand anders as die aanbevole persone uit ander distrikte toegelaat sou word om die konferensie te gaan bywoon nie.⁴⁰

Om te voorkom dat die Portugese miskien op die Boere se beste beslag lê, is mnr. Andries de Wet, 'n bekende leier in Afrikanerkringe in Suidwes-Afrika, intussen afgevaardig om die Angola-Boere se beste namens die Suidwes-Afrika Administrasie onder opsie te gaan koop. Hy het op 14 Mei 1928 op Lubango sy opwagting gemaak en is daar deur 'n Boere-afvaardiging ontmoet. Op 17 Mei het hy op die plaas Jamba van mnr. M.W. van der Merwe die opsie geneem op al die Boere se beste wat na Suidwes-Afrika wou terugkeer.⁴¹

Terselfdertyd het 'n tweede afvaardiging in Angola aangekom. Die latere administrateur van die Oranje-Vrystaat en hoofleier van die Ossewabrandwag, dr. J.F. van Rensburg, is as voorsitter van 'n kommissie deur die Unie-regering aangestel om die sowat agthonderd huwelike wat deur die Angola-Afrikaners

sedert 624/-

39) Van der Merwe, M.: Herinneringe, p.245; Van der Merwe, P.J. Ons Halfeeu in Angola, p.200

40) Ibid., Ibid.

41) Ibid., Ibid.

sedert hul uittog uit Transvaal aangegaan is, te ondersoek.⁴²

Dwarsdeur Angola het die Boere-gemeenskappe intussen hul afgevaardigdes aangewys vir die belangrike konferensie by Swartbooisdrif wat teen die einde van Mei 1928 tussen hulle en verteenwoordigers van die Suidwes-Afrika administrasie en die Unie-regering sou plaasvind. Die bekendste Boere-leiers is aangewys en afgesien van die Humpata-afvaardiging is o.a. die volgende persone aangewys: Hermanus Grobler en Frederik Breedts vir Cubal; Ernst Meyer, William Chapman, Sarel du Plessis en Salmon van Zyl vir Mombolo; Andries Alberts, Daniël Robbertse, Frans Robbertse, Paul Venter en Stephanus Lambert vir die Sandveld.⁴³

Die Humpata-afvaardiging het per motor en vragmotor tot in die Sandveld gereis, waar hulle by die ander afgevaardigdes aangesluit het. Alle afgevaardigdes moes eers op Lubango aandoen om hul reisdokumente deur die Portugese owerheid te laat endosseer. Die reedsgenoemde Portugese amptenaar, Godinho, het nou probeer om vir ou laas die Boere te intimideer. Hy wou onder meer nie die Britse paspoorte van Chapman en Meyer erken nie. Eers nadat aan hom 'n telegram getoon is wat deur bemiddeling van die Britse konsulaat aan die afvaardiging gestuur is dat die konferensie 'n dag later sou plaasvind, is hulle van reisdokumente voorsien. Hy het egter volstrek geweier om die paspoorte te endosseer.⁴⁴ Chapman getuig dat hierdie amptenaar voorheen in Transvaal werksaam was, dat hy oor 'n gebrekkige kennis van Engels en Afrikaans beskik het en dat hy groot behae daarin geskep het om die Britte en Afrikaners te verneder.⁴⁵

Verdere hindernisse is ondervind toe 'n aantal vragmotorbestuurders wat Boere-afgevaardigdes uit die Caconda-distrik vervoer het, by die militêre pos Outjandjou voorgekeer en nie toegelaat is om verder te ry nie.⁴⁶

Die 625/-


42) Van der Merwe, M.: Herinneringe, p.245; Van der Merwe, P.J.: Ons Halfeeu in Angola, pp. 36-37

43) Ibid., Van der Merwe, P.J.: op.cit., 201.

44) Chapman, W.J.B.: Memoirs, p.115

45) Ibid.

46) Ibid.



Die Portugese owerheid wou natuurlik dolgraag weet wat op Swartbooisdrif sou plaasvind, en Willem Venter, "the Portuguese spy", was commissioned by the Government to go and discover what resolutions were taken at the conference, and he went but of course was not allowed to be present."⁴⁷ Chapman sê dat dit kenmerkend van Venter was dat hy altyd 'n verskuilde vyand van sy volksgenote was "intriguing with the Portuguese against them."⁴⁸

Vanuit die Sandveld moes die afgevaardigdes hul reis per ossewa en oskar voort-sit. Hulle het op die aand van 9 Junie 1928 Swartbooisdrif bereik en is hartlik deur min. Piet Grobler en sy geselskap ontvang.⁴⁹ Die beoogde konfe-rensie het op 11 Junie 'n aanvang geneem en die voorwaardes waaronder die An-gola-Afrikaners na Suidwes-Afrika kon terugkeer, is deur mnr. Herman Smit opgeteken.⁵⁰

Allereers is die vraag bespreek: op welke voorwaardes sou grond aan Boere-gesinne in Suidwes-Afrika toegeken word. Dit is ooreengekom dat plase van 7 000 tot 8 000 hektaar voorwaardelik vir 'n termyn van vyf jaar onder opsie aan gesinshoofde toegeken sou word. Vir hierdie tydperk sou 'n billike huur betaalbaar wees. Hierdie huurgeld sou persone wat tot bevrediging van die Suidwes-administrasie vooruitboer, kwytskel word. Diesulkes sou dan die besette plase teen sowat twintig sent per hektaar, kon koop en dit in half-jaarlikse paaiemente teen vier persent rente oor 'n termyn van dertig jaar afbetaal. Vir die doel van nedersetting sou die Suidwes-administrasie honderd plase in Gobabis-distrik, honderd plase in Gibeon-distrik, vyf-en-twintig plase in Grootfontein-distrik en enkele plase elders beskikbaar stel. Trekkers wat meer as R2 000 aan kontant besit, sou die voorkeur geniet en kon self hul plase uitsoek. Plase vir die mindergegoedes sou deur die Land-raad aangewys word. In gevalle waar daar op toegekende plase geen watervoor-siening is nie, sou nedersetters by ander nedersetters geplaas word, totdat

sodanige 626/-

47) Chapman, W.J.B.: Memoirs, p.115

48) Ibid.

49) Van der Merwe, M.: Herinneringe, pp.245-6; Van der Merwe, P.J.: Ons Halfeeu in Angola, p.202

50) Ibid., Ibid., pp.203-06; Green, Lawrence: Lords of the Last Frontier pp.173-4

sodanige voorsiening gemaak kon word.

Ten tweede, as gevolg van die swaar finansiële verliese wat baie Boere weens die devaluasie van die Escudo gely het, sou die Administrasie lenings op billike voorwaardes gee aan mindergegoedes vir die aankoop van vee, die oprigting van wonings en watervoorsiening. Veelenings van R800 per gesin sou vir 'n termyn van vyf jaar renteloos beskikbaar gestel word. 'n Lening van R300 vir die oprigting van 'n woning en van R500 vir verkryging van water, sou toegestaan word. Dit sou later by die koopsom van plase gevoeg kon word en was dan op dieselfde voorwaardes as die grond terugbetaalbaar oor 'n termyn van dertig jaar.

Ten derde, weens die gevaar dat gevaarlike veesiektes, soos longsiekte, die land binnebring kon word, het die Administrasie besluit dat geen groot- of kleinvee die land ingebring wou word nie. Die Angola-Boere sou van nuuts af vir hulle vee in Suidwes-Afrika moes aankoop. Die Administrasie sou hiermee behulpsaam wees en het reeds agente aangestel om vee vir hulle aan te koop.

Mnr. Andries de Wet sou as agent vir die Suidwes-administrasie optree en die Angola-Boere se beeste in Angola onder opsie opkoop teen sowat R5 stuk. Die totale waardasie teen hierdie prys sou van die R800 wat as vee-lening beskikbaar gestel word, afgetrek word, sodat persone wie se veeboerdery vir meer as R800 gewaardeer is, geen veelenings sou ontvang nie.

Ten vierde, voorsiening sou gemaak word om armes en hulpbehoewendes te versorg en van voedsel te voorsien. Melk sou aan kinders voorsien word en 'n regeringskommissie sou enige bykomstige inligting ten opsigte hiervan moet verstrek.

Ten vyfde, vir die reëling van die trek tot by die Kunene is 'n trekkommissie deur die Regering benoem. Dit sou bestaan uit mnr. Andries de Wet, voorsitter,

Herman 627/-

Herman Smit, sekretaris en Andries Alberts, Daniël Robbertse, Michiel van der Merwe en Louwrens du Plessis as lede. Streng dissipline en orde moes gehandhaaf word en alle Trekkers sou hulle aan die voorskrifte en besluite van die Trekkommissie moes onderwerp. Geen wa sou toegelaat word om voor 27 Augustus 1928 deur die Kunene te trek nie. Na hierdie datum sou vyf tot tien waens per week deurgelaat word.

Vanaf die Suidwes-Afrika kant van die Kunene sou die trek onder leiding van kapt. Hahn geskied. Die Administrasie sou intussen 'n pad vanaf Outjo na Swartbooisdrif laat maak. Waens sou vanaf die drif deur mulle verder getrek word. Met hierdie doel sou die regering drie troppe mulle van duisend elk gereedhou. Die eerste trop sou vanaf die Kunene tot by Ebomba werk. Die volgende trop vanaf Ebomba na Outjo en die laaste trop daarvandaan na die verskillende plase.

Ten sesde, Engelse onderdane wat oor die nodige nasionaliteitsdokumente beskik, sou na 'n verblyf van 'n jaar in Suidwes-Afrika as Unie-burgers kon naturaliseer. Alle ander persone sou onderhewig wees aan die bepalings van toepassing op vreemdelinge en sou vyf jaar in die land moes woon voordat hulle vir burgerreg kwalifiseer. Onmondige seuns van die Trekkers sou burgerskap by mondigwording verkry. Boere wat Portugese burgers was, moes deklarasievorms, waarin hulle hul Portugese onderdaanskap afsweer, by die Portugese owerheid indien.

Ten sewende, registrasie van huwelike en ander formaliteite sou deur aparte vergunning deur middel van die kerkregisters in Suidwes-Afrika gewettig kon word. Registrasies wat deur die Portugese owerheid gedoen is, sou by dokumentêre stawing erken word.⁵¹

Die ooreenkoms waartoe die Boere-afvaardiging by Swartbooisdrif met die Unie-regering gekom het, is gunstig deur die Angola-Afrikaners ontvang. Sommige

van 628/-

51) Van der Merwe, M.: Herinneringe, pp.243-44

Sommige van die Sandvelders het baie perde gehad en was teleurgestel dat hulle nie hul perde sou kon saamneem nie. Mnr. W.J.B. Chapman is veral vir die besluit ten opsigte hiervan geblameer. Andries Alberts was baie tevrede met die voorwaardes en het die prysgee van sy perde as gering beskou in vergelyking met wat hulle sou ontvang.⁵²

Afskeid en uittog

Die trekgees het hierna spoedig momentum gekry. Die wyse raad van genl. Hertzog dat die Angola-Boere hul Portugese burgerskap moes afsweer, het baie daartoe bygedra om hul belastingverpligtinge teenoor die Portugese owerheid te verlig. Op versoek van mnr. Herman Smit het die magistraat van Humpata deklarasievorms beskikbaar gestel by die voltooiing waarvan die Boere hul Portugese onderdaanskap kon beëindig. Elke vader wat in Angola gebore is, moes vir homself en sy minderjarige seuns sodanige vorms in drievoud voltooi en inlewer.⁵³

In die maande Julie en Augustus het die Angola-Boere met gevoelens vir die trek na Suidwes-Afrika klaargemaak. Die oortuiging het egter by hulle posgevat dat hulle moes trek en dat hulle aan hierdie lot net so min as aan die dood kon ontkom.⁵⁴ Die Boere van Humpata het hul mooi plase vir 'n appel en 'n ei aan die Portugese koloniste verkoop en diegene wat in die Sandveld geboer het, het hul eiendomme sommer net so laat lê. Daar is op aandoenlike wyse afskeid geneem van die graftes van ontslape dierbares en hulle moes hulle as't ware losskeur van 'n land waarin hulle soveel lief en leed vir byna 'n halfeeue verduur het.⁵⁵ Hulle vertrou op die Albestier van die Hoër Hand en die besef dat die terugkeer na hul eie volksverband hul voorbeskikte lot was, het hierdie beproewing ietwat versag.

Andries Alberts, ou Dorslandtrekker, onderhandelaar met die Portugese in 1880, eerste Boereskoolmeester in Angola, Boere-kommandant, afgevaardigde

na629/-

52) Van der Merwe, M.: Herinneringe, pp.243-44

53) Ibid., pp.205-06

54) Ibid., p.206

55) Ibid., p.207

na genl. Hertzog in Kaapstad en lid van die Trekkommissie sou nie die voorreg smaak om na Suidwes-Afrika terug te keer nie. Voordat hy die trek na die Kunene kon aanvaar, het hy van Umpupa na Humpata gereis om persoonlike sake af te hanel en om van sy seun en sy familie wat nie die trek wou meemaak nie, afskeid te neem. Op Palanca het hy siek geword en is kort daarna oorlede. Op 4 Augustus 1928 is hy op die plaas van sy seun, Petrus naby Palanca begrawe.⁵⁶

Alberts was een van die bekendste Boereleiers in Angola. Hy was 'n fyn diplomaat en iemand wat daarin kon slaag om gelyktydig in diens van sy eie en van 'n vreemde volkte staan. Daarom, sê sy kleinseun, het senhor Manuel da Cruz Gaspar, as verteenwoordiger van die Angola regering sy loopbaan reg opgesom toe hy by die onthulling van die Afrikaner-Boeremonument op Humpata in 1957 gesê het: „Andries Alberts, dedicado 'a causa portuguesa, merecedor de toda a confianca, fai um leal e influente elemento na colonia boer". (Aan die Portugese saak getrou, en die hoogste vertroue waardig, was Andries Alberts 'n lojale en invloedryke krag in die Boere-kolonie).⁵⁷

Sy ou vriend en strydmakker, Willem Venter, is ten spyte van die feit dat hy nie die trek wou meemaak nie, in sy plek in die Trekkommissie aangewys. Ook hy is later in Angola oorlede.⁵⁸

Die Portugese owerheid sowel as die burgerlikes het nooit verwag nie dat die Angola-Boere so gedetermineerd was om Angola te verlaat met versaking van huis en haard en die algehele prysgawe van al hul jarelange werk in die

land 630/-

56) Van der Merwe, M.: Herinneringe, p. 17; Van der Merwe, P.J.: Ons Half-eeu in Angola, pp. 203-06

57) Ibid., Herinneringe van Andries Alberts.

58) Van der Merwe, M.: op.cit., p.245

land nie.⁵⁹ Die Portugese burgerlikes het geleidelik besef dat die aanwesigheid van die Boere 'n waarborg vir hul eie veiligheid was en het gevrees dat as die Boere die land verlaat alles in wanorde sou verval.⁶⁰

Op Humpata het daar slegs vier Boeregesinne agtergebly, nl. die van Willem Venter, Hans Alberts, Bartolomeus de Paiva (seun van die vroeëre kol. De Paiva) en Daniël Viljoen. In die noorde van Angola het daar egter nog 36 Boere-gesinne in Portugese gebied agtergebly.⁶¹ Hulle was redelik welvarend en dit moet as hoofrede gesien word waarom hulle nie saamgetrek het nie. Hulle was onder andere Jan Steyn, Hans Ludeke en Christiaan en Fanie Fourie.⁶²

Die Boere het in groepe van vyf tot ses waens Humpata verlaat en toe die agterste waens uiteindelik koers gekry het, was die voorstes reeds al aan die Kunenerivier. Die trekleier, Michiel van der Merwe, en sy geselskap, het Humpata om 17h00 op 5 Julie 1928 verlaat en hy was die eerste trekker om op 21 Augustus op Tshimkaka (Swartbooisdrif) aan te kom.⁶³ Op 22 Augustus is die eerste vyf waens met ses gesinne toegelaat om deur die Kunene te trek. Dit was M.W. van der Merwe met vrou en twee kinders, Flip Opperman met vrou en vier kinders, Jan de Jager, 'n wevenaar met twee kinders, Nikolaas Swarts met vrou en vier kinders, Chris de Jager met sy vrou en 'n suigeling wat op pad na die Kunene gebore is en Hennie Venter met sy vrou en twee kinders.⁶⁴

Ander trekgroepe het kort op mekaar se hakke gevolg sodat daar op 24 Augustus reeds heelwat Boere op die oewers van die Kunene gestaan het. Op hierdie

dag 631/-

59) Van der Merwe, P.J.: Ons Halfee in Angola, pp.185-6

60) Venterstukke: L.M. du Plessis - ds. D.G. Venter dd. Jamba 12.2.1928

61) Van der Merwe, P.J.: op.cit., p.209; Green, Lawrence: Lords of the Last Frontier, p.174

62) Van den Berg, J.A.: Herinneringe.

63) Van der Merwe, P.J.: op.cit., p.208; Van der Merwe, M.: Herinneringe, pp.245-6

64) Ibid., pp.208-09

dag het almal wat daar versamel was op 'n heuwel aan die suide kant van die Kunenerivier bymekaar gekom en 'n plegtige diens gehou. Nadat 'n gebed gedoen is, is 'n psalm gesing en het 'n paar roerende toesprake gevolg. Hierna het elke aanwesige persoon, volwassenes, sowel as kinders aan 'n klipstapelingsplegtigheid deelgeneem. Op hierdie plek sou later 'n monument ter herdenking van die trek uit Angola opgerig word.⁶⁵

Teen die einde van September 1928 het die trekker, P.J. van der Merwe, met sy geselskap by die Kunene aangekom. Na sy aankoms het L.M. du Plessis as Trekkommissielid bedank en is Van der Merwe in sy plek aangestel.⁶⁶

Die klein geselskap van 272 blankes wat in 1880 Angola binnegetrek het, het intussen aangegroei tot 'n skare van byna tweeduisend. Saam met hulle het selfs 'n paar van hul getroue bediendes gekom. Nieteenstaande die feit dat die Portugese bepaal het dat geen nie-blanke Angola mag verlaat nie, het die Boere van hul getrouste bediendes, sommige wat hulle nog uit Transvaal vergesê het, in hul waens versteek en oor die grens gesmokkel.⁶⁷

Die taak van die Trekkommissie was om die Trekkers in groepe te verdeel en die gesinne wat die volgende aan die beurt kom 'n dag of twee vooraf hiervan kennis te gee. Die dag voor die groep deurgaen, moes aan elke trekker 'n span osse voorsien word om sy wa deur die rivier te trek aangesien hulle nie toegelaat is om hulle osse vir die doel te gebruik nie. Die kommissielid moes toesien dat elke os op sy plek in die span ingespan word, aangesien die osse aan die trekkers onbekend was. So 'n taak het 'n volle dag in beslag geneem en is soms laat in die aand eers afgehandel.⁶⁸ Die Boere het verspreid

langs 632/-

65) Van der Merwe, P.J.: Ons Halfee in Angola, p.209

66) Ibid.

67) Green, Lawrence.: Lords of the Last Frontier, p.174

68) Van der Merwe, op.cit., pp.210-11

langs die rivier gekampeer en die ruie en ongelyke terrein het die taak van die trekkommissielede baie bemoeilik.⁶⁹

Die osse is aan die jukke vasgemaak, sodat die waens vroeg in die oggend deur die rivier geneem kon word. Dit was ook die trekkommissie se plig om toe te sien dat die Trekkers veilig by die Portugese wag aan die Angolakant van die rivier verbykom.

Die vyf spanne osse wat uitsluitlik vir die deurtog gebruik is, is deur inboorlingwagters opgepas, wat ook moeilikheid veroorsaak het en by die geringste provokasie die Trekkers in die steek gelaat het. By een geleentheid moes die volgende dag se deurtog afgestel word sodat P.J. van der Merwe eers te perd na die osse kon gaan soek.⁷⁰

Vir hierdie veeleisende taak het die Trekkommissielede hoegenaamd geen vergoeding ontvang nie en hulle minderjarige kinders wat soms as beeswagters moes uithelp, is ewe-eens nie vergoed nie. P.J. van der Merwe is van mening dat die administrasie nie daarvan bewus was dat so 'n groot taak deur 'n paar enkelinge sonder vergoeding verrig is nie. Daar is gemeen dat die Trekkommissie in sy geheel vir die deurtog moes sorg, maar dit het nie gebeur nie en die werk moes met groot opofferings deur enkelinge gedoen word. Die hele trekreëling aan die Angolakant van die Kunene is in hoofsaak deur drie persone behartig. Hulle was mnr. Andries de Wet wat R6.00 per dag aan salaris ontvang het, mnr. Herman Smit wat as sekretaris R30.00 per maand gekry het en P.J. van der Merwe wat sonder vergoeding moes werk.⁷¹ Twee ander lede van die kommissie, Daniël Robbertsen en Z. Robbertsen het slegs die amptelike

vergaderings 633/-

69) Van der Merwe, P.J.: Ons Halfee in Angola, pp.210-11

70) Ibid.

71) Ibid., Van der Merwe, M.: Herinneringe, p.212

vergaderings bygewoon, maar verder onaktief gebly.

By Gamkarab is 'n kamp opgerig waarheen die Boere-groepe aanvanklik geneem is, totdat hulle verder na hul plase genceem kon word. Dit het later nodig geblyk om ook by Swartbooisdrif 'n soortgelyke kamp in te rig. Die gebruik van slegs vyf spanne osse vir die deurtog het spoedig onprakties geblyk. Die Boere is derhalwe toegelaat om hul waens met hul eie osse deur die rivier te bring en daarna weer aan die oorkant gaan afgee. Dit het veral die taak van P.J. van der Merwe aansienlik verlig, maar daardeur is mnr. Herman Smit, wat die treksertifikate moes uitreik, weer met werk oorlaai.⁷²

Die Angola-Boere het sowat 13 000 beeste aan mnr. Andries de Wet, agent vir die Suidwes-Administrasie afgegee wat vir R5.00 tot R7.50 stuk aan die Portugese verkoop is. Daar is egter baie beeste dood voordat hulle verkoop kon word.⁷³ Die rede hiervoor is, dat die opeenhoping van vee 'n te kort aan weiveld tot gevolg gehad het en die diere van honger gevrek het. Hierdie probleem het na mate die trekbeweging gevorder het in omvang toegeneem en het vir mnr. De Wet groot hoofbrekens besorg. P.J. van der Merwe het sy hulp aangebied en verder langs die rivier af beter weiveld gesoek en party veeposte daarheen verskuif. Hierna het die vrektes afgeneem.⁷⁴

Die groot volksverhuising van Angola-Afrikaners het groot organisasiewerk en opofferings van die beampptes en amptenare wat daarmee belas was geverg. P.J. van der Merwe sê dat die hartroerendste toneel wat hom tydens die oortog oor die Kunene afgespeel het, die groot klomp huilende honde was wat die Boere aan die Portugese kant moes agterlaat. Dit was hartverskeurend om die verlate diere hul nood te hoor uittjank en die wete te moet hê dat baie 'n hongerdood tegemoet gaan.⁷⁵

Die 634/-

72) Van der Merwe, P.J.: Ons Halfeeue in Angola, p.212

73) Ibid., p.213

74) Ibid., pp.213-14

75) Ibid., p.214

Die plan van administrateur Werth om die Trek met mule te laat vervoer, was nie prakties nie. Nog voordat die Trek van die Kunene af 'n aanvang kon neem, was die Suidwes-Administrasie verplig om 'n aantal vragmotors aan te koop om die nedersetters na hul bestemmings te vervoer.⁷⁶ Op 28 Augustus het die eerste konvooi van ses vragmotors, een waarvan vir passasiers was, met vyf gesinne vanaf die Kunenerivier vertrek en op 6 September op plaas nr. 412 in Gobabisdsitrik aangekom.⁷⁷

Die skrywer, Lawrence Green, sê dat hy die eerste konvooi agthonderd km. suid van die Kunene raakgeloop het. In hierdie geskiedkundige eerste konvooi was onder meer die Boere-leier Michiel van der Merwe en sy gesin. By hierdie groep was ook die merkwaardige ou patriarg Jakobus de Jager, wat die hele Dorslandtrek meegemaak en oorleef het en weer na Suidwes-Afrika teruggekeer het.⁷⁸ Lawrence Green het mense ontmoet wat 'n groot skat van herinneringe met hul meegebring het. Om te luister na hierdie stoere pioniers, het die Dorslandtrek in al sy glorie en ellende voor sy geestesoog laat herleef. By hierdie mense het hy talle voorwerpe soos weefstoele, ou Bybels, riempiematstoele, beddens, tafels, wakiste en gewere gevind wat hul le gedurende die periode van die Dorslandtrek uit die Transvaal geneem het.⁷⁹

Die hele uitgeweke Afrikaner-gemeenskap was nou uit Angola na Suidwes-Afrika onderweg. Maande lank het motorkonvooe Angola-Boere van Swartbooisdrif na hul plase aangery. Snags is daar by waterplekke gekampeer wat aan die Angola-Boere uit hul trek-ervarings in hierdie gebied, bekend was.⁸⁰

Die635/-

76) Van der Merwe, P.J.: Ons Halfeeu in Angola, p.203-06; Van der Merwe, M.: Herinneringe, pp.245-6

77) Ibid., p.209; Green, Lawrence: Lords of the Last Frontier, p.175

78) Green, Lawrence: op.cit., pp.175-6

79) Ibid., p.176

80) Ibid., p.175

Die stoere ou Boere-leier, L.M. du Plessis, het met die tiende konvooi van vragmotors saamgegaan. P.J. van der Merwe sê dat hierdie ou pionier nie langer wou wag nie, maar die einde van sy omswerwinge wou bereik, gevolglik het hy as Trekkommissielid bedank om vir Van der Merwe plek te maak.⁸¹

Onder diegene wat die Kunene by Swartbooisdrif oorgesteek het, was ook Willem James Bushnell Chapman, 'n seun van die beroemde ontdekker, James Chapman. Hy was 'n Engelssprekende Suid-Afrikaner wat te Norfolk Villa, in Groenpunt gebore is.⁸²

Chapman het Suidwes-Afrika op agtjarige leeftyd vir die eerste keer saam met sy vader besoek. Op sestienjarige leeftyd het hy daarheen teruggekeer om 'n avontuurlike lewe as jagter en handelaar te begin. Hy het 'n geselskap Boere in 1880, kort na hulle na Angola getrek het, raakgeloop en besluit om sy lot by hulle in te werp. 'n Paar jaar later is hy met Hester Opperman getroud. Chapman was 'n florerende boer, jagter, transportryer, rubberhandelaar en winkelier in Angola.

As hoogs intelligente mens het hy spoedig Portugees vloeiend leer praat en skryf en hy is allerweë as 'n Boere-segsman erken. Chapman het die trek na Suidwes-Afrika heelhartig ondersteun en sy plase, waarvoor hy grondbriewe besit het, prysgegee. Hy was onlosmaaklik aan die Afrikaners verbonde. Hy het hom nou in die omgewing van Gobabis gevestig waar sy vader hom reeds in 1855 bevind het en sy plaas die sprekende naam van Journey's End gegee. Hier is hy in 1932 oorlede.⁸³

Die Einde van die reis

Die meeste van die nedersetters is in die Kalahari-distrikte geplaas. Hierdie droë, onvriendelike sandveld, was vir hulle 'n groot kontras met die

waterryke 636/-

81) Van der Merwe, P.J.: Ons Halfee in Angola, p.209; Van der Merwe, M.: Herinneringe, p.245-6

82) Green, Lawrence: Lords of the Last Frontier, p.174

83) Ibid., p.175

waterryke velde van Angola. Weinig van hulle was welgesteld en die eerste jare in hierdie gebied was vir hulle van die moeilikste wat hulle ooit geken het. Talle gesinne moes op mieliepap lewe. Kinders moes soggens skool toe gaan nadat hulle mieliepap uit 'n piering geëet het. Daar was nie melk vir hul babatjies nie en die gestampde en gebrande witgatwortel moes andermaal as koffie dien. Die skape het vet geword en dan sonder skynbare redes gevrek. Sommige families was 'n 160 km. van Gobabis af geplaas en het nie eens 'n donkiekar gehad om hierdie dorp te bereik nie.⁸⁴ Hulle waens en dikwels hul meubels moes by die Kunene agtergelaat word, aangesien daarvoor nie vervoer was nie.⁸⁵ Die wêreld waarin hulle moes boer, was feitlik nog 'n woesteny. Oopwater was daar nie. Elke plaas het één boorgat gekry wat deur die Administrasie geboor is, maar hierdie watervoorsiening was dikwels onvoldoende, omdat in baie gevalle twee-twee boere op 'n plaas gesit is. Die Sandveld was ook nie geskik vir skaapboerdery nie en was besmet met gal-lamsiekte. Daarby is die Boere swaar deur die langdurige droogtes van die vroeër dertigerjare geteister. Toe dit in 1934 skielik oorvloedig reën, was die meeste al uitgeboer. Hierna het wildebeestsiekte uitgebreek waaraan weer eens baie beeste dood is.⁸⁶ Daarbenewens was daar destyds in die sandveld nog talle swerwende Boesmanfamilies wat die Boere se vee gesteel en geslag het.

Die wêreldwye depressie het hierdie mense baie ernstig gestriem, aangesien hulle geen krediet by handelaars kon kry nie.⁸⁷ Opmerksame waarnemers soos, C.W.M. du Toit wat in 1937 'n besoek aan die Angola-Boere in die Osirestreek gebring het, het gewaarsku dat die owerheid 'n plan sou moes maak om die ongelukkiges elders gevestig te kry.⁸⁸

Die 637/-

84) Green, Lawrence: Lords of the Last Frontier, p.175

85) Die Huisgenoot 14.12.1951, p.25

86) Die Huisgenoot 14.12.1951

87) Ibid.

88) Die Huisgenoot 8.1.1937

Die voorspelling van talle doemprofete dat die Angola-Boere nie onder sulke ongunstige omstandighede in Suidwes-Afrika gevestig moes word nie en dat hulle nou liever stil-stil moes oppak en soos sigeuners uit Suidwes-Afrika na Angola moes terugkeer, is egter nie bewaarheid nie.⁸⁹ 'n Tiental jare het verbygegaan en die Angola-Afrikaners het onverbiddelik aan hul nuut-verworwe eiendomme gekleef. Dit was duidelik dat die bestaanstryd in die onvriendelike Kalahari vir baie te moeilik was. Gelukkig het mnr. E.C. Bierman, destydse welsynsbeampte van die Angola-Boerenedersetting, grootliks meegehelp om die vestiging van die Boere te laat slaag. Hy het toegesien dat Boere wat op ongesonde plase beland het, na beter grond verskuif is, waar hulle 'n bestaan kon maak en dat hul vorige kontrakte gekanselleer is.⁹⁰ In 1938 is nuwe plase vir baie in die Outjo-distrik uitgemeet en is hulle daarheen verskuif.⁹¹

Die veelbeproefde mense het hoopvol na hierdie nuwe tuistes, waar beeste, volgens ou inwoners, net weens ouderdom vrek, vertrek. Hulle het hulle gevestig tussen die granietskoppies en onder die mopaniebome gekampeer, eers hutte en hartbeeshuisies en uiteindelik woonhuise opgerig. Die eerste stewige huise wat baie ooit geken het, kon hulle oprig toe hul beeskuddes begin aangroei. Vir die eerste keer was ou mans toe in staat om vir hul motorvoertuie aan te koop.⁹²

Tog het die Angola-Boere aangehou om naby die bodem te lewe. Op een van hierdie plase het 'n gesinshoof sewe-en-dertig luiperds geskiet, maar die agt-en-dertigste luiperd het hom doodgebyt. So het enkele van hierdie stoere mense ook nog die slagoffers van ongediertes in die Kaokoveld geword. In

die638/-

89) Green, Lawrence: Lords of the Last Frontier, p.176

90) Van der Merwe, P.J.: Ons Halfeeue in Angola, p.216

91) Green, Lawrence: op.cit., p.176

92) Ibid.

die hospitaal op Outjo was daar destyds gereeld pasiënte wat deur roofdiere verwond is. Sommige Angola-Boere het in die bestryding van reuse veldbrande wat dikwels hier voorgekom het, ernstige brandwonde opgedoen. Gevalle waar mense deur giftige slange, meer as 160 km. van die naaste dokter, gebyt is, was ook nie seldsaam nie. Leeus was nog volop en het op die Angola-Boere se klein kuddes toegesak. Een boer het veertien van hierdie roofdiere binne die bestek van een jaar van kant gemaak.⁹³

Dit was egter 'n gebied met 'n gereelde reënval en ruie grasbedekking. Persone wat kort voor Wêreldoorlog II gesinne met R10 per maand in stand moes hou, het heel gou 'n inkomste van R4 000 en meer per jaar geniet. Met hierdie bestaansversekering het die trekgees mettertyd verflou.⁹⁴ Die Angola-Boere is al minder beskou as 'n aparte groep. Mettertyd het hulle 'n hegte eenheid met die Afrikaner-bevolkingsdeel geword. Die kinders was nie meer te onderskei van die ou ingesetenes van Suidwes-Afrika nie.

Een van die eerste sake wat die Boere-afgevaardigdes tydens die Swartbooisdrif-konferensie geopper het, was die onderwys. Administrateur Werth het beloof dat skole op sentrale plekke in die streke waar die Angola-Boere gevestig is, opgerig sou word, sodat hul kinders nie na dorpskole hoef te gaan nie.⁹⁵ Aan hierdie belofte is by hul intog in Suidwes-Afrika spoedig uitvoering gegee.

'n Tydelike skool is te Gamkarab vir die Boere-kamp opgerig, en in Februarie 1929 was daar 168 kinders hier op skool. Die onderwyser moes drie sessies per dag skoolhou om in die behoefte van die kinders te voorsien. Die

kinders639/-

93) Green, Lawrence: Lords of the Last Frontier, p.177

94) Ibid.

95) Van der Merwe, P.J.: Ons Halfeeue in Angola, p.213-14

kinders wat toe hier op skool was, was uit die noorde van Angola, uit die koorsstreek, afkomstig. Die verskil in lewenskragtigheid tussen hulle en die kinders wat uit Humpata afkomstig was, was opmerklik. Tydens hulle verblyf hier is ook 'n aantal mense aan masels en ander siektes oorlede.⁹⁶

Die mense is so vinnig as wat daar vervoer beskikbaar was, na hul plase vervoer. L.M. du Plessis het in Oktober 1928 aan ds. Venter geskryf dat daar toe reeds sestig Boere-gesinne op Gobabis was wat honderd-en-twintig Gereformeerde lidmate ingesluit het.⁹⁷ Onmiddellik nadat die eerste Trekkers op plaas nr. 412 in Gobabis-distrik aangekom het, is hier 'n kamp opgerig, waar die Boere-gesinne gehuisves kon word en is die eerste skooltjie geopen. Die onderwysers het in woonwaens-karavane genoem - gewoon en tente is as skool-lokale gebruik. Michiel van der Merwe sê hierdie skooltente was vir hulle soos tabernakels; waar hulle heen gegaan het, het die tentskole saamgegaan, totdat permanente geboue uiteinelik opgerig kon word.⁹⁸ Hierdie verskuifbare skoolakkomodasie het die eerste skoolbevolking gehuisves nadat die Boere op hul plase gevestig was. Kosgangers is eweneens van Maandag tot Vrydag in tente gehuisves, en ten spyte van hierdie moeilike omstandighede was die skoolbywoning soms honderd persent per kwartaal.

In 1930 is tydelike skool- en koshuisgeboue uit die Angola-Boerenedersettingsfonds met materiaal wat deur die Suidwes-Afrika administrasie aangekoop is, deur die ouers self opgerig. Die behandeling van kosgangers het mettertyd aanmerklik verbeter. Die stelsel het egter nog aan vele gebreke mank gegaan, aangesien die staatstoelaag ontoereikend was. Nog 'n verswarende

faktor 640/-

96) Venterstukke: Filippus du Plessis - ds. D.G. Venter, dd. Gamkarab 25.2.1929

97) Venterstukke: L.M. du Plessis - ds. D.G. Venter, dd. Gobabis, Oktober 1928

98) Van der Merwe, Michiel: Herinneringe.

faktor was dat die Angola-Boereskole tussen die jare 1928 tot 1935 onder beheer van die Administrateur ressorteer het. Na hierdie datum is die skole onder beheer van die Onderwysdepartement geplaas.⁹⁹ Om die ontoereikende staatstoelaag aan te vul, het ouers elk R15 vrywilliglik bygedra om die nodige geboue te voltooi.¹⁰⁰

Die welbekende mnr. W. Orban, destydse Direkteur van Onderwys in Suidwes-Afrika, het die koshuisstelsel spoedig op 'n gesonde voet geplaas. Die skoolplaasstelsel is deur hom ontwerp. 'n Beroep is op ouers gedoen om die skole te help om hul eie boerderye op hierdie plase aan die gang te sit, sodat die skole so selfversorgend moontlik kon word. Uitmuntende samewerking is van ouers ontvang. Hulle het vee vir hierdie doel geskenk. In 1943 het die kleinvee-stapel van hierdie skole reeds 2 642 beloop en in 1944 het hulle 1 753 grootvee besit.¹⁰¹

Mnr. Orban het ook baie gedoen om kinders uit minderbevooregde huise in staat te stel om hoërskoolopleiding te ontvang. Die progressiewe onderwysbeleid van hierdie toonaangewende onderwysman, is hartlik ondersteun deur die destydse hoofinspekteur, mnr. U.H. Greeff.¹⁰²

Na verloop van jare is aan oud-Angola-Boere die vraag gestel of die terugkeer die moeite werd was. Die Boeresegsmanne, P.J. en M. van der Merwe, het hierop op ondubbelsinnige wyse bevestigend geantwoord. Hulle het al hul grootste ideale met die terugtrek verwesenlik. Hulle wou veral goeie onderwys vir hul kinders en eiendomsreg op hul plase hê en dit het hulle gekry.¹⁰³ Behalwe hierdie voorregte het hulle nou ook volle burgerskap en die stemreg geniet,

voorregte 641/-

99) Van der Merwe, P.J.: Ons Halfee in Angola, p.215; Van der Merwe, M.: Herinneringe, pp.245-6

100) Ibid., Ibid.

101) Ibid., p.216

102) Ibid.

103) Van der Merwe, P.J.: op.cit., p.214; Van der Merwe, M.: Herinneringe, pp.245-6

voorregte wat hul nooit tydens hul vreemdelingskap in Angola geken het nie.¹⁰⁴

Die goeie skoolopleiding wat die kinders van die Trekkers wat na Suidwes-Afrika getrek het, geniet het, het reeds predikante, wetenskaplikes, prokureurs, rekenmeesters gekwalifiseerde onderwysers en talle bekwame staatsamptenare opgelewer. Afgesien van die prestasies van hul kinders het die oorgroter meerderheid van die Angola-Boere as nedersetters in Suidwes-Afrika geslaag. Hulle het 'n definitiewe bate vir die jong mandaatland in die midde van hul volks-genote geword, terwyl hulle in hul geboorteland vir die Portugese 'n probleem was en stank vir dank vir hul dienste ontvang het.¹⁰⁵

'n Vergelyking tussen die Boere wat na Suidwes-Afrika getrek het en dié wat in Angola agtergebly het, lewer onteenseglik bewys dat eersgenoemdes grootliks by hul volksverhuising gebaat het. Die belofte gemaak deur die goewerneur van Lubango op 8 Mei 1928 dat daar 'n nuwe bedeling vir die Boere wat agterbly sal aanbreek, is nooit gestand gedoen nie. Na meer as twintig jaar was hulle nog steeds sonder skoolvoorsiening vir hul kinders. Van der Merwe sê: „Daardie stomme Afrikaner-bloedjies is gedoem om armblikes onder 'n vreemde volk te word”.¹⁰⁶

Hierdie verloop van sake het dan ook daartoe gelei dat nog verdere emigrasie van Afrikaners uit Angola na Suidwes-Afrika nie uitgebly het nie.

DIE BITTEREINDERS KOM OOK TERUG

In September 1958 het twee groepe Afrikaners uit Angola teruggekeer. Die eerste en grootste groep het uit een-en-vyftig persone bestaan en het onder leiding van oudl. Johannes Marthinus Engelbrecht gestaan. Die groep het vier

Engelbrecht-642/-

104) Van der Merwe, Michiel: Herinnerings, pp.245-6

105) Van der Merwe, P.J.: Ons Halfee in Angola, p.217

106) Ibid.

Engelbrecht-, drie Ludekegesinne, een Krige- en een Britsgesin ingesluit. Hulle is na hul aankoms tydelik in tien geleende tente op die plaas Rooibult in die distrik Otjiwarongo gehuisves.¹⁰⁷

Onder hierdie omstandighede is hulle deur 'n beriggewer van Die Volksblad besoek. Hy was besonder beïndruk deur die wyse waarop hierdie mense hul innerlike beskaafdheid te midde van so veel afbrekende faktore gehandhaaf het. Afgesien van hul armoede was daar geen agterlikheid of minderwaardigheid by hulle te bespeur nie en was hulle van goeie inbors.

In Angola was daar geen aanmoediging vir hulle om handewerk te verrig nie, gevolglik het geeneen enige ambagopleiding geniet nie. Tog het die geesdrif nie ontbreek nie. Onder hierdie groep was daar nege mans en twee seuns wat sou kon werk. Hulle sou egter eers vir werk opgelei moes word en sou aanvanklik seker net genoeg verdien om kos en klere mee te koop.¹⁰⁸

'n Twee-en-sewentigjarige Engelbrechtweduwee wat haar in hierdie groep bevind het, se eggenoot was voorheen 'n welaf transportryer. Met die koms van die vragmotor het hy geleidelik sy verdienste verloor en verarm. Die innderlike trots van die Boere het hulle daarvan weerhou om by Portugese werk te gaan seek. Ook wou hulle hul kinders nie skool toe stuur nie, omdat die kinders saam met kleurlinge en inboorlinge sou moes skoolgaan. Dit was net vir hul kinders se onthalwe dat hierdie mense uiteindelik teruggetrek het. Hulle het besef dat hulle in Suid-Afrika sou swaarkry, maar in ruil daarvoor sou hul kinders beoorlike skoolopleiding kon geniet.

Die groep het reeds vir 'n geruime tyd die plan gekoester om terug te keer. Die onmiddellike aanleiding tot hul terugkeer, was egter koerantberigte oor

volkskomitees 643/-

107) Die Volksblad 1.10.1958

108) Ibid.

volkskomitees wat hulle die repatriasie van Angola-Afrikaners ten doel gestel het, berigte wat uiteindelik tot hul deuresyfer het.

Vanweë die swaar reëns in Angola en die swak weiding het daar van hul boerdery nooit veel tereggekom nie. Hulle moes feitlik al hul besittings in Angola probeer verkoop om hul belastingverpligtinge na te kom en om 'n vragmotor na die Suidwes-Afrikagrens te huur. Vir baie van hul besittings kon hulle geen kopers vind nie en moes dit net so agterlaat. Die Portugese en inboorlinge het terdeë besef dat hulle nie alles met hulle sou kon saamneem nie en het eenvoudig daarop toegeslaan. Hulle was gevolglik verskriklik verarm en Die Volksblad se beriggewer was van mening dat dit destyds onder die moeilikste omstandighede op die diamantdelwerie met die delwers beter gegaan het. Die gesin onder hulle met die meeste kontantgeld het R10 besit. Verder het hul besittinkies uit 'n paar komberse, kledingstukke en eetgerei bestaan. Sommige kinders het velskoene gedra wat deur oudl. Engelbrecht eiehandig gemaak is.

Kenmerkend was hul onberispelike sindelikheid en skoonheid. Hulle het nog suiwer Afrikaans gepraat en hoegenaamd geen Engelse of Portugese woord of anglisisme gebruik nie. Die Volksblad se beriggewer kon in sy omgang met hulle slegs drie taal-afwykinge bemerk. Hulle het naamlik gepraat van „ogenblik” en het „onderdaan” vir die enkel- sowel as die meervoud gebruik. Die woord „gesinne” is uitgespreek asof daar 'n ligte D in die woord is.¹⁰⁹ Die Afrikaner sou hom egter nie vir hierdie „verlore seuns” hoef te skaam nie. Die uiters karige onderwys van die kinders het hulle van hul ouers uit die Bybel en enkele Afrikaanse koerante en tydskrifte gekry. Veral die tydskrif Sarie Marais is aangeprys. Die gebrek aan onderwys was die duidelikste waarneembaar waneer hulle met datums en ouderdomme te doen gekry het. Daarmee

het644/-

109) Die Volksblad 1.10.1958

het hulle 'n bietjie verward geraak. Onder die kinders was daar 'n agtienjarige seun wat st. IV geslaag het en hier verder wou kom skoolgaan.

Die godsdiensin van die mense was kenmerkend en almal het hul ouderling sonder meer as leier aanvaar. Die kinders het gesond voorgekom en hul gedrag het goed vergelyk met enige ander Afrikanerkinders.¹¹⁰ Die mense het dadelik van hul nuwe tuiste meer gehou as van Angola, aangesien alles hier meer georden was.

'n Tweede groep Afrikaners, bestaande uit agt-en-twintig persone het op 30 September 1958 op die Suidwes-Afrikagrens aangekom. Hulle moes tydelik onder 'n wildevyeboom skuiling seek totdat hulle twee-en-sewentig km. suidwaarts na 'n aantal bantoehutte gebring kon word. Daar is toe van Otjiwarongo af motorvervoer gestuur om hulle te gaan haal. In die geledere van hierdie groep was daar onder andere 'n pasgebore baba.¹¹¹

Hierdie Afrikaner-emigrante het spoedig by die gemeenskap ingeskakel aangesien sommige familieleden in Suidwes-Afrika en Suid-Afrika gehad het. Hulle is van werk voorsien en is tans nie meer in die omgang van die gewone Afrikanergemeenskap te onderskei nie.

In 1950 is die vyf-en-sewentigste jaar van die jaar van verhuising uit Transvaal, feestelik herdenk. Die owerheid het spesiale toestemming verleen dat die afstammelinge van die Dorslandtrekkers die konsessie-gebied by Rustplaats kon binnegaan, sodat die fees daar gevier kon word. Tussen die meer as

seeshonderd 645/-

110) Die Volksblad 1.10.1958

111) Ibid.

seeshonderd afstammelinge wat hierdie geskiedkundige fees bygewoon het, was ook die negentigjarige grysaard, oom Jan Laubschagne wat by Rustplaats in die deurtog na Angola getroud is. Daar was ook nog twee ou dames wat as kinders tussen die kliphuisies op Rustplaats gespeel het en die lang reis oorleef het om nou hul kosbare herinneringe te vertel. Op hul hoë ouderdomme moes die motorreise oor die moeilik-begaanbare paaie na Rustplaats groot opofferings van hulle geveer het. Lawrence Green sê: "But all those at Rustplaats had heard a call which was not to be denied when it reached the ears of Thirstland folk. Clearly it sounded down the years, and their response was certain. Trek!" ¹¹²

..... 646/-

112) Green, Lawrence: Lords of the Last Frontier, p.177

S A M E V A T T I N G

DIE DORSLANDTREK. 'n Histories - Geografiese Studie 1870 - 1954.

deur

NICOLAAS ALBERTUS BURGER

STUDIELEIER: PROF. DR. J.J. OBERHOLSTER
DEPARTEMENT VAN GESKIEDENIS
UNIVERSITEIT VAN DIE ORANJE-VRYSTAAT

VERHANDELING INGEDIEN TER VERKRYGING VAN DIE

GRAAD.

DOCTOR PHILOSOPHIAE.

In hierdie verhandeling is gepoog om die oorsake, verloop en gevolge van die onderskeie dorslandtrekke wat vanaf die begin van die sewentigerjare van die negentiende eeu tot in die eerste en selfs tweede dekade van die twintigste eeu plaasgevind het histories-geografies in perspektief te plaas. Hierdie onderskeie trekke word met die gemeenskaplike naam Dorslandtrek aangedui, vanweë die feit dat die Trekkers deurgaans via die Kalahari-dorsstreek na hul eindbestemming, Angola koers gekry het.

Die oorsake van die Dorslandtrek het rondom ideologiese en ekonomiese toestande wat hoofsaaklik in die destydse "Zuid-Afrikaansche Republiek" bestaan het sentreer. Ekonomiese toestande het hoofsaaklik aanleidend meegewerk tot onvergenoegdheid by 'n deel van die bevolking terwyl ideologiese oorsake direk tot die uittoeg bygedra het.

Die verloop van die Dorslandtrek het buitengewone eise aan die deelgenote daaraan gestel. Dit het in 'n heroïse bestaanstryd ontwikkel, wat aansienlike lewens- en eiendomsverlies tot gevolg gehad het. Die prestasies van die Dorslandtrekkers in hierdie uittoeg het 'n haas ongeëwenaarde mate van inherente beskawingsmondigheid by die deelgenote daaraan weerspieël. Hulle het deur hulle optrede alle ongegronde en kwaadwillige vooroordeel wat destyds teenoor die Afrikaner in die algemeen opgewek is, as vals bewys. Hulle het daarin geslaag om grondlose afkeur wat kwaadwilliglik deur bevooroordeelde buitelanders by die nie-blanke bevolkingsgroepe teen hulle opgewek is in der mate te neutraliseer, dat dit plek moes maak vir bewondering en selfs toenadering.

Die feit dat hulle nie in die ylbewoonde Suidwes-Afrika gevestig kon raak nie moet ten laste gelê word van die selfsugtige en bevooroordeelde Britse omsingelingsbeleid wat destyds teenoor die Afrikaner in die algemeen toegespas is. Die Britse skynheilige humanisme het hierdeur tot volle openbaring gekom en is deur objektiewe waarnemers as sulks ontmasker.

Die deerniswaardige omstandighede waarin hul veeleisende swerftog hulle laat beland het, het tot 'n besondere humanitêre hulppoging uit Suid-Afrika aanleiding gegee. Die sukses waarmee hierdie unieke poging beplan en uitgevoer

is, strek die deelgenote daaraan tot eer. Die Dorslandtrekkers se eie deelname om hierdie hulppoging suksesvol te laat verloop, het bewys gelewer dat hul smartlike swerftog hulle nie die wil tot selfhulp ontnem het nie.

Hul inherente vryheidsdrang het hulle selfs die bestaansmoontlikhede in 'n volksvreemde en geloofsvreemde buurstaat laat ondersoek. Die mate waarin bestaans- en geloofsvryheid hulle aangebied is, het hulle hierdie aanbod as 'n oplossing vir hul probleem laat aangryp. Hulle het hulle nuutverworwe tuiste met onbaatsugtige getrouheid gedien. Die beskawingskwaliteite wat meer as twee eeue van Afrika-ondervinding by hulle ontwikkel het, is sonder voorbehoud en weldadig aangewend om Angola in 'n vooruitstrewende en veilige sfeer vir Europese beskawingsbeïnvloeding te omskep. Dit het terselfdertyd hul pleegland, Portugal, in staat gestel, om hom aan 'n kritieke internasionale probleem te ontworstel.

Hulle volks- en geloofsentiteite was fundamenteel egter so heg gelê, dat hulle na 'n halfeeue van vreemdelingskap in Angola nog steeds onbesproke Afrika-ner-Protestante was. Die bedreiging van hierdie kleinode van hul nasieskap moet as die onmiddellike oorsaak gereken word waarom hulle Angola uiteinde-lik weer verlaat het.

Hulle hervestiging binne eie volksgeledere het 'n onskatbare bydrae gelewer om die bestaansmoontlikhede wat die jong mandaatland, Suidwes-Afrika, gebied het, suksesvol te eksploiteer.

Die Dorslandtrek het 'n onskatbare bydrae gelewer om die suidwestelike helfte van Suidelike Afrika aan barbarisme en die heidendom te ontruk. Alhoewel die deelgenote daaraan min in getal was, is die beskawingsinvloed wat die beweging geadem het ongeëwenaard in die annale van die moderne geskiedskrywing.

Skrywer.

R É S U M É

DIE DORSLANDTREK. A Historio-Geographic Study 1870 - 1954

by

NICOLAAS ALBERTUS BURGER

TUTOR: PROF. DR. J.J. OBERHOLSTER
 DEPARTMENT OF HISTORY
 UNIVERSITY OF THE ORANGE FREE STATE

DISSERTATION PRESENTED TO OBTAIN THE DEGREE OF

DOCTOR OF PHILOSOPHY.

The purpose of this dissertation is to put the causes, outcome and implications of the different Thirstland treks (Dorslandtrekke) which took place from the beginning of the seventh decade of the nineteenth century until the first and even second decades of the twentieth century into historio-geographic perspective. These different treks are identified by the collective name "Dorslandtrek", because all the Trekkers moved to their final destination, Angola, through the Kalahari desert of thirstland region.

The causes of the "Dorslandtrek" centred around ideologic and economic conditions then mainly prevailing in the "Zuid-Afrikaansche Republiek". Prevailing economic conditions mainly gave rise to a tendency towards dissatisfaction within part of the population, while ideological causes led directly to the exodus.

Extraordinary demands were made on the participants in the "Dorslandtrek". It developed into an heroic struggle for existence and resulted in extensive loss of life and property. The achievements of the Dorsland Trekkers in this exodus reflected that an inborn maturity of civilization, which has hardly been surpassed, existed amongst them. By their actions they disproved all the unfounded and malicious prejudice which had been roused against the Afri-cander in general at that time as false. They succeeded in neutralizing and even changing the reasonless ungrounded dislike which was then prevailing within the ranks of certain non-white population groups and which resulted from the malicious propaganda of prejudiced foreigners against them, to admiration and even friendly overtures.

The fact that they could not settle in the then sparsely populated South West Africa resulted from the then prevailing selfish and prejudiced British encircling policy applied to the Afri-cander in general. The hypocritic humanism of the British was fully revealed by this event and was as such exposed by objective observers.

The pitiful circumstances which their exacting wanderings brought upon them, led to an exceptional humanitarian relief effort by their countrymen in South-Africa. The organizers and participants of this relief effort must be

honoured for its successful planning and conclusion. The part the Trekkers themselves played in this relief effort showed that their grievous suffering had not deprived them of their will to help themselves.

Their inherent love for freedom led to their investigation of the possibilities of settlement in a foreign country in which a different religion prevailed. The extent to which religious toleration and freedom of existence was offered to them by the Portuguese led them to seize the offer to go to Angola as a possible solution for their problem. They served their newly won homeland with selfless loyalty. The qualities of civilization acquired by their more than two hundred years of African experience were applied unreservedly and were benevolently used to transform Angola into a prosperous and safe sphere of influence for European civilisation and at the same time it enabled their foster country, Portugal, to solve what was a very critical international problem for her.

Their national and religious foundations were, however, so soundly laid that after an exile of half a century they still remained irreproachable African-der Protestants. The threats towards this inheritance of their nationhood must be taken as the main cause for their decision to leave Angola again.

Their resettlement in the midst of their own countrymen contributed boundlessly towards the successful exploitation of the vast resources in the young mandated country of South West Africa.

The "Dorslandtrek" made an invaluable contribution to snatch the south-western half of Southern Africa away from barbarism and heathendom. Although the participants were few in number their influence on civilization remains unsurpassed in the annals of modern history.

Author.

-652-

BYLAAG 1

Eerste Trekregulasies van die Dorslandtrek

Artikel I

Deze regulaties zal van kracht blijven, solang de trek duurt en ieder zal verplicht wezen zich hieraan te onderwerpen.

Artikel II

Er zal een Kommandant en een of meer Veldkornette worden toegelaten. De veldkornetten zullen verplicht wezen, aan de bevelen van den Kommandant te gehoorzamen.

Artikel III

Door het publiek zullen een Landdrost en twee Heemraden gekozen worden, dewelke alle civiele zaken zullen behandelen. Ook zullen zij het recht hebben huwelijken te bevestigen, nadat de geboden drie weken is bekend gemaakt.

Artikel IV

Er zullen door het publiek drie mannen gekozen worden met wien de Kommandant in zpesjale zaken moet raadplegen en voor wie de Kommandant moet verslag doen.

Artikel V

In kriminele zaken zal de Landdrost het recht hebben zeve leden uit het publiek aan te schrijven en die dan met hem saam zal zitten.

Artikel VI

Wanneer de Kommandant zich schuldig maakt aan wangedrag zo zal hij voor de Landdrost en die zeve leden gedaagd worden, die dan over hem zullen oordeelen en vonnis uitspreken.

-855-

Artikel VII

De Kommandant zal zijn tot dempen van onlusten en zal waken voor de veiligheid van vrouwen en kinderen en ook zal de Kommandant en Veldkornetten toezien dat er niet onnodig wild doodgeschoten wordt. De overtredders zullen gestraft worden van 5 shillings tot 20 shgs naar de aard der zaak.

Artikel VIII

Wanneer iemand zich schuldig maakt aan opzettelijke mensemoord, die zal ook met den dood gestraft worden.

Artikel IX

In zaken van diefstal, wanneer de dief gevangen wordt zal hij het gestolen wedergeven moeten; doch hij zal voor zijn diefstal een lichaamsstraf ontvangen naar de aard der zaak.

Artikel X

Niemand zal de recht hebben de een de ander eenig kwaadaardig slag of stoot toe brengen, en die zich hieraan schuldig maakt zal gestraft worden met een boete van één tot drie pond sterling¹.

..... 654/-

1) Van der Walt, A.J.: Noordwaarts, pp.218-19; Preller, dr. G.S.: Voortrekkers van Suidwes, pp.270-71

BYLAAG 2

Die tweede stel trekregulasies van die Dorslandtrekkers

Okovanko Revier
den 11 h July 1878.

Setteng genomen op gemelde Daten volgens by iekomst besluit genomen op den
20^h Juny 1878

Regelaasie of Trekregels.

Art. 1

Deze Regelatie zal van kracht blijven zoo lang als de Trek duurt en een ieder perzoon of perzoonen sal verpleg aan de zelde gehoor te geeven en dat het vrystaat Artikilen by te voegen of te veranderen en dat dese Regelatie van heden aan sal gehout hoof worden en wie aan deselfde geen gevolg geeven sal gestraf worden van vyf tot vyf en twenteg Ryks naar de aart der zaak.

Art. 2.

Er zullen en ons medden niet meer zyn dan een Commedant noch tans meer dan een Velt Kornet na goet keureng van de pebliek en alle amptenaaren sal door meer der heit van stemmen gekozen word en een iegelijk persoon die bewese kan worden dat hy by Kieseng eeneg perzoon of perzoonen om Koop of aan raden zal die zoo danege perzoon gestraf worden met een gelt boete van 5 tot 10 ponden sterleng.

Art. 3

Er zullen en ons medden een Commesares en Z. Onder geschedkte leden bestaan en zy zullen alle huwelyke zaken en ook alle boedelzaken moet en verregelen en zaken die voor den Commedant en Velt Kornet te hoog is sal de Commesares en zyn leden verpleg zyn den Commedant en Velt Kornet behielpzaam te zyn.

Art. 4

Alle zaken die vroege door der Landeros verreg is zullen onder den Commesares voor wetteg erkent worden.

Art. 5

(By die oorspronklike dokument weggelaat)

Voordat enige huwelik voltrek kan word, moet dit by die Kommissaris aangemeld word. Hy sal sorg vir die afkondiging van die gebooie oor drie agtereenvolgende Sondae.²

Art. 6

En zaken van sterf gevallen zal de Velt Kornet verplig zyn bennen den tyt van 15 dagen aan de Commesares kennis te geven of er een testament bestaat en of niet een uit gestorven boedel zal na goet venden van den Commesares en zyn leden behandelt worden met raat plegeng van den Commedant en Velt Kornet die geen Testament besit zal de na blyvende verpleg zyn om door de Velt Kornet en twee onpertydege getuigen hun boetel te laten op nemen en takseren bennen den tyt van 15 dagen en de na blyvende zal verplegt zyn om twee voogden of borgen over de onmondege aan te stellen. Alle geldege Testamenten die door den Commesares goet gekeurt is zal die zoodanige boedels volgens Testament behandelt worden.

Art. 7

Den Commedant zal verpleg zyn opseg te houden over de gehele trek dat het en goede orders gaan ook te waken voor vrede en vylegheid en Dempen van onlusten.

Art. 8

Geen amptenaar zal het reg hebben zyn betrekking neer te leggen of te bedanken buiten wettege reden. Alle amtenaaren zal by pleg verzuimen of wangedrag of verraat plegery gestraft worden met de volgende boete de Commesares van 25 tot 400 de Commedant van 10 tot 300 de Velt Kornetten van 5 tot 35 de proviessie Velt Kornetten van 5 tot 30 ryks de burgers van 5 tot 25 ryks.

.....656/-

2) Jordan, W.W.: Journal of the Trekboers, Bylaag 8. Vertaal uit die Engels.

Art. 9

De Velt Kornetten sal verpleg zyn om aan den Commandant zyn bevel te gehoorzamen en de Veltkornetten zal waaken voor de onnodege schieten voor al op den Sabat en wie aan de selfde geen gehoor geven sal volgens Artickel 8 gestraf worden.

Art. 10

Elk perzoon zal verpleg zyn die boven hun gestelde amtenaren te gehoorsamen geen perzoon sal het reg hebben om een man te beledigen het zy met ter woort of met ter daat noch eenege stoot of slagen toe te ryken en de overtreders hier van zal met de boven genoemde boeten Ar. 8 gestraf worden naar de aart der zaak.

Art. 11

Al het geen die zeg Schuldeg maak met eenege moort die sal met de doot gestraf worden.

Art. 12

Allen wie een openbaare schending van eerbaarheid beledigen of lastertaal tegen de vroulyke zekten begaan sal hebben waardoor nadeel en enbreuk op het karakter van zulks perzoonen kon ont staan zal gestraf worden van 50 tot 100 Ryks. naar de aart der zaak.

Art. 13

Allen wie schuldeg zyn aan valsche getuigenes zullen de zelfde straf of boete moeten onder gaan als de veroordeelde zouden moeten lyden of onder gaan hebben.

Art. 14

Allen wie eeneggoet die hem niet toe komt ongelasteg weg neemt maakt zeg schuldeg aan dievery en zulks een geval van dievery zullen de overtreders gestraf worden naar de aart der zaak.

Art. 15.

Er zullen in ons medden nemmer toe gelaten worden dat eeneg stuk welt zal mes bruik worden en de overtreders hiervan sal gestraf worden naar de aart der zaak.

Art. 16

Dat elk amptenaar zal voor de naas boven hun gestelde Amptenaren hun verslag moeten doen en er zal een Komiese van 3 perzoonen door het pebliek gekoosen worden waarvoor de Kommesares zyn verslag moeten doen en alle Amptenaren zullen na verloop van 4 maanden hun verslag moeten doen.

Art. 17

Alle zaken moeten eers voor den Velt-Kornet gebrag worden en van de Velt-Kornet na de Commedant de Velt Kornet zal het reg niet hebben om hoger te staraffen als van 1 shieleng tot 25 Ryks de boete gelden over te storten en de peblieke kas de Velt-Kornet zal het reg hebben om een shieleng te lat en betalen voor elk uur ten behoeve van de Velt Kornet en zyn leden en getuigen.

Art. 18

Voor de trou diens moeten een pont betalen worden. 15s. voor Den Commesares 2 voor elk let en een shieleng voor de Klerk alle peblieke gelden en boete Gelden sal onder de bewaren van den Commesares gegeven worden.

Art. 19

Niemant zal de reg hebben buiten voor kennes of order van den Commedant of Velt Kornet eenne ge onderhandelengen te maaken met eenege natie en of moogent heden of verraat plegent dat dien tot nadeel voor de Algemeen die zoo danige zal onder heveg syn met een gelt boeten van 50 tot 100 Ponden Sterleng of na de aart der zaak.

Art. 20

En boedel zaken die verkoch worden zal onder behandelen en van den Commesares blyven aan den Commesares wort 5s. toe gekent voor elk 100 ryks en voor registreren van een testament 1s.

Art. 21

En geval dat iemand beschuldeg wort met moort of dood slag zoo zal onbedelyk een voorloopeg onderzoek genomen worden en na de voorlopegonderzoek zal Er bennen de tyt van 4 treken een bevoegde hof opgeroepen wort waar voor de beschuldegde moet verschynen een veroordeelde zal zye straf ondergaan en een onbepaalde tyt na uit spraak van de hof.

Art. 22

Geen diens boden zal het reghebben zyn heer en meester te verlaat sonder wettigheid.

Art. 23

Er zullen vier persoonen uit het peblieke gekoosen worden waar mede den Kommedant kan raat plegen en gewegte zaken.

Aldus gedaan en gepasseert

op den 21 Augustus 1878.

J.J. Prensloo V.z. " 3

By hierdie afskrif, wat deur Prinsloo onderteken is, is Artikel 5 weggelaat, moontlik per abuis. Preller gee 'n vertaalde weergawe van hierdie regulasies wat ook artikel 5 insluit, so ook Jordan. Jordan se vertaling lui: "It will be necessary, before any marriage takes place, to inform the landdrost, so that he may publish the banns for three consecutive Sundays".⁴

Preller, sowel as Jordan maak egter 'n baie ooglopende fout in hulle vertaling, deurdat hulle deurgaans Kommissaris met Landdros vertaal, nieteenstaande die

feit659/-

3) D.T.D. A779, Deel I.

4) Jordan, W.W.: Journal of the Trekboers, p.171

feit dat artikel 4 bepaal dat die Landdros vervang word deur 'n Kommissaris. Preller het tewens artikel 4 heeltemal verkeerd weergegee, volgens hom het dit gelui: Alle sake deur die Landdros en heemrade verhoor sal aan die „kommandant gerapporteer word”.⁵ Dit moes vertaal gelui het: Alle sake wat tevore deur die Landdros behandel is, sal as wettig deur die Kommissaris erken word.⁶

..... 660/-

5) Preller, dr. Gustav S.: Voortrekkers van Suidwes, p.372

6) Preller haal nie minder as 13 artikels van hierdie dokument verkeerd aan nie. Hulle is artikels 1, 2, 3, 7, 8, 9, 10, 13, 16, 19, 20, 21 en 22. Hy sê dat sy aanhaling 'n vertaling van Moodie se werk is.

BRONNELYS

A. ARGIVALE BRONNE

I. Gepubliseerd

Blouboeke van die Britse Koloniale Regering.

C. 2783: Further Instructions re Affairs in South Africa, 1878.

C. 5180:

G.H. 19/10: Appendix to Col. Office Blue Book on Affairs in Damaraland, 1880.

Blouboeke van die Kaapse Regering

Blouboeke van die Kolonie die Kaap van Goeie Hoop, 1870-1880.

Votes and Proceedings: House of Assembly, 1872-1894.

A. 39-68: Copy of a letter from Commodore Randolph, relative to the state of Affairs at Walwich Bay.

A. 30-80: Papers connected with Affairs on the Northern Border of the Colony of the Cape of Good Hope.

A. 34-80: Despatches relating the appointment of Major Musgrave at Okahandja.

A. 40-80: Reports and correspondence connected with Affairs in Damaraland, and amongst the tribes north of the Orange River 1879 and 1880 to which is added an Appendix being correspondence and Reports connected with the relief of the Trekboers, who have emigrated from the Transvaal, and are at present temporarily settled in the neighbourhood of the Cunene River.

A. 14-'81: Report on the Select Committee appointed to consider and report on Damaraland Affairs.

A. 36-'81: Letter, with enclosures, from Major B. D'Urban Musgrave, British Resident and Magistrate Walwich Bay, no. 36, dated 19th March 1881, to the Hon. Secretary for Native Affairs, etc., etc.

A. 37-'81: Letter from W.A. Lippert, Esq. German Consul at Cape Town dated 21st. April, 1881, to the Secretary for Native Affairs, complaining, on behalf of a number of German Missionaries in Damaraland, of the action of the British Resident at Walwich Bay in the matter of the war between the Damaras and Namaquas.

A. 71-'82: Reports and Correspondence of the State of Affairs in Damaraland and Great Namaqualand, in connection with the Mission of Rev. Dr. C.H. Hahn.

A.s.-'85: Papers, Minutes and Correspondence relating to the territories of Great Namaqualand and Damaraland.

G. 50-'77: Report of W. Coates Palgrave, Esq., Special Commissioner of the Tribes North of the Orange River, of his Mission to Damaraland and Great Namaqualand in 1876.

G. 33-'79: Blue Book on Native Affairs.

G. 20-'81: Blue Book on Native Affairs.

Publikasies van die Unie-Regering.

U.G. 41-'26: Report of the Rehoboth Commission.

II Ongepubliseerd

Argief van Suidwes-Afrika, Windhoek.

Das Zentral-Bureau (Z.B.)

AI al: Inbesitznahme des Schutzgebiets, 1882-1896.

AI a2: Verträge mit den Häuptlingen, 1884-1897.

AI b4: Abgrenzung des Schutzgebiets bis.

AI b6: Abgrenzung des Schutzgebiets 1885-1914.

AII rl-2: Kontrolle der Dienstkorrespondenz mit den Reich-Kolonialamt, 1886-1914.

AI i 2 bis AI: 3 : Militärische Angelegenheiten der Nachbarstaaten bzw. Kolonien 1910-1914.

AVI a 3: Jahresbericht über die Entwicklung des Schutzgebiets, 1891-1896.
1008-1012 F XIII a 1-b 9: Geographische und ethnographische Forschungen, 1885-1914.

1064 L II c 3: Niederlassung von Buren, 1885-1897.

1793 UI a 2-3: Grundstückangelegenheiten, 1888-1894.

1854 U IV c 1: Deutsche Kolonialgesellschaft für Südwestafrika, 1885-1895.

1861 U IV d 1: Kaoko-, Land und Minengesellschaft, 1895-1914.

1867 U IV g 1: South West Africa Company, Ltd. 1892-1907

1882 U IV : Landansprüche Jordan und Genossen, 1885-1890.

Bergbauamt (B.A.)

B II 65/73 bd 1: Burensiedlung, 1894-1896

Verordnungen, 1894-1896

Akte betreffend Duncan, Alcock und Spangenberg.

Jahresberichte (J)

J 154/155	1894/95
J 156/157	1896/97
J 158/159	1897/98
J 160/161	1898/99
J 162/163	1899/00
J 164/165	1900/01
J 166/168	1901/02

Aanwinste

Kamaherero-Nachlass: 75 Dokumente aus dem Nachlass von Kamaherero, 1860-1887
Quellen zur Geschichte von Südwest-Afrika (29 bande in tikskrif) versamel deur
dr. H. Vedder.

W.B. De Witt-Manuskript, Opgeteken te Hoffnungsfelde vanaf Maart tot September 1930.

Kaapse Argief

Government House (G.H) - Argiefstukke

4/2 - 7: Confidential Despatches received from the Secretary of State, 1878-1893.

14/1: Correspondence etc. re. Rehoboth

18/12-13: Letters received from private individuals, 1868-1885

19/10: Documents relating to Walfish Bay, Great Namaqualand and Damaraland, 1865-1880.

23/19-35: Despatches to Secretary of State, 1865-69

25/4: Despatches to Secretary of State (High Commissioner), 1881-1884.

28/8-119: Enclosures to Despatches to Secretary of State, 1868-1885.

30/15-16: Letter Books: Miscellaneous, 1862-1880.

Prime Minister (P.M.) - Argiefstukke

19-59: Minutes received from Governor and High Commissioner; 1884-1895.

243-245: Correspondence, etc. re Walfish Bay Territory, 1866-1895.

259: Prime Minister's Correspondence, Minutes Memoranda, Drafts, etc., 1875-1881.

286-289: Copies of Minutes to His Excellency the Governor, 1882-1895.

329: Minutes General: Copies of minutes submitted to the Executive Council, 1883-1885.

Native Affairs(N.A.) - Argiefstukke.

204-224: Letters received from Civil Commissioners and Resident Magistrates, 1885-1894.

286-293: Letters received from Transgariep and Walfish Bay, 1876-1891.

841-940: Letters despatched by secretary of Native Affairs, 1877-1895.

1136-1141: Archives of W.C. Palgrave, Special Commissioner to the Transgariep, 1873-1885.

1142: Map of Haybittle's trip (Verslagboek in potlood).

Attorney General (A.G.) - Argiefstukke.

1828-1929: Walvis Bay Boundary arbitration: Files B-M, 1882-1912.

1930-1931: Walvis Bay Boundary arbitration: Reports, White Book and award 1884-1914.

Resident Magistrate (R.M.) - Argiefstukke. (Ongeklassifiseerd)

Letters despatched by magistrate (2 volumes) 1884-1897.

Official Journal of Resident Magistrate, 1885-1897.

Aanwinste

Fotostaat afdruk van Palgrave se offisiële joernaal, Julie 1878 - Jan. 1879.
(By V.C. - stukke onder nr. 274).

A.C.C. 764-765: Kort opsomming van Palgrave se openbare loopbaan met bibliografiese aantekeninge.

A.C.C. 225: Photographs of Dorsland Trekkers.

A.G. 505-509: Fotos van Dorslandtrekkers.

A.C.C. 468: Dokumentêre nalatenskap van mnr. W.J.B. Chapman. Bevattende o.a. 1) Herinneringe opgeteken in sy handskrif. 2) Oorspronklike manuskrip van James Chapman in lg. se eie handskrif van sy boek "Lake Ngami".

A.G. 497-498: Fotos geneem deur P. v.d. Smit.

Staatsargief Pretoria

Eerste Volksraad(E.V.R.) - Stukke

Volksraadsbesluiten 27 Januarie 1850 E.V.R.

- 9 - E.V.R. - Besluiten art. 126 28.5.70 tot art. 154 17.10.71.
11 - E.V.R. - Besluiten art. 575 20.2.72 tot art. 151 22.10.74.

Koloniale Sekretaris (C.S. - stukke).

17796 Colonial Office Papers 417/7 & 48/495.

Staatsekretaris (S.S.) - stukke.

- 1813/72 Inkomende stukke.
688/85 Inkomende stukke.
1034/85 Inkomende stukke.
2361-2520/97 Inkomende stukke Bd. 6210-6217.

Landdrosstukke.

(i) Burgerlyste 1874

bd. 99-101.

Pretoria Distrik

Rustenburg Distrik

Potchefstroom Distrik

Soutpansberg Distrik.

(ii) Lisensies 1874/75

Dorslandtrek Dokumente (D.T.D.) - stukke.

A.777

A.779 2 dele: Huweliksregisters, Vendusie lyste, Hofverslae, Notules, Trekregulasies, Treklyste, ens.

Engelbrecht Versameling. Bd. 96 Leêrno. 371. (Verskeidenheid dokumente)

Kopieboek van Briewe, gehou deur L.M. du Plessis.

Joubert Papiere 1/A/14 - 630.

Prellerversameling Bd. 53 A.787

Hierin: (i) Manuskrip oor die Damaralandtrek van Pieter Maritz Botha.

(ii) Postma, ds. D.: Verslag vir De Brandwacht.

The Andersson Papers (24 bde. op mikrofilm)

Vol. I - VII: Diary March, 1850-June, 1867.

Vol. VIII - X: Letters Received and despatched. Note Books. Varia.

Vol. XVII: Diary of F. Green.

Nederduits Hervormde Kerk-Argief Pretoria

Van Drimmelen - argief:

Kerkraadsnotules: Humpata-gemeente.

31.5.1910

4.6.1910

7.12.1912

1.3.1919

15.4.1919

Gereformeerde Argief Potchefstroom

G.23 A. Boek I: Notulen Boek der Commissie tot behartigen van de Geestlijke belangen der Transvaalsche Trekboeren 1881, opnuut georganiseerd daar als De Gereformeerde Gemeente St. Januario Humpata.

G.23 A. Boek II: Notuleboek Gereformeerde Gemeente St. Januario Humpata 1903-1908.

G.23 B. Boek I: Vol. (a) Korrespondensie i/s. K1-21.

G.23 B. Boek II: Aantekeninge en Briewe i/s. Kerkskeuring.

A.V. - K. Boek I: 1866-1888 Notules van die Algemene Vergadering van Gereformeerde Kerke in Kaapland.

A.V. - K. Boek III: 1904-1923 Notules van die Algemene Vergadering van Gereformeerde Kerke in Kaapland.

Acta van die Sinodes van 1873-1919.

Handelinge van die Sinodes van 1922-1930.

Aanwinste

J.L. Cachet-Versameling: Dokumentêre nalatenskap van wyle prof. J.L. Cachet.

Venterstukke: Dagboek van ds. D.G. Venter gehou tydens sy besoek aan Angola 11 Julie tot 24 September 1926. Korrespondensie en ander dokumente i.v.m. sy bediening.

Argiefmateriaal in Privaatbesit

Alberts, A.: Herinneringe opgeteken vir mnr. W.A. de Klerk deur A. Alberts op 1.9.1958 te Standerton.

Du Plessis, oud-kommandant L.M.: Bandopname van sy vertellings gemaak deur ds. E. Meyer.

Du Plessis, L.M. (Seun van bg). - Herinneringe opgeteken te Windhoek op 9.1.1959.

Du Toit, oom Hans en tant Lovina: Herinneringe opgeteken deur ds. A.L. Aucamp in die Belgiese Kongo in 1934.

Lemmer, mev. P.H.: Herinneringe van mev. Petronella Hendrika Lemmer opgeteken te Potchefstroom op 4.12.1965

Le Roux, mev. Johanna Jacoba (v.d.Linde): Herinneringe opgeteken te Mariental, op 5.10.1965.

Mayer, mev. A. (eggenote van oud-konsul): Herinneringe opgeteken te Pretoria op 21.2.1964.

Siemens, Ferdinand: Dagboek, aangehaal deur mnr. J. von S. von Moltke.

Snyman, ds. W.: Bandopname van Herinneringe gemaak te Potchefstroom.

Van den Berg, G.W.: Herinneringe van George Willem van den Berg opgeteken te Kinachas, Distrik Gibeon.

Van den Berg, J.A.: Herinneringe van mnr. J.A. van den Berg opgeteken te Mariental op 5.10.1965.

Van der Smit, mnr. G. & mev. M: Herinneringe opgeteken vir mnr. W.A. de Klerk op 12 Junie 1958 te Outjo.

B. PERIODIEKE PUBLIKASIES

I. Amptelik

Cape Hansard, 1885 - 1894 Cape Town.

The Cape of Good Hope Government Gazette, 1880-1894 Cape Town.

Deutsches Kolonialblatt: Amtsblatt für die Schutzgebiete des Deutschen Reichs.

Herausgegeben in der Kolonial-Abteilung des auswärtigen Amts, 1890-1895, Berlin.

Staats Courant Der Zuid-Afrikaansche Republiek. 1870-78, Vol. XIII nr. 318, Pretoria.

II Nie-Amptelik

Almanak van de Gereformeerde Kerk in Zuid-Afrika, 1872-1899, Potchefstroom

Berichte der Rheinischen Missions-Gesellschaft, 1890-1895.

De Zuid-Afrikaan, 1879-1894, Kaapstad.

Deutsche Kolonialzeitung: Organ des deutschen Kolonial-vereins, 1885-1896

De Volkstem, 1873-1885. Pretoria.

Die (De) Burger, 1920-31, Kaapstad

Die (De) Hervormer, 1910-1931, Pretoria.

Die (De) Huisgenoot, 1926-1954, Bloemfontein.

Die (De) Kerkbode, 1920-32, Bloemfontein.

De Maandbode, 1873-1894, Potchefstroom.

Die Suidwester, 1954-1966, Windhoek

Die Volksblad, 1928-1958, Bloemfontein.

Evening Express, 1880

Geographical Review, 1917-1924, London.

Grahamstown, Journal 1879, Grahamstown.

Hervormde Teologiese Studies 1946, Pretoria

Het Kerkblad, 1894-1910

Het Volksblad, 1872-1900, Bloemfontein.

Natal Mercury, 1878-1880, Durban.

Steynsburg Courant 1927, Steynsburg.

The Cape Argus, 1876-1926, Cape Town.

The Cape Quarterley Review, 1881-88, Cape Town.

The Friend of the Free State and Bloemfontein Gazette, 1877-1880,
Bloemfontein.

The Cape Times, 1879-1900, Cape Town.

The Express and Orange Free State Advertiser, 1877-78, Bloemfontein.

The Independant, 1919, Potchefstroom.

The Personal Herald, 1912, Potchefstroom.

The Standard and Mail, 1876, Cape Town.

The Star, 1928-34, Johannesburg.

The Sunday Times, 1928-34, Johannesburg

The Times of Natal, 1883, Durban.

The Transvaal Advocate 1869-1878, Potchefstroom.

III Artikels oorgeneem uit tydskrifte

- Brits, J.J.: De Trekboeren, The Friend of the Free State and Bloemfontein Gazette; 22.1.1880. The Cape Times, 2.1.1880.
- Der Horst, F.: Damaras of Ngamiland. The Sunday Times, 27.5.1934.
- De Kock, W.J.: Voorspel tot die Dorslandtrek. Die Huisgenoot, 31.5.1947
- De Kock, W.J.: Vroeë planne om Suidwes te Annekseer, Die Huisgenoot, 2.5.1947.
- Du Toit, C.W.: Deur die Kalahari, Die Huisgenoot, 1.1.1937.
- Du Toit, C.W.: Laaste Skof in die Kalahari, Die Huisgenoot, 8.1.1939.
- Engelbrecht, D.: Die Mere van die Kalahari, Die Huisgenoot, 29.3.1935
- Engelbrecht, D.: Die Planterykdom van die Kalahari, Die Huisgenoot, 23.3.1935.
- Immelman, Doc: Boerseun is hier 'n legende, Die Suidwester, 17.9.1966
- Jordan, W.W.: Journal of the Trek Boers, The Cape Quarterly Review, 1.10.1881
- Le Riche, P.J.: Memoirs of Brigadier I. Bouwer, The Star, 11.5.1934.
- Mc. Donald, J.H.: Spore van die Dorslandtrek, Die Huisgenoot, Julie 1926.
- Mayo, Earl of: A Journey from Mossamedes to the River Cunene S.W.Africa Royal Geographical Proceedings, Oct. 1883.
- Roos, J. de V.: Vreemde Feite uit die Ou Transvaal, Die Huisgenoot, 1.1.1937.
- Van der Merwe, dr. P.J.: Kalahari - Voortrekkers, Die Huisgenoot, 23.5.1941.
- Van der Merwe, ds. W.P.: Die Kerk onder die Dorslandtrekkers, Hervormde Teologiese Studies, Junie 1946.
- Vedder, dr. H.: Maharero und seine Zeit in Lichte der Dokumente seine Nachlasses, Joernaal van S.W.A. Wetenskaplike Vereniging, Windhoek 1931. Bd. V
- Von Dankelmann, Deutsche geographische Blätter, Bd. VII, Heft. I, S.31.
- Von Dewitz: Reizen in dem Portugiesischen Westafrika, Deutsche Kolonialzeitung, Bd. IV 1887.
- Von Moltke, J.J.: Jagter Pioniers se Avonture, Die Huisgenoot 26.5.1946
- Von Moltke, J.J.: Veldsmanne, Die Huisgenoot 26.7.1946 tot 13.9.1946.
- Von Moltke, J.J.: Vrolikheid op ons Voorposte, Die Huisgenoot 23.11.1945.

C. KAARTE EN ATLASSE

- Andersson, C.J.: Ngami Region and Northern S.W.A. compiled for his own use. Andersson Papers Vol. X Note Book 1853 - Feb. 1854
- Baines, T., Hartley, Henry & Chapman, James: A map of the Gold Fields of South Eastern Africa.
- Die Staatsdrukker: Topo - Kadastrale Reeks, Pretoria 1968
- Hahn, dr. Th: Map of Namaqualand and Damaraland. Compiled for his own observations and surveys, Cape Town, 1879.

Hodson, A.W.: Trekking the Great Thirst. Sport and Travel in the Kalahari Desert, London, T. Fisher & Unwin, 1912 (Kaarte hierin).

Juta & Kie; Kaapstad: Suidwes-Afrika, Windhoek Wetenskaplike Vereniging, 1957.

Juta & Kie: Springbok Grootdruk Atlas vir Suidelike Afrika.

Philips College Atlas for South Africa.

The Readers Digest: Great World Atlas.

The Shell Company of South West Africa Ltd. South West Africa, Windhoek, John Meinert, (Pty) Ltd.

Walker, M.A., Prof. E.: Historical Atlas, London & Cape Town, 1922.

Weideman, F.J.: Die Schwartz-Plan ontleed, Die Huisgenoot 5.10.1925

D. LITERATUUR

Agar-Hamilton, J.A.J.: The Road to the North. South Africa 1852-1886.

London, Longman, Green & Co., 1937

Aylward, Alfred: The Transvaal of To-day, London, William Blackwood & Son MDCCCL XXXI.

Backeberg, H.E.W.: Die Betrekkings tussen die Suid-Afrikaanse Republiek en Duitsland tot na die Jameson-inval 1852-1896. Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis, 12de Jrg. 1949, deel I Kaapstad, Cape Times Ltd., 1943

Blaikie, William Gordon: The Personal Life of David Livingstone, London, John Murray, 1881.

Boss, G.: Oor die Plantegroei van Suidwes-Afrika, Afrikaanse bewerking deur M.H. Greeff. Windhoek, John Meinert, 1937.

British Rule in South Africa (Anonymous), Cape Town, Foster 1868.

Bryce, The Rt. Hon., James M.R.: Impressions of South Africa, London, Mac Millan & Co., 1900.

Bulpin, T.V.: Lost Trails of the Transvaal. Cape Town, Howard Rimmings, 1956.

Burgers, Thos: Schetsen uit de Transvaal. (Opnuut uitgegee en van aantekeninge voorsien deur dr. S.P. Engelbrecht) Pretoria, De Bussy, 1934.

Burkharat, dr. C.E.: Die evangelische Mission unter den Völkerstämmen von Südafrika: Gänzlich umgearbeitet und bis auf die Gegenwart fortgeführt von Dr. R. Grundermann, 2 Auflage, Leipzig, Kleine Missions Bibliothek, 1877.

Büttner, dr. C.G.: Das Hinterland von Walfischbai und Angra Pequena Eine Übersicht der Kulturarbeit deutscher Missionare und der seitherigen Entwicklung des deutschen Handels in Südwestafrika. Heidelberg, Carl Winter's Universitätsbuchhandlung, 1884

- Cachet, F. Lion: De Worstelstrijd der Transvalers, Amsterdam, Hóveker & Zoon 1883.
- Carter, Thomas Fortescue: A Narrative of the Boer War, London, John Mar-queen, 1882.
- Chilvers, Hedley A.: The Seven Lost Trails of South Africa. Being a Record of Sundry Expeditions, New and Old, in Search Buried Treasure. London. Cassel & Co., 1930.
- Coetzee, J. Albert: Die Swerwers, Johannesburg 1925.
- Coetzee, J. Albert: Die Trekkees, Johannesburg 1926.
- Coetzee, J. Albert: Dorsland Avontuur, Johannesburg, Voortrekkerpers, 1942.
- Coetzee, P.: Gidse by die Voorbereiding van Wetenskaplike Geskrifte, Univer-siteit van Pretoria
- Creswell, Rev. William Parr: Geography of South Africa of the Zambesi with Notes on the Industries, Wealth and Social Progress of the States and Peoples. Oxford, 1892.
- Cunynghame, General Sir Arthur Thurlow: My Command in South Africa. 1874-1878. London, MacMillan ' Co., 1879.
- Davies, J.H.: Palgrave and Damaraland, Archives Yearbook for S.A. History, 5th year, 1943, part II, Cape Town, Cape Times Ltd., 1943.
- De Klerk, W.A.: 'n Swerwer op die Sonpad. Kaapstad, Nasionale Pers Bpk., 1959.
- De Kock, W.J.: Ekstraterritoriale Vraagstukke van die Kaapse Regering (1872-1885) met besondere verwysing na die Transgariep en Betsjoeanaland. Argief - Jaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis, 11de Jrg. deel I, Kaapstad, Cape Times Ltd., 1948
- Die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika 1859-1959. Gedenkboek by geleentheid van die Eeufees. Uitgegee in opdrag van die Algemene Sinode deur die Depu-taatskap vir die Eeufees. Johannesburg, Dagbreekpers 1859.
- Die Gereformeerde Gemeente van Gobabis. Feesbrosjure. 1951.
- Driessler, H.: Die Rheinische Mission in Südwestafrika Gütersloh, 1932.
- Du Toit, A.L.: Physical Geography of South Africa.
- Du Toit, A.B. & Coetzee, J.S.: Wêreld-Aardrykskunde: Matematiese, fisiese en regionale, ekonomiese en praktiese aardrykskunde, Bloemfontein, Nasionale Pers, 1941.
- Du Toit, Alex L.: The Geology of South Africa, Edinburgh & London, Olivier & Boyd, 1926.
- Egerton, F. Clement C.: Angola in Perspective. Endeavour and Achievement in Portuguese West Africa. London, Routledge & Kegan Paul, 1957

- Engelbrecht, prof. dr. S.P.: Geskiedenis van die Nederduits Hervormde Kerk van Afrika. Pretoria, J.H. De Bussy, 1936.
- Engelbrecht, dr. S.P.: Paul Krugers Amptelike Briewe, 1851-1877. Pretoria 1925.
- Engelbrecht, dr. S.P.: Thomas Francois Burgers. 'n Lewenskets, Pretoria J.H. De Bussy, 1933.
- Esterhuyse, dr. J.H.: South West Africa 1880-1884, Cape Town 1968
- Fouche, Leo: Die Evolucie van die Trekboer. Lesing gehou voor die Christelike Jongeliede Vereniging, Pretoria, 22 November 1909. Pretoria, Volkstem-drukkerij, 1909.
- Frere, Sir Bartle: England's Verantwoording. De Transvaalsche Kwestie. Haarlem, De Erven F. Balm, 1881
- Frey, dr. K. & Watts, A.: Streek-Aardrykskunde van Suidwes-Afrika met aantekeninge en aanhangsels vir onderwysers. Uit die Engels vertaal, verwerk en uitgebrei deur J.J. Botha, Kaapstad, Nasionale Pers, Bpk.
- Frey, dr. C. & Watts, A.: A Regional Geography of South West Africa. Windhoek John Meinert, 1924.
- Friedenthal, J.M.: Die Doosengel op die waspoor. Kaapstad, Nasionale Pers, 1939.
- Froude, J.A.: Oceano, or England and her Colonies. London, Longmans, Green & Co., 1886.
- Freeman, O.W. & Raup, H.F.: Essentials of Geography. New York, 1949.
- Fuller, Claude: Louis Trichardt's Trek Across the Drakensberg. Cape Town, The Van Riebeeck Society, 1932.
- Galton, Francis: Narrative of an explorer in Tropical South Africa. Being an account of a visit to Damaraland in 1851, 3rd. ed. London, Ward Lock & Co., 1890.
- Gauché, J.G. & Prinsloo, J.G.: In die Woeste Weste: Die Lydensgeskiedenis van die Dorslandtrekkers, Pretoria, De Bussy, 1933.
- Gerdener, dr. G.B.A.: Boustowwe vir die geskiedenis van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in die Transgariep.
- Gerstenhauer, M.R.: Die Landfrage in Südwestafrika: Ihre finanzpolitische und äusserpolitische Seite, - ein Beitrag zu der Frage - Wie machen wir Deutsch-Südwestafrika rentabel? Berlin, Süsseratt, 1908
- Gerstenhauer, M.R.: Beiträge zu Kolonialpolitik und Kolonialwirtschaft, 1903-04, Heft VI. Zur Geschichte der Besiedlung von Deutsch Südwestafrika.

- Gerstmyer, J.: Das Schutzgebietsgesetz, Berlin, 1910
- Gibbons, Major A. St. H.: Africa from South to North through Marotseland vol. II., New York, The Caxton Press, 1904
- Gillmore, Parker: The Great Thirstland. A Ride through Natal, Orange Free State, Transvaal and Kalahari Desert. 2nd. ed., London, Cassell Petter & Galpin.
- Godfrey, J.W. & Parr, G.: The Technical Writer 1960
- Goldman, P.L.A.: Beredeneerde Inventarissen van de Oudste Archief-Groepen der Zuid-Afrikaansche Republiek. Pretoria, Staatsdrukker, 1927.
- Green, Lawrence C.: Lords of the Last Frontier, Cape Town, 1952.
- Harris, John H.: Portuguese Slavery: Britains's Delemma, London, Methuen & Co., Ltd., 1913.
- Hahn, C.H.L., Fourie, dr. L & Vedder, dr. H.: The Native Tribes of South West Africa. Cape Town, Cape Times Ltd., 1928.
- Hepburn, Rev. J.D.: Twenty years in Khama's Country and Pioneering among the Batwana of Lake Ngami, London, Hodder & Stoughton, 1895.
- Hintrager, O.: Südwestafrika in der deutscher Zeit, München, 1955
- Hodge, A.L.: Angra Pequena: In augural - Dissertation zur Erlangung der Doktorwürde der Philosophischen Fakultät der Ludwig - Maximillians - Universität zur München, Edinburg, Hodge & Co., 1936
- Hofmeyer, Jan H.: South Africa. London, Ernest Bern Ltd., 1931
- Hofmeyer, J.H., Morrees, A., Murray, Andrew and others: The Dutch Reformed Church and the Boers. London, W.H. Roberts, 1900.
- Johnson, Sir Harry: Pioneers in South Africa.
- Jorissen, dr. E.J.P.: Transvaalsche Herinneringen. 1876-1896. Amsterdam & Pretoria. J.H. De Bussy, 1897.
- Jooste, prof. dr. J.P.: Gedenkboek van die Dorslandtrek, Potchefstroom, Herald, 1974
- Joubert, D.M.: Handleiding vir die skrywe van seminare en verhandelinge. Pretoria Universiteit 1960.
- Kalahari Mac: Op vlug deur donker Afrika, Johannesburg, L & S. Boek- en Kunssentrum, 1949
- Kieser, dr. A.: Ons Dokumente, ens. Kaapstad, Nasionale Pers 1942.
- Lebzelter, Viktor: Eingeborenen Kulturen in Südwest- und Südafrika. Wissenschaftliche ergebnisse einer Forschungsreise nach Süd- und Südwestafrika in den Jahren 1926-1928. Leipzig, Karl W. Hiersemann, 1934.
- Le Roux, S.D.: Baanbrekers en Jagters van Suid-Afrika 1760-1890, Kaapstad, Nasionale Pers Bpk., 1940.

- Leyds, dr. W.J.: De Eerste Annexatie van de Transvaal. Amsterdam, Albert de Lange. 1906
- Leyds, dr. W.J.: Het insluiten van de Buren-Republieken Deel I & II, Amsterdam, J.H. de Bussy, 1914.
- Lewsen: The First Crisis in Responsible Government in the Cape Colony.
- Lister, M.H.: Journals of Andrew Geddes Bain, Cape Town, The Van Riebeeck Society, 1949.
- Marquardsen, Stahl: Angola zweite Auflage von H. Marquardsen „Angola“. Neubearbeitet durch A. Stahl, Berlin, Dietrich Reimer, 1928
- Martineau, John: Life of Sir Bartle Frere. Deel I & II. London, Murry & Co., 1900.
- Martineau, John: The Transvaal Trouble. An extract from the Biography of the late Sir Bartle Frere. London, Murry & Co., 1900
- Moodie, D.F.C.: The History of the Battles and Adventures of the British, the Boers and Zulus in Southern Africa, Deel I & II, Kaapstad, 1888
- Naude, C.P.: Ongebaande Weë. Die Geskiedenis van James Benjamin Bassingthwaigte, Kaapstad, Juta & Kie., 1931.
- Nixon, John: The Complete Story of the Transvaal. London, Sampson, Law, Marston, Searle & Rivington, 1885.
- Norris, - Newman, Charles L.: With the Boers in the Transvaal and Orange Free State in 1880-1. London, Wm. H. Allesen & Co., 1882.
- Passarge, dr. Siegfried: Die Kalahari. Versuch einer physishch-geographischen Darstellung der Sandfelder des südafrikanischen Beckens. Berlyn, Dietrich Reimer, 1904.
- Postma, ds. D.: De Trekboeren te St. Januario Humpata, Eenige Schetsen voor eene Geschiedenis van de Trekboeren thans bekend onder den naam van de Gereformeerde gemeente te St. Januario Humpata, distrikt Mossamedes, Provincie Angola op de Westkust van Zuid-Afrika, Amsterdam, Hóveker & Wormser, 1897
- Preller, dr. G.S.: Voortrekkers van Suidwes. Geskiedenis van die land en sy volke met hul oorloë, van die Dorslandtrek; die Smit-trek uit Piketberg en die Duitse en Britse Veroweringe, Kaapstad, Nasionale Pers. 1941
- Ravenstein, E.G.: The Strange Adventures of Andrew Battell of Leigh, in Angola and the adjoining regions. London, Hakluyt Society MDCCCC I
- Rhodie, Eschel: South West. The Last Frontier in Africa. Johannesburg, Voortrekkerpers, 1967.
- Ritter, P.: Der Kampf um den Endraum. Kolonien vom Altertum bis zur Gegenwart, Leipzig.

- Rohrbach, Lic. dr. Paul: Aus Südwest-Afrikas schweren Tagen. Blätter von Arbeit und Abschied, Berlin, Wilhelm Weicher, 1909
- Rohrbach, Lic. dr. Paul: Deutsche Kolonialwirtschaft. Band I. Südwest-Afrika, Berlin, Schönberg, 1907.
- Rohrbach, dr. P.: Wie machen wir unsere Kolonien rentabel? Grundzüge eines Wirtschaftsprogrammes für Deutschlands Afrikanischen Kolonialbesitz, Halle, 1907.
- Schapera, I.: David Livingstone, Family Letters. Kaapstad, Maskew Miller.
- Schapera, I.: The Bantu-Speaking Tribes of South Africa. Kaapstad, Maskew Miller, 1953.
- Schwartz, E.H.L.: The Kalahari or Thirstland Redemption, Cape Town , Maskew Miller, 1922.
- Seitz, dr. : Grundsätze über Aufstellung und Bewirtschaftung des Deutschen Schutzgebiete, Berlin, Reimer, 1905.
- Sellar, Alexander Craig: The Transvaal 1877-1881. A Statement of Facts from Papers Presented to Parlaiment. Edinburgh, Andrew Elliot, MDCCCL XXXI.
- Semple, Ellen Churchill: Influences of Geographic Environment. On the basis of Ratzel's system of Antropho-Geography. New York, Henry Holt & Co., 1911.
- Serton, dr. P. & Moolman, dr. J.H.: Algemene Aardrykskunde Kaapstad 1960.
- Smit, dr. Roorda J.A.: Het Goed Recht Der Transvaalsche Boeren. Utrecht, Gebr. van der Post, 1881.
- Spellmeyer, H.: Deutsche Kolonialpolitik im Reichstag, Stuttgart, 1931.
- Statham, Col. J.C.B.: Through Angola. A coming Colony, London, William Blackwood & Sons, 1922.
- Stevenson - Hamilton, Lieut.-Col. J.: The Low-Veld. It's Wild Life and It's People. London, Casell & Co., 1929.
- Stoneman, Bertha: Plants and their ways in South Africa, London, 1906
- Stow, George, W.: The Native Races of South Africa. London, Swan Sonnenschein & Co., Ltd., 1905.
- Theal, G. McCall: History of South Africa, 1873, 1884, 2 Dele. London, George Allen & Unwim Ltd., 1919.
- Theal, G. McCall: History of South Africa. 1795-1872. London, George Allen & Unwin Ltd., 1920.
- Theal, G. McCall: Compendium of South African History and Geography, 3rd ed., Lovedale, 1877.
- Theal, G. McCall: South Africa (The Union of South Africa, Rhodesia, and all other territories South of the Zambesi), 8th ed. London, Fisher Umwin, Ltd., 1916.

- Trümpelmann, dr. G.P.J.: Die Boer in Suidwes-Afrika. Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis. 1948, Deel II, Kaapstad, Cape Times Ltd., 1948.
- Uys, C.J.: In the Era of Shepstone, Being a Study of British Expansion in South Africa. 1842-1877. Lovedale, Lovedale Press, 1933.
- Van der Walt, A.J.: Noordwaarts, Kaapstad, 1927
- Van der Walt, A.J.H., Wiid, J.A. en Geyer, A.L.: Geskiedenis van Suid-Afrika, 2 dele, Kaapstad, Nasionale Pers, 1951
- Van Oordt, J.F.: Paul Kruger en de Opkomst van de Zuid-Afrikaansche Republiek, Amsterdam, Hollandsch-Afrikaansche Uitgevers-Maatschappij, 1898
- Van Oordt, dr. J.W.G.: De Transvaalsche Gebeurtenissen en de Toekomst van Zuid-Afrika. Gravenhage, H.J. Stenberg, 1881.
- Von Moltke, J. von S.: Jagkonings. Kaapstad, Nasionale Pers 1945.
- Von Rhoden, L.: Geschichte der Rheinischen Missions-gesellschaft. Barmen, 1888.
- Vulliamy, C.E.: Outlanders. A study of Imperial. Expansion in South Africa 1877-1902. London, Jonathan Cape Ltd., 1938
- Wallis, J.P.S.: The Northern Goldfield Diaries of Thomas Baines. Vol. I, II & III, London, Chatto & Windus, 1946.
- Walker, E.A.: History of Southern Africa, 3rd. ed., London, Longman, Green & Co., 1957.
- Weilbach, Kommandant J.D. & Du Plessis, C.N.J.: Geschiedenis van de Emigranten-Boeren en van den Vrijheids-Oorlog, Kaapstad, Saul Solomon & Kie., 1882.
- Welch, Sidney R.: Portuguese Rule and Spanish Crown in South Africa. 1581-1640, Cape Town, Juta 1950.
- Whitney, F.L.: The Elements of Research. New York, Prentice-Hall, 1956.
- Wichman, dr. F.A.F.: Die Wordingsgeskiedenis van die Zuid-Afrikaansche Republiek 1838-1860 (Argiefjaarboek van Suid-Afrikaanse Geskiedenis 1941 Deel II)
- Widd, Johannes Andreas: Die Rolle der Burenrepubliken in Auswärtigen und Kolonialen Politik des Deutschen Reiches in den Jahren 1883-1900. Nurnberg, 1927.
- Zimmerman, dr. A.: Kolonialpolitik, Leipzig, Hirschfeld, 1905.
- Zimmerman, dr. A.: Geschichte der deutschen Kolonialpolitik, Berlin, Mittler, 1914.

E. LETTERKUNDIGE BRONNE

Aengeneyndt, Gustav: Angola und der gegenwärtige Stand seiner Erschliessung
Beiträge zur Kolonialpolitik und Kolonialwirtschaft 1901/02, Heft 17.

Andersson, Charles John: Lake N'gami, or Explorations and Discoveries during four years in the wilds of South Western Africa, Second Edition, London 1856, Hurst & Blackett.

Andersson, C.J.: Reisen in Südwest-Afrika bis zum See Ngami in den Jahren 1850 bis 1854 (Aus dem Schwedischen von Dr. Herman Lotze). Erster Band, Leipzig, 1859.

Andersson, C.J.: The Okavango River. A Narrative of Travel, Exploration and Adventure, London, Hurst & Blackett, 1861.

Baines, Thomas: Explorations in South West Africa. Being an account of a journey in the years 1861 and 1862 from Walvisch Bay, on the Western Coast to Lake Ngami and the Victoria Falls, London, Longman & Green, 1864

Baldwin, W.C.: African Hunting and Adventure, Kaapstad, C. Struik, Edms. Bpk., 1967

Chapman, James: Travels in the interior of South Africa, Vols. I & II, London, Bell & Daldy, MDCCCCL XXIII.

Farini, G.A.: Through the Kalahari Desert, London 1886.

Franken, J.L.M.: Duminy-Dagboeke, Kaapstad, Van Riebeeck Vereniging, 1938.

Hodson, Arnold W.: Trekking the Great Thirst. Sport and Travel in the Kalahari Desert, London, T. Fisher & Unwin, 1912

Livingstone, David: Missionary Travels and Researches in South Africa, London, John Murray, 1857.

Long, Una.: The Journals of Elizabeth Lees Price. Written in Bechuanaland, Southern Africa 1854-1883 with an Epilogue, 1889 and 1900, London, Edward Arnold, 1956.

Makin, W.J.: Across the Kalahari Desert, London, Arrowsmith 1929.

Mossop, dr. E.E.: Journals of Wikar, Coetsé and W. van Reenen, Cape Town, The Van Riebeeck Society, 1935.

Monteiro, Joachim John: Angola and the River Congo, Vols. I & II, London, MacMillan & Co., 1875.

Palgrave, W. Coates, Esq: Report of W. Coates Palgrave, Esq. Special Commisioner to the tribes north of the Orange River, of his Mission to Damaraland and Great Namaq-ualand in 1876, Saul Solomon & Co., 1877.

Pereira, L.A. & Magelhas: Notes on the History of the Establishment of the Agricultural Colony of St. Januario.

Schinz, dr. H.: Deutsch-Südwestafrika: Forschungsreisen durch die deutschen Schutzgebiete Gross-Nama-und Hereroland, nach dem Kunene, dem Ngami-See und der Kalahari, 1884-1887, Oldenburg und Leipzig, Schutlze, 1891.

Scully, W.C.: Reminiscences of a South African Pioneer, 1st Series - Wanderjahre, London, T. Fisher Unwin, 1913.

- Selous, F.C.: A Hunter's Wanderings in Africa 1881, Bulawayo, 1970
- Serton, dr. P.: The Narrative and Journal of Gerald McKiernan in South West Africa 1874-1879, Cape Town, Van Riebeeck Society, 1954
- Tabler, E.C.: The Recollections of William Finaughty. Elephant Hunter 1864-1875, Amsterdam, A.A. Balkema 1957.
- Tromp, Theod. M.: Herinneringen uit Zuid-Afrika ten tijden der Annexatie van Transvaal. Leiden, E.J. Brill, 1879.
- Van der Merwe, P.J.: Ons Halfeeu in Angola 1880-1928, Johannesburg, Afrikaner Pers Bpk. 1951.
- Vedder, dr. H.: Das alte Südwestafrika - Südwestafrikas Geschichte bis zum tode Mahareros 1890, Berlin, Warneck, 1934.
- Vedder, dr. H.: Die Voorgeschiedenis van Suidwes-Afrika. Windhoek, 1937.
- Veth, dr. P.J. & Snelleman, Joh. F.: Daniël Veth's Reisen in Angola, Willink, H.D. Tjeenk, 1887.
- Wangemann, dr.: Südafrika und seine Bewohner nach den Beziehungen der Geschichte, Geographie, Ethnologie, Staaten - und Kirchen - Bildung, Mission und des Racen - Kampfes. Erster Aufsatz, Berlin 1881.

